



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
VAALDRIEHOEKKAMPUS

**'N BIOGRAFIE VAN DIE TAALSTRYDER
F.V. ENGELBURG TOT MET DIE STIGTING
VAN DIE S.A. AKADEMIE IN 1909**

deur

LINDA EUGENE BRINK

Studentenommer: 20998775

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Artium*

in Geskiedenis

aan die Vaaldriekhoekkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. J.W.N. Tempelhoff

Mei 2010

Inhoud

	Bladsy nr.
Illustrasielys (verkorte weergawe)	i
Afkortingslys	iii
Bedankings	iv
Inleiding	1
1. Agtergrond en probleemstelling	1
2. Motivering	3
3. Navorsingsdoelstellings en –doelwitte	4
4. Metode van ondersoek	6
5. Vraagstellings	7
6. Hoofstukke	8
6.1 Die Engelenburgfamilie	8
6.2 Vormingsjare in Arnhem	8
6.3 Student aan die Universiteit van Leiden	8
6.4 Wankelende treë in die vestiging van 'n beroep	8
6.5 Vestigingsjare: 'n vastigheid met nuwe dimensies	9
6.6 Intellektuele baanbreker	9
6.7 Engelenburg as taalstryder en die stigting van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst	9
6.8 Slot	9
Hoofstuk 1: Die Engelenburgfamilie	10
Inleiding	10
Die Engelenburgvoorgeslagte	11
Gevolgtrekking	21
Hoofstuk 2: Vormingsjare in Arnhem	24
Inleiding	24
Jeugjare	24
Gevolgtrekking	39
Hoofstuk 3: Student aan die Universiteit van Leiden	41

Abstract and key words	188
Bronnelys	191

Illustrasieslys (verkorte weergawe)

	Bladsy nr.
Illustrasie 1: Adelbrief van keiser Karel VI aan Johan Morre.	13a
Illustrasie 2: Stadhuis en Gereformeerde kerk, Vollenhove.	13b
Illustrasie 3: Rollecate in die 1700's.	14a
Illustrasie 4: Uitleg van die stad Vollenhove, ca 1525.	14a
Illustrasie 5: Vredenburg Jan Engelenburg en Maria Catharina Albertina van Braam.	15a
Illustrasie 6: Engelenburghuis, Kerkstraat 12, Vollenhove.	15a
Illustrasie 7: Frans Thomas Engelenburg en Ephraime Bertha Johanna de la Sablonière.	16a
Illustrasie 8: 'De Oldhorst' soos dit in die 18de eeu gelyk het.	16b
Illustrasie 9: 'De Oldhorst' soos dit vandag lyk.	16b
Illustrasie 10: Die Engelenburgfamilie se grafkelder te Oldebroek soos dit vandag lyk.	17a
Illustrasie 11: Vredenburg Jan en Catharina Christina van Delden.	19a
Illustrasie 12: Lucas Engelenburg en Frans Thomas.	19a
Illustrasie 13: F.T.V. Engelenburg en Anna Maria Koopmans.	20a
Illustrasie 14: Die drie Engelenburgseuns op baie jong ouderdom. ..	25a
Illustrasie 15: 'De Grote Markt' en 'Stadswaag', Arnhem, soos dit oorspronklik gelyk het.	26a
Illustrasie 16: Die 'Stadswaag' soos dit vandag lyk.	26a
Illustrasie 17: Die Arnhem Gimnasium in Bovenbeekstraat naas die polisiekantoor, 1880-1900.	27a
Illustrasie 18: Frans Engelenburg op 13-jarige leeftyd.	27a
Illustrasie 19: 'Matricula'.	28a
Illustrasie 20: Voorbeeld van Engelenburg se sketse op 13-jarige leeftyd (1876).	28b
Illustrasie 21: Voorbeeld van Engelenburg se sketse op 13-jarige leeftyd (1876).	28b
Illustrasie 22: Anna Maria Koopmans-De Wet.	35a
Illustrasie 23: Johan Koopmans, eggenoot van Anna Maria Koopmans-De Wet.	35a

Illustrasie 24:	Frans Engelenburg op 19 jaar (1882).	38a
Illustrasie 25:	Noordeinde 4, Leiden waar Engelenburg tydens sy studentejare gewoon het.	42a
Illustrasie 26:	Regs fakulteit, Universiteit van Leiden waar Engelenburg lesings gevolg het.	42b
Illustrasie 27:	Leiden tot 1574 deur F.V. Engelenburg.	47a
Illustrasie 28:	Gebou waar die Sociëteit Minerva gehuisves was.	47b
Illustrasie 29:	Frans Engelenburg wat Foy van Brouckhoven, Baljuw van Rijnland, Schout van Leyden tydens die Maskerade in 1885 uitgebeeld het.	48a
Illustrasie 30:	Voorblad van <i>Vox Studiosorum Studenten Weekblad</i> met verslag oor die deputasie se besoek.	53a
Illustrasie 31:	Binnekant van Sociëteit Minerva waar Engelenburg as student vele ure saam met sy studentemaats omgekuier het.	61a
Illustrasie 32:	Embleem van die Leidsche Studente Corps.	61b
Illustrasie 33:	Engelenburg as jong advokaat.	72a
Illustrasie 34:	Engelenburg as "gentleman"-joernalis in Den Haag, Nederland.	75a
Illustrasie 35:	Die Koopmans-De Wethuis, Strandstraat 23, Kaapstad.	86a
Illustrasie 36:	Engelenburg se heel eerste reiskaartjie per poskoets in suidelike Afrika.	89a
Illustrasie 37:	Hoek van Kerk- en Van der Waltstraat, Pretoria, 1890's.	94a
Illustrasie 38:	Die <i>De Volksstem</i> -gebou - Drukkers, uitgewers en boekbinders, geleë in Kerkstraat-Oos.	117a
Illustrasie 39:	Die ex-libris wat Engelenburg vir homself ontwerp het en wat hy voor in al sy boeke geplak het.	138a
Illustrasie 40:	Engelenburg waar hy in sy huis sit en lees.	138b
Illustrasie 41:	Stigterslede van die SA Akademie by die eerste jaarvergadering van die Akademie in 1910.	176a

	Inleiding	41
	Engelenburg as student	42
	Gevolgtrekking	66
Hoofstuk 4:	Wankelende treë in die vestiging van 'n beroep	69
	Inleiding	69
	Vestiging in 'n beroep	69
	Gevolgtrekking	105
Hoofstuk 5:	Vestigingsjare	108
	Inleiding	108
	'n Vastigheid met nuwe dimensies	108
	Engelenburg en sy betrokkenheid by die onderwys ..	121
	Gevolgtrekking	136
Hoofstuk 6:	Intellektuele baanbreker	137
	Inleiding	137
	Die biblioteekwese	137
	Bevordering van geskiedenis en 'n historiese bewussyn	141
	Dingaansdag	142
	Die Voortrekkers	142
	Herdenking van die Eerste Vryheidsoorlog	145
	Argiefwese	147
	Koopmans-De Wethuis	148
	Engelenburg en die hoër onderwys	149
	Gevolgtrekking	154
Hoofstuk 7:	Engelenburg as taalstryder en die stigting van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst	155
	Inleiding	155
	Die posisie van Afrikaans en Nederlands vóór die Anglo-Boereoorlog	155
	Engelenburg se ommekeer na Afrikaans	164
	Engelenburg en die stigting van die Akademie	171
	Gevolgtrekking	179
Hoofstuk 8:	Slot	180
	Opsomming en trefwoorde	185

Lys van afkortings in die voetnote

GA, Arnhem	Gelders Archief, Arnhem
INEG	Instituut vir Eietydse Aangeleenthede, Bloemfontein.
JSGB, US	J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch
KOB, UK	Kanselier Oppenheimer Biblioteek, Universiteit van Kaapstad
LBPA	Linda Brink privaatargief
MHG	Meester van die Hooggeregshof
NASA	Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria
NZAV, Amsterdam	Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereniging, Amsterdam
RA, Leiden	Regionaal Archief, Leiden
SAB, Kaapstad	Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad
SB, Pretoria	Staatsbiblioteek, Pretoria
SS	Argief van die Staatsekretaris
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek
UR	Argief van die Uitvoerende Raad

Bedankings

Dit is van pas om ten aanvang 'n paar woorde van dank te rig aan diegene wat meegewerk het tot die totstandkoming van hierdie verhandeling.

In die eerste plek bedank ek my studieleier, prof. J.W.N. Tempelhoff, vir sy bekwame leiding die afgelope drie en 'n halwe jaar sedert ek met honneursstudies in Geskiedenis aan Noordwes-Universiteit begin het. Sy inspirerende aanmoediging en rigtinggewende leiding het meegebring dat ek my meestersverhandeling met selfvertroue kon aanpak en voltooi.

Groot dank aan prof. J. van der Elst wat die teks geredigeer het. Dank ook vir die nagaan van die Nederlandse aanhalings in die teks. Sy jarelange ondervinding in taal- en letterkunde het meegehelp dat ek die verhandeling bevredigend kon afrond.

Verder bedank ek die Navorsingstrust van die Erfenisstigting, Pretoria, die Stichting Studiefonds van die NZAV, Nederland, die Stichting Neerlandia, Bloemfontein en die Van Ewijck-Stigting, Kaapstad, asook my moeder vir die finansiële steun wat ek ontvang het om my studiereis in Nederland te kon onderneem. Daarsonder sou ek nie Engelenburg se jeugjare kon gaan navors en die verhandeling doeltreffend kon afhandel nie. Groot dank aan die SA Akademie wat 17 dae betaalde verlof aan my toegestaan het vir my studiereis na Nederland.

'n Besondere woord van dank aan Frans Vredenrijk Engelenburg (naamgenoot van die onderwerp van my studie) wat gedurende die ses weke van my navorsingsbesoek aan Nederland, geduldig meegehelp het dat ek plekke kon besoek waar ek onderhoude moes voer en wat vir my as vreemdeling andersins moeilik bereikbaar sou wees. Mnr. Engelenburg het my veilig met sy motor na dié plekke geneem. Groot dank aan mnr. Joop Vos van Zevenbergen vir waardevolle inligting wat hy gegee het oor 'n familielid en vir sy rondleiding in Heusden en Veen, mnr. Jan Kaiser vir inligting verskaf oor die "De Oldhorst"-landgoed, mnr. Henk van Heerde vir sy rondleiding en inligting oor die middeleeuse stadjie Vollenhove, bakermat van die Engelenburgvoorgeslagte en mev. Els de Krijger-Engelenburg in Nieuwaal. Dank ook aan mev. Hedwig Van Son-Engelenburg van Den Haag wat my gul ontvang het,

asook dr. D.H.M. Nelissen, historikus en geskiedenisleraar aan die Stedelijk Gymnasium Arnhem, wat waardevolle inligting verskaf het oor die skool wat Engelenburg in sy jeugjare in die laat 1800's besoek het.

'n Spesiale woord van dank rig ek ook aan my familie en in besonder my moeder en my vyf kinders vir hulle voortdurende belangstelling en aanmoediging deur die jare en vir Akademielede en raadslede vir hulle ondersteuning tydens my studie.

Ten slotte spreek ek my dank uit teenoor die instansies en verantwoordelike inligtingspraktisyns wat my daartoe in staat gestel het om die nodige bronnemateriaal by die onderskeie argiewe en biblioteke, in Suid-Afrika en ook in Nederland te kon ontgin.

Inleiding

1. Agtergrond en probleemstelling

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns¹ het in 2009 sy 100ste bestaansjaar gevier. Die Akademie is op 2 Julie 1909 in Bloemfontein gestig.² Die klein groepie wat daar bymekaar gekom het, het die doel voor oë gehad om vir die Nederlands-Afrikaanse taalgemeenskap 'n eie tuiste en identiteit te skep. Die ideaal is gestel om die twee taalgroepe nader aan mekaar te bring. Verder moes die Akademie 'n intellektuele stimulant wees en een van die take van die organisasie moes wees om uitnemendheid deur bekronings te erken en te bevorder.³

Deur die jare het 'n groot aantal publikasies oor die Akademie verskyn. Die sake waarop veral gefokus is, was die werksaamhede van die Akademie, sy betekenis, hoogtepunte in sy bestaan en nog veel meer. Waaraan min aandag gegee is, is die stigterslede van die Akademie en elkeen se rol in die taalstryd en die ontwikkelingsgeskiedenis van die organisasie. In die reeds verskene publikasies word slegs sydelings na hierdie persone verwys. Een prominente stigterslid wie se naam telkens voorkom, is dié van F.V. Engelenburg.⁴ In *Draer van 'n droom* deur P.H. Kapp, word Engelenburg se bydrae tot die Akademie se werksaamhede wel bespreek – 100 jaar ná die stigting van die Akademie.⁵

¹ Hierna afgekort na die "S.A. Akademie" of net "Akademie".

² Anon., "De Verrichtingen van het Taalkongres gehouden te Bloemfontein op 1 en 2 Julie 1909", *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 19.

³ "Ontwerp statuten", *Jaarboek 1*, pp. 14 en 15.

⁴ Kyk byvoorbeeld R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandse Vereeniging', 1890-1918, pp. 51, 52; *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 3(1), pp. 1, 2 en 5; P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, p. 21; T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959*, p. 35; A.H. Marais, (red.), *Politieke briewe 1909-1910*, Deel I, 11.03.1909; P.J. Nienaber, *Wat doen die Akademie?*, pp. 6 en 7.

⁵ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, pp. 35-40, 45, 48, 50-53, 55, 57, 59-62, 67, 69, 70, 72-77,

In die beginjare was Engelenburg een van die grootste dryfkragte agter die Akademie se werksaamhede. Die notules en jaarverslae van die Akademie van 1910 tot 1932⁶ toon dat Engelenburg, veral bygestaan deur die sekretarisse G. Knothe⁷ en G.S. Preller⁸ baie van die inisiatiewe geloods het. Die eerste voorsitter van die Akademie en ook stigterslid, oud-president M.T. Steyn,⁹ het aansien en statuur aan die Akademie verleen, maar hy was 'n siek man en kon geen werklik aktiewe rol speel nie. Ten spyte van skaars geldelike bronne waaroor die Akademie beskik het, die min politieke invloed wat hy gehad het en die bykans totale afwesigheid van betekenisvolle Afrikaanse ondersteunende instellings op sake-, onderwys-, ekonomiese en kultuurgebied, is dit verbasend hoeveel in die beginjare bereik is.

Engelenburg het ná die Anglo-Boereoorlog as voorvegter vir Afrikaans begin optree en sou daarmee voortgaan tot sy dood. Deur middel van die Akademie en ook deur middel van *De Volksstem*¹⁰ het hy kragtig meegehelp om Afrikaans as amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika te vestig.

'n Studie oor Frans Vredenburg Engelenburg se vormingsjare in sy geboorteland Nederland, sy vestiging in Suid-Afrika en sy bydrae om die S.A. Akademie tot stand te bring, blyk van pas te wees ná die honderdste herdenkingsjaar van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Engelenburg het sy huis in Arcadia, Pretoria, vandag bekend as Engelenburghuis, in sy testament aan die staat bemaak

uit dankbaarheid vir wat Suidafrika vir my gewees't.¹¹

104-108, 110, 113, 114, 117, 118, 120-122, 157, 165, 237-239, 241, 242, 247, 266, 272, 337, 362, 375 en 430.

⁶ Die jaar waarin Engelenburg ernstig siek geword het, sodanig dat hy hom aan die werksaamhede van die Akademie moes onttrek.

⁷ G. Knothe van Bloemfontein was sekretaris van 1910 tot 1916. Hy was 'n taalkundige van veral Afrikatale en 'n opvoedkundige met 'n besondere kennis van die onderwys in swart skole. Tot 1942 het die Akademie nie 'n vaste kantoor gehad nie en het dit telkens verskuif na waar die sekretaris woonagtig was.

⁸ G.S. Preller (1875-1943) was 'n bedrywige taalstryder, literatuurkritikus, historikus en koerantman en sekretaris van die Akademie van 1923 tot 1927. Hy was die eerste sekretaris met geen tersiêre opleiding nie.

⁹ *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 55.

¹⁰ Engelenburg was hoofredakteur van *De Volkstem*. Hy was ook eienaar en ná 1905 direkteur van dié koerant.

¹¹ NASA, TAB, MHG, Band 2906/38, Boedelstukke F.V. Engelenburg.

Die Unieregering het ná sy dood op 21 Augustus 1938 die inhoud van die huis uit die boedel aangekoop en die huis as museum ingerig. Die Raad van die S.A. Akademie is aangestel as die kuratore van die kunsversameling wat kunswerke, porselein en meubels insluit. In 1942 het Engelenburghuis die setel van die Akademie geword. Sedertdien was die huis en die organisasie baie nou met mekaar verweef soos dit vandag nog die geval is. Die huis het in die tagtigerjare die eiendom van die Akademie geword.

Geen omvattende werk is ooit oor hierdie eertydse eenaar van die Engelenburghuis en stigterslid van die S.A. Akademie geskryf nie. 'n Paar biografiese sketse¹² het wel ná sy dood verskyn en daar is ook kursoriese verwysings na hom in 'n aantal geskrifte.¹³ 'n Gedenkpoort is in 1953 ter ere van Engelenburg by Engelenburghuis opgerig¹⁴ en 'n huismuseum met sy uiters waardevolle versameling kunsskatte word die afgelope 71 jaar deur die Akademie onderhou. Om een of ander rede het Engelenburg ná sy dood 'n randfiguur geword en die feit dat sy geskiedenis nooit volledig opgeteken is nie, is 'n leemte in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis van die negentiende en vroeë twintigste eeu.

2. Motivering

In Suid-Afrika wou Engelenburg graag sien dat die kunste, kultuur, taal en geskiedenis op hoë vlak bevorder word en het geweet dat die stigting van 'n akademie die aangewese manier was om dit te kon regkry. Ten spyte van sy vol program as joernalis en sy lidmaatskap en voorsitterskap van talle kommissies en komitees het hy baie tyd en energie aan Akademiesake bestee. Hy kan as een van die leidende Afrikaans-Nederlandse intellektuele tussen die negentiende en twintigste eeue beskou word.

¹² H.C. De Kock, "Frans Vredenburg 1863-1938", in *Jaarboek 13 van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, 1938-1939*, pp. 111-123.; I. Wallach, (red.), *Die volmaakte "Gentleman"*, pp. 1-43; R. Stead, "Dr. Frans Vredenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 20-31.

¹³ L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, pp. 45, 58 en 59; G. Olivier en A.E. Coetzee, *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, pp. 214, 218 en 225; C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 1-3, 4-9 en 14-18; J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: 'n lewensverhaal*, pp. 456, 458-465, 485, 526-527.

¹⁴ T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959*, p. 2. Kyk ook die korrespondensielêer van 1951 tot 1953 van die Kuratorium van Engelenburghuis, Pretoria.

Die inligting wat oor Engelenburg gevind kon word,¹⁵ het genoeg bewyse gelewer dat hy gedurende sy leeftyd 'n formidabele mens was. Hy was 'n egte kuns- en kultuurliefhebber en sy uitgebreide belangstellings het gelei tot die versamel van belangrike kunswerke en oudhede. Bekende Suid-Afrikaanse skrywers en kunstenaars, byvoorbeeld Louis Leipoldt, C.J. Langenhoven, Anton van Wouw, J.H. Pierneef en Frans Oerder, het onder sy vriende getel. Hy was 'n troue ondersteuner en gewaardeerde raadgewer van president Paul Kruger en 'n sterk ondersteuner en persoonlike vriend van generaal Louis Botha. Hy was 'n poliglot en die agt tale wat hy magtig was, het vir hom baie wêrelde geopen.

As hoofredakteur (1889-1924) van *De Volksstem* (1873-1951) was Engelenburg in die ideale posisie om as meningvormer, maar ook as raadgewer op te tree in 'n tyd toe die Afrikaner, veral in die noordelike dele van Suid-Afrika, nog op die onderste trap van die kulturele leer gestaan het. Sy bydrae tot die opbou van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR of Transvaal) voor die Anglo-Boereoorlog (ABO) en sy groot betrokkenheid by die heropbou van die land en die Afrikanervolk ná die oorlog maak van hom 'n kultuurleier in eie reg. Sy invloed het egter wyer gestrek as net deur middel van sy redakteurskap. Veral ná Uniewording in 1910 was hy lid van talle kommissies en komitees in 'n wye spektrum van kulturele sake en het hierby betrokke gebly tot 1932 en in 'n mindere mate daarna tot sy dood in 1938.

Ofskoon Frans Vredenburg Engelenburg in die reël sterk met die negentiende-eeuse geskiedenis van die ZAR vereenselwig word, het hy veral in die twintigste eeu 'n besondere plek ingeneem in die geskiedenis van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Hierdie Nederlander wat homself sterk met die Afrikaanse saak op die terrein van die politiek, kultuur en die bevordering van die wetenskap en kuns vereenselwig het, het egter steeds 'n oënskynlike vreemdeling in die geskiedenis van Suid-Afrika gebly.

Uit bostaande toeligting kan 'n indruk gevorm word van die belangrike rol wat F.V. Engelenburg in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en kultuur gespeel het. Deurdat sy voetspoor op 'n ryke verskeidenheid terreine in die kuns-, kultuur- en wetenskapslewe van die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika gevind kan word, is dit sinvol dat daar van dr. F.V. Engelenburg by wyse van 'n biografiese ondersoek kennis geneem word.

¹⁵ NASA, Aanwins A140, F.V. Engelenburgversameling.

3. Navorsingsdoelstellings en -doelwitte

In dié studie word eerstens aandag gegee aan Engelenburg se voorgeslagte om vas te stel watter invloed hulle handelswyse moontlik op sy lewe gehad het. Sy intellektuele ontwikkeling in sy kinder- en jeugjare was van belang in hierdie studie omdat hy as kind reeds bande met Suid-Afrika gehad het wat met die jare sodanig versterk het dat hy hom uiteindelik in dié land gevestig het. Sy sterk intellektuele agtergrond het daartoe bygedra dat hy kon meehelp om die Afrikaners kultureel en intellektueel op 'n hoër vlak te plaas. In die studie is ook aandag gegee aan sy koms na Suid-Afrika en vestiging in dié land. Ten spyte van die talle probleme waarmee hy aan die begin te kampe gehad het, veral tydens die tydperk toe Hollanderhaat in die ZAR hoogty gevier het, het hy hom reeds kort ná sy aankoms in die land met die onderwys en opvoeding van die Afrikanerkind bemoei. Sy opheffingswerk het meegehelp dat die kinders van die Republiek goeie skoolopleiding ontvang het om hulle sodoende akademies verder te bekwaam. Sy einddoel was die stigting van 'n organisasie wat die taal, lettere en die kunste op hoë vlak sou bevorder. Juis hierom het hy hom sterk bemoei met die werksaamhede van die Universiteit van Pretoria waarvan hy vir baie jare lid van die Universiteitsraad was.

Die relevansie van hierdie ondersoek lê, soos reeds genoem, in die feit dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n eeu reeds bestaan. As stigterslid van die organisasie en sy groot bydrae om die Akademie op 'n stewige fondament te plaas, is dit van pas dat die fokus op Engelenburg val.

Die studie is 'n inleiding tot 'n opvolgende studie waarin die lewe van Engelenburg verder onder die loep geneem sal word. In die tweede studie sal die rol wat hy in die Suid-Afrikaanse gemeenskap en op politieke terrein gespeel het behandel word, asook die invloed wat hy uitgeoefen het in die wêreld waarin hy beweeg het. Engelenburg as meningsvormer sal verder aandag geniet. Sy betrokkenheid as hoofredakteur en direkteur van *De Volkstem* word reeds in die eerste studie beskryf, maar die verloop van die koerant se geskiedenis tot by die sluiting daarvan sal in die opvolgstudie aandag geniet. Engelenburg se rol in die Anglo-Boereoorlog en die tydperk wat dit vooraf gegaan het verdien 'n aparte hoofstuk. Hoewel dit binne die tydperk val waarop die huidige studie fokus, is besluit om dit te laat oorstaan vir die opvolgstudie omdat dit aaneengeskakel behoort te word met die tydperk ná die ABO, asook die tydperk ná Uniewording en die Eerste Wêreldoorlog.

In die huidige studie word op bepaalde terreine beweeg wat die volgende projek regstreeks sal steun. Oorhoofs sal dit na verwagting tot groter helderheid op verskeie terreine bydra. Sonder 'n meer volledige indruk van Engelenburg as joernalis en taalbevorderaar in die negentiende en twintigste eeu sal die huidige kennis van die koerantwese in die ZAR-tydperk en die tydperk ná die Anglo-Boereoorlog onvolledig wees.

4. Metode van ondersoek¹⁶

In hierdie studie word op die narratiewe tradisie gesteun. Analitiese tegnieke is wel gebruik waar van toepassing. Tydens die heuristiese proses is soveel moontlik inligting versamel van Engelenburg se jeugjare tot sy dood in 1938 om 'n geheelbeeld van sy lewe te vorm. Verder is bestaande geskiedeniswerke oor die ZAR-tydperk en die tydperk in die Transvaal voor Uniewording geraadpleeg om Engelenburg in die konteks van sy tyd te stel. By die bepaling van die tema van hierdie studie is reeds vasgestel dat genoeg inligting beskikbaar was om hierdie, sowel as 'n opvolgende studie te onderneem. Tydens die heuristiese proses is die bronne deurgaans geklassifiseer en georden om opsporing te vergemaklik. Omdat heelwat materiaal gefotokopieer moes word, is 'n A4-lêerstelsel vir dié doel gebruik. Dit vorm tans deel van 'n persoonlike argief (Linda Brink Privaatargief LBPA) wat saamgestel is om diverse relevante geskrifte, tekste van mondelinge inligting, asook fotografiese materiaal te groepeer.

Tydens die navorsingsproses is al die moontlike bronne oor Engelenburg wat gevind kon word, ondersoek om vas te stel watter inligting relevant was vir die studie. Bronnekritiek is dus toegepas en die egtheid van die dokumente is nagegaan. 'n Noodsaaklike metodologiese aspek wat in die studie gevolg is, was die hermeneutiese metode om te bepaal in watter mate bepaalde bronne binne die raamwerk van die groter geheel verstaan kon word. Dit is 'n metode wat deurlopend toegepas is ten einde die samehang van dinge in 'n verhalende vorm oor te dra.

Eksterne en interne kritiek is ook gedoen. Argiefversamelings, veral dié van Engelenburg, Leyds en Leipoldt, bevat heelwat handgeskrewe dokumente. Onder andere is die handskrifte nagegaan om die outentisiteit daarvan vas te stel. Interne

¹⁶ Die metodologie wat in die studie toegepas is, is gebaseer op die metodes soos uiteengesit in die werk van J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede: aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*.

kritiek was veral ook van toepassing op die briewe van Engelenburg om te probeer peil wat sy gedagtegang was toe hy hulle geskryf het. Veral die persoonlike briewe aan sy familie en vriende het interessante inligting na vore gebring.

Daar is dus hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak saam met sekondêre bronne om die leemtes aan te vul. Elektroniese bronne is ingespan in gevalle waar toepaslike bronne nie in biblioteke of argiewe opgespoor kon word nie. Onderhoude is met familieleden van Engelenburg en met ander navorsers wat oor aspekte van die Engelenburgfamilie navorsing doen, gevoer. Ander bronne wat in die loop van hierdie studie onder die aandag van die skrywer gekom het, is uit die aard van die saak ook betrek. Dit het lig gewerp op sekere feitelike leemtes wat nog bestaan het.

5. Vraagstellings

Talle vrae bestaan rondom Engelenburg se familie; sy lewe in Nederland voor hy na Suid-Afrika gekom het; sy intellektuele ontwikkeling; en sy werksaamhede en betrokkenheid by die gemeenskap van die ZAR. Met die studie kon daarin geslaag word om Engelenburg, wat tot dusver 'n skim uit die verlede was, as 'n man van vlees en bloed te skets.

Die volgende vrae het in die studie veral aandag geniet:

- Wie was F.V. Engelenburg en waar lê sy wortels?
- Het die aristokratiese tradisie van sy voorgeslagte 'n rol in sy lewe gespeel?
- Het sy voorgeslagte se prominente bedrywighede in die politiek 'n rol in sy lewe gespeel?
- Wat was die oorsaak waarom Engelenburg en sy vader nooit deel van die familie geword het nie?
- Watter soort opvoeding het hy in Nederland gehad en hoe ontwikkel was hy in vergelyking met sy tydgenote in Suid-Afrika?
- Hoe het hy aan sy kennis oor feitlik enige onderwerp gekom?
- Watter organisatoriese ervaring het hy op universiteit opgedoen? Kon hy daarin slaag om dit na Suid-Afrika oor te dra?
- Waar en hoe is sy joernalistieke belangstelling geprikkel?
- In hoe 'n mate het sy intellektuele opvoeding sy latere lewe beïnvloed?

- Waarom het Engelenburg Den Haag gekies om sy advokatepraktyk te begin en waarom het hy ná 'n jaar die regsberoep vaarwel toegeroep?
- Hoe het die egskeiding van sy ouers sy lewe geraak?
- Hoe het dit gebeur dat hy na Suid-Afrika gekom het? Watter gebeurtenisse in sy lewe het 'n invloed gehad op sy besluit om hom in Suid-Afrika te vestig?
- Hoe het hy in Suid-Afrika aangepas en waarom het hy besluit om permanent in dié land te kom woon?
- Het hy 'n rol gehad wat hy in Suid-Afrika kon speel?
- Wat was sy rol in die intellektuele opvoeding van die Afrikanervolk?
- Wat was sy taalvoorkeur voor die Anglo-Boereoorlog? En ná die oorlog?
- Hoe het Engelenburg eenheid probeer bewerkstellig tussen die twee verwante taalgroepe – Nederlandstaliges en Afrikaanstaliges?
- Watter middele het hy gebruik om sy doelstellings te bereik?

6. Hoofstukke

Die vrae wat hierbo aan die orde is, word onder die volgende hoofde in hoofstukke behandel:

6.1 Die Engelenburgfamilie

In die hoofstuk word 'n kort uiteensetting gegee van die Engelenburg-voorgeslagte om te probeer bepaal of hulle enigsins 'n invloed op sy lewe gehad het.

6.2 Vormingsjare in Arnhem

Aandag word gegee aan Engelenburg se opvoeding as jeugdige en in hoe 'n mate sy intellektuele fondament gelê is.

6.3 Student aan die Universiteit van Leiden

Engelenburg se studentelewe word ondersoek om vas te stel watter ervarings uit sy studiejare sy latere lewe beïnvloed het.

6.4 Wankelende treë in die vestiging van 'n beroep

Engelenburg het in die regsgeleerdheid gepromoveer. Ondersoek word gedoen om vas te stel hoe hy in die regsrigting gevaar het. Hy het dié beroep na 'n kort tydjie vaarwel

toegeroep en hom op die joernalistiek toegespits. Onderzoek word ook gedoen om vas te stel hoe hy in die joernalistieke wêreld gevaar het.

6.5 Vestigingsjare: 'n vastigheid met nuwe dimensies

In dié hoofstuk word aandag gegee aan Engelenburg se vestiging in Suid-Afrika en in hoe 'n mate hy wortelgeskiet het in sy aangenome land. Die onderwyssituasie van die ZAR het hom dadelik aangegryp en aandag word gegee aan sy betrokkenheid by die onderwys voor die Anglo-Boereoorlog.

6.6 Intellektuele baanbreker

Hy was betrokke by talle komitees, kommissies en rade en ondersoek word gedoen om te bepaal hoe hy te werk gegaan het deel te hê aan die intellektuele opvoeding van die Afrikanervolk.

6.7 Engelenburg as taalstryder en die stigting van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst

Engelenburg het eenheid probeer bewerkstellig tussen die voorstanders vir Nederlands en die voorstanders vir Afrikaans. Hy was een van die groot geeste wat meegehelp het aan die totstandkoming van die S.A. Akademie. Dié organisasie het die twee taalgroepe nader aan mekaar laat beweeg. Engelenburg se taalstryd, eers vir Nederlands en ná die ABO ook vir Afrikaans, het hy voortgesit deur middel van die werksaamhede van die Akademie.

In 2009 was die Akademie 100 jaar oud: die organisasie kan beskou word as 'n monument vir die onvermoeide ywer en deursettingsvermoë wat Engelenburg vir bykans drie dekades aan die dag gelê het.

6.8 Slot

In die slot word die inhoud van die hoofstukke kortliks saamgevat en 'n oorsig gegee van die belangrikste bevindinge wat uit die navorsing na vore gekom het.

Hoofstuk 1

Die Engelenburgfamilie

Inleiding

As 'n besondere verteenwoordiger van die klein groepering van historiese figure wat die band tussen Afrikaners en Nederlanders in die negentiende en twintigste eeu uitgebou het, is Frans Vredenburg 'n uitstaande figuur. Hierdie Nederlander wat Suid-Afrika as sy tuisland aanvaar het en 'n groot bydrae tot die Afrikaanse taal, kultuur en wetenskapsbeoefening gelewer het, was 'n veelsydige persoon. Gevolglik is dit vanselfsprekend dat daar baie fasette van hom as mens is wat verstaan moet word. Daar moet byvoorbeeld gevra word wie Frans Engelenburg was. Watter soort opvoeding het hy in Nederland gehad? Hoe ontwikkel was hy in vergelyking met die portuurgroep van jong mans van sy ouderdom in die ZAR? Waarom het president S.J.P. Kruger van hom 'n vertroueling gemaak? Waar het hy aan sy omvangryke kennis oor feitlik enige onderwerp gekom? Waar lê die wortels van Frans Engelenburg? Hoe het dit gekom dat hy in Suid-Afrika sy verskyning gemaak het? Sy manlike familielyn is in twee gevalle deur huwelike met adellikes verbind. Is daardie aristokratiese tradisie na Suid-Afrika oorgedra? Het sy familie enigsins 'n invloed gehad op sy betrokkenheid by De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst? Is daar tekens dat die familie se voortdurend prominente politieke rol in die sake van die dag op Engelenburg in Suid-Afrika invloed uitgeoefen het? Daar is heelwat meer vrae waarvan baie onbeantwoord bly. Om 'n beter indruk van Engelenburg die mens te vorm, is dit noodsaaklik om van sy voorgeslagte kennis te neem.

Die Engelenburgvoorgeslagte

Uit hulle doen en late is dit duidelik dat die Engelenburgfamilie hoë aansien gehad het in die gemeenskap waar hulle gewoon het. Hulle daaglikse omgang was met mense uit die hoër klas. Ironies genoeg was Engelenburg tot 1920, behalwe vir sy besondere versameling familia, nie sterk op sy familiebande en geskiedenis ingestem nie. Die besoek aan Suid-Afrika in 1920 van Engelenburg se oudste broer se twee seuns, Frans en Willem (toe onderskeidelik 24- en 22-jaar oud), uit Nederland, het Engelenburg aangespoor om die geskiedenis van die Engelenburg-familie vir sy jong naasbestaandes op te teken

aangezien van 'n beschaafd persoon verwacht wordt dat hij of zij iets afweet van de eigen voorzaten, ... [en] om mijn verwanten in staat te stellen in dit opzicht niet onkundig te hoeven zijn.¹

Die resultaat was 'n privaat gepubliseerde familiegeskiedenis van 45 bladsye met 'n oplaag van 250 wat hy in 1925 die lig laat sien het.² Die werkie berus nie op 'n sistematiese genealogiese uiteensetting van die familie-annale nie. Engelenburg het in daardie stadium reeds 36 jaar nie meer in Nederland gewoon nie. Hy het dus nie geredelike toegang tot relevante argivale materiaal gehad nie. Ook het die tyd en geleentheid om genealogiese navorsing te doen, ontbreek. Hierdie familiegeskiedenis berus dus uitsluitlik op die versameling briewe, aktes, aantekeninge en ander geskrifte wat hy, meestal met baie toewyding en oorleg, oor die jare byeengebring en bewaar het. Sy neef, H. van L. de Josselin de Jong, 'n regter te Haarlem, en dr. M. Schoengen, 'n argivaris van Zwolle, Nederland, het hom wel gehelp om sekere inligting te bekom.³ Engelenburg kon sy familiegeskiedenis terugspoor tot in die sestiende eeu. Van die eerste paar geslagte kon hy nie veel inligting opspoor nie, maar van die vierde geslag af – in die eerste helfte van die 18de eeu – het hy oor meer inligting beskik. Daaruit kon die familieverhaal behoorlik vorm aanneem. Die familiegeskiedenis, soos kortliks hieronder uiteengesit, is hoofsaaklik op die werk van Engelenburg gebaseer.

¹ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, Voorwoord.

² F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, pp. 1-45.

³ *Ibid.*, Voorwoord.

Bykomende inligting is ook tydens 'n navorsingsbesoek aan Nederland in 2007 ingesamel.

In Nederland, soos in baie ander lande, was dit die gebruik om aan 'n huis, veral waarin 'n bedryf beoefen is, 'n naam te gee. Die naam "de Engelenburg" was aan die begin van die 16de eeu gesog. In die boekewêreld in Amsterdam was die naam veral gewild, want 'n paar drukkers het die geboue waarin hulle hul besigheid bedryf het "Ingleborch", "Engleburch" of "Enghelenburgh" genoem. Dit is waarskynlik dat ook te Vollenhove in die provinsie Overijssel, bakermat van die Engelenburgfamilie, 'n huis gestaan het wat as Engelenburg bekend was.⁴ Die stad Vollenhove, wat op 12 Julie 1354 stadsregte verkry het,⁵ was teen die einde van die middeleeue 'n welvarende hawestad aan die ooskus van die toenmalige Suidersee. Die plaaslike ou Latynse skool wat destyds bestaan het, lewer ook bewys dat Vollenhove eenmaal 'n sentrum van beskawing in dié land moes gewees het.⁶

Die geslagsregister van die Engelenburgfamilie begin in die 1500's met Jan Freryckx Engelenburg (ook Johan Frerichzoon geskryf) (eerste geslag).

Van hierdie stamvader is min bekend, soos die geval is met baie ander genealogiese stamvaders uit dieselfde era. Wat wel bekend is, is dat hy aan die einde van die 1500's en begin 1600's geleef het. Omstreeks 1620 het Johan Frerichzoon en sy vrou Arentgen 'n huis in de Oude- of Visscherstraat, Vollenhove besit.⁷ Jan Freryckx was die vader van Lucas Jansz Engelenburg (tweede geslag), gebore omstreeks 1620. Lucas en sy vrou, Jantje Preek Pouwels, het net 'n seun, Fredrik gehad, genoem na sy grootvader Jan Freryckx.⁸

⁴ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 5.

⁵ A.J. Gevers, A.J. Mensema en Js. Mooijweer, *De havezaten in het land van Vollenhove en hun bewoners*, p. 144.

⁶ LBPA: Onderhoud mnr. Henk van Heerde, Vollenhove, 3 Oktober 2007. Kyk ook A.J. Gevers, A.J. Mensema en Js. Mooijweer, *De havezaten in het land van Vollenhove en hun bewoners*, p. 13.

⁷ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 5.

⁸ *Ibid.*, p. 5.

Fredrik Engelenburg (derde geslag) is ongeveer in 1655 gebore en op 6 Februarie 1704 te Vollenhove oorlede. Hy het op 28 September 1686 in die huwelik getree met Rijnsje, dogter van Pieter de Jong. Eers agt jaar na hulle troue is hulle enigste seun, Lucas, na sy oupa vernoem, gebore. Rijnsje het op 40-jarige leeftyd gesterf toe haar seun vier jaar oud was. Heel gou het Fredrik Engelenburg besluit om weer te trou, veral om 'n sorg vir sy jong seuntjie te hê. Hy het toe met Jannetje Jacobs, 'n dogter van sy tante Lijsbeth, getrou. In 1704 het Fredrik Engelenburg gesterf. Lucas was slegs tien jaar oud. Jannetje het deurgaans goed vir haar stiefseun gesorg en na die dood van sy vader het sy daarin geslaag om hom sy opvoeding te laat voortsit.⁹

Lucas Engelenburg (vierde geslag) is op 19 September 1694 in Vollenhove gebore en op 23 Junie 1779 op 85-jarige ouderdom oorlede. Hy het op 3 Junie 1726 op 32-jarige ouderdom met Berendina von Morre, 'n verteenwoordiger uit die ou Overijsselse familie Morre, getrou. Berendina se vader, Johan Morre en al sy wettige nakomelinge is op 18 Augustus 1718 deur Keiser Karel VI (1685-1740) tot die adelstand verhef. Die egpaar, Lucas en Berendina, het twee dogters en een seun gehad. Lucas Engelenburg was hardwerkend en vooruitstrewend en vir baie jare burgemeester van Vollenhove. Hy het tot die Gereformeerde godsdienst behoort¹⁰ en was 'n vurige aanhanger van die Oranje-groepering.¹¹ Die Orangisme was 'n politieke stroming in die Verenigde Nederlandse Republiek (1581-1795) wat die koninklike huis van Oranje gesteun het. Stadhouers is altyd deur die regerende prins aangewys en uit die adelklas benoem. Die Orangisme het in dié periode politiek teenoor die staatsgesindes (republikeine) en die demokrate standpunt ingeneem. Die demokrate en die staatsgesindes het in die tweede helfte van die 18de eeu al hoe meer hulle kragte saamgesnoer, hoewel hulle nie oor alles eensgesind was nie. Die nuwe beweging wat tot stand gekom het, het bekend gestaan as die Patriotte.¹² Die Nederlandse politieke toneel is nou oorheers deur die stryd tussen die Huis van Oranje wat voorstanders was van 'n monargistiese stelsel en die Patriotte wat die landsbestuur in beheer van die volk wou plaas. Toe

⁹ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 7.

¹⁰ *Ibid.*, p. 9.

¹¹ *Ibid.*, p. 10.

¹² H.H. Rowen, *The Princes of Orange: the Stadholders in the Dutch Republic*, p. 3.

die Huis van Oranje en sy ondersteuners sterk begin optree teen die Patriotte, het duisende na Frankryk gevlug. Die Franse Revolusie het op 14 Julie 1789 uitgebreek en in 1793 het Frankryk Nederland binne geval. Met die hulp van die Franse het die Patriotte tydelik beheer van Nederland oorgeneem. Met Napoleon Bonaparte se neerlaag by Leipzig in 1813 het die posisie van Nederland verander en het die Huis van Oranje weer in beheer van die land gekom.¹³ Die Orangisme ná 1813 van die Frans-bevryde Nederland het verskil van dié tydens die Republiek van die Verenigde Nederlande, in dié opsig dat die staatkundige posisie van die Oranje-dinastie ná 1813 grondwetlik vasgelê is. Die regent-stadhouers van weleer het toe verdwyn.¹⁴

Die Engelenburgwapen wat op verskeie voorwerpe in die Engelenburghuis in Pretoria te sien is, is reeds in 1761 deur Lucas Engelenburg in 'n seël gebruik. Dit bestaan uit 'n enkele toring met 'n engel waarvan die hande laag uitgesprei is. Volgens Elsevier se ensiklopedie vir heraldiek word engelfigure in die wapenkunde voorgestel as 'n vrouefiguur met vlerke. Die uitsondering is die aartsengel Michael wat op die Engelenburg familiewapen voorkom.¹⁵

Die egpaar Lucas en Berendina het in 1743 huis Rollocate betrek wat hulle van die familie Van Isselmuden gehuur het. Huis Rollocate was buite die stadsmure van Vollenhove geleë. Talle lede van die Engelenburg-familie sou hier gebore en groot word. Die feit dat die Engelenburgs buite die stadsmure gewoon het, dui daarop dat hulle geen bedryf of beroep in die stad beoefen het nie, maar hoofsaaklik as landbouers werksaam was. Hulle het so 'n mate van welvaart bereik dat hulle nie nodig gehad het om hulle oor geld of oor die aankoop van daaglikse lewensmiddele te bekommer nie en kon dus hulle tyd aan ander sake bestee.¹⁶ Die Engelenburg-familie het enkele eeue in Vollenhove gewoon, waarvan die laaste ongeveer 60 jaar in huis Rollocate voor hulle in 1802 die stad verlaat het.

¹³ G. Claassen, *'n Historiese blik op die Lae Lande*, pp. 198-99, 202 en 212.

¹⁴ *Ibid.*, pp. 230-32.

¹⁵ H.W.M.J. Kits Nieuwenkamp, *Elsevier's encyclopedie van de heraldiek*.

¹⁶ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, pp. 11 en 12.

Lucas en Berendina het, soos reeds genoem, drie kinders gehad.¹⁷ Die derde kind was Vredenrijk Jan Engelenburg (vyfde geslag). Hierdie jongste kind is op 18 Julie 1729 gebore. Hy het burgemeester van Vollenhove geword en het ywerig – aan die Oranje-kant – aan die politiek van die dag deelgeneem. Vredenrijk het vir baie jare ongehuud gebly en eers 'n paar weke ná sy vader se 80ste verjaardag is hy, op aandrang van sy ou vader, in die eg verbind. Die Engelenburgs het hulle vrouens gewoonlik uit heel onverwagse oorde gehaal en die huwelike was meestal verrassings. Hulle het egter nooit vir geld getrou nie, aldus Frans Engelenburg. Die leuse van die familiewapen was juis: *Ne se vend* (Nie te koop nie). Die vrygesel Vredenrijk is op 11 Oktober 1774 op 45-jarige ouderdom met die 28-jarige Maria Catharina Albertina van Braam getroud.¹⁸ Vredenrijk Jan het in dieselfde jaar eenaar geword van die huis te Kerkstraat 12, Vollenhove en het die huis besit tot 1802. Die egpaar Engelenburg-Van Braam het vyf kinders gehad.

Die politieke toestande wat aan die einde van die 18de eeu geheers het en die gelyktydige verval deur swak ekonomiese toestande het 'n invloed gehad op die besluit van die Engelenburg-familie om hulle elders te vestig ten spyte van allerlei bande met Vollenhove en sy inwoners. Hulle het die voorvaderlike stad in 1802 permanent verlaat en na Kampen verhuis. Voor sy vertrek uit Vollenhove het Vredenrijk Jan Engelenburg menigmaal buite Overijssel rondgereis. Dit is juis die tydperk waarin moderne toerisme 'n aanvang geneem het.¹⁹ Vier jaar ná die familie Vollenhove verlaat het, is Vredenrijk Jan op 77-jarige ouderdom oorlede.²⁰

Die tweede kind en oudste seun van Vredenrijk Jan en Maria was Frans Thomas Engelenburg (sesde geslag). Hy is op 15 Julie 1777 gebore en was die oupagrootjie van Frans Engelenburg.²¹ Op 18 Oktober 1805, op 28-jarige leeftyd, het hy met die aantreklike 34-jarige weduwee en moeder van vyf kinders, Ephraïme Bertha Johanna de la Sablonière of 'Eefje' soos sy genoem is, getrou. Saam het hulle vyf kinders gehad. Hulle het mekaar reeds lank geken en Frans

¹⁷ *Ibid.*, p. 12.

¹⁸ *Ibid.*, pp. 13 en 14.

¹⁹ *Ibid.*, p. 13.

²⁰ *Ibid.*, p. 17.

²¹ *Ibid.*, p. 17.

Thomas was met haar enigste broer bevriend. Ephraïme het tot die Franse adel behoort en het met haar tweede eggenoot op haar landgoed 'De Oldhorst', by Oldebroek in die provinsie Gelderland gaan woon. Haar eerste eggenoot was Daniel Jannette Walen. Sy was aan luukshede gewoond en haar veel jonger tweede eggenoot Frans Thomas wat heeltemal onder haar bekoring was, het nie groot teenstand teen haar spandabelrigheid gebied nie. Hulle huwelik was baie gelukkig en het sewe jaar geduur waarna Ephraïme, kort na die geboorte van haar tiende kind op 41-jarige ouderdom oorlede is.²² Ephraïme se vader, Stephen Hendrik, is in 1714 in Nijmegen, Nederland gebore. Die De la Sablonières was lank voor die Franse Revolusie in Nederland woonagtig.

Die herehuis op die landgoed 'De Oldhorst' is in 1751 gebou. Sy hoofingang kyk suid sodat dit die grootste deel van die dag son kry. 'Horst' beteken "hooggeleë gebied wat ruig met kreupelhout begroei is". Dit beteken ook nes of vesting met bome en struik daaromheen – dus 'n beveiligde stuk grond. 'De Oldhorst' was in geheel 112 morges (95,9 hektaar) groot.²³ Benewens die herehuis was daar ook twee boerehuise, saai- en weilande, tuine, vywers, singels, bome en houtgewasse.²⁴

Met die dood van Ephraïme op 30 Desember 1812 en met die finalisering van haar boedel het geblyk dat sy nagenoeg eweveel skuld as bates gehad het. Dit het Frans Thomas jare van nougesette administrasie gekos om, in belang van die tien kinders, 'n stewige boedel op te bou. Met haar dood het 'De Oldhorst'-landgoed die vyf kinders uit haar eerste huwelik toegeval. Frans Thomas het die landgoed in 1820 by die kinders vir f34 000 oorgeneem.²⁵

Frans Thomas het die landgoed voortreflik bestuur. Hy het 'n goeie oog vir besigheid gehad en het sy grondbesit met verdere aankope vermeerder. Hy was

²² *Ibid.*, p. 18.

²³ Inligting op 02.11.2007 bekom uit 'n publikasie in besit van Jan Kaiser, huidige eienaar van 'De Oldhorst': P. Zunderman, "De Oldhorst" in A. Sulman (red.), *Tussen Ijsselvlied en Essenburg: landgoederen op de Noord-Veluwe*, p. 17.

²⁴ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 16.

²⁵ *Ibid.*, pp. 18-20.

"wethouder van de gemeente Oldebroek"²⁶ en van 1831 af, tot met sy dood in 1850, was hy lid van die provinsiale raad van Gelderland. Hy was ook een van die finansiers van die belangrike nuwe hoofweg tussen Amersfoort en Zwolle.²⁷

Ná die dood van Ephraime het Frans Thomas se moeder, Maria Engelenburg-Van Braam, die huishouding behartig. Die gesin het in daardie stadium uit vier voorkinders uit die Walen-huwelik en vyf eie kinders bestaan. Teen 1823 was al die Walen-kindere getroud. Drie van die Engelenburg-kindere het nog in die huis gewoon. Die oorblywende twee meisies en 'n sieklike seuntjie was al wat 'n bietjie lewe in die huis gebring het. Dit het die 47-jarige Frans Thomas laat besluit om te hertrou. Hy het in 1824 met die weduwee Lucia Maria Luyken-Westerlo, toe 49 jaar oud, getrou. Die huwelik het 24 jaar geduur tot sy op 12 Mei 1848 op 'De Oldhorst' gesterf het.²⁸

Terwyl Frans Thomas met Lucia getroud was, het hy in 1833 'n ruim, gemesselde familiegrafkelder laat bou. Dit is gebou op 'n sanderige hoogte op 'n kort afstand, suid van 'De Oldhorst'. Dit is so gebou dat vloede wat van tyd tot tyd die laer gebied geteister het, nie die struktuur van die kelder benadeel nie. Die grafkelder is op 'n langwerpige strook boombegroeide terrein, omring deur 'n lae baksteenmuur met 'n ysterhek, gebou. In die middel is 'n groot plat steen sigbaar waarop die volgende woorde ingegraveer is: "Rustplaats der familie Engelenburg". Telkens wanneer van die grafkelder gebruik gemaak is, moes die ingang oopgebreek en daarna weer toegemessel word.²⁹ In die grafkelder is die stoflike oorskot van 11 familielede geplaas. Van 1833 tot 1850 is nege lede van die familie in die grafkelder geplaas. Die grafkelder het daarna vir 70 jaar verseël gebly, waarna Frans Thomas Vredenburg (1836-1920), vader van Frans Engelenburg (onderwerp van dié studie), in 1920 daar neergelê is. Drie jaar

²⁶ Munisipale raadslid.

²⁷ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: gesiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 20.

²⁸ *Ibid.*, pp. 22-24.

²⁹ Veldwerk deur Linda Brink te Oldebroek: 02.11.2007.

later in 1923 is Wilhelm Engelenburg, seun van Frans Thomas Vredenrijk en broer van Frans Engelenburg, se as in 'n granietkruik in die grafkelder geplaas.³⁰

Kort ná sy tweede vrou se dood in 1848 het die landheer Frans Thomas vir 'n derde keer getrou, naamlik met Johanna Moojen wat in 1813 te Oldebroek gebore is. Twee jaar later, op 29 Mei 1850, het Frans Thomas Engelenburg op 'De Oldhorst' gesterf. By die verdeling van die nalatenskap het die landgoed in 1852 die besit van die enigste lewende kind, Maria Catherina Albertina Everarda Engelenburg, geword. Sy het die landgoed in 1858 aan H.A. Wittewaall van Stoetwegen, burgemeester van Kampen, verkoop. Dit het daarna agtereenvolgens in besit gekom van die families Nobel (in 1868), C.L. van Beijma (1913), graaf René F.W. van Bylandt (1920) en graaf Frederik E.L. van Bylandt (1933). In 1954 het dit die eiendom geword van barones Van Tuyl van Serooskerken – gravin van Limburg Stirum. Ná haar dood is die eiendom aan enkele beleggers verkoop. In 1976 het dit in besit gekom van die here Gommers en Ruyten.³¹ Die huidige eienaar, meneer Jan B. Kaiser, het die eiendom in 1982 gekoop.³²

Die oudste kind van Frans Thomas (1777-1850) en Ephraïme Bertha Johanna de la Sablonière (1771-1812) was Vredenrijk Jan (1806-1836).³³ Hy was lid van die sewende geslag en oupa van Frans Engelenburg. Vredenrijk Jan is op 9 Augustus 1806 in die huis op 'De Oldhorst' gebore en het van 1818 tot 1823 in Hattem skool gegaan. Na die voltooiing van sy skoolloopbaan was hy vir 'n aantal jare notaris in Zutphen, Wageningen, Lunteren (Gelderland) en Olst (Overijssel). Op 22 Junie 1835 het hy in die huwelik getree met die 19-jarige Catharina Christina van Delden (gebore in Deventer op 13 Augustus 1816 en aldaar oorlede op 24 Januarie 1856). Sy was aan menige ou Deventerse, Zwolse en ander Overijsselse families verwant en het in haar omgewing bekend gestaan as 'gouden Chrisje'. In 1836 het die 30-jarige Vredenrijk Jan gaan ysskaats en per ongeluk deur die ys gesak. Hy het 'n swaar verkoue opgedoen waarvan hy nooit herstel het nie en het as gevolg

³⁰ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 44.

³¹ P. Zunderman, "De Oldhorst" in: A. Sulman (red.), *Tussen Ijsselvlied en Essenburg: landgoederen op de Noord-Veluwe*, pp. 20-24.

³² LBPA: Onderhoud Jan Kaiser, 'De Oldhorst', 2 November 2007.

³³ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 25.

daarvan op 12 Mei 1836 in sy huis in Olst gesterf, vier dae ná die geboorte van sy enigste kind, Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg. Sy vroeë dood was vir die familie 'n swaar slag. Sy stoflike oorskot is in die familiegrafkelder te ruste gelê.³⁴

Vredenrijk Jan het sy vrou aan huis van sy oom Lucas Engelenburg, destydse inspekteur van direkte belasting in Deventer, ontmoet. Hierdie oom het 'n seun, Frans Thomas (1814-1868), gehad wat kort na die tragiese sterfgeval van sy neef Vredenrijk Jan offisier geword het. Die jong offisier, toe nouliks 23 jaar oud, het aan die einde van 1836 met indiskresie die 20-jarige Christina Engelenburg, wat nouliks ses maande weduwee was, met 'n huweliksaansoek verras. Die jong weduwee was onsteld hieroor en het toe besluit om alle bande met die Engelenburg-familie te verbreek, ten onregte daarvan oortuig dat die Engelenburgs die oorhaastige daad van die jong Frans aangemoedig het. Die ou heer, Frans Thomas van 'De Oldhorst', het probeer om die families weer bymekaar te bring, maar sy ietwat strengbewoorde briewe het die situasie net vererger. 'n Totale breuk was die eindresultaat van 'n verbitterde korrespondensie tussen die twee partye. Christina het met haar kind in haar geboortedorp Deventer gaan woon. Sy is kort daarna met Hendrik van Loghem getroud. Bogenoemde verwydering verklaar hoe hierdie vertakking van die Engelenburgs uit die Engelenburg-milieu losgeraak het en hoe die konneksies met 'De Oldhorst' vir hulle verlore gegaan het.³⁵

Frans Thomas Vredenrijk (agste geslag) is op 8 Mei 1836 in Olst gebore en was die toekomstige vader van Frans Vredenrijk Engelenburg wat hom in Suid-Afrika sou vestig. Frans Thomas Vredenrijk is in Deventer deur sy stiefvader Hendrik van Loghem volgens die toenmalige tradisies van daardie stad opgevoed.³⁶ Sy stiefvader was 'n advokaat in Deventer en waarskynlik as gevolg van dié se invloed het hy ná skool in Leiden gaan studeer. Sy oupa se broer, Lucas, wie se seun die familiebreuk veroorsaak het, het wel in 1803 in die regsgeleerdheid gepromoveer, maar is oorlede toe Frans Thomas Vredenrijk nog 'n kind was.³⁷ Dit

³⁴ *Ibid.*, pp. 26 en 27.

³⁵ *Ibid.*, p. 27.

³⁶ *Ibid.*, p. 31.

³⁷ *Ibid.*, p. 40.

is dus meer waarskynlik dat dit sy stiefvader was wat hom aangemoedig het om in die regte te studeer. Hy het op 4 Februarie 1860 in die regte gepromoveer. Terwyl hy nog student was, is sy moeder, Christina, oorlede. Hy was toe 20 jaar oud en die enigste oorlewende verteenwoordiger van sy oupa Engelenburg se familietak. Frans Thomas Vredenrijk het, as gevolg van die familiebreuk, waarskynlik min kontak met die Lucas-tak gehad. Die breuk het vir meer as een en 'n kwart eeu voortgeduur en die twee familie-takke het al verder van mekaar verwyder geraak. Eers in 1968 het 'n lid van die Lucas-tak³⁸ en 'n lid van die Frans Thomas-tak,³⁹ mekaar in De Witte in Den Haag ontmoet en staande mekaar die hand van vrede geskud. Die vete wat oor 132 jaar gestrek het, is by dié geleentheid amptelik tot die verlede verklaar.⁴⁰

Kort nadat Frans Thomas Vredenrijk gepromoveer het, het hy op 16 Junie 1860 in die huwelik getree met Anna Maria Koopmans wie se familie toe in Amsterdam gevestig was. Die jong egpaar het Arnhem as woonplek gekies wat in daardie dae 'n gewilde woonarea geword het en meer aantreklik skyn te gewees het as Deventer waar die jong mevrou Engelenburg totaal vreemd was.⁴¹ Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg het sy loopbaan as advokaat begin. Anna Maria Koopmans se voorgeslagte was van die provinsie Friesland, Nederland afkomstig. Die Koopmans-familie het geen openbare poste bekleed nie, maar onder die verteenwoordigers van die geslag was sakelui en teoloë. Anna Maria is in Maastricht, waar haar vader toe predikant was, op 5 Maart 1835 gebore. Sy het op 14 Junie 1912 in Prinsenhagen gesterf en is in s'Gravenhage (Den Haag) begrawe.⁴²

Uit die huwelik tussen Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg en Anna Maria Koopmans is drie seuns (negende geslag) gebore.⁴³ Die seuns was Cornelis Mari

³⁸ Die lid van die Lucas-tak was Frans Vredenrijk Engelenburg (naamgenoot van Frans Vredenrijk Engelenburg, Pretoria).

³⁹ Die lid van die Frans Thomas-tak was Frits Vredenrijk Engelenburg, halfbroer van F.V. Engelenburg, Pretoria.

⁴⁰ LBPA: Onderhoud F.V. Engelenburg, Wassenaar, 3 November 2007.

⁴¹ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: gesiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 31.

⁴² *Ibid.*, p. 32.

⁴³ *Ibid.*, pp. 37 en 39.

Hoofstuk 1 Engelenburgfamilie

(1861-1947), Frans Vredenrijk (1863-1938) en Wilhelm (1865-1923). Dit is hierdie middelste kind, Frans Vredenrijk, op wie dié studie fokus.

Die *Nederland's Patriciaat* (algemeen bekend as *Het Blauwe Boekje*) word sedert 1910 in Nederland uitgegee. Om te kon kwalifiseer vir toelating om in die boek opgeneem te word, moes families 'n aktiewe en belangrike rol in die Nederlandse samelewing gespeel het. Dit kon hoë posisies in die regering wees of belangrike posisies in kommissies. Ander prominente publieke poste oor ses generasies of 150 jaar heen was eweneens belangrik om te kwalifiseer vir opname in die Blou Boek. Hoe langer 'n familie in die Blou Boek gelys was, hoe hoër hulle aansien. Die vroegste inskrywings was dikwels van families wat gesien is as gelykstaande aan die hoë adel (baronne en grawe of gravinne) omdat hulle getrou het met lede van die Nederlandse adel. Belangrik egter is dat daar nie 'n 'swart skaap' in die familie mog wees nie.⁴⁴ Die Engelenburggeslagte is reeds in die eerste *Patriciaat* wat in 1910 verskyn het, opgeneem. Behalwe die hoë poste wat die familie deur die eeue bekleed het, het hulle in die vierde en weer in die sesde geslag in adellike families ingetrou wat hulle aansien in die gemeenskap verder verhoog het. In die *Nederland's Patriciaat* van 1957 (43e jaargang), is 31 families opgeneem, onder andere weer die Engelenburgfamilie wat tot daardie jaar nog gekwalifiseer het vir opname.⁴⁵

Gevolgtrekking

Die Engelenburgs het as landelike aristokrate voortdurend 'n prominente politieke rol in die sake van die dag gespeel. Normaalweg sou die aanname gemaak kon word dat Engelenburg bevoorreg was om in so 'n milieu met 'n ryk familiegeskiedenis te kon grootword. Die teendeel is egter waar. Hy is weens omstandighede geheel en al nie in die Engelenburgtradisie opgevoed nie. So ook sy vader wat in Deventer tussen sy moeder Christina en sy stiefvader se familie, opgegroeï het. Frans Engelenburg, sowel as sy vader, het nooit deel van die Engelenburg-familie geword nie. Die feit dat Frans Engelenburg in sy

⁴⁴ Anon., "Nederland's Patriciaat" by http://www.nederland's_patriciaat, (geraadpleeg op 05.05.2010).

⁴⁵ F. de Josselin de Jong (red.), *Nederland's Patriciaat*, p. 115.

twintigerjare hom permanent in Suid-Afrika gevestig het, het sy kans verder verskraal om sy Engelenburg-familielede te leer ken.

Engelenburg het sy oupa en grootoupa Engelenburg nooit geken nie omdat beide reeds oorlede was teen die tyd dat hy gebore is. Normaalweg word 'n familiegeskiedenis deur middel van oorlewering lewend gehou, maar in Engelenburg se geval sou hy as jong man waarskynlik min inligting oor hierdie deel van die familie gehad het, behalwe dit wat sy vader aan hom kon oordra. Omdat sy vader reeds as baba uit die familiemilieu weggeneem is, sou dié ook net kon beskik oor inligting wat sy moeder, Christina Engelenburg-Van Delden oor die familie te sê gehad het en wat sy grootvader aan hom oorgedra het toe hy as kind van tyd tot tyd 'De Oldhorst' besoek het. Omdat hy nog 'n jong seun was, sou hy waarskynlik nie veel van sy grootvader (Engelenburg se groot-grootvader) se vertellings ingeneem het nie. Die Engelenburgtradisie was weens omstandighede vir beide vader en seun verlore. Dit is dus onwaarskynlik dat die aristokratiese tradisie van sy voorgeslagte 'n rol in Frans Engelenburg se lewe gespeel het wat hy sou kon oordra na Suid-Afrika. Dit is ewe onwaarskynlik dat sy voorgeslagte se prominente bedrywighede in die politiek 'n rol in sy lewe gespeel het.

Dit is wel moontlik dat daar sprake was van 'n sterk Nederlandse middelklastradisie wat in die era van Nederlandse verstedeliking met die negentiende eeuse industriële ontwikkeling verband gehou het. Onder die Nederlanders was daar tot in die twintigste eeu sterk sentimentele bande met Afrikaanstalige Suid-Afrikaners – 'n tradisie wat sterk in die era van die jong Frans Engelenburg vanaf die 1890's posgevat het. Die landboukrisis in Nederland in die jare 1878 tot 1895, wat ook die handel en nywerheid sou tref, het die belangstelling in Suid-Afrika as nedersettingsgebied gestimuleer. Dit het veral tot uiting gekom in pogings om landbou-emigrasie aan te moedig. Dit het later geblyk onsuksesvol te wees. Die drie terreine waar die Nederlanders van 1890 af bepaald invloed in Suid-Afrika uitgeoefen het, was op die gebied van die onderwys, regeringsamptenary en die spoorwegbedryf.⁴⁶ As intellektueel,

⁴⁶ A.P. du Plessis, *Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing*, p. 27.

Hoofstuk 1 Engelenburgfamilie
koerantredakteur en kultuurmens sou Engelenburg op 'n heel ander wyse 'n rol in
Suid-Afrika speel.

Hoofstuk 2

Vormingsjare in Arnhem

Inleiding

Frans Vredenrijk Engelenburg was deel van die negende geslag van die Engelenburg-familie. Hy was die enigste lid van die familie, met uitsondering van sy moeder se broer, Johan Koopmans, wat hom permanent in Suid-Afrika kom vestig het. In hierdie hoofstuk word die kinderjare van Engelenburg ondersoek om vas te stel watter gebeurtenisse in sy jong lewe moontlik 'n invloed kon gehad het op sy besluit om hom later jare in Suid-Afrika te vestig. Engelenburg se ouers het groot waarde geheg aan 'n goeie opvoeding en skoolonderrig. 'n Ondersoek na Engelenburg se daaglikse doen en late as jongeling, asook sy skoolprestasies, kan lig werp op die mate waarin die intellektuele fondament sy latere lewe beïnvloed het.

Jeugjare

Frans Vredenrijk Engelenburg is op Dinsdag, 17 Maart 1863 om halfnege in die woonhuis van sy ouers, advokaat Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg en Anna Maria Koopmans, in die stad Arnhem, provinsie Gelderland, Nederland, gebore. Die baba se 27-jarige vader het die geboorte die volgende dag, 18 Maart geregistreer. As getuies het die 38-jarige Simon Ham, 'n gepensioneerde militêre man en die 35-jarige Gerrit Wiggers, 'n timmerman van beroep, geteken.¹ Die babaseuntjie het 'n ouer broer, Cornelis Mari, gehad.

¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrif van geboortesertifikaat van F.V. Engelenburg, 29.06.1889 (Arnhem).

In 1868, drie jaar ná die geboorte van die derde seun, Wilhelm, het die Engelenburg-gesin Arnhem verlaat en na Ubbergen by Nijmegen verhuis vanwaar hulle 'n pragtige uitsig gehad het op die Waalvlakte, "de Ooi". Die kinders se vader was in dié dae burgemeester van die grensgemeenskap Groesbeek, maar het verlof verkry om in Ubbergen te bly woon. Hy het dan ook altyd te perd tussen die dorp en sy plaas gery. Groesbeek was 'n verwaarloosde grensgemeenskap waar taamlieke armoede geheers het. Onder sy vyf-jarige burgermeesterskap is die grondpaaie na Kranenburg, Weiler en die Kleefse Rijkswald in gruispaaie omskep. Dit is ook op die Waalvlakte waar die Engelenburg-seuns leer perdry het.² Jare later sou Frans Engelenburg se perdryvernuf hom in Suid-Afrika goed te pas kom. In dié opsig het hy 'n voorsprong gehad bo baie Nederlanders wat hulle in die Transvaal gaan vestig het. Die meeste van sy landgenote kon nie perdry nie.³

Die Engelenburg-kinders was gedurende hulle laerskooljare in Nijmegen op skool. Soos reeds vermeld, het die kinders se ouers baie waarde geheg aan goeie skoolopleiding en in 1875 het die familie ter wille van die skoolgaande seuns na Arnhem teruggekeer. Sedert daardie tyd het Frans Thomas Vredenburg nie meer sy beroep beoefen nie. Hy het baie sorg en tyd bestee aan die administrasie van sy landerye by Oldebroek en Kamperveen. Dit het voortdurend toesig vereis.⁴ Dit is duidelik dat Frans Engelenburg sy vader soms na dié se uitgebreide boerderybedrywighede vergesel het. Daarvan getuig die sketse in sy sketsboek wat hy as 13- tot 18-jarige gemaak het. Hy het heelwat sketse gemaak van objekte wat tipies op 'n plaas te vind is, byvoorbeeld verskillende soorte kruiswaens, 'n vierwielwa, asook plaasskure en afdakke waarin en waaronder hooi geberg is. Daar is ook 'n skets van 'n tweewielwaentjie wat deur een perd getrek kan word.⁵

² LBPA: Mededeling van Frits Engelenburg, halfbroer van Engelenburg, wat as spreker opgetree het tydens 'n funksie van die NZAW, Afdeling 's-Gravenhage, om 20:00 uur op Dinsdag, 21 Maart 1967 in die restaurant "De Kroon", Spuistraat 10, 's-Gravenhage – Afskrif van lesing is op 29 Oktober 2007 bekom van Frits se dogter, Hedwig C.V. Engelenburg-Van Son, Den Haag.

³ R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918, p. 24.

⁴ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, pp. 31 en 32.

⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sketsboek van F.V. Engelenburg, 1876-1881.

Sy vader se boerdery het vir die seun 'n stewige agtergrond gegee oor hoe landbousake in die praktyk werk en in sy latere lewe kon hy voornemende boere in die Transvaal deur middel van sy koerant van goeie raad bedien. Hy het reeds as jongmens geleer dat boerdery geld kan genereer en dat dit 'n gemeenskap selfstandig kan maak.

In 1877 het die 14-jarige Frans Engelenburg sy hoërskoolloopbaan by die Stedelijk Gymnasium Arnhem begin. Die skool was in daardie stadium gehuisves in twee solderkamers in die ou *Stadswaag* op die Markplein.⁶ Die *Stadswaag* het 'n interessante geskiedenis wat handel oor die heksejag en wrede terregstellings van vroue en mans in die 16de en 17de eeu dwarsoor Europa.⁷ Na twee eeue is hierdie praktyk teen die 1750's gestaak. Die laaste mense wat vir hekserij aangekla en tereggestel is, was in die 1780's in Pole.⁸ Teen daardie tyd was dit ook nie meer in Nederland 'n gebruik nie. Trouens, op die markplein in Arnhem staan 'n monument, opgerig tussen 1761 en 1768, ter herinnering aan hierdie gruwel wat hom vir meer as 200 jaar afgespeel het. Die gebou was 'n mengsel van neo-Klassieke en Barokstyl en het bekend gestaan as die *Stadswaag* of weegskaal na aanleiding van die weeg van 'hekse'. Is hulle te lig bevind volgens die proporsie van hulle liggaamsbou, is hulle tot hekse verdoem en meestal verbrand. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die ou *Stadswaag* met die Slag van Arnhem in 1944 geheel en al verwoes. Dit was egter een van die weinige geboue in Arnhem wat ná die oorlog gerekonstrueer is. In 1960 is dit herbou. Al die oorspronklike werk het in die oorlog verlore gegaan, alleen die oorspronklike weeginstrument, die "waag" het gespaar gebly en het dan ook 'n prominente plek in die nuwe gebou gekry. In 1997 is die *Stadswaag* se grondverdieping as 'n restaurant ingerig.⁹

Die jaar wat Engelenburg ingeskryf het, het die Stedelijk Gymnasium Arnhem 'n treurige laagtepunt van sy bestaan deurgemaak. Dat dit nie goed gegaan het met

⁶ R.W. Danz, C.J.E. van Ketwich Verschuur en B.H.M. Swinkels (reds.), *Het Gymnasium aan de Statenlaan: beschouwingen over het Stedelijk Gymnasium te Arnhem*, p. 27.

⁷ W. Behringer, *Witches and witch-hunts: a global history*, p. 57.

⁸ *Ibid.*, p. 187.

⁹ Anon., "Proeflokaal De Waag" by <http://www.proeflokaaldewaag.nl>, (geraadpleeg 03.09.2008).

die gimnasium nie, kan gesien word aan die geringe aantal leerlinge wat ses jaar later hulle eindeksamens geskryf het. Die hoërskoolonderwyswet wat in 1878 in Nederland aangeneem is, het hierdie situasie onherroeplik verander. Dié wet was daarop gerig om die kwaliteit van die onderwys te verhoog en het ook verbied dat twee klasse of meer bymekaar sit.¹⁰ Soos begryp kan word, was dit toe nog die geval met die leerlinge van die Stedelijk Gymnasium Arnhem. Die gevolg van die wet was dat die gemeenskap van Arnhem 'n nuwe gebou vir die Gimnasium moes laat bou. Die mooi en ruim nuwe skoolgebou in Bovenbeekstraat is in 1879 betrek, drie jaar voor Engelenburg sy skoolloopbaan daar voltooi het. Hy het die verhuising na die nuwe skoolgebou dus meegemaak. Elke standerd het nou 'n eie klaslokaal gehad. Die nuwe gebou het meer leerlinge begin trek en van 1879 af het die leerlingtal begin styg. Engelenburg het nog behoort tot die laaste klein groep leerlinge. In sy laaste skooljaar het sy klas slegs uit agt leerlinge bestaan. Tog het die skool roemryke leerlinge gehad. Die bekende Nederlandse digter, J.H. Leopold (1865-1925), wat twee jaar jonger was as Engelenburg, was ook leerling van die Stedelijk Gymnasium Arnhem. Omdat die skool toe nog klein was, sou hulle vanselfsprekend mekaar geken het.

Oor die skoollewe van daardie tyd is byna geen inligting te vind nie. 'n Leerlingvereniging, die Arnhemse Gymnasiasten Bond, is eers in 1908 opgerig.¹¹ Daar was geen jaarboeke of iets dergeliks nie. Afgesien van die klein argief by die skool, met onder andere eksamenuitslae, word die Stedelijk Gymnasium Arnhem se argief tans in die Gelders Archief op die Markplein, teenoor die *Stadswaag*, in Arnhem bewaar. Die skoolargief in die Gelders Archief bestaan uit twee dele: Die argief van die kuratore van die skool en dié van die gimnasium self. Van die klein skool vòòr 1879 het weinig bewaar gebly. Verskillende argiefversamelings is rondom 1879 begin, dus in die nuwe gebou in Bovenbeekstraat en onder die rektoraat van dr. F. Goslings. In die Gelders Archief word die gimnasium se *Matricula* bewaar. Dit word beskou as die mooiste argiefstuk van die skool. Dit is 'n perkament gebinde boekdeel wat sedert 1657 die name bevat van alle leerlinge wat by dié skool ingeskryf het. Ook Frans Vredenrijk Engelenburg se naam staan

¹⁰ F.M. Boekholt en E.P. de Booy, *Geschiedenis van de school in Nederland*, p. 152.

¹¹ R.W. Danz, C.J.E. van Ketwich Verschuur en B.H.M. Swinkels (reds.), *Het Gymnasium aan de Statenlaan: beschouwingen over het Stedelijk Gymnasium te Arnhem*, p. 50.

hierin opgeteken.¹² Die *Matricula* was tot 1976 in besit van die skool. Op dringende versoek van dr. D.H.M. Nelissen, historikus en geskiedenisleraar aan die gimnasium, is dit daardie jaar oorgebring na die Gelders argiefbewaarplek. Die name van nuwe leerlinge word vandag nog daarin aangeteken. Die *Matricula* moet telkens aangevra word.¹³

As jong seun het Engelenburg, soos dit die gewoonte van die hoër stand was, sy vrye tyd aan klavier- en tekenlesse bestee.¹⁴ Sy liefde vir musiek en die teken- en skilderkuns sou hy tot sy dood behou. In sy latere lewe sou hy hierdie kunsvorme op hoë vlak bevorder, ook in sy verbintenis met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Meisies was in daardie jare nie toegelaat om die skool by te woon nie.¹⁵ Engelenburg het gedurende sy skoolloopbaan nie veel met meisies in aanraking gekom nie. Smiddae moes hy aan buitemuurse aktiwiteite spandeer. Dit het sy kanse verder verskraal om die vroulike geslag van nader te leer ken. Verder het hy net twee broers gehad en geen susters nie. Dit alles kon moontlik bygedra het dat hy, as jong man, skugter was om met jong vroue van sy ouderdom om te gaan.

Engelenburg se weeklikse rooster in sy laaste skooljaar aan die Arnhem Gimnasium bevestig dat hy uitstekende skoolopleiding ontvang het. Sy rooster het soos volg daar uitgesien:

Grieks, 8 ure per week by dr. C.C. Mauve. Hier is Engelenburg blootgestel aan die Griekse literatuur. Handboeke van gerekende skrywers is voorgeskryf. W.G. Pluygers se *Leerboek der Grieksche taal*,¹⁶ is 360 bladsye en was daarop gemik

¹² GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, Lêer 204, "Matricula", staten met naam, geboorteplaats en –datum van leerlingen, vanaf 1657.

¹³ LBPA: Onderhoud D.H.M. Nelissen, historikus en geskiedenisleraar aan die Stedelijk Gymnasium Arnhem, 5 November 2007.

¹⁴ F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, (met inleiding deur F.V. Engelenburg), p. xiv.

¹⁵ Eers in 1885, toe Engelenburg al 'n student aan die Universiteit van Leiden was, het die situasie verander en is die eerste meisie, Florence E.J.M. Baudet, by die Arnhem Gimnasium toegelaat.

¹⁶ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 17.

om die Griekse taal op 'n verstaanbare wyse aan die leerlinge oor te dra. Pluygers (1812-1880) was vanaf 1859 tot 1879 bibliotekaris aan die Universiteit Leiden. Dr. A.H.G.P. van den Es se *Opstellen ter vertaling in het Grieksch*, 1 – 4, is nog 'n voorbeeld van die hoë standaard werk wat Engelenburg moes bemeester. Van den Es (1831-1909) was van 1872 tot 1881 rektor van die gimnasium in Utrecht en van 1881 tot 1896 rektor te Amsterdam. In 1883 is hy aangestel as buitengewone hoogleraar in die Griekse Oudheid en Pedagogiek aan die Universiteit van Amsterdam. Dié amp het hy beklee tot 1901. Die verdienste van Van den Es by die gimnasia en hoër onderwys in Nederland was algemeen bekend.¹⁷

Ander voorgeskrewe Griekse werke wat Engelenburg moes bestudeer, was Klassieke werke soos Homeros se *Ilias* en *Odyssea*; Herodotus se *Historiae*; Demosthenes se *Orationes*; Euripidis se *Hecuba* en Xenophon se *Memorabilia*, uitgegee deur die Uitgewery Teubner.¹⁸ Teubner se uitgawes van Griekse en Latynse tekste was reeds destyds gereken as die mees volledige moderne versameling van die hoogste gehalte wat gepubliseer is van die Antieke en van die Middeleeuse Grieks-Romeinse letterkunde. Voor die Teubner-reeks, was akkurate uitgawes van antieke skrywers slegs te kry by biblioteke of by ryk private studente vanweë die hoë koste van die boeke. Vóór Teubner was gewone studente en skoliere dus aangewese op bekostigbare werke, maar vol onjuisthede en misgissings. Die enigste versamelings vandag wat met die Teubner-reeks vergelyk kan word, is die Oxford Classical Texts en die Budé Versameling.¹⁹ In die 19de eeu is die studie van eposse soos Homeros se *Iliad* en *Odyssea* hoog aangeslaan en as belangrik geag vir die opvoeding van die jeug. In meer onlangse tye word die belangrikheid daarvan steeds deur kenners, soos Toohey beklemtoon. Die Klassieke verhale het bygedra tot kennis van die Westerse tradisie en vorming van die Europese intellek.²⁰ Die volgende woordeboeke moes Engelenburg vir sy studie gebruik: A.H.G.P. van den Es se *Grieksch*

¹⁷ Anon., "Antonie van den Es" by http://wikipedia.org/wiki/van_den_es_antonie, (geraadpleeg op 02.09.2009).

¹⁸ GA, Arnhem, Aanwinst 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 17.

¹⁹ Anon., "Teubneriana" by http://wikipedia.org/wiki/bibliotheca_teubneriana, (geraadpleeg op 02.09.2009).

²⁰ P. Toohey, *Reading epic: an introduction to the ancient narratives*, pp. 18 en 19.

Woordenboek, J. Mehler se *Grieksch Woordenboek* in 2 dele en Friedrich Lübkers se *Reallexikon des klassischen Altertums* laasgenoemde ook uitgegee deur Teubner.²¹

Wat Latyn betref, het Engelenburg weekliks sewe ure lesings ontvang van die rektor van die Gimnasium, dr. F. Goslings. Baie tyd is ook ingeruim vir die verklaring van moeiliker prosa en poësie, styloefeninge en lesings oor Romeinse skrywers uit die antieke tyd wat Engelenburg onder Goslings moes baasraak. Ook hier was die handboeke van hoogstaande kwaliteit. J.N. Madvig se *Latijnsche spraakleer voor scholen, bewerkt door Boot* is bestudeer, asook J. Mehler se *Latijnsche stijlleur, naar Schmidt*. Johan Nicolai Madvig (1804-1886) se bekendste werke is dié met betrekking tot die Latynse grammatika en Griekse sintaksis, maar veral sy Latynse grammatika vir skole soos die werk hierbo genoem.²² Daar was ook die *Opstellen ter vertaling in het Latijn*, Deel III deur Kan; dr. A.J.J. Bake se *Themata ter vertaling in het Latijn, door Mehler*; Vergilius se *Aeneis*, uitgegee deur Teubner; Cicero se *Divinatio im Q Caecilius*, ed. Baiter et Kaiser; Livius se *Ab urbe condita libri. Pars II*; L Müller se *Horatii Carmina, iterum recognovit*, ook uitgegee deur Teubner; Schlimmer se *Romeinsche antiquiteiten* en Alexander Stoll se *Grieksche en Romeinsche Mythologie*. Wat woordeboeke betref, moes hy Engelbrecht se *Latijnsch Woordenboek* en Van den Höevell se *Nederlandsch-Latijnsch woordenboek* gebruik.²³

Die ou Latynse skool in Arnhem was sedert 1843 bekend as die Stedelijk Gymnasium Arnhem. Grieks en Latyn was toe nog steeds die belangrikste vakke, soos wat hierbo gesien kan word aan die verdeling van die lesure, asook die moeilikheidsgraad van dié vakke se handboeke wat Engelenburg moes bemeester. Die helfte van alle lesse is bestee aan Grieks en Latyn. Die situasie het so gebly tot in 1968. Sedert 1968 het die lesure vir Latyn en Grieks sterk gedaal. Vóór

²¹ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 18.

²² Anon., "Johan Nicolai Madvig" by http://wikipedia.org/wiki/johan_nicolai_madvig, (geraadpleeg op 02.09. 2009).

²³ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 19.

1968, en dus ook in die tyd van Engelenburg, was die tekste van Plato die eindvlak vir Grieks en Cicero en Vergilius die eindvlak vir Latyn. Gimnasiaste van vandag kan dit lank reeds nie meer lees nie. Tans word hierdie Klassieke skrywers se vertalings gelees en gaan dit meer om hulle opvattinge dan wat hulle presies opgeskryf het.²⁴

Aan Nederlands is een uur per week afgestaan. Hier het Engelenburg onderrig ontvang van W.F.C. van Laak. Die Nederlandse letterkunde van die vroëre en latere tydperk is behandel en verder is styloefeninge gedoen. Die handboeke wat hy gebruik het, was dié van T. Terweij, naamlik *Nederlandsche spraakkunst*; Conrad Busken Huet se *Litterarische Fantasiën*, Deel I; Potgieter se *Proza, 1837-1845* en Vondel se *Lucifer*.²⁵ Conrad Huet (1826-1886) het statuut as Nederlandse skrywer gehad en het as literatuurkritikus 'n verneme rol gespeel in die Nederlandse letterkunde van die 19de eeu.²⁶ Engelenburg moes ook vertrouud raak met die werk van Joost van den Vondel (1587-1679), Nederland se belangrikste dramaturg en die Shakespeare van die Nederlandse letterkunde. Van sy bekendste werke is *Palamedes oft vermoorde onnooselheijd* (1625), *Lucifer* (1654) en *Jefta* (1659). Wat Vondel se poësie betref, is sy werk in die 1640's getoonset deur die vooraanstaande komponiste Cornelis Padbrué en Cornelis de Leeuw.²⁷

Van Laak was ook verantwoordelik om die leerlinge een uur per week in Frans te onderrig, asook 'n uur per week in Hoogduits. In beide tale is lesings aangebied en is verklarings gedoen van meesterwerke uit die letterkunde. Die handboeke wat vir Frans Engelenburg voorgeskryf was, was Dubois se *Cours gradué de grammaire française*; George Ohnet se *Serge Paninei*, en Victor Marie Hugo se *Les voix intérieures*.²⁸

²⁴ LBPA: Briewelêer (2004-2009), E-poskorrespondensie: D.H.M. Nelissen, Arnhem – L.E. Brink, Pretoria, 19.09.2009.

²⁵ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 20.

²⁶ Anon., "Conrad Huet Busken" by http://wikipedia.org/wiki/conrad_busken_huet, (geraadpleeg op 02.09.2009).

²⁷ Anon., "Joost van den Vondel" by http://wikipedia.org/wiki/joost_van_den_vondel, (geraadpleeg op 02.09.2009).

²⁸ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 21.

Aan Engels is ook een uur per week bestee. F.F.A. Busé het die lesings waargeneem en was ook verantwoordelik vir die verklaring van meesterwerke uit die letterkunde, soos Van Tiel se *Course of translation from Dutch into English*, Part II, plus werke van 'n aantal Klassieke skrywers.²⁹

Geskiedenis is aangebied deur G.A. Verkuijl. Een uur per week is afgestaan aan die Staatsgeskiedenis van Nederland waarin die leerlinge 'n oorsig gegee is oor die Nederlandse geskiedenis vanaf 1747 tot die laat 19de eeu. Daar is ook twee ure per week uitgesonder vir die onderrig van algemene geskiedenis, in besonder die nuwe geskiedenis sedert die Vrede van Utrecht. Die handboek wat die leerlinge moes gebruik was die *Historische atlas der Algemeene en Vaderlandsche geschiedenis*.³⁰

Aardrykskunde (Geografie) is nie agterweë gelaat nie. G.A. Verkuijl het een uur per week die hoofpunte uit die wiskundige en natuurkundige aardrykskunde met die leerlinge behandel. Handboeke waaruit hulle hul kennis opgedoen het, was onder andere P.R. Bos se *Beknopt leerboek der Aardrijkskunde*, asook sy *Schoolatlas der geheele aarde*, 2de druk.³¹ Pieter Roelf Bos (1847-1902) was eers laerskoolonderwyser en later leraar in Aardrykskunde aan 'n Hogere Burgerskool. Onder sy leiding is die eerste bekende Bosatlas uitgegee waarvan tot vandag toe nog herdrukke verskyn. Aardrykskunde was in daardie jare 'n nuwe vak op skool en alle skoolhandboeke moes nog geskryf word.³²

Wiskunde het baie aandag geniet. Dr. H.P.J.S. Kroese het die leerlinge vyf ure per week daarin onderrig. Hulle moes reken- en stekunde, meetkunde en bolvormige trigonometrie baasraak. Die handboeke wat Engelenburg hier gebruik het, was dr. Ninck Blok se *Leerboek der wiskunde*; W.H. en D.B. Wisselink se *Opgaven over de Algebra I en II*; Van Pesch se *Logarithmentafel* en verskeie werke van

²⁹ *Ibid.*, p. 22.

³⁰ *Ibid.*, p. 23.

³¹ *Ibid.*, p. 23.

³² Anon., "Pieter Roelf Bos" by http://wikipedia.org/wiki/pieter_roelf_bos, (geraadpleeg op 02.09.2009).

Versluijs, naamlik *Gewone logaritmen in 5 decimalen; Leerboek der stereometrie; Boldriehoeksmeting* en *Analytische meetkunde*.³³

Die twee ure per week vir natuur- en skeikunde is aangebied deur dr. J.C.L. Sicherer. Lig, magnetisme, elektrisiteit en organiese skeikunde is behandel. Die handboeke wat die leerlinge moes gebruik, was dr. Van der Stadt se *Beknopt leerboek der Natuurkunde*, Deel I en Deel II; en Koppeschaar se *Leesboek der Scheikunde*. Die leerlinge is ook vir twee ure per week onderrig in natuurgeskiedenis, ook aangebied deur dr. Sicherer. In hierdie vak het hulle kennis opgedoen oor die plant- en diereryk. Die voorgeskrewe werk was dr. Murk Salverda se *Handleiding bij het onderwijs in plant- en dierkunde* en Suringar se *Zakflora*.³⁴

Al die handboeke moes die leerlinge se ouers self aankoop en die pryse het gewissel van f0.60 tot f7.90. Die woordeboeke was duurder en die pryse het gewissel van f7.80 tot f9.60.³⁵

Die agt leerlinge wat op 6 en 7 Julie 1882 hulle eindeksamen geskryf het, was J.F. Engelbrecht, F.V. Engelenburg, A. van der Ent, H.C. van Kleffens, P. Lijndrajer, J.A.C. Sleijster, P. van Westrheene (van 'n bekende adellike familie in Arnhem) en Th. Lorentz (vermoedelik 'n jonger broer van die bekende natuurkundige, Hendrik Antoon Lorentz (1853-1928), wat in 1902 die Nobelprys vir elektromagnetisme verwerf het).³⁶

Die eindeksamenuitslag van Engelenburg se laaste skooljaar sien daar goed uit. Die syfers loop van 1 tot 5 met 5 as die hoogste punt. Sy punte was soos volg: Griekse taal en letterkunde (3); Latynse taal en letterkunde (3); Nederlandse taal en letterkunde (4); Franse taal (4); Hoogduitse taal (5); Engelse taal (4); Geskiedenis (4½); Aardrykskunde (4½); Wiskunde (4); Natuurkunde (4) en

³³ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1881/82", p. 24.

³⁴ *Ibid.*, p. 24.

³⁵ *Ibid.*, pp. 20-24.

³⁶ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1882/83", p. 4.

Skeikunde (3½).³⁷ Sy skoolsertifikaat het verklaar dat hy sy eksamen met goeie gevolg afgelê het en dat hy bekwaam geag is vir studie aan 'n universiteit in die fakulteit regsgeleerdheid.³⁸

Die Stedelijk Gymnasium Arnhem is een van die oudste gimnasia van Nederland en Engelenburg se skoolopleiding het hy gehad in 'n gevestigde stelsel wat aan hom 'n stewige intellektuele fondament besorg het. Die aansien van die onderrigpersoneel aan die gimnasia was gedurende Engelenburg se skooljare baie hoog. Die meeste klassici wat aan die gimnasia verbonde was, was gepromoveerd en was soms bekend deur hulle boeke of teksuitgawes van Klassieke outeurs. Die leraars van die gimnasia het behoort tot die gegoede burglary. Dit het ook gebeur dat hulle na 'n aantal jare aan die gymnasium, aangestel is as hoogleraar van 'n universiteit. Dit kom vandag feitlik nie meer voor nie.³⁹ Sedert 1558 tot 2009 het die Stedelijk Gymnasium Arnhem 34 rektore gehad.⁴⁰ Janus Jacobus Cornelissen was van 1875 tot 1879 rektor toe Engelenburg in die Stadswaag skoolgegaan het. In 1879 is hy benoem tot hoogleraar aan die Rijksuniversiteit te Leiden. Toe die skool na Bovenbeekstraat verhuis het, is die rektoraat deur dr. Franciskus Goslings oorgeneem. Engelenburg het sy skoolloopbaan onder Goslings voltooi en het Latyn onder sy leiding bemeester. Goslings het die skool van 1879 tot 1913 gelei.⁴¹ Uit die bogenoemde gegewens is dit duidelik dat Engelenburg 'n goeie skoolopleiding ontvang het. Wat sy medeleerlinge betref, het hy hom in 'n goeie stimulerende akademiese geselskap bevind.

Vergelyk daarmee die droewige stand van sake in die onderwys rondom daardie tyd in die *Zuid-Afrikaansche Republiek*. 'n Vergelyking tussen die Transvaalse skole en die skole in Nederland rondom 1882 word getref om aan te toon hoe

³⁷ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, lêer 221, Register met aantekeninge betreffende vordering, vlijt en gedrag der leerlingen.

³⁸ NASA, Pretoria, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 27, Sertifikaat van die Stedelijk Gymnasium Arnhem, 07.07.1882.

³⁹ LBPA: Briewelêer (2004-2009), E-poskorrespondensie: D.H.M. Nelissen, Arnhem – L.E. Brink, Pretoria, 19.09.2009.

⁴⁰ R.W. Danz, C.J.E. van K. Verschuur en B.H.M. Swinkels (reds.), *Het Gymnasium aan de Statenlaan: beschouwingen over het Stedelijk Gymnasium te Arnhem*, p. 82.

⁴¹ GA, Arnhem, Aanwins 2100, Archief van de Stedelijk Gymnasium Arnhem, "Programma van het onderwijs aan het Gymnasium in Arnhem, 1880/81", p. 3.

onderontwikkel die Transvalers in daardie jare was as gevolg van 'n swak skoolstelsel. Die goedopgeleide Nederlanders het uit gevestigde skole gekom wat eeue reeds bestaan het. Dit is dus nie te verwonder nie dat president Paul Kruger genoodsaak was om Nederlanders na die Transvaal te laat kom om die land te help opbou. Teen 1882 was die onderwys in die ZAR nog beroerd. Pretoria het skaars 27 jaar tevore tot stand gekom. Die Transvaal het rondom hierdie tyd 'n blanke bevolking van sowat 45 000 gehad. Daar was ongeveer 7 000 kinders van skoolgaande ouderdom. Slegs 306 van hierdie kinders oor die hele Transvaal het 'n regeringskool bygewoon.⁴² In die meeste skole het primitiewe leermetodes nog gegeld. Ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die blanke bevolking in die Transvaal van 45 000 tot 119 000 in 1890 gestyg. Kinders van skoolgaande ouderdom het ongeveer 20 000 getel, maar slegs ongeveer 7 000 het toe skool bygewoon. Slegs 105 van die 538 onderwysers was gekwalifiseerde onderwysers. Volgens een van die eerste verslae van dr. N. Mansvelt, wat van 1892 tot 1899 superintendent van onderwys was, was daar van die onderwysers wat nie 'Pretoria' of 'Potchefstroom' foutloos kon skryf nie. Sommige het nie die verskil geweet tussen 'n selfstandige naamwoord en 'n byvoeglike naamwoord nie.⁴³ Van 'n universiteit was daar nog geen sprake nie.

Engelenburg se moeder, Anna Maria Koopmans, was een van 12 kinders. Soos reeds aan die begin van die hoofstuk genoem, het een van haar broers, Johan Christoffel Koopmans (1830-1879), 'n oom van Engelenburg, hom in Kaapstad, Suid-Afrika gevestig. Hy het op 15 April 1864 in die eg getree met Maria Margaretha de Wet (1834–1906), wat later bekend geword het as 'n kultuurleidster en 'n patriotiese weldoenster van naam en 'n vermaarde Kaapse gasvrou.⁴⁴ Dit is belangrik in hierdie studie om kortliks die intellektuele agtergrond van Marie Koopmans-De Wet na te gaan, omdat sy 'n bepalende invloed op Frans Engelenburg se lewe gehad het.

Marie is op 18 Maart 1834 in Kaapstad gebore, in die huis wat nou die Koopmans-De Wetmuseum is. Haar ouers, Jacobus (1794-1875) en Adriana

⁴² E.G. Malherbe, *Education in South Africa 1652-1922*, p. 256.

⁴³ *Ibid.*, pp. 264 en 269.

⁴⁴ F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, p. 57.

Dorothea Horak-de Wet (?-1868), het tot die oudste en vooraanstaande Hollands-Kaapse families behoort.⁴⁵ Haar vader het sy regsopleiding gedurende die jare 1818 tot 1822 aan die Universiteit van Leiden ontvang waar hy in beide die Romeinse en Franse regstelsel gepromoveer het. Hy was later ook medewerker van die *Zuid Afrikaansche Tijdschrift* waarin heelwat van sy bydraes gepubliseer is.⁴⁶ Aan Marie en haar jonger suster Margaretha se opvoeding en verstandelike ontwikkeling is baie sorg en tyd bestee. Baie aandag is gegee aan die aanleer van moderne tale en haar vader het geglo dat die beste metode om 'n vreemde taal aan te leer, was om dit te leer van 'n moedertaalspreker. 'n Franse en 'n Duitse meester moes dus gereeld na Strandstraat 23 kom om die twee dogters te onderrig in lees, skryf, maar ook om die tale te praat. Die vernaamste opvoeders egter was Marie se ouers. Advokaat De Wet se gesprekke met sy dogters het dikwels gehandel oor die natuur, hemelliggame en die godsdiens.⁴⁷

Marie se huwelik met Johan Koopmans was van korte duur. Hy het aan 'n nierkwaal gely waaraan hy in 1879 op jong leeftyd gesterf het. Engelenburg het nooit met sy oom Johan Koopmans kennis gemaak nie omdat dié hom reeds in Kaapstad gevestig het, lank voor die seun se geboorte. Die Koopmans-familie het wel per briefwisseling met Johan Koopmans kontak behou en het dus geweet van sy huwelik met Maria, oftewel "Mimmie". Haar huisgenote het haar gewoonlik "Mimmie" genoem, maar in die omgang was sy bekend as Marie. Sy het per brief met haar man se familie in Nederland kennis gemaak en dit sou eers na haar man se dood wees dat sy by hulle besoek sou aflê.⁴⁸

Johan Koopmans was gedurende die laaste jare van sy jong lewe stafdraer van die Wetgewende Vergadering. As vrou van 'n hoofamptenaar van die Parlement het Marie geleentheid gekry om met die vernaamste ingesetenes van die land om te gaan en het op dié manier haar kennis van publieke sake en staatsmanne uitgebrei. Van jongs af het sy in die huis van haar vader prominente staatsmanne, konsuls en belangrike besoekers uit die vreemde ontmoet, gesprekke oor publieke sake

⁴⁵ *Ibid.*, p. 9.

⁴⁶ *Ibid.*, p. 15.

⁴⁷ *Ibid.*, pp. 37-45.

⁴⁸ *Ibid.*, p. xiv.

aangehoor en later selfs daaraan deelgeneem. Dit was dus vir haar 'n ware genot om haar eggenoot na die Parlement te vergesel en na die debatte te gaan luister. Toe haar man sieklik begin word, het sy met die toestemming van die speaker 'n stoel langs hom gekry sodat sy haar oog oor sy gesondheid kon hou.⁴⁹ Kort voor sy dood het Johan Koopmans sy skoonsuster Margaretha de Wet laat belooft dat sy, wanneer hy sterf, met haar suster 'n reis na Nederland sou onderneem om persoonlik met sy familie daar in aanraking te kom. Na sy dood het Marie Koopmans-De Wet meer as ses maande lank in een kamer gesit en treur en niks wat iemand gedoen of gesê het, kon haar troos nie. Eers wou sy nie daarvan hoor om die huis, waarin haar man gesterf het, te verlaat om na Europa te reis nie. Eindelik het sy ingewillig omdat sy nie die wens van haar man wou ignoreer nie.⁵⁰

En so het die twee susters in 1881, ongeveer 'n jaar ná die dood van Johan Koopmans, die Kaap vir die eerste maal verlaat. Hulle het vir etlike maande deur Europa gereis, waarna hulle na Nederland gegaan het om die Koopmans-familie te ontmoet. Die besoek van die gaste uit Suid-Afrika het onder die familie 'n sensasie van goedbedoelde nuuskierigheid veroorsaak. Die familie het Marie net geken deur middel van briewe en foto's en deur beriggewing van enkele bekendes wat haar in Kaapstad ontmoet het. Hulle het met groot waardering van haar gepraat. Op 'n dag verskyn die twee dames van tussen 40 en 50 – 'n swartgesluerde weduwee en haar suster – as welkome en interessante gaste in die woning van Frans Engelenburg se ouers.

Op almal met wie Marie in aanraking gekom het, het sy 'n goot indruk gemaak. Met waardigheid en gemak het sy in die beste sosiale kringe beweeg en bewondering afgedwing vir haar fyn beskaafdheid, geestigheid en innemende maniere.⁵¹ Sy kon intelligente gesprekke met mense in die hoogste kringe voer. Tydens haar besoek aan die Engelenburg-huis moes sy op die jong Frans Engelenburg groot indruk gemaak het. Die besoek van die twee vroue uit die Kaap het vir die Engelenburg-seuns 'n welkome verandering gebring in die

⁴⁹ *Ibid.*, pp. 65-67.

⁵⁰ *Ibid.*, p. 78.

⁵¹ *Ibid.*, pp. 77-92.

eentonige bestaan van Griekse lesse en klavieroefening onder leiding van 'n Duitse meester.⁵² Tot sy groot blydschap het Frans Engelenburg se ouers ingestem dat hy sy tante en dié se suster op 'n reis deur Duitsland en Frankryk kon vergesel.

Engelenburg, toe 18 jaar oud, was ten tye van die twee susters se besoek nog 'n leerling aan die gimnasium in Arnhem en dit was vir hom 'n groot genot en vreugde om hulle te vergesel. Dit was moontlik vir die seun ook 'n welkome afleiding om vir 'n rukkie weg te wees van 'n huis waar die ouers al vir jare ongelukkig getroud was. Die ouers se ongelukkige huwelik moes bepaald op die drie Engelenburg-broers se gemoedere 'n letsel gelaat het. Die gesprekke met sy tante oor Suid-Afrika en oor sy stamgenote in hierdie veraf-geleë land, asook die Boere se stryd om hulle vryheid te herwin, het sy belangstelling geprikkel. Omdat hy van nature nuuskierig was, sou hy vir seker Marie Koopmans-De Wet oor alle aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing uitgevra het.

As gevolg van die pas afgelope oorlog (1880-1), later die Eerste Vryheidsoorlog genoem, van die Transvaalse Boere om hulle vryheid te herwin, het daar in Nederland gedurende hierdie tyd 'n ongekende geesdrif vir die stamgenote in Suid-Afrika ontstaan. Ná die oorlog was daar 'n vloedgolf van nasionale geesdrif waarin Hollander en Vlaming met mekaar gewedywer het. Albei het geroem op die oorwinning van die Transvalers. Die gebeure by Majuba, waar die Engelse wat in daardie stadium die magtigste moondheid op aarde was, verslaan is, was vir hulle 'n teken dat die taaiheid en heldhaftigheid van die Dietse stam aan die suidpunt van Afrika nie minder geword het nie.⁵³ In 'n tyd toe Nederland al lank nie meer 'n eersterangse moondheid was nie en geslagte laas die geleentheid gehad het om militêre roem te behaal, het 'n gevoel van hoop en geloof en nasionale trots herleef deur die heldhaftigheid van 'n stamverwante volk.⁵⁴ Die

⁵² *Ibid.*, pp. xiv, xv.

⁵³ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, 1881-1899*, Deel IV, pp. 241-3; F.J. du Toit Spies, "Reaksie in die buiteland" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling*, pp. 269-276; M.C. van Zyl, *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877-1880*, p. 169, A.P. du Plessis, *Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing*, p. 27.

⁵⁴ D.W. Krüger, *Paul Kruger 1883-1904*, Deel II, p. 40.

Nederlandse volk het intens met die Transvalers meegeleef en die name van president Paul Kruger en generaal N.J. Smit, as helde in die stryd, was aan haas elke skoolkind welbekend.⁵⁵ Reeds hier het Engelenburg 'n bewondering vir Kruger ontwikkel. 'n Verlangte het by hom begin ontstaan om, sodra die tyd ryp is, Suid-Afrika te besoek.⁵⁶

Omdat Engelenburg in sy voorlaaste skooljaar was, sou Marie Koopmans-De Wet ongetwyfeld ook sy toekoms met hom bespreek het. Omdat haar vader self 'n regsgeleerde aan die Kaap was, sou ook sy hom waarskynlik aangemoedig het om in die regte te gaan studeer. Engelenburg was van jongs af bedrewe met die pen en Marie Koopmans-De Wet kon dalk ook aan hom vertel het dat haar vader in die joernalistiek belanggestel het en dat sy bydraes gereeld in 'n plaaslike tydskrif in Kaapstad verskyn het. Die joernalistieke saadjie kon moontlik al hier by hom geplant gewees het. Sover bekend was geeneen van die Engelenburg- of die Koopmansfamilie by die joernalistiek betrokke nie. Hulle het dit, soos dit later sal blyk, as 'n minderwaardige beroep beskou en uit daardie oord sou Engelenburg in hierdie verband geen aanmoediging gekry het nie. Ná sy tante en haar suster se vertrek terug na Suid-Afrika het hy kontak met sy tante behou en het hulle sporadies met mekaar gekorrespondeer.

Gevolgtrekking

Engelenburg het 'n buitengewoon goeie skoolopleiding ontvang. Die goeie punte wat hy behaal het, getuig daarvan dat hy konsensieus was en hard gewerk het op skool. Die vakke wat Engelenburg in sy laaste skooljaar geslaag het, verklaar die feit dat hy soveel tale magtig was. Saam met sy moedertaal, Nederlands, was hy ná skool ses tale magtig. Hy het later Portugees aangeleer en in Suid-Afrika ook Afrikaans. Hy het die Griekse taal waarskynlik moeilik gevind, want in die middae ná skool het hy ekstra klasse daarin gehad. Sy belangstelling in geskiedenis en geografie het hy reeds op skool ontwikkel. Geskiedenis was in sy volwasse lewe vir hom 'n belangrike komponent van menswees en hy het dit sy lewe lank bevorder. Sy kennis oor die geskiedenis het hom ook goed te pas

⁵⁵ *Ibid.*, pp. 39 en 40.

⁵⁶ F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, pp. 92 en 93.

gekom toe hy die breë en omvattende wêreld van die joernalistiek sy tuiste gemaak het.

Sy grootste passie was egter tale. Om soveel tale te kon bemeester, het vir hom 'n groot wêreld geopen. Dit het hom toegang gebied tot 'n magdom literatuur waardeur hy gedurende sy lewe vir homself 'n geweldige kennis oor feitlik enige onderwerp opgebou het. Jare later het hy 'n liefde ontwikkel vir die Afrikaanse taal en was hy een van die grootste voorstanders om 'n Afrikaanse karakter te gee aan die wetenskapsakademie wat in 1909 in Suid-Afrika tot stand gekom het en waarvan hy 'n stigterslid was. Sy kontak met Marie Koopmans-De Wet op jeugdige leeftyd het sy lewe ná universiteit in 'n heel ander rigting gestuur. Deur haar het hy 'n passie ontwikkel vir die Transvaal en Suid-Afrika en ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) ook vir die Afrikaanse saak. Engelenburg se belangstellingsveld het duidelik in die geesteswetenskappe gelê en dit is dan ook in dié rigting wat hy hom op universiteit bekwaam het.

Hoofstuk 3

Student aan die Universiteit van Leiden

Inleiding

Uit die vorige hoofstuk word dit duidelik dat Engelenburg 'n uitstekende skoolopleiding gehad het. Dit het 'n stewige fondament gelê om hom verder te bekwaam in regsgeleerdheid waarvoor hy by die Universiteit van Leiden ingeskryf het. Hy moes nou besluit wat hy verder met sy lewe wou doen.

In hierdie hoofstuk word Engelenburg se aanpassing by die studentelewe ondersoek. Hy was lid van 'n verskeidenheid akademiese verenigings op universiteit en het goeie organisatoriese ervaring gedurende sy studentejare opgedoen en dit besmoontlik na Suid-Afrika oorgedra.

In Suid-Afrika was Engelenburg veral bekend vir sy joernalistieke bedrywighede. Sy belangstelling in die joernalistiek het nie spontaan ontstaan nie. Hy moes ondervinding in hierdie verband gedurende sy studentelewe opgedoen het. In die ondersoek sal hierdie aspek ook aandag geniet omdat dit 'n joernalistieke loopbaan was wat hy uiteindelik gekies het.

Engelenburg het op skool reeds 'n passie vir die geskiedenis ontwikkel en het dié deel van menswees tot met sy dood help bevorder. Hy was op universiteit om hom in die regsgeleerdheid te bekwaam, maar het reeds as student vaardighede getoon om deeglike historiese ondersoek te doen.

Engelenburg as student

Engelenburg het met sy studie in die regte in die voetspore van sy vader gevolg wat self in die regsgeleerdheid gepromoveer het en wat hom waarskynlik aangemoedig het om dieselfde loopbaan te kies. Ook Marie Koopmans-De Wet sou hom in alle waarskynlikheid verder in hierdie rigting gelei het, veral omdat haar vader self ook 'n regsgeleerde was. Die keuse van die universiteit waaraan die jong student sou studeer, het op die Universiteit van Leiden geval. Die universiteit is op 8 Februarie 1575 gestig. Dit is die mees prestigeryke en die oudste universiteit in Nederland en een van die oudstes in Europa. Name soos Justus Lipsius (1547-1606) (Vlaamse letterkundige en humanis wat by dié universiteit doseer het), Joseph Scaliger (1540-1609) (klassikus), Hugo Grotius, ook bekend as Hugo de Groot (1583-1645) (juris) en Gerhard Vossius (1577-1649) (klassikus en teoloog), om maar 'n paar te noem, het die universiteit reeds aan die begin van sy bestaan bekend gemaak. Aan die einde van die 19de eeu het die Universiteit van Leiden een van Europa se leidende universiteite geword. Die universiteit was 'n geskenk van Willem van Oranje aan die stad Leiden ná die bevryding van Leiden. Volgens oorlewering kon die burgers as beloning vir hulle dappere verset teen die Spanjaarde kies tussen tien jaar belastingvrystelling of 'n universiteit.¹ Die universiteit is tot vandag bekend vir sy uitstaande regs fakulteit.

Soos reeds aangedui, was Engelenburg van die begin af betrokke by die studente-aktiwiteite. Op universiteit kon hy hom uitleef in sy belangstellings, naamlik die geskiedenis, tale, letterkunde, toneel, musiek en skilderkuns. Dit is belangstellings wat hy op skool reeds ontwikkel het. Hy het 'n lewendige belangstelling in die kunste gehad en het graag kunsuitstallings en opvoerings en ook musiekuitvoerings bygewoon. Hy was vanaf sy eerste jaar lid van die *Leidsche Studenten Corps* (L.S.C.). Dié organisasie is in 1839 gestig met die doel om die aktiwiteite van die onderskeie klubs, debatsverenigings en die *Sociëteit Minerva* te koördineer. Die meeste van die studente was lid van die *Corps* wat 'n sentrale posisie as studenteorganisasie ingeneem het.² Baie studente was ook verbonde aan die *Sociëteit Minerva*, 'n geslote vereniging en 'n belangrike versamelpunt vir die studente. Engelenburg het ook hieraan behoort. Die vereniging het verband gehou met georganiseerde sport en kulturele aktiwiteite. Die subverenigings het skerm en gimnastiek (*Arena Studiosorum*), 'n musiekgeselskap

¹ R.E.O. Ekkart, *Athenae Batavae: de Leidse Universiteit 1575-1975*, p. 3.

² *Ibid.*, p. 72.

(*Sempre Crescendo*), skaakgeselskap (*Morphy*), roeivereniging (*Njord*), en so meer ingesluit. Engelenburg het onder andere behoort tot die *Rijgezelschappen* waaronder twee perdrygroepe geressorteer het. Sy rygeselskap se naam was *Centaurus* (opgerig op 15 November 1879) waarvan hy ondervoorsitter was.³ Daarbenewens was hy ondervoorsitter van 'n debatsvereniging, opgerig op 23 November 1882⁴ en ook sekretaris en later ondervoorsitter van die geselskap *Doctrina*.⁵ Dié vereniging het hom daarvoor beywer om sprekers van oraloor uit te nooi om die studente oor aktuele onderwerpe te kom toespreek. Die doel was om die studente se algemene kennis te verryk.⁶

Lede van die *Corps* is tradisioneel beskou as snobisties en in die volksmond is van hulle gepraat as *het wat bekakte "còrps"* of kortweg die "bekakkers".⁷ Elke universiteit in Nederland het 'n soortgelyke vereniging of *corps* gehad. Feitlik al die studentekorpse was in daardie jare liberaal gesind. Die *Corps* het die belange van die studente aan die Universiteit van Leiden behartig en georganiseer, soos onder meer die ontgroening van nuwe eerstejaarstudente. Die *Corps* se wapen was 'n bondel met vyf pyle – wat gedui het op die verbondenheid van die toe nog vyf fakulteite van die universiteit. Die feit dat die studenteverenigings in Nederland liberaalgesind was, verklaar dan ook waarom W.J. Leyds, Engelenburg en ook ander jong Hollanders wat na die ZAR gegaan het, liberaalgesind was. Die stroming van die liberalisme was 'n voortsetting van die Verligting van die 18de eeu. In die 19de eeu het die Nederlandse volk 'n radikale vorm van die Verligting omarm en dit het aanleiding gegee tot 'n vrysinnige land wat nie veel van gesag gehou het nie.⁸

H.J. Coster (1865-1899), twee jaar jonger as Engelenburg, was ook student aan die Universiteit van Leiden en was selfs *Corps*-voorsitter. Hy het in 1890 in Pretoria aangekom waar hy tot 1895 as advokaat gepraktiseer het. Hy is op 1 Desember 1895 as staatsprokureur aangestel, 'n pos wat hy vir 18 maande bekleed het, waarna hy vrywillig bedank het. Coster was hierna weer as advokaat werksaam tot die Anglo-

³ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1882/1883, pp. 13 en 285.

⁴ *Ibid.*, pp. 212 en 285.

⁵ RA, Leiden, Argief van die LSC, 1886.

⁶ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1885/1886, p. 271.

⁷ LBPA: Onderhoud Frans Engelenburg, Wassenaar op 3 November 2007. Hy is 'n naamgenoot van F.V. Engelenburg (Pretoria). Mev. Liete Scheepstra-Engelenburg, kleindogter van Engelenburg se halfbroer, het dit bevestig.

⁸ M. Bas, "Identiteitspolitiek in Nederland." Referaat gelewer op 11 Augustus 2007 in Orania, Suid-Afrika.

Boereoorlog in 1899 uitbreek het. Hy het deel gevorm van die Hollanderkorps wat na die Natalse grens vertrek het en het in Oktober 1899 tydens die Slag van Elandslaagte gesneeu.⁹ J.W. Meijer beskryf met goeie reg Coster se kultuur-optimisme wat hy reeds as student geopenbaar het, as dié van die negentiende-eeuse Verligting en dat hy 'n verligte en humanistiese lewenshouding gehad het.¹⁰ Hy haal Coster se lewensbeskouing aan uit 'n intreerede wat hy gelewer het as voorsitter van die *Corps* in 1889. Hy gaan dan verder en soek hierdie lewensooruiging, naamlik onder andere dat die goeie, die deug, deur oefening in krag sal toeneem in Immanuel Kant (1724-1804) se werk *Beantwortung der Frage: Was ist Aufklärung?* wat in 1784 gepubliseer is.¹¹ Wat Meijer egter uit die oog verloor, is dat die Verligting teen die einde van die 18de eeu tot 'n einde gekom het, dus 65 jaar voor Coster se geboorte. Dit is dus meer waarskynlik dat Coster 'n moderner siening gehad en liberaalgesind was soos ook sy medestudente.

In sy eerste jaar wat Engelenburg aan die Universiteit van Leiden studeer het, was daar in totaal 740 studente aan die universiteit. Altesaam 486 van dié studente het aan die *Corps* behoort, waarby Engelenburg reeds in sy eerste jaar aangesluit het. Die aantal studente wat aan die Fakulteit Regsgeleerdheid studeer het, was 360. Teologie het 27 studente gehad, Geneeskunde 243, Wis- en Natuurkunde 41 en Lettere en Wysbegeerte 69 studente.¹² Die regs fakulteit was dus ver in die meerderheid wat studentegetalle betref.

Tradisioneel het die *Corps* vyfjaarlikse 'n *lustrumfeest*¹³ gehou. Die studente het reeds twee jaar voor so 'n fees met hulle beplanning begin. Vir die 62e fees wat in 1885 sou plaasvind, is 'n maskeradekommissie dus reeds in 1883 aangewys. Die kommissielede was: J. van der Hoeven, P.F.C.M. Bernhard, A. van Gennep, E. Löhnis en F.V. Engelenburg.¹⁴ Dat Engelenburg reeds in sy eerste jaar indruk gemaak het, word bewys deur die feit dat hy lid was van hierdie kommissie en dat hy met 'n meerderheid van stemme tot maskeradekommissaris verkies is.¹⁵ Engelenburg se taak as

⁹ J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster, 1865-1899, p. 162.

¹⁰ *Ibid.*, p. 16.

¹¹ *Ibid.*, pp. 14-16.

¹² *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1882/1883, p. 249.

¹³ 'n Vyfjaarlikse akademiese herinneringsfees: F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 472.

¹⁴ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*, p. I.

¹⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Brief van die Stembureau aan F.V. Engelenburg, 08.11.1883.

maskeradekommissaris was om selfstandige navorsing te doen oor die stuk geskiedenis wat tydens die fees uitgebeeld sou word. Hy sou gedurende die twee jaar voor die fees 'n noulettende historiese ingesteldheid demonstreer. Die maskeradekommissie het heel gou 'n paar temas geïdentifiseer en het die bestuur van die *Corps* gevra om hulle van hulp te wees om 'n keuse te maak. Tydens die *Corps*-vergadering van 5 Mei 1884 is daar besluit op die tema *Leiden tot 1574*.¹⁶ Dit sou die geskiedenis uitbeeld vanaf die stigting van die stad Leiden tot die jaar 1574 waarin die Watergeuse¹⁷ die Spaanse beleg van die stad beëindig het. Die omvang van die tema, met ander woorde die groot tydruimte wat uitgebeeld sou word, het nie net 'n groot verskeidenheid kostuums vereis nie, maar sou aan die deelnemers ruim geleentheid gee om hulle persoonlike smaak te laat geld. Hieroor skryf Engelenburg:

Wie zich bijzonder tot de klassieke oudheid gedreven voelde, drapeerde zich met de toga of tooide zich met 't pantser der Romeinen. Had men eenige voorliefde voor den ijzeren riddertijd, zoo greep men naar den strijdbijl en stak zich in het harnas ¹⁸

Die *Corpswet* het vereis dat die maskeradekommissie, sonder om te vra na hulle beskikbare tyd of persoonlike aanleg, historiese toeligting oor die geskiedkundige onderwerp moes verskaf. Dit het die kommissielede deeglik gedoen. Verskeie gesprekke is met kundiges gevoer en verder is in die argiewe en biblioteke rondgesnuffel vir inligting. Die geskiedenis van Leiden is met die hulp van die bekende liberale historikus, prof. Robert Fruin (1823-1899) en W.I.C. Rammelman Elsevier (1810-1885) nagevors. Fruin was professor in Nederlandse geskiedenis en verbonde aan die Universiteit van Leiden van 1860 tot 1894. Hy het in 1860 die eerste bekleër geword van die leerstoel vaderlandse geskiedenis, waarmee 'n begin gemaak is met die professionele beoefening van die geskiedwetenskap in Nederland.¹⁹ Sy tydgenote het hom al die "vader der Nederlandsche historiographie" genoem. Reeds tydens sy lewe is hy gehuldig en aangeprys as "de Nederlandsche Ranke".²⁰ Sy metodiese navorsing was gebaseer op oorspronklike bronne en was sedertdien 'n

¹⁶ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*, p. II.

¹⁷ Naam vir 'n Nederlander wat in die Tagtigjarige Oorlog die Spaanse mag op see beveg het: F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 1077.

¹⁸ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*, Inleiding, p. VII.

¹⁹ R.E.O. Ekkart, *Athenae Batavae: de Leidse Universiteit 1575-1975*, p. 65.

²⁰ Leopold von Ranke (1795-1886) was 'n Duitse historikus. Sy krities-filologiese metode vorm die grondslag van die moderne geskiedwetenskappe.

voorbeeld vir Nederlandse historici.²¹ Fruin het reeds in 1881, na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, soos sovele ander gehoop op 'n Hollands Suid-Afrika, 'n "Nieuw-Nederland" waar die Nederlandse taal, kultuur en sedes sou heers en waar Nederland vanselfsprekend groot geleenthede sou kry.²² Engelenburg het tydens sy historiese ondersoek gesprekke met Fruin gevoer. Waarskynlik sou hulle ook soms oor Suid-Afrika se toekoms bespiegel het omdat beide Fruin en Engelenburg belangstelling in die land getoon het. Uit die gesprekke kon Engelenburg moontlik toe al idees opgebou het oor 'n vooruitstrewende land waarin die Nederlanders 'n sentrale rol sou kon speel. Rammelman Elsevier was 'n militaris en argivaris van die stedelike argief in Leiden en afstammeling van Lodewijk Elsevier wat hom al voor 1580 as boekhandelaar en uitgewer in Leiden gevestig het. Hy is in Maart 1885, 'n paar maande voor die maskerade plaasgevind het, oorlede. Die Maskeradekomitee het sy nagedagtenis gehuldig vir die innemende wyse,

.... waarop hij den vreemdeling "de atmosfeer der maffe perkamenten en bestoven folianten" van het stedelijk archief te Leiden inadembaar, ja zelfs aangenaam wist te maken.²³

By die heer Charles Rochussen het Engelenburg kers opgesteek wanneer daar onsekerheid was oor die een of ander kostuum. Rochussen (1814-1894) was 'n Nederlandse kunsskilder van Rotterdam. Sy skilderye was dikwels gevul met figure in Middeleeuse kleredrag.²⁴ By die Rijksmuseum van Oudhede was dr. W. Pleyte (1836-1903) hom behulpsaam met die oplos van 'n verskeidenheid vraagstukke. Pleyte was 'n Nederlandse Egiptoloog en museumdirekteur.²⁵ Prof. J.M. van Bemmelen kon raad gee aangaande die mees geskikte vervaardiging van die waens wat vir die maskerade gebruik sou word. Engelenburg het navorsing in die Leidse biblioteek gedoen, asook in die Koninklike Boekery in Den Haag en in sy tuisstad in die openbare biblioteek van Arnhem.²⁶ Verder is 'n gesprek met die minister van oorlog gevoer oor die gebruik van "rijkspaarden". Met kol. F.J.G.W. Leers, maj. H.H.J. van Haersolte van

²¹ E.E.G. Vermeulen, *Fruin over de wetenschap der geschiedenis*, p. 15.

²² G.J. Schutte (red.), *Beste Ouders! Brieven uit de Transvaal van Karel van den Berg: 1896-1900*, p. 5.

²³ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*, Voorwoord.

²⁴ Anon., "Charles Rochussen" by <http://www.charles-rochussen.com>, (geraadpleeg op 29.12.2009).

²⁵ Anon., "Willem Pleyte" by www.nl.wikipedia.willem_pleyte.org, (geraadpleeg op 29.12.2009).

²⁶ Arnhem was Engelenburg se tuisstad.

den Doorn en maj. F. Ypeij is onderhandel oor die reël van militêre aangeleenthede.²⁷ Wanneer die statuur van die bogenoemde persone nagegaan word, is dit duidelik dat hulle hoogs aangeskrewe persone op hulle onderskeie terreine was. Engelenburg het dus vooraf seker gemaak dat hy die beste leiding ontvang in sy soeke na inligting.

In November 1884, sewe maande voor die maskerade sou plaasvind, is al die kostuums in die groot saal van Zomerzorg tentoongestel. Onder begeleiding van vrolike musiek het die studente geleentheid gekry om 'n kostuum na individuele voorkeur uit te soek en groepe te vorm wat elk 'n bepaalde tema in die geskiedenis uitbeeld.²⁸ Op 4 en 5 Junie 1885 kon die studente solank 'n voorsmaak kry van die fees. Hulle moes die kostuums aantrek en terwyl hulle deur die tuin heen en weer gewandel het, moes hulle een vir een voor die kritiese oë van die maskeradekommissie verskyn. In hierdie dae, kort voor die fees, het Engelenburg se boek oor dié deel van die Leidse geskiedenis wat hulle sou uitbeeld, verskyn. Al die inligting wat versamel is, het Engelenburg byeengebring in die boek wat 167 bladsye beslaan met die titel: *Leiden tot 1574*.²⁹ Die boek is goed ontvang vanweë die grondige navorsing wat gedoen is.³⁰ Dit is ná die fees in die *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* se feesnommer teen f2,50 per eksemplaar geadverteer.³¹

Die fees het op Maandag 22 Junie 1885 begin. Oor die tydperk van 'n week, het die studente hulle boeke eenkant laat lê en hulle met oorgawe op die sosiale dimensie van studentwees toegespits. Op die eerste dag (Maandag) het lede van die *Corps* in kostuums by die universiteit vergader, waarna hulle met baniere en musiek in 'n optog na die stasie beweeg het waar oud-studente en uitgenooide gaste by hulle aangesluit het. Daarna het die optog na die feesterrein beweeg. Die oudstudente het voor die orkes gestap en agterna die studente. In die feessaal het dit stil geword toe die voorsitter van die *Corps*, H.J. de Dompierre de Chauffepié, die feesrede gelewer het. Daarvandaan is die optog na die *Sociëteit Minerva* en na vele toesprake is die dag afgesluit met 'n kroegjool. Die studente het tot laat in die nag gekuier. Die oggend van

²⁷ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*, Ongenommerde voorwoord.

²⁸ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, p. 245.

²⁹ F.V. Engelenburg, *Leiden tot 1574*.

³⁰ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, p. 252.

³¹ Feesnommer van *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(21), 30.07.1885.

die tweede dag was bewolk, maar die feesgangers se vrees vir reën was gelukkig verniet. Die son het telkens vrolik deur die wolke gebreek.³²

Teen eenuur het die gekostumeerdes by die universiteit versamel. Die optog is gelei deur die hoofpersoon in sy skitterende koets met vier perde en twee lakeie. Deur die strate van Leiden het die optog gegaan en oral langs die strate was belangstellendes wat alles gadeslaan het. Die optog was werklik die aandag werd, veral weens die verskillende kostuums. Die tema het hom uitstekend daartoe geleen om 'n groot verskeidenheid kostuums ten toon te stel.

Die volgende temas is uitgebeeld, elk met die beroemde figure van die bepaalde tyd met hulle gevolg:

Leiden se stigting ±22 voor Christus.

Stigting van die Burg te Leiden ±449.

Lodewijk graaf van Loon binne Leiden. Oorlog met graaf Willem I, 1204.

Leiden se beroemde manne (byvoorbeeld Halewijn, Dirk van Cuyk en Willem II).

Jan van Beieren binne Leiden.

Hoeksche en Kabeljauwsche twiste in 1445.

Besoek van Maximiliaan aan Leiden in 1504.

Bevryding van Leiden in 1574.

Die optog het uit 223 gekostumeerde persone bestaan. Engelenburg was nommer 190 en was deel van die groep wat die bevryding van Leiden in 1574 voorgestel het. Hy het Foy van Brouckhoven, Baljuw van Rijnland, Schout van Leyden voorgestel en het te perd in die optog gery.³³ Die baie perde wat vir die optog gebruik is, was Ryksperde wat vir dié doel deur die ministerie van oorlog beskikbaar gestel is.³⁴

Die optog het ses ure lank deur Leiden se strate beweeg, waarna hulle op die feesterrein vir aandete byeengekom het. Na 'n paar uur rustyd het die manne hulle tog vir nog twee ure voortgesit deur die helder verligte strate van die stad. Die optog het by die universiteit ontbind. Hoewel vermoeid, het die meeste studente hulle na die brandpunt van geselligheid op die feesterrein begewe waar hulle 'n welverdiende rus

³² *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, pp. 255-257.

³³ *Ibid.*, p. 420.

³⁴ *Ibid.*, pp. 257-259.

geniet het. Die derde dag het die gekostumeerdes in die feessaal byeengekom. Toeskouers kon hulle van nader bekyk. Tydens die plegtigheid het die vrolike musiek van buite die saal binnegedring.³⁵ Selfs die gebou waarin die meeste van die verrigtinge plaasgevind het, was deel van 'n omvangryke kulturele tradisie wat bepaald tot die intellektuele belewenis van die feesgeleentheid bygedra het. Die gebou wat vir die fees gebruik is, is gebou volgens 'n plan van die argitek C. Huysken van Amsterdam. Dit was in die Moorse styl opgerig en het uitstekend aan sy doel beantwoord.³⁶ Bokant die drie ingange het die wapens gepryk van die *Corps*, van Leiden en van Nederland. Aan die buitenste sykante van die gebou was groot stoepe wat sitplek gebied het vir 'n aantal feesgangers indien die weer nie so gunstig was nie. Binne die gebou was die danssaal agthoekig met sitplekke aan die kante. Teen die mure het die name gepryk van die 16 oudste en bekendste studentegeselskappe. Bo die ingang van die saal, aan die binnekant, is 'n groot skildery van Minerva, die dogter van Jupiter en godin van wysheid aangebring. Minerva was ook beskermgodin van kunste en wetenskappe.³⁷ Haar beeltenis verskyn ook in die vaandel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die gebou het die agtergrond gevorm van 'n netjies aangelegde park. Breë paaie het die feesgangers verby die musiekent gevoer. In die middel van die park was twee fonteine naas 'n standbeeld en talle stalletjies waar allerlei versnaperinge en blomme te koop was. Oral in die park was blombeddings wat die feesterrein pragtig laat lyk het. In die aande is die saal en tuin met gaslampe verlig.³⁸ Die fees is op die agtste dag afgesluit met 'n feestelike bal en vuurwerkvertoning. Na afloop hiervan is groot erkenning gegee aan die maskeradekomitee vir twee jaar se harde werk.³⁹

Op universiteit het Engelenburg die geleentheid raakgesien om joernalistieke ondervinding op te doen en om sy skryftalent verder te ontwikkel. Hy het hom waarskynlik reeds in sy eerste jaar by die redaksiekantoor van die *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* gaan aanmeld, want hy is reeds in die laaste maande van sy eerste jaar in die redaksie van die studentekoerant opgeneem. Waarskynlik is daar eers 'n onderhoud met Engelenburg gevoer en is sy skryftalent getoets voor hy aangestel is. Die koerant was 'n nasionale koerant wat na al die universiteitskampusse in Nederland

³⁵ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, pp. 259 en 260.

³⁶ Die naam van die gebou kon in verskeie publikasies nie opgespoor word nie.

³⁷ F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 510.

³⁸ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, pp. 253 en 254.

³⁹ *Ibid.*, p. 268.

versprei is en het Donderdae verskyn, behalwe in die vakansies. Die inskrywingsgeld was f3,50 per jaar, posgeld ingesluit. Saam met Engelenburg was daar agt redaksielede met H.J. de Dompierre de Chaufepié as hoofredakteur. Vyf redaksielede was van die Universiteit Leiden en drie van die Universiteit van Utrecht. By die Universiteit Groningen was twee korrespondente en te Amsterdam was daar een wat bydraes gelewer het. In 1884 is twee korrespondente van die Universiteit van Delft by die redaksie gevoeg.⁴⁰ Om die verskillende redakteurs se artikels van mekaar te onderskei, is gewoonlik aan die einde van die artikels slegs die voorletter van hulle vanne aangedui. Engelenburg se artikels was met die letter "E" gemerk.

Engelenburg se joernalistieke talent het in die drie jaar wat hy by die *Vox Studiosorum* betrokke was, in 'n goeie mate ontwikkel. Die leserstal van dié koerant het gedurende sy betrokkenheid by die koerant beduidend toegeneem,⁴¹ wat daarop dui dat die gehalte van die artikels en die keuse van onderwerpe waaroor verslag gelewer is, tot die lesers gesprek het.

Engelenburg het reeds op skool deur middel van sy tante Marie Koopmans-De Wet, kennis oor die *Zuid-Afrikaansche Republiek* en president Paul Kruger opgedoen. Kruger is tydens Engelenburg se eerste jaar op universiteit tot president van die ZAR verkies - twee jaar ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1). Engelenburg was in sy tweede jaar aan die universiteit toe die derde deputasie (pres. Kruger, N.J. Smit en S.J. du Toit) in 1883 tot 1884 Europa besoek het. Onmiddellik na hulle aankoms in Londen het die deputasie 'n versoek aan jhr. Beelaerts van Blokland (1843-1897) gerig om hulle behulpsaam te wees.⁴² Beelaerts van Blokland was 'n juris en het sy opleiding van 1862-1868 by die Universiteit Leiden ontvang.⁴³ Die onderhandelinge met die Engelse regering het hierdie keer meegebring dat hulle daarin kon slaag om die Konvensie van 1881 te vervang met een wat meer in ooreenstemming was met die wense van die volk. Die belangrikste was dat die *Zuid-Afrikaansche Republiek* volkome binnelandse onafhanklikheid gehad het, maar 'n beperking op die staat se buitelandse beleid het voortbestaan.⁴⁴ In regstegniese terme het die Boererepubliek die

⁴⁰ *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 9(10), 12.04.1883.

⁴¹ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1882/1883, p 285.

⁴² F.G.E. Nilant, Jhr. mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek (1843-1897), p. 14.

⁴³ *Ibid.*, p. 7.

⁴⁴ F. Rompel, *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 110 en 112.

status van 'n soesereine staat gehad. Dit het beteken dat, ofskoon binnelandse sake self gereël kon word, was buitelandse sake aangewese op oorlegpleging met die state en kolonies van Suider-Afrika, waar Brittanje in die koloniale regerings van die Kaap en Natal baie invloed gehad het.

Die derde republikeinse deputasie, anders as die geval met die vorige twee (in 1878 en 1879), is geesdriftig in Nederland en trouens ook elders in Europa ontvang. Oral waar Kruger en die ander lede van die deputasie aangekom het, het ontvangskomitees reggestaan en het groot menigtes hulle ingewag. Te midde van die byeenkomste is vergaderings gehou. Die drie belangrike sake wat Kruger aangeroei het, was die oprigting van 'n Transvaalse bank, die verlening van 'n konsessie vir die aanlê van 'n spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai, asook die soeke na 'n geskikte persoon wat die funksies van staatsfinansier en staatsprokureur kon vervul.⁴⁵ Tot 1873 het die ZAR geen banke gehad nie. Die ontdekking van goudneerslae het egter meegebring dat twee Kaapse banke filiale in Pretoria en elders gestig het. Tydens die moeilike dae ná die anneksasie van 12 April 1877 het die banke hulle operasies gestaak en fasiliteite opgesê. In 1881 het alleen nog die Standard Bank oorgebly. 'n Bank vir lang- sowel as korttermynkredietverlening, wat die nasionale saak sou wou dien, sou die oplossing van die probleme te wees.⁴⁶

Op 1 Maart 1884 het die *Leidsche Studenten Corps* by 'n spesiale vergadering besluit om die deputasie uit te nooi as gaste van die *Corps*. Die deputasie het die uitnodiging terstond aangeneem. Binne 12 dae het die studente alles gereël.⁴⁷ 'n Dag voor die deputasie se besoek, op Woensdag, 12 Maart 1884, het 'n spesiale uitgawe van *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* verskyn. Onder meer het die redaksie 'n beroep op alle studente gedoen om aan die volgende dag se verrigtinge deel te neem:

De algemeene sympathie waarin het feest ter eere van de Deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek zich verheugt, doet ons den dag van morgen met vertrouwen te gemoet zien. Het L.S.C. zal aan zijn hooggewaardeerde gasten toonen welke krachten van allerlei aard het in staat is te ontwikkelen. ... Zorgt dat de vlaggen van de daken wapperen. Komt achter de vaandels van uwe gezelschappen den stoet volgen, draagt allen bij tot het welslagen van het feest.

⁴⁵ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, p. 37.

⁴⁶ P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, pp. 42 en 43.

⁴⁷ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1883/1884, p. 267.

Maar zorgt dan ook, dat de wijze van feestvieren, dat de stemming onder ons van dien aard zij, dat deze geen aanstoot geve aan onze eenvoudige maar strenge gasten! ... Voorwaar, dan zal het feest den gewenschten indruk maken op onze wakkere stamgenooten en zal het een aureool te meer doen stralen om de slapen der Leidsche Athaenae.⁴⁸

'n Volledige program van die verrigtinge is ook gepubliseer sodat elke student geweet het waar in die optog hulle moes aanmeld.⁴⁹

President Kruger en sy geselskap is op Donderdag, 13 Maart geesdriftig deur die studente by die Leidense stasie ontvang. 'n Indrukwekkende program is vir dié dag beplan. Vanaf die stasie is die optog gelei deur 'n groep artilleriste en peleton-infanterie, gevolg deur die musiekorkes van die regiment Hussaren, uit Den Haag. Die *Corps*-vaandel is te perd gedra, waarna drie rytuie, elk deur vier perde getrek, gevolg het. In die eerste rytuig was president Paul Kruger, G.J. Th. Beelaerts van Blokland en L.U. de Haes, wat in daardie stadium voorsitter van die *Corps* was. Na afloop van die derde deputasie se besoek is Beelaerts van Blokland aangestel as gesant van die ZAR in Europa, 'n pos wat hy tot 1890 beklee het. In die tweede rytuig was Du Toit en Smit van die deputasie en C.J. Th. Viruly en J.A.G. de Vos van Steenwijk van die *Corps*. Die derde rytuig was gereserveer vir die sekretarisse van die deputasie, Ewald Esselen en Jan Eloff, skoonseun van president Kruger, en R.A.H.M. Romme van die *Corps*.⁵⁰ Ewald Esselen het in Londen in die regte studeer en het reeds in Londen by die deputasie aangesluit om hulle met klerklike werk te help.⁵¹ Die rytuie het verby 'n erewag beweeg. Hierna het nog drie rytuie gevolg, elkeen getrek deur twee perde, elk met vier erelede van die universiteit. 'n Aantal vlagdraers het hierna gevolg wat die onderskeie studentekomitees en kommissies verteenwoordig het, gevolg deur studente van die verskillende fakulteite met hulle vaandels. Die fakulteite teenwoordig was medies, regte, lettere, filosofie en teologie. Engelenburg het regte studeer en hy sou dus deel van die regs fakulteit se optog wees. Vooraf is Transvaalse vlaggies aan die

⁴⁸ Anon., "Aan de Leden van het L.S.C.", *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* (Extra nummer), 12.03.1884.

⁴⁹ "Programma van den optocht ter eere van de deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek", *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* (Extra nummer), 12.03.1884.

⁵⁰ *Ibid.*

⁵¹ F.G.E. Nilant, Jhr. mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek (1843-1897), p. 14.

studente teen f0.60 verkoop wat hulle tydens die optog moes rondswaai.⁵² Die weer was daardie dag

zacht en zoel, een heerlijke lentedag. ... Zelden heeft het zich zoo flink gemanifesteerd, zelden hebben allen zoo saamgewerkt met ineengeslagen handen tot één doel, om den wakkeren Afrikaanders een warme hulde te brengen.⁵³

Die besoek van die deputasie is die aand afgesluit met 'n feesmaal by die *Sociëteit Minerva*. Die studente kon vooraf 'n etekaartjie teen f7.50 vir die dinee koop.⁵⁴ Die *Sociëteit* was in 'n feesdos en selde was die saal so vol as daardie dag. Toe die deputasie om vier-uur die saal binnekom, het almal opgestaan en hulle toegejuig.⁵⁵ Tydens die ete het Kruger die studente toegespreek en hulle verseker dat die Transvaal hulle jong warm harte nodig gehad het en graag sou ontvang.⁵⁶

Hoe troffen ons de woorden, zoo welsprekend in hun eenvoud, door de kloeke Transvalers tot ons gericht!⁵⁷

Engelenburg was teenwoordig by al die verrigtinge hoewel hy nie daardie dag persoonlik aan president Kruger en die ander lede van die deputasie voorgestel is nie. Hy en die ander lede van die redaksie het op die agtergrond gebly om alles waar te neem en om 'n verslag oor die dag se gebeure te skryf. Omvattende beriggewing is kort daarna in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* gepubliseer onder die opskrif "De deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek, de gast van het L.S.C".⁵⁸ Aan die einde van die verslag is die studente vir hulle aandeel bedank:

Maar wat had dit alles mogen baten zonder de medewerking van het studentenpubliek zelve? Daarom doet het ons genoegen te kunnen constateeren dat de stemming gedurende den ganschen dag van dien aard was, dat zij vroolijk zonder een oogenblik in het overdrevene te vervallen, door haar hartelijkheid een goeden indruk moet gemaakt hebben, op de helden van den dag, op de krachtige Transvalers. Moge alzoo dit feest dat ons zulk een aangenamen dag verschaft, ten slotte nog ten goede kome aan onze Alma Mater!⁵⁹

⁵² *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* (Extra nummer), 12.03.1884.

⁵³ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1883/1884, p. 268.

⁵⁴ *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* (Extra nummer), 12.03.1884.

⁵⁵ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1883/1884, p. 269.

⁵⁶ "De deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek, de gast van het L.S.C.", gepubliseer in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 10(9), Saterdag 15 Maart 1884.

⁵⁷ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1883/1884, p. 269.

⁵⁸ "De deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek, de gast van het L.S.C.", gepubliseer in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 10(9), Saterdag 15 Maart 1884.

⁵⁹ *Ibid.*

Die bogenoemde verslag is nie met een van die redakteure se voorletters gemerk nie. Dit is dus nie duidelik wie dit geskryf het nie. Omdat dit so 'n belangrike gebeurtenis was, kan aanvaar word dat dit waarskynlik 'n gesamentlike poging was van al die redakteure.

Die redaksie het die studente van die ander universiteite van Nederland kwalik geneem omdat hulle nie geesdrif getoon het om die deputasie ook by hulle te ontvang nie. Hier kan maar net bespiegel word oor wie by die Universiteit van Leiden met die gedagte na vore gekom het om die deputasie na dié Universiteit uit te nooi. Engelenburg het 'n besondere band met Suid-Afrika gehad vanweë sy familiebetrekking met mev. Koopmans-De Wet. Verder het hy die president al van skooldae bewonder en bowendien het sy tante uit Kaapstad daardie selfde jaar weer 'n besoek aan Nederland gebring. Moontlik het Engelenburg met sy studentemaats oor die deputasie se besoek aan Europa gesels en het hulle die geleentheid gesien om die president in lewende lywe te ontmoet. Soos reeds genoem, het die *Corps* 'n spesiale vergadering belê om die saak te bespreek en het hulle besluit om die deputasie na die universiteit uit te nooi.

Na aanleiding van die deputasie se besoek is die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging voor Zuid-Afrika in 1888 in Amsterdam opgerig. Die bankier, A.D. de Marez Oyens en R.W.J.C. van den Wall Bake, hoofdirekteur van die *Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij* (NZASM) het die inisiatief geneem. Die hoofkantoor was in Amsterdam en in 1891 is kantore in Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Brugspruit geopen.⁶⁰ Dié bank het Engelenburg se sake hanteer vandat hy in Suid-Afrika aangekom het tot met sy dood in 1938. *De Volksstem* se sake is eweneens deur dieselfde bank hanteer.

'n Spoorwegkonsessie is verleen, maar geld sou nie gou gevind kon word nie. Slegs 'n staatsprokureur is gevind.⁶¹ In Junie 1884 was die deputasie in Amsterdam en het J.P. Moltzer (1850-1907), professor in private reg, 'n pasafgestudeerde doktorsle student in die regswetenskappe aan die Universiteit van Amsterdam, W.J. Leyds, aan

⁶⁰ G.J. Schutte (red.), *Beste Ouders! Brieven uit de Transvaal van Karel van den Berg 1896-1900*, p. 9.

⁶¹ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, pp. 37 en 38.

president Kruger voorgestel. Dieselfde dag nog het Kruger hom die pos van staatsprokureur aangebied. Leyds het dit afgewys, maar die daaropvolgende Saterdag die aanbod aangeneem vir 'n tydperk van drie jaar. Leyds het Kruger van die begin af duidelik te kenne gegee dat sy godsdiensoortuiging afdwyk van dié van die president en sy volk. Leyds was 'n liberaal en het ook wat sy godsdiens betref 'n meer moderne en vrye siening gehad. Kruger het nie beswaar daarteen gehad nie, solank Leyds getrou en eerlik sy plig sou doen.⁶² Hy het dieselfde houding gehandhaaf teenoor ander Nederlanders wat daarna na die Transvaal gekom het, waarvan die meeste ook liberaal gesind was, onder andere Frans Engelenburg wat in 1889 in Pretoria opgedaag het.

Die jaar 1884 was 'n donker tyd in die Universiteit van Leiden se geskiedenis. Eers is die hele land in rou gedompel met die afsterwe van die 32-jarige kroonprins Alexander. Hy was die laaste Prins van Oranje en die land se hoop om hom op die troon te sien, is met sy dood verydel. Hy was 'n gewaardeerde student in die regswetenskappe aan die Leidse Universiteit waar hy in 1874 gepromoveer het. Die prins was van nature stil en sieklik van gestel.

Tydens die ontgroening van die eerstejaars in daardie selfde jaar is een student oorlede en een het kranksinnig geword. Die liggelowige publiek het alles geglo toe 'n sekere dagblad die *Corps* van sulke lae misdrywe beskuldig en hulle verdag probeer maak het. Geneeskundige verslae het egter getoon dat die oorsaak van die een se dood en die ander se kranksinnigheid nie aan die ontgroening te wyte was nie, maar die gevolg was van vroeëre omstandighede en voorvalle. Die *Corps* moes hard werk om hierdie donker wolk oor hulle te verwyder en hulle van alle blaam te suiwer. 'n Verdere slag het die universiteit daardie jaar getref toe drie *Corps*-lede op verskillende datums noodlottig verongeluk het.⁶³

Van April tot Desember 1885 was Engelenburg hoofredakteur van die *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*. Sy bydraes in die koerant oor die tydperk van drie jaar het gewissel van die ontgroening van eerstejaars en 'n artikel oor die onthulling

⁶² W.J. Leyds, *Herinneringen aan President Krüger*, (in 1904 geskryf aan boord van die "Batavier" toe die skip president Kruger se sarkofaag van Holland na Kaapstad oorgebring het), pp. 1 en 2.

⁶³ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1883/1884, pp. 272-276.

van 'n standbeeld van die digter Virgilius⁶⁴ in sy geboortedorp, Mantua.⁶⁵ Die ontstaansgeskiedenis van die Nederlandse universiteite het sy aandag geniet.⁶⁶ Hy het ook sportverslaggewing gedoen en het berigte geskryf oor kompetisies van die studente-roeibond⁶⁷ en die gimnastiek- en skermverenigings. Engelenburg het dit betreur dat die universiteite nie 'n gebou gehad het waar studente hulle liggame kon oefen nie. Hulle moes noodgedwonge buitemuurs by sportverenigings aansluit. Nêrens bo die poorte van een van hierdie "tempels van die wetenskap" kon hy woorde lees wat daarop gedui het dat gimnastiek of 'n sportsoort daarin beoefen word nie.⁶⁸

Plaatsen waar men het lichaam kan oefenen en harden worden door den staat geheel geïgnoreerd. Deze schijnt niet officieel te erkennen, dat oefening van den geest in nauwe betrekking staat met oefening van het lichaam.⁶⁹

Hy was ook kunsresensent. Hy het daarvan gehou om toneel- en musiekaande by te woon en resensies daaroor te skryf. By een van die "Toonkunst"-aande wat hy bygewoon het, was hy geamuseerd met die derde nommer op die program van die heer J. Röntgen wat sy eie komposisie, 'n *Konsert vir Klavier*, uitgevoer het.⁷⁰ Hieroor het Engelenburg die volgende opmerking gemaak:

Wij betreuren het, dat ons muzikaal gevoel niet die hoogte bereikt heeft, welke noodig zou zijn om de waarde van deze compositie te schatten. Wij twijfelen niet of deze zal wel zeer hoog zijn. Wel echter zijn wij in staat de verbazende vlugheid en het bewonderenswaardig meesterschap in de techniek van den Heer Röntgen te bewonderen, welke goede eigenschappen met de sierlijkheid in de gebaren, vooral der handen, schijnen te wedijveren.⁷¹

Engelenburg het self van kindertyd klassieke musiek beoefen en kon dus goeie musiek waardeur, maar die stuk van Röntgen het duidelik nie in sy of sy medestudente se smaak geval nie. Hulle het sy handbewegings wel geniet, of liewer, amusant gevind. Die Derde Regiment Infanterie te Bergen op Zoom se simfonieorkes het weer groot byval gevind tydens die universiteite se skerm- en gimnastiekdag. Engelenburg

⁶⁴ Engelenburg het as leerling aan die Arnhem Gimnasium werke van die digter bestudeer.

⁶⁵ "E", "Een feest ter herinnering aan Virgilius", *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 9(14), 10.05.1883.

⁶⁶ *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, jg. 9(14), 10.05.1883.

⁶⁷ "E", "Berichten" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 9(24), 11.10.1883.

⁶⁸ "E", "Het concours van Arena Studiosorum" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 10(12), 03.04.1884.

⁶⁹ *Ibid.*

⁷⁰ "E", "Het concert van de Maatschappij tot bevordering der toonkunst", *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 9(14), 10.05.1883.

⁷¹ *Ibid.*

het die twee danse van Grieg en een deel van die Sonate Opus 7 van Beethoven baie goed gevind.

Ook bleek weer hoe bekende en eenigszins populaire stukke steeds by het publiek een zeker sukses wegdragen.⁷²

Hy het nie gehuiwer om kritiek te lewer indien 'n "akteur" swak gespeel het nie. 'n Opvoering van die Studenteafdeling Leiden van die Nederlandse Toneelverbond van die toneelstuk *De neven*, op Donderdagaand 27 Maart 1884, het goed onder sy pen deurgeloop: Volgens hom was die stuk "uit de oude doos". Wat indertyd groot sukses moes behaal het, het "hedendaags" in tye van vinnige wisseling en ewolusie van smaak, 'n swak indruk gemaak. Die karakters Verspal en Terlaan, wat twee grys ou here in die stuk moes vertolk, was swak vertolk, want

... noch in hun manieren, noch in hun wijze van spreken herkende men een zweem van wat den ouderdom, zelfs ondanks zijn gebreken, zoo eerbiedwaardig maakt.⁷³

Verspal junior se houding was lam, sy spraakorgaan temerig en sy gesig suur. Karel Terlaan se aksies was housterig, dan weer oordrewe familiêr. Eduard, die seun van Baron van Zevenvan, se spel was smaakloos. Engelenburg het gemeen dat 'n akteur, afkomstig uit 'n provinsiestadje, vergewe kon word vir die growwe en plat optrede, maar vir iemand uit 'n beskaafde stand wat voor 'n beskaafde publiek opgetree het, was die akteur se spel in stryd met dit wat van hom verwag is. Verder het Engelenburg gevoel dat, indien dit nodig was vir die gehoor en die spelers om na iedere bedryf geleentheid te kry om hulle dors te les en hulleself in hulle geliefde rookwolke te hul, moes die bestuur gesorg het dat die pouses so kort moontlik was.⁷⁴

Engelenburg was later in Suid-Afrika bekend as sy koerant se politieke kommentator. Uit die studenteweekblad kon geen bewyse gevind word dat hy as student by die politieke woeling van die dag betrokke was nie. Uit sy briefwisseling met Marie Koopmans-De Wet het wel geblyk dat hy reeds as student politieke belangstelling getoon het. Uit die verskillende artikels uit Engelenburg se pen is dit duidelik dat sy belangstelling as student hoofsaaklik by die kunste en geesteswetenskappe gelê het.

⁷² "E", "Uitvoering van de Studentenafdeeling Leiden van het Nederlands Tooneelverbond" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 10(12), 03.04.1884.

⁷³ *Ibid.*

⁷⁴ *Ibid.*

Die letterkunde, toneelkuns, sang en musiek, geskiedenis, sport, gimnastiek en skermkuns was die sake waaroor hy in die koerant gerapporteer het. Hy het hom wel in die akademiese politiek begeef en het nie gehuiwer om skerp te antwoord wanneer die redaksie van die koerant onder skoot gekom het nie.

Verbeeld u, dat ik niet lang geleden als redacteur eener studenten courant het aan den stok heb gehad met mijnheer Fred van Hogendorp. Wie had dát nog kunnen denken, niet waar? Gelukkig was de pennestrijd niet op leven en dood en zeer hoffelijk van aard.⁷⁵

Die artikel waarna Engelenburg verwys het, het in die uitgawe van 22 Oktober 1885 in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* verskyn. Hy het reageer op 'n artikel waarin baron Frederik van Hogendorp (1843-1889)⁷⁶ by die regering gepleit het vir die oprig van 'n leerstoel by die Universiteit van Leiden vir stylleer en welsprekendheid. Van Hogendorp het die twee studenteblaaie *Vox* en *Minerva* soms bestudeer waarin gewigtige en ingewikkelde vraagstukke in ellelange opstelle behandel is, maar met die

wonderlijke verachting van alle punctuatie, bijna zonder eene enkele komma as vingerwijzing, of een nietige punt tot rust. ...Als een verlorene dreef ik daar op den stroom der woorden, van den eenen regel op den anderen, bladzijde uit, bladzijde in, zonder ook maar, her of daar, een teeken te vinden waarnaar ik den koers kon zetten in mijn duizelingwekkende vaart!⁷⁷

Hoewel dit Engelenburg innige genot verskaf het om te lees, swart op wit, dat daar verwys word na die gewigtige en ingewikkelde vraagstukke wat in ellelange opstelle in die studentekoerante bespreek is, is sy entoesiasme aanmerklik gedemp toe die studenteredakteurs verwytdat hulle 'n veragting gehad het vir alle punktudasie:

Het was als een slok azijn na een teug edel druivennat.⁷⁸

Hy het erken dat die studenteblaaie wel gebreke gehad het, maar dat hy en sy kollegas by hulle uitgewer sou aandring op onmiddellike vermeerdering van sy voorraad kommas, punte en verdere leestekens. Hy het ook snydende kommentaar gelewer op Van Hogendorp se relaas oor die "koopmanstaal" wat die studenteredakteurs gebruik

⁷⁵ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subléer 40, F.V. Engelenburg (Leiden) – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 02.03.1886.

⁷⁶ Van Hoogendorp was redakteur van 'n groot dagblad in Den Haag, die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage*.

⁷⁷ "E", "Aan Damas" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(26), 22.10.1885.

⁷⁸ *Ibid.*

het, waar hulle die nodigste woorde verkort en vermink het en die onmisbaarste dele van 'n sinsnede eenvoudig agterweë gelaat het. Wat Van Hogendorp se voorstel betref dat 'n leerstoel ingestel word vir styl en welsprekendheid, het Engelenburg hier ook 'n gepaste antwoord gereed gehad.⁷⁹ Die studente het reeds 'n oorkoepelende vereniging vir *Stijl en Welsprekendheid* gehad. Die vereniging het weer subkomitees gehad elk met sy eie naam. Die subkomitee waarvan Engelenburg in 1883 die ondervoorzitter was, se groepsnaam was *Operam Demus* (opgerig op 2 Desember 1863, in sy geboortejaar).⁸⁰ Dit het hom geamuseer dat Van Hogendorp voorgestel het dat die vereniging nou verhef moes word tot 'n leerstoel by die universiteit.

Engelenburg het gedurende sy studentejare reeds kennis gemaak met die vryheid van die pers. 'n Pennestryd het ook soms tussen joernaliste van verskillende blaaië in Nederland bestaan. Hy het hier al die kuns bemeester om joernaliste van publieke koerante op hulle neuse te laat kyk. Hy was wel ter tale en kon 'n situasie uitstekend opsom en het altyd met 'n antwoord gereed gesit. Conrad Busken Huet (1826-1886) het gemeen dat die vryheid van die pers in die laaste kwart van die negentiende eeu die essensie van 'n koerant was. Dit was deel van die liberale optimisme van die tydsgewrig.⁸¹ Engelenburg was goed daartoe in staat om 'n lewendige polemieë aan die gang te hou. Dit het hom waarskynlik geslyp vir sy latere loopbaan as redakteur van *De Volksstem*.

In Oktober 1885, aan die einde van Engelenburg se dienstydperk as redakteur by die *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* het hy die sluier effens gelig oor die tyd toe hy nog eerstejaar by die universiteit was. Hy openbaar hier 'n byna nostalgiese joernalistiek en die leser kry 'n vlugtige kyk op sy lewe as student. Engelenburg was in sy studentekamer in 'n bepeinsing oor die toekoms van die koerant toe 'n paar *landauers*⁸² met 'n klompie jong studente onder sy venster verbygerammel het. Uit hulle luidrugtige gebare en vrolikheid het hy ongetwyfeld afgelei dat hulle besig was met hulle klub-inwyding. Die aanskoue van die onbesorgde feesvierders het hom aan sy eie eerste jaar herinner toe hulle hulle klub ingewy het.⁸³

⁷⁹ *Ibid.*

⁸⁰ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1882/1883, p. 202.

⁸¹ M. van Amerongen, J. Blokker en H. van Run, *Luizen in de pels: 100 jaar journalistiek in Nederland*, p. 152.

⁸² 'n Vierwielige, ouderwetse perderytuig met 'n neerslaanbare kap: F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 433.

⁸³ "E", "Aan het eerste jaar" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(26), 22.10.1885.

Ik zie ons op eens weer in een stortregen langs een somber kanaal naar Noordwijk rijden onder allerlei gesprekken, die echter in volkomen disharmonie waren met het droefgeestige weer, den zwarten hemel en het modderige, echt hollandsche landschap. En op eens herinnerde ik me opnieuw tal van episoden van dien dag, eerst ten huize van het gastvrije Konijnenburgsche gezin, daarna op de Sociëteit,⁸⁴ daarna ik weet al niet waar, en eindelijk bij Kiek, den fotograaf.⁸⁵

Israel David Kiek (1811-1889) na wie Engelenburg hierbo verwys, was 'n sigarewinkelier en fotograaf in Leiden. Hy was vir 'n lang tydperk studentefotograaf by uitstek en in besonder bekend vir sy groeppfoto's van min of meer beskonke studente wat enige tyd van die dag of nag opgedaag het om hulle op 'n foto te laat verewig. Die betrokke groeppfoto's het die benaming *kiekjes* gekry – 'n woord wat sedertdien 'n algemene begrip in die Nederlandse en later ook in die Afrikaanse taal geword het.⁸⁶

Die een na die ander toneel uit sy eerste jaar het voor Engelenburg se gees verskyn: 'n wilde epos van avonture *á la Don Quichotte*,⁸⁷ dan weer opbeurende en onafgebroke gesellige saamverkeer en onverbreekbare vriendetrou terwyl hier en daar 'n beskeie minneliedjie hom tot 'n flou glimlag dwing. En dan die *Rijnwijnavondjes* kort voor die lang vakansie, waar hulle die hele aand wyn gedrink en debat met mekaar gevoer het tot die son opgekom het. Hy het ook die toneel voor sy geestesoog opgeroep van 8 Februarie 1883 en hoe hulle daar moes uitgesien het: hulle het soos gekke gelyk, maar met dit alles was daar die vrolikheid en opgeruimdheid, soos wat 'n student maar kan wees in sy eerste jaar.⁸⁸ Hierdie berig werp besonder goeie lig op Engelenburg se studentelewe en die intellektuele klimaat van 'n omgewing wat hy na alle waarskynlikheid lewenslank vertroetel het. Op 9 Oktober van daardie jaar (1883) is die eerstejaars, ook Engelenburg, ná hulle ontgroeningstydperk, in die gehoorsaal tydens 'n plegtige *Corps*-vergadering as nuwe lede van die *Corps* ingewy. Die voorsitter het die jong studente toegesprek en toe hy aan die einde die plegtige formulier, wat hy in Latyn voorgelees het, die eerstejaars tot lede van die *Leidsche*

⁸⁴ Die Sociëteit Minerva was 'n studente-organisasie waaraan die meeste studente van die universiteit behoort het.

⁸⁵ "E", "Aan het eerste jaar" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(26), 22.10.1885.

⁸⁶ R.E.O. Ekkart, *Athenae Batavae: de Leidse Universiteit 1575-1975*, p. 95.

⁸⁷ Verspot en eergierig: F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 145.

⁸⁸ "E", "Aan het eerste jaar" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(26), 22.10.1885.

Studenten Corps verklaar het, het sy hamerslag die teken gegee dat al die houtafskortings wat die senior studente van die eerstejaars afgeskei het, verwyder moes word. Die *Corps* het daardie jaar 76 lede ryker geword. Onder die gesing van Io-Vivat⁸⁹ is die studente met die rosige lig van die fakkels in 'n vrolike optog deur die stad. Die studente is daarna na hulle kroeg waar die seremonie met 'n kroegjool afgesluit is.⁹⁰

In die *Sociëteit Minerva*, kuierplek van die studente, het Engelenburg dikwels gekom. Waarskynlik het hy ook deelgeneem aan die kroegspeletjies soos biljart en kegelspel. Albei was baie gewild onder die studente. Van die "whisttafeltjies"⁹¹ het die studente ook baie gebruik gemaak en verder is die ure verwyd met gesellige diskoerse. Engelenburg het waarskynlik hier al 'n voorliefde vir brugspel ontwikkel. Hy het tot sy dood gereeld saam met goeie vriende brugaandjies gehou. C. Louis Leipoldt het Engelenburg onthou as 'n uitstekende kaartspeler wat uitblink het in *ecarte* en *piquet* wat hy met vroeg-Victoriaanse finesse gespeel het.⁹²

Engelenburg se herinnering aan sy eerste jaar was dat hy so goed as niks uitgevoer het nie. Wat hom die meeste bygebly het, was daardie voortdurende gevoel van ongekende vryheid, van onbegrensde verruiming, die salige gevoel van nie hoef te werk nie. Hy het gemeen dat sommige kortsigtige ouers en voogde werk gelykgestel het met klasloop en voortdurend in jou kamer besig wees met opdragte skryf en vir eksamens te blok. Hy het egter twee betekenisgeheg aan die term "niets uitvoeren". In die een kategorie, waaronder hy homself ook geplaas het, was die stereotiepe student 'n persoon wat vir 'n jaar rondsletter, kuier, sigare rook, die residensiestad en ook ander stede besoek, in rytuie of op perde rondry, partytjie hou, lank, erg lank bly slaap, en laat, heel laat op die *Sociëteit*⁹³ of elders plak, en met naïewe opregtheid hom vereenselwig met die spreekwoordelike

opdoen van de onontbeerlijke menschen- en wereldkennis.⁹⁴

⁸⁹ Io-Vivat is 'n internasionale studentelied. Dit het ten tye van die Bataafse Republiek in Leiden ontstaan en is veral in die 19de eeu in baie universiteite se liedboeke opgeneem. Dit word gewoonlik gesing tydens die opening van die akademiese jaar.

⁹⁰ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1882/1883, pp. 266 en 267.

⁹¹ Whist is 'n kaartspel, amper dieselfde as brug.

⁹² C.L. Leipoldt, "Dr. Engelenburg: 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte "Gentleman"*, p. 39.

⁹³ Studentevereniging by die Universiteit Leiden.

⁹⁴ "E", "Aan het eerste jaar" in *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 11(26), 22.10.1885.

Die tweede betekenis van "niets uitvoeren" pas by 'n matroos wat na 'n lang en vervelige reis met 'n gevulde buik aan wal stap en nie weet wat hy eintlik met sy lang gewenste vrye tyd sal doen nie, of 'n kantoorklerk wat onverwags 'n som geld in die lotery gewen het en geld gedagteloos met 'n paar vriende sit en uitdrink. Engelenburg het hierdie bekentenis oor sy en sy studentemaats se "niets doen" in hulle eerste jaar, as 'n heel laaste artikel in die studentekoerant geplaas, wetende dat indien die "o [zo] strenge censor" hom oor die vingers sou tik oor sy onverantwoordelike uitlatinge, dit te laat sou wees, omdat hy dan nie meer aan die koerant verbonde sou wees nie.⁹⁵ Hy het naamlik in November 1885 uit die redaksie getree. In 1886, sy finale jaar, was hy nie meer deel van die redaksie nie, omdat hy sy volle aandag aan sy studies moes wy. Hy is deur N.C. de Gijsselaar opgevolg.⁹⁶

Hy het soms in sy latere lewe, toe hy hoofredakteur van *De Volksstem* in Pretoria was, by spesiale geleenthede, byvoorbeeld op Oujaarsdag of by 'n herdenking van sy verbondenheid aan dié koerant, onverwags 'n paar intieme besonderhede oor homself verklap. Hy was sy lewe lank 'n private mens en hierdie sporadiese openhartigheid het hom nader aan sy lesers gebring. Daar was die keer in 1897 toe sy Transvaalse vriende geld ingesamel het om sy koste te betaal vir 'n hofgeding waarby hy ingesleep was. In 'n openbare dankbetuiging het hy in 'n hoofartikel oor homself geskryf:

Ofschoon geen geboren Transvaler, heeft hij sedert de aanvang van zijn werkkring steeds getracht om het goede recht van zijn aangenomen volk te helpen handhaven en de aspiratien zijner medeburgers te doorgronden en te verdedigen. Het tans gegeven bewijs dat zijn streven niet ongewaardeerd bleef bij lieden, op wier achting de editeur op prijs stelt, vergoedt hem menig oogenblik van journalisties leed en verdriet.⁹⁷

Daar was ook die keer in 1914 tydens die Eerste Wêreldoorlog:

De tijd die we tans doormaken, eist 'n zekere mate van vertrouwelijkheid tussen 't publiek en z'n professionéle politici. Vandaar dat 'n paar min of meer konfidentiële ontboezemingen in dit ons laaste hoofd-artikel van 1914 niet misplaatst schijnen en onze lezers voor 'n enkele maal tot intimiteit met hun

⁹⁵ *Ibid.*

⁹⁶ *Almanak, Leidsche Studenten Corps*, 1884/1885, p. 289.

⁹⁷ F.V. Engelenburg, "Dankbetuiging", *De Volksstem*, 26.02.1897.

redakteur worden uitgenodigd. Bij hoge uitzondering is zo iets wel geoorloofd, niet waar?⁹⁸

Terwyl Engelenburg aan die universiteit studeer het, het hy meer gereeld aan sy tante in Kaapstad geskryf. Afgesien van Kersgroete of gelukwense met verjaarsdae het die briefwisseling dikwels gehandel oor ekonomiese en maatskaplike toestande in Suid-Afrika en Nederland. Die briewe wat hy aan sy tante gerig het, gee 'n goeie aanduiding van hoe sy lewe in Nederland verloop het voordat hy na Suid-Afrika gekom het. Hierdie briewe is sorgvuldig deur sy tante bewaar, trouens, dit wil voorkom of sy alle korrespondensie wat sy van enige persoon of instansie ontvang het, bewaar het. In Desember 1884 het Engelenburg die toestande in Nederland soos volg beskryf:

Nooit was de armoede, het gebrek aan werk, de koude ete, grooter als dezen winter. Voeg daarbij den politieken toestand bij ons en in België, waarlijk, tante, als ik geen student was, dan zou ik haast treurig gaan worden en Schopenhauer lezen.⁹⁹

Wat die ekonomiese toestande betref waarna Engelenburg hierbo verwys het, was daar van ongeveer 1875 'n stagnasie in die wêreld ekonomie wat 'n wêreldkrisis veroorsaak het. In Nederland het dit veral die landbou getref.¹⁰⁰ Die krisis in die landbou was hoofsaaklik die gevolg van die oorstroming van die Europese markte met goedkoop graan uit Amerika.¹⁰¹ Werkloosheid en armoede het boere in hulle tienduisende na Amsterdam laat vlug. Dit het geweldige maatskaplike probleme veroorsaak.¹⁰²

Engelenburg het ook gereeld nuus oor die familie aan sy tante in die Kaap oorgedra sodat sy altyd op hoogte was van die doen en late van haar aangetroude familie in Nederland. In 1885 het 'n ramp die Engelenburg-gesin getref. Engelenburg se ouers het besluit om te skei. Teen Desember daardie jaar het Marie Koopmans-De Wet reeds kennis geneem dat sy ouers uitmekaar is en dat sy vader in Nijmegen gewoon het. Sy het die jong Engelenburg per brief moed probeer inpraat. Haar vriendelike

⁹⁸ Redaksionele kommentaar, spesiale oorlogsuitgawe van *De Volkstem*, 29.12.1914.

⁹⁹ NASA, Aanwys A140, Engelenburgversameling, Band 10, subléer 40, F.V. Engelenburg (Leiden) – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 02.12.1884.

¹⁰⁰ H.A.E. van Gelder, *Nederland sinds de zestiende eeuw*, p. 166.

¹⁰¹ A.C.J. Commissaris, *Leerboek der Nederlandse geschiedenis*, p. 100.

¹⁰² M. van Amerongen, J. Blokker en H. van Run (red.), *Luizen in de pels: 100 jaar journalistiek in Nederland*, pp. 18 en 20.

woorde het hom opgebeur.¹⁰³ Sy ouers se egskending was die einde van 'n lang en ongelukkige huwelik, wat sekerlik deur die jare 'n invloed op die drie jong Engelenburg-seuns moes gehad het.

Op 5 Desember 1885 skryf hy soos volg:

... laat ik aanvangen met u en miss Margaret een zorgeloozen Kerstmis en een gelukkig Nieuwjaar toe te wenschen, een jaar, dat rijk moge zijn aan opbeurende en tot dankbaarheid stemmende elementen. Want evenals het zonlicht onontbeerlijk is voor de planten, evenmin kunnen wij, menschen, aarden onder een duisteren hemel, niet waar? Daar, hoor ik u al zeggen, die Frans is in de laatste tijden poëtisch en zelfs philosophiesch geworden! Wat het eerste betreft, daarop durf ik me maar erg weinig op voorstaan; het laatste echter is misschien wel een beetje waar, ja zelfs al te waar, want een ongeoeffende vervalt zoo licht in de uitersten en ik heb steeds moeite om niet cynisch in mijn levensbeschouwing te worden. En dat op zoo 'n jongen leeftijd! De hemel moge er mij voor bewaren.¹⁰⁴

Hoe sy ouers se egskending hulle drie broers geraak het, lig hy in sy briewe aan sy tante toe:

En nu iets over mijn meer engen familiekring. U is natuurlijk bekend met de treurige kwesies, die verleden jaar tusschen mijn ouders plaats grepen. De zaken zijn toen in der minne geschikt; mijn vader is te Nijmegen gaan wonen, mijn moeder hier in den Haag. U zult u kunnen voorstellen hoeveel smart mijn broers en ik hierover geleden hebben. Maar de tijd, zegt men, heelt alle wonden; nu 't eenmaal gebeurd is, bestaat er veel reden om te berusten.¹⁰⁵

Die wonde wat die egskending van sy ouers aan die jong student se gemoed aangerig het, was egter veel dieper as wat Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet wou erken. Dit sou jare neem voor hy berusting in die egskending sou vind en sy vader daarvoor vergewe het. Dit is gedurende hierdie tyd van persoonlike, maar ook wêreldellende wat Engelenburg die werk van die kerkvader en filosoof Augustinus

¹⁰³ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, (F.V. Engelenburg, Leiden – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 05.12.1885. In hierdie skrywe het hy mev. Koopmans-De Wet bedank vir haar vriendelike brief om hom moed in te praat.

¹⁰⁴ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, (F.V. Engelenburg, Leiden – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 05.12.1885.

¹⁰⁵ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg (Trompstraat 41, 's Gravenhage) – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 11.12.1886.

opgeneem en gelees het. Jare later in 1918, by die aanskoue van die ellende van die Eerste Wêreldoorlog, het hy in 'n hotelkamer in Londen weer die werk van Augustinus (345-430 n.C.) opgeneem en gelees.¹⁰⁶ Engelenburg sou waarskynlik ook die werk van die Duitse filosoof, Arthur Schopenhauer (1788-1860) bestudeer het. Hy het reeds twee jaar tevore oor Schopenhauer aan sy tante Koopmans-De Wet geskryf, lank voor die egskeiding van sy ouers toe hy nog 'n vrolike student was. Sy lewe het intussen drasties verander en sy gemoedstoestand sou waarskynlik daartoe gelei het dat hy toe gereed was om die Duitse filosoof se werk te begin lees. Dit wil voorkom of Engelenburg in tye van groot krisis en ellende hom tot die filosofie gewend het om sin uit alles te probeer maak. Dit is gedurende hierdie donker tydperk van 1885 dat hy filosofies oor sake begin dink en redeneer het en heelwat later in sy lewe sou mense hom as "anders" bestempel en meermale is van hom gesê dat hy 'n "snaakse" kyk op sake gehad het. Hy het die gawe ontwikkel om hom heeltemal buite 'n saak te plaas en dit volkome objektief te beskou. Sy kennis van die regte het hom waarskynlik baie goed in hierdie verband te staan gekom. Terselfdertyd sou die rasionaliteit van filosofiese denke 'n bepaalde invloed uitoefen. Wat hy as onafhanlike waarnemer raakgesien het, het mense menigmaal verbaas. Hy kon soms hamer op wat ander beskou het as 'n nietigheid, maar wat later tog geblyk het van die grootse belang te wees.¹⁰⁷ C. Louis Leipoldt het gemeen dat Engelenburg, in sy liefde vir die waarheid, byna wetenskaplik objektief te werk gegaan het. Sy kragtige, intens objektiewe manier het al sy latere geskifte gekenmerk.¹⁰⁸

As student het hy nie graag oor homself geskryf nie, maar wel Marie Koopmans-De Wet op hoogte gebring van sy studies en hoe hy daarmee gevorder het. In sy laaste studiejaar het hy reeds in Maart al geleidelik begin om al sy aandag aan sy studies vir sy laaste eksamen te wy, want

[H]et idee, dat alsdan mijn studententijd gedaan is stemt me soms weemoedig,
maar daartegenover staat weer het vooruitzicht om eindelijk eens heelemaal op

¹⁰⁶ KOB, UK, Aanwins BC94, C.L. Leipoldtversameling, (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 20.11.1937. Leipoldt het Engelenburg herinner aan 'n mededeling wat lg. kort ná die Eerste Wêreldoorlog met hom, Leipoldt, gedeel het.

¹⁰⁷ H.C. de Kock, "Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte "Gentleman"*, p. 27.

¹⁰⁸ C.L. Leipoldt, "Dr. Engelenburg: 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte "Gentleman"*, p. 38.

eigen beenen te staan en ook materieel onafhankelik van anderen te kunnen worden.¹⁰⁹

In Julie 1886 het hy uitgewyk na die platteland waar hy, ter wille van sy studies, die besige Leiden ontvlug en vir hom 'n tent gaan opslaan het in een van die mees afgeleë plekkies van Nederland, in 'n uitgestrekte vlakte wat met heide en bosse begroei was en waar niks en niemand hom sou steur nie. In November van dieselfde jaar het hy sy doktorale eksamen met goeie gevolg afgelê. Sy akademiese studies was nou byna op 'n einde. Sy ouers was baie verheug oor die goeie uitslag van die eksamen.¹¹⁰

Sedert Desember 1886 het Engelenburg in Den Haag gaan woon. Sy adres was nou Trompstraat 41, 'sGravenhage. Hy het nie meer klas geloop of eksamens geskryf nie, maar was druk besig met sy proefskrif. Hy het egter nog nie geweet presies wanneer hy sou promoveer nie, maar was seker dat dit nie meer so lank sou duur nie.¹¹¹

En dan begint de ware struggle for life eerst.¹¹²

Hy promoveer op Dinsdag, 5 Julie 1887 om 2 uur namiddag. Die titel van sy proefskrif: *Het internationaal krankzinnigenwezen*. Die proefskrif het hy opgedra "Aan mijne Ouders". Sy ouers se huwelik was toe pas drie maande tevore finaal ontbind. In sy proefskrif het hy dit heel aan die begin duidelik gestel dat die leser die besonderhede oor die higiëniese en psigiatryse sy van die kranksinnigheidsweese elders moes gaan soek, aangesien hy hom enkel tot die legale, dus wetlike sy van die kranksinnigheidsweese bepaal het.¹¹³

Gevolgtrekking

Gedurende sy studentejare het Engelenburg reeds 'n goeie idee gevorm van die waarde van organisasies, verenigings, kommissies en komitees en hoe dit 'n gemeenskap kan mobiliseer om te streef na uitnemendheid. Die debatsvereniging

¹⁰⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg (Leiden) – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 02.03.1886.

¹¹⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg (Leiden – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 10.11.1886.

¹¹¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg (Trompstraat 41, 's Gravenhage) – M. Koopmans-De Wet (Kaapstad), 20.02.1887.

¹¹² *Ibid.*

¹¹³ Skrywer het 'n afskrif van die proefskrif in 2007 gemaak by die biblioteek van die Universiteit van Leiden, Nederland.

Doctrina waaraan Engelenburg behoort het, was 'n goeie voorbeeld van die studente se strewe om hulle algemene kennis te verryk, maar ook om hulle te skool in die redeneerkuns. In Suid-Afrika sou hy vanaf 1910 'n vername rol speel by die totstandbring van 'n groot aantal kommissies en komitees met die doel om Afrikaners kultureel op te hef. As gevolg van die lewensomstandighede in Transvaal het die Afrikaners tot in die eerste dekade van die twintigste eeu nog op die onderste trap van die kulturele leer gestaan. Engelenburg was instrumenteel daarin om 'n totale Afrikanerkultuur tot stand te bring, waarvan die stigting van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kuns 'n belangrike onderdeel was.

Tydens sy studentejare was hy lid van die Maskeradekommissie en deur die deeglike historiese navorsing wat hy en die lede gedoen het, was die maskerade in 1885 van hoogstaande gehalte. Hy het geen moeite ontsien nie om die geskiedenis na te vors van elke geskiedkundige karakter wat in die maskerade uitgebeeld is. Hy het ook gesorg vir die korrekte kleredrag van die tyd. Hy het hier goeie ondervinding opgedoen in geskiednavorsing wat hom in sy latere lewe goed te pas gekom het by sy skryfwerk oor die lewe van president Paul Kruger (1925)¹¹⁴ en generaal Louis Botha (1928).¹¹⁵

Engelenburg het in sy studentejare 'n voorsmaak gekry van die opwinding om joernalis te wees. Sy belangstelling in die joernalistiek is reeds in 1883 geprikkel toe hy nog eerstejaar aan die Universiteit van Leiden was. Hy het hier geleer om met ander oë na studente-aktiwiteite te kyk. Hy het ook ontluik as 'n kritikus van toneelstukke en musiekuitvoerings en het resensies daaroor in die studentekoerant laat verskyn. Op hierdie wyse het hy sy studentemaats aangespoor om hoë kwaliteit werk te lewer en die studente wat die op- en uitvoerings bygewoon het, te leer onderskei tussen goeie en swak werk. Hy was wel ter tale en het 'n natuurlike aanleg openbaar om lewendig en verbeeldingryk te skryf. Hy het reeds in sy studentetyd 'n aanleg getoon om akkurate woordkeuses te maak by die skryf van sy artikels. Dit was ook vir hom 'n goeie leerskool wat betref beskrywende voorstellings van gebeurlikhede.

¹¹⁴ F.V. Engelenburg, *'n Onbekende Paul Kruger: sy bedrywigheid as boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, finansier, veldkornet, jagter, kommandant, koorslyer en staatsburger.*

¹¹⁵ F.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha.*

Hy het president Paul Kruger reeds van skooldae bewonder en toe die president en ander lede van die derde deputasie in lewende lywe by die Universiteit van Leiden verskyn, moes die opwinding van die besoek hom sekerlik oorweldig het. Marie Koopmans-De Wet se besoek aan Nederland dieselfde jaar moes vir verdere opwinding gesorg het in die lewe van die jong student. Hulle sou weer lang gesprekke met mekaar kon voer – sy oor die lewe in Suid-Afrika en hy oor sy lewe as student en oor familiesake. Sy begeerte as skoolseun om Suid-Afrika eendag te besoek, is in 1884 verder versterk met die koms van president Kruger na Leiden en sy oproep dat Suid-Afrika jong Nederlanders nodig gehad het.

Die egskeiding van Engelenburg se ouers was 'n groot terugslag in die jong man se persoonlike lewe. Hierdie gebeure het uiteindelik sy lewe in 'n heel ander rigting gestuur as wat hy vir homself beplan het. Dit was waarskynlik die grootste oorsaak waarom hy hom permanent in Suid-Afrika gaan vestig het. Sy aanvanklike begeerte om die land slegs te besoek, het later 'n begeerte geword om Nederland permanent te verlaat. In die volgende hoofstuk word Engelenburg se lewe in Nederland bespreek nadat hy in die regte gepromoveer het, asook sy reis na Suid-Afrika en wat daar op hom gewag het.

Hoofstuk 4

Wankelende treë in die vestiging van 'n beroep

Inleiding

Engelenburg se studies was agter die rug en skielik was hy nie meer 'n sorgelose student nie. Hy het nou op die drumpel gestaan om vir homself 'n loopbaan te skep. Omdat hy hom in die regsgeleerdheid bekwaam het, was dit die logiese besluit om 'n regspraktyk te begin. Hy moes nóg 'n besluit neem oor die stad waar hy sy praktyk sou open. Hy het in Arnhem grootgeword en baie mense het hom daar geken. Indien hy 'n praktyk daar sou oopmaak, sou hy gou vir hom 'n kliëntebasis kon opbou. Hy het egter daarteen besluit. Waarom het hy dan Den Haag gekies om 'n begin te maak? Waarom het hy ná 'n jaar die regsberoep vaarwel toegeroep om hom in die joernalistiek te begewe? Wat was sy verhouding met sy vader ná dié se egskeiding? Hoe het die egskeiding sy lewe geraak? Engelenburg het sedert sy skooldae die begeerte gehad om Suid-Afrika te besoek. In watter stadium het hy besluit om na Suid-Afrika te emigreer en nie net om 'n kort besoek aan dié land te bring nie? Hy was 'n rou Nederlander wat uit 'n beskaafde wêreld gekom het. In hierdie hoofstuk word ook sy eerste gewaarwordinge ondersoek in 'n land wat vir hom onbeskaafd voorgekom het. Hoe het hy hom aangepas daar diep in die noorde van Suid-Afrika? Hoe het hy geldelik oorleef? Hy het nog geen benul gehad van watter beroep hy in die Transvaal sou volg nie. Hy is in Desember 1889 in die ZAR tot die balie toegelaat, maar waarom het hy die regsberoep ook hier in die Transvaal vaarwel toegeroep?

Vestiging in 'n beroep

Op 19 Julie 1887 is Engelenburg as prokureur en advokaat by die Hoë Raad van Nederland in Den Haag beëdig.¹ Teen hierdie tyd het hy reeds sewe maande in Den

¹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Insweringsdokument, 19.07.1887.

Haag gewoon. Hy het op De Groote Markt 27 "een bovenhuis" met vier kamers gehuur waar hy sy kantoor gevestig het en kliënte kon ontvang. Dit alles klink nou wel deftig, maar besonder druk het hy dit nog nie gehad nie. Wanneer die tyd dit toegelaat het, het hy uitgegaan om sosiale verhoudinge op te bou. Sy vrye tyd het hy bestee aan ywerige bestudering van allerlei aktuele onderwerpe insake wetgewing en jurisprudensie.²

want in den strijd om 't bestaan, moet men trachten altijd gewapend klaar te staan.³

In Desember van daardie jaar het sy vader op trou gestaan met sy tweede vrou. Die ganse saak tussen sy ouers was vir hom baie treurig en iets waaroor hy nie graag wou praat nie hoewel dit sy gedagtes voortdurend besig gehou het. Na sy mening was die nuwe egpaar in elk geval hulle eie baas in die najaag van wat hulle gemeen het wat "geluk" is en hy sou hulle steeds daarin respekteer. Hy het seker nie die reg gehad om met afkeuring tussenbeide te kom nie.⁴ Intussen het die bande met Marie Koopmans-De Wet begin ontwikkel soos blyk uit sy versoek dat sy 'n portret van haar en haar suster aan hom stuur.

Een portret van iemand uit een ver land heeft altijd iets van een persoonlijke ontmoeting; al is het daarvan maar een zwak surrogaat van een persoonlijke ontmoeting!⁵

Hy het teenoor sy tante die groot behoefte uitgespreek dat hy haar graag weer wou sien en met haar gesels soos wat hulle dit indertyd gedoen het toe hy nog student was. Dikwels was hy jammer oor die groot afstand wat hulle van mekaar skei. Miskien was dit ook maar goed so, want sy sou dalk gevind het dat hy baie verander het en nie tot sy voordeel nie. In plaas van die vrolike Frans van vroeër sou sy nou

... een andere, van minder gehalte, terugvinden, die correspondeert met 't geen Figaro in den Barbier de Séville zegt: *Je me presse de rire de tout, de peur d'être obligé d'en pleurer.*^{6/7}

² NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.12.1887.

³ *Ibid.*

⁴ *Ibid.*

⁵ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.03.1888.

⁶ *Ibid.*

In Marie Koopmans-De Wet het Engelenburg 'n sielsgenoot gevind. Hoe bitter graag sou hy weer lang en diep gesprekke met haar wou voer, veral oor sy ouers se egskeiding en sy persoonlike lewe. Sy tante, wat altyd geweet het watter onderwerpe hom sou interesseer, kon boeiend en verstandig met hom gesels. Uit latere briewe sou dit blyk dat sy die persoon was met wie hy sy diepste gevoelens gedeel het, nie met die mense die naaste aan hom nie. Hy het dit ook eenkeer self aan sy tante erken:

... want het doet mij goed zoo eens te kunnen praten, zooals ik denk, iets wat men, zelfs met zijne naaste familieleden niet altijd kan doen.⁸

In Augustus 1888 het hy sy tante meer besonderhede gegee oor die huwelike van sy ouers en skryf hy aan haar oor die, vir hom

... pijnlijke gebeurtenissen, welke intusschen hebben plaats gehad.⁹

Sy vader het op 19 Januarie 1888 in Heusden in die huwelik getree met 'n juffrou Christine Johanna Vos (1863-1903). Christine se vader, Gerrit Vos, was Kommissaris van Stoombote en Ekspediteur te Rotterdam.¹⁰ Frans Engelenburg het nie die huwelikseremonie bygewoon nie en sewe maande later het hy die nuwe vrou, wat vier maande jonger as hyself was, nog nie eers ontmoet nie. Sy was "van burgerlijke afkomst", maar omdat hy haar nog nie ontmoet het nie, wou hy nie 'n oordeel oor haar vel nie en op die oordeel van die buitewêreld wou hy hom nie verlaat nie, want almal het verskillende dinge van haar gesê. Wat die toekoms sou inhou, kon hy nie sê nie, maar Engelenburg was bevrees dat sy vader die afgelope tyd finansieel nie vooruitgegaan het nie. Ná die egskeiding van sy ouers het hy sy vader selde gesien. Hulle verhouding met mekaar was nie vyandig nie, maar baie koel. Sy vader het ná die huwelik na Apeldoorn, naby Arnhem, verhuis.¹¹

⁷ "I hurry to laugh at everything for fear of being obliged to weep."

⁸ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.12.1888.

⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

¹⁰ LBPA, Onderhoud: mnr. Joop Vos, Heusden, 21.10.2007.

¹¹ *Ibid.*

Sy moeder is drie maande later met die heer De Menthon Bake getroud; 'n respektabele man, 'n wewenaar en vader van 'n dogter wat op trou gestaan het en wat in daardie stadium nog in Leiden by haar oom, professor Van Voneval Faure, gewoon het. Gedurende die somermaande sou Engelenburg se moeder en haar eggenoot in 'n kleinerige huis naby Nijmegen woon en in die winter in hulle huis in Den Haag. Engelenburg en sy broers het sy moeder en haar eggenoot dikwels besoek.¹² Met sy twee broers het Engelenburg goed oor die weg gekom. Sy oudste broer Cornelis of Kees soos hy genoem is, het teen die einde van 1888 steeds as Kommissaris by die Poswese gewerk en het in daardie stadium in Schiedam (tussen Den Haag en Rotterdam) gewoon. Kees het hom blykbaar goed van sy taak gekwyt en het sy jonger broer Frans dikwels opgesoek. Willem, die jongste broer, het in daardie tydperk in Delft studeer en sou binne 'n jaar of twee sy ingenieursdiploma verwerf. Sy eksamen het hy met sukses geslaag en sy prakties het hy by 'n groot fabriek in Zwolle gedoen. Van hom skryf Engelenburg:

Hij is flink en breed opgegroeid en nog groter dan Kees en ik. Hij zal zich ook wel door de wereld heenslaan!¹³

Engelenburg het, soos reeds genoem, hom in Den Haag gevestig. Hy het daarteen opgesien om in Arnhem sy loopbaan te begin "waar iedereen mijne ouders" ken.¹⁴ 'n Egskeiding in die negentiende eeu was groot nuus in 'n gemeenskap en mense het daarvoor gepraat. Hy het hom die egskeiding van sy ouers sterk aangetrek en vir hom en sy broers moes dit sekerlik baie ongemaklik gewees het om wedersydse bekendes raak te loop. Hy het dus besluit om 'n praktyk in 'n heel vreemde omgewing op die been te probeer kry. Dit het egter baie moeilik gegaan, want niemand het hom geken nie, met die gevolg dat die werk nie juis ingestroom het nie. Hy het wel 'n paar strafsake met sukses bepleit, maar sonder konneksies by die balie het hy nie ver gekom nie. Om 'n winsgewende praktyk op die been te bring, sou jare duur en daarvoor het Engelenburg nie die geduld gehad nie. Ongeveer 'n jaar nadat hy hom in Den Haag gevestig het, het hy besluit om die regsberoep te laat vaar en in Mei 1888 het hy 'n aanbieding van Fred van Hogendorp aanvaar,

¹² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

¹³ *Ibid.*

¹⁴ *Ibid.*

... een oude bekende, die ik toen ik U lieden mocht vergezellen, te Parijs ontmoette. Als student was ik meermalen in het litterair arena met hem in aanraking geweest, zoodat wij ook op het gebied der letteren geen vreemden waren.¹⁵

Van Hogendorp, met wie Engelenburg as student kennis gemaak het, was bekend vir sy geestigheid en die gemaklikheid waarmee hy die pen kon hanteer. Hy was rondom 1875 vir 'n paar jaar lid van die balie in Bloemfontein en redakteur van die *Bloemfontein Express*. Later is hy terug na Nederland waar hy die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage*¹⁶ bedryf het.¹⁷

Engelenburg se salaris in sy nuwe pos het f1 200 per jaar beloop,

... in de hoop dit inkomen door mijn vlijt te kunnen vermeederen. De courant heet het *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage*, is een deftig orgaan van de conservatieve richting.¹⁸

Hy het geoordeel dat, vir die hede, dit die beste was wat hy kon doen.

De tijden zijn moeilijk en vooral voor mij zijn de omstandigheden in de familie niet gunstig geweest. Ik moet zelf mijn carrière maken en zie daartegen heelemaal niet op, want hoofd en lichaam zijn gezond. Van mijn vader ontvang ik bovendien, evenals de broers, eene jaarlijksche toelage.¹⁹

Die nood moes hoog gewees het vir 'n persoon wat liberaal gesind is, om hom by 'n konserwatiewe blad aan te sluit. Maar, soos Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet geskryf het, tye was moeilik en sy persoonlike omstandighede was nie baie gunstig nie. Hy kon dus nie kieskeurig wees nie. As 'n junior joernalis het Engelenburg nie veel by die koerant verdien nie. Sy vader se maandelikse toelaag sou

¹⁵ *Ibid.*

¹⁶ Van 1853-1904 het die koerant bekend gestaan as *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage*. Gedurende hierdie tyd is *Zuidholland* in die titel gewysig na *Zuid-Holland*. Van 1905-1911 het die koerant se naam verander na *Land en volk*. Van 1911-1922 is dit weer uitgegee onder die naam *Dagblad van Zuid-Holland en 'sGravenhage*.

¹⁷ F.V. Engelenburg, "In memoriam: dr. F. Baron van Hogendorp", *De Volksstem*, 31.10.1889.

¹⁸ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

¹⁹ *Ibid.*

waarskynlik ook net genoeg wees om die noodsaaklike te betaal. Dit is onwaarskynlik dat Engelenburg in daardie stadium as 'n ryk jong man geleef het.

Vir Engelenburg, toe 25 jaar oud, was dit 'n donker tydperk in sy lewe met min vreugde. Die lewe wat hy vir homself in die vooruitsig gestel het en waarna hy so uitgesien het, naamlik om finansieel onafhanklik te word en om 'n suksesvolle beroep te hê, het vir hom maar wankelrig begin. Die reeds vermelde egskeiding van sy ouers het selfs sy loopbaan beïnvloed.

Somtyds gevoel ik mij erg "down", als ik al het gebeurde en de gevolgen daarvan naga. Gelukkig ben ik mij van geen schuld bewust. Daarbij, de boeken bieden – dat heb ik al gemerkt – een groote troost, en een bietje cynisme – vergeef me dat ik 't zeg – verzacht aanmerkelijk de stooten des levens.²⁰

Die egskeiding het dus veroorsaak dat hy soms depressief gevoel het en in so 'n toestand sou hy hom onttrek aan kennis en liever alleen by die huis wou deurbring. Hierdie depressiewe gevoel het hom sy lewe lank agtervolg. In 'n later hoofstuk word meer hieroor gesê. Marie Koopmans-De Wet was vir hom 'n groot steunpilaar. Hy het meermale die wens uitgespreek dat sy in lewende lywe daar was sodat hy lang gesprekke met haar kon voer. Sy ryk en snobistiese tante Fanny, het Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet berig, was nie juis baie vriendelik teenoor hom en sy twee broers nie, veral toe sy hoor dat Engelenburg hom tot die joernalistiek gewend het.

Zij vindt dit beroep blijkbaar niet deftig genoeg en vindt misschien zulk een neef eenigszins compromittant.²¹

Toe hy haar eenkeer besoek het, het sy geweier om hom te ontvang met die boodskap dat daar nie joernaliste in die Engelenburg-geslag is nie. Heelwat later in sy lewe sou hy, met sy fyn sin vir humor, dit heel prettig vind dat sy tante so onthuts was dat hy hom aan die "vernederende" beroep van joernalis kon wy.²² Die feit dat 'n joernalis steeds en oral 'n "gentleman" kon bly, het Engelenburg se besluit om joernalis te

²⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 's Gravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.08.1888.

²¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.12.1888.

²² R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg", *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 21.

word, vir hom egter makliker gemaak.²³ Sy idee van 'n "gentleman"-joernalis het hy die res van sy lewe gehandhaaf. Tot sy dood was hy altyd 'n "gentleman".

In Januarie 1889 het Engelenburg uit Den Haag as korrespondent vir *De Volksstem* in Pretoria begin optree. Wicher Jonker was toe die eienaar en redakteur van dié koerant. *De Volksstem* is in Pretoria in Augustus 1873 gestig, 49 jaar ná die einde van die jarelange stryd om persvryheid in Suid-Afrika. Engelenburg was in 1873 nog 'n 10-jarige seun en onbewus daarvan dat hy in later jare 'n groot rol in die bestaan van dié koerant sou speel. Van die 78 jaar wat die koerant bestaan het, sou Engelenburg 49 jaar daaraan verbonde wees. Om 'n idee te gee van waar *De Volksstem* in die geskiedenis van die koerantwese van Suid-Afrika inpas, word kortliks 'n oorsig oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse drukpers weergegee. Daarna word die ontstaansgeskiedenis van *De Volksstem* weergegee, asook in watter stadium Engelenburg by die koerant betrokke begin raak het. In verdere hoofstukke word die verloop van die koerant se bestaan bespreek. In 'n opvolgende studie sal die koerant se geskiedenis ná 1910 ondersoek word met die doel om 'n meer volledige geskiedenis van die koerant te skets as wat tot op hede nog die geval was.

In 1913 skryf J.H. Hofmeyr en F.W. Reitz:

Voor de gewone burger van 1823, die met zijn buurman een pijpje rookte en gesprek voerde op de stoep van zijn woning op de Heerengracht, zou het idee van een private drukpers op te richten belachlijk zijn geweest, en om een nieuwsblad uit te geven iets dat niet ver van krankzinnigheid verwijderd was. Alle drukwerk dat gedaan moest worden, kon immers aan de goevernementskantoren verricht worden, en wat betrof een nieuwsblad, wel, zij waren reeds zo lang klaar gekomen daarzonder, dat de gedachte van de oude verordening te doen wijken voor het nieuwe niet ver verwijderd zou zijn van heiligschennis.²⁴

In 1924, honderd jaar ná die verskyning van die eerste publieke koerant in die Kaap, het die volgende in *De Volkstem* verskyn:

²³ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.12.1888.

²⁴ P.J. Nienaber, 'n *Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 16 (Aangehaal uit: G.R. Hofmeyr, *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, 1913, p. 44.)

In die geskiedenis van Suid-Afrika – veral die geskiedenis wat iets beteken, omdat dit die storie is van probeerslae, om ons volk te ontwikkel – is daar weinige stories wat die belangstelling meer boei as die stryd om ons 'n vrye Drukkers te gee.²⁵

Gedurende die V.O.C.-tydperk het die owerheid aan die Kaap die reg om te druk as 'n monopolie beskou en dit al die jare gehandhaaf. Tydens die daaropvolgende Britse bestuurstydperk het 'n stryd om die vryheid van die pers ontbrand. In 1828 is hierdie stryd om persvryheid beslis en in die daaropvolgende jaar is die oorwinning vir persvryheid in 'n ordonnansie neergelê. 'n Aantal koerante en tydskrifte het hierna in die Kaap begin verskyn. Toe van die Afrikaners in 1836 die binneland begin intrek, het die pers hulle op hul trek na die noorde gevolg.²⁶ Heelwat nuusblaaie het na verloop van tyd in die Vrystaat en Transvaal die lig gesien, maar dikwels het hulle net so gou weer van die toneel verdwyn.

In Augustus 1863 het die *Staatscourant*, uitgegee deur J.P. Borrius (1840-1892) en Daantjie Immelman, vir die eerste keer in Pretoria verskyn. In 1864 het C.P. Moll in Pretoria begin met die uitgee van 'n weeklikse tweetalige nuusblad *De Republikein*, maar weens ongunstige tye het dit nie lank bestaan nie.²⁷ *De Expresse* het in 1869 verskyn. 'n Koerant in die gewone betekenis van die woord, 'n suiwer nuusblad wat alleen in die amptelike landstaal Nederlands gedruk en patrioties gekleur was, het voorlopig nog ontbreek.²⁸ Die feit dat tussen die jare 1857 en 1873 in Transvaal soveel pogings aangewend is om nuusblaaie tot stand te bring, bewys dat daar 'n werklike behoefte bestaan het aan 'n nuusblad wat die regering goedgesind was.²⁹

Toe J.P. Borrius *The Transvaal Argus* verkoop, eers aan John Henry Roselt wat dit in 1871 weer aan 'n sekere Rutherford verkoop het, is die blad herdoop en omgewerk in

²⁵ P.J. Nienaber, 'n *Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, pp. 9 en 10.

²⁶ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy.) Bpk. (1873-1960)*, p. 7.

²⁷ NASA, TAB, SS, Band R.5532/93. 'n Brosjyre deur F.V. Engelenburg geskryf op versoek van A.L. Pienaar van die Geographical Society van Parys, Frankryk, 1893.

²⁸ J. Ploeger en H. Orban *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy.) Bpk. (1873-1960)*, p. 7.

²⁹ P.G. Badenhorst, *Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900*, p. 6.

'n Britsgeinde orgaan, *The Transvaal Advocate*. Die politiek van die *Advocate* het teen die belange van die regering ingedruis met die gevolg dat die behoefte aan 'n eg-Transvaalse blad teen 1872 sterk gevoel is.³⁰ Die saak is daarna deur president T.F. Burgers (1834–1881), staatsekretaris N.J.R. Swart, staatsprokureur James Buchanan, H.C. Bergsma, later Konsul-Generaal vir Nederland in die Transvaal,³¹ Frederick Jeppe en Friedrich Heinrich³² bespreek en hulle het hulle steun aan die stigting van 'n eie koerant toegesê.³³ Nieteenstaande al die moeilikhede wat die oprigting en instandhouding van 'n nuusblad in die weg gestaan het, het president Burgers die waarde van 'n goeie Hollandse koerant besef, onder andere om sy politieke loopbaan te bevorder. Tydens sy besoek aan Kaapstad in 1872 het hy met Jan F. Celliers (1839–1895), vader van die digter en skrywer Jan F.E. Celliers, wat in die redaksie van *Het Volksblad* werksaam was, onderhandel om in Pretoria 'n koerant te begin wat die Republiek se standpunt teen die Britte sou verdedig en die saak van die Boere sou bevorder.³⁴ Burgers, Swart, Buchanan, Bergsma en Jeppe het elkeen £80 bygedra ten einde Celliers in staat te stel om die nodige materiaal aan te koop.³⁵ Celliers en sy gesin het hulle in Mei 1873 in Pretoria gevestig.³⁶

Die beoogde publikasie van *De Volksstem* is op 17 Junie 1873 in die *Staatscourant* aangekondig onder die opskrif *De Volkstem, Nieuws en advertentie blad voor de Transvaal*.³⁷ Op Vrydag 8 Augustus 1873 het die eerste uitgawe in Pretoria verskyn. Die wapen van die ZAR het op die voorblad gepryk. Die grootte was ongeveer 56cm x 38cm, gedruk op die ou regeringshandpers³⁸

³⁰ Redaksionele kommentaar, "'n Nationale Erfenis", Bijvoegsel tot *De Volkstem*, 02.08.1912.

³¹ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 8.

³² Albei was staatsamptenare van die ZAR van wie Jeppe die bekendste sou word. Hy was 'n kartograaf en 'n kunstenaar en was in sy laaste diensjare tekenaar in die kantoor van die Landmeter-generaal.

³³ P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 100.

³⁴ S.P. Engelbrecht, *Thomas Francois Burgers: 'n lewenskets*, p. 131.

³⁵ Redaksionele kommentaar, "'n Nationale Erfenis", Bijvoegsel tot *De Volkstem*, 02.08.1912.

³⁶ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873 – 1960)*, p. 8.

³⁷ "De Volkstem, Nieuws en advertentie blad voor de Transvaal" in *Staatscourant der Zuid Afrikaanse Republiek*, Nr. 454, 17.06.1873.

³⁸ *De Volkstem*, 8 Augustus 1873.

en bevatte 5¾ kolom Nederl. Tekst, 2 ½ kol. Engelschen.³⁹

Dit het elke Vrydagoggend verskyn en die koste per posaflewering was £1,10 jaarliks, vooruitbetaalbaar.⁴⁰ In die begin het *De Volksstem* dieselfde beleid van tweetaligheid as die ander koerante gevolg en het die vernaamste artikels in Nederlands en Engels verskyn.⁴¹ Die beleid van die blad was die "ontwikkeling, verbetering en opvoeding van 't Volk'.⁴² Die koerant het sy naam te danke gehad aan vriende en prominente volksmanne wat in oorleg met Celliers op *De Volksstem* besluit het.⁴³

Jan F. Celliers, oprigter, eerste redakteur en eienaar van *De Volksstem*, het baanbrekerswerk verrig. Die beginjare was moeilik. By sy aankoms in Pretoria moes hy vind dat sy drukpers en materiaal nie aangekom het nie, omdat die skip die *Fidela*, tussen Kaapstad en Durban gestrand het.⁴⁴ Dit het gelei tot 'n kontrak met J. Cooper Rous, destydse Staatsdrukker.⁴⁵ Hiervolgens sou *De Volksstem* aanvanklik op die regeringsdrukkers gedruk word. Celliers en Rous was tot met Rous se afsterwe in 1876 vennote.⁴⁶ Op 30 Oktober 1873 het die nuwe handpers, via Kimberley in Pretoria aangekom en kon die blad een keer per week verskyn.⁴⁷

Die eerste geboutjie waarin die blad gehuisves was, was 'n bouvallige grasdakhuisie op Kerkplein. In die ou vervalle gebou het die Volksraad vroeër hulle sittinge gehou. Die koerant se "verblyf" daar was van korte duur. Een Saterdagmiddag het 'n geweldige storm oor die stad losgebreek – een van die namiddagstorms waarvoor Pretoria bekend is. Die dak van die geboutjie is afgeruk en die hele drukkerij was

³⁹ NASA, Aanwins A787/207, Prellerversameling, H. Meert, *Neerlandia*, Oktober 1898.

⁴⁰ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960)*, p. 8.

⁴¹ P.J. Nienaber, 'n *Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 100.

⁴² *De Volkstem*, 08.08.1873.

⁴³ Anon., "Herinneringe van die heer W.T. Bell", *De Volkstem*, Augustus 1918.

⁴⁴ Redaksionele kommentaar, "1873-1893", *De Volksstem*, 08.08.1893.

⁴⁵ P.G. Badenhorst, *Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900*, (D. Litt et Phil, Unisa, Pretoria, 1945), p. 8.

⁴⁶ J.M. Schoeman, *Koerantberiggewing oor die krisisdag 25 September tot 20 Oktober 1899: 'n Kritiese metodologiese analise*, pp. 9 en 10.

⁴⁷ P.G. Badenhorst, *Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900*, p. 9.

daarmee heen.⁴⁸ Kort daarna, in November 1873, het Celliers die besigheid oorgeplaas na 'n beter gebou in Kerkstraat⁴⁹ naby die toe nog bekende modewinkel, Millar en Kie, vanwaar dit twee jaar later verskuif is na 'n ander gebou in Kerkstraat "tegenover den Boekwinkel van den Heer Jutta".⁵⁰

Celliers se personeel was beperk. Afgesien van die hulp van Rous as subredakteur het hy twee lettersetters en twee leerjongens gehad.⁵¹ In 1874 het hy die medewerking van W.E. Bok (1846-1904) en J.A. Vogel (*1842-1885) verkry en in 1876 is P.W.T. Bell, die latere eerste direkteur van die Republikeinse Staatsdrukkery, as voormandrukker aan die personeel toegevoeg.⁵²

Nie alleen het die blad met slegs 100 intekenare begin nie, maar dikwels moes intekenaars opgespoor word om hulle intekengeld te betaal.⁵³ Op 21 Februarie 1874, agt maande nadat die koerant sy deure oopgemaak het, plaas Celliers 'n artikel in die koerant met die opskrif: "Voor inteekeparen op kouranten". In die artikel vertel hy watter metodes die Amerikaanse dagblaaie gebruik om hulle intekenare aan te maan om te betaal. Waarskynlik het Celliers dit ook op die intekenare van *De Volksstem* gemik:

Wij streven er naar om een godsdienstig leven te leiden en hopen daardoor in den hemel te komen; wij zouden gaarne ook al onze abonnés (inteekenaars) daar ontmoeten – dat echter nimmer zal kunnen geschieden, als zij niet, zooals eer en plicht gebiedt, hun schuld aan ons voldoen. Wie zijn abonnement niet betaald, moge in een woestijn van boskruid door den bliksem getroffen worden. Hij moge door duizenden vlooiën worden uitgezogen, zoo als hij ene dood, door zijn abonnement niet te betalen. Hij moge als hij een naauwe laars aantrekt, daarin een levend stekelvarken vinden. Hij moge een kijdende vrouw en een rookende schoorsteen hebben. Het is ene hoogst merkwaardig verschijnsel, dat nog nooit een man die zijn dagblad regelmatig betaalde, een zelfmoord heeft begaan; ook is, met zeer weinig uitzondering, een lang leven steeds zijn deel geweest.

⁴⁸ Herinneringe van die heer W.T. Bell, *De Volksstem*, Augustus 1918.

⁴⁹ NASA, TAB, SS, Band R.1800/73.

⁵⁰ J.F. Celliers en J.C. Rous, "Kennisgewing van verhuizing", *De Volksstem*, 23.10.1875.

⁵¹ "De geschiedenis der Volksstem", *De Volksstem*, 08.08.1893.

⁵² J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873 – 1960)*, p. 9.

⁵³ *Ibid.*, pp. 10 en 11.

Wanbetaling van abonné's van gelden is de eerste stap tot de misdaad; dit mog onzen lezers tot waarschuwing strekken. Wij kennen een man, die zijn dagblad steeds vooruit betaald. Hij is in zijn geheele leven nog geen dag ziek gewees, heeft geen liddoorns, nog minder klaagt hij van tandpijn en zijn kinderen huilen nooit des nachts.⁵⁴

Van 1877 tot 1880, tydens die Britse anneksasie van die *Zuid-Afrikaansche Republiek*, moes die uitgee van die koerant soms gestaak word as gevolg van die voortdurende inmengery van die Engelse regering.⁵⁵ Celliers het die kolomme van sy blad in diens van die Transvalers, wat die anneksasie verfoei het, gestel. Die Engelse regering was nie daarmee gediend nie en Celliers het die regeringskontrak in verband met drukwerk verloor. Die regeringshandpers, waarop die *Staatscourant* gedruk is, is weggehaal en die invoer van koerantpapier uit Natal is vervolgens belet.⁵⁶

Ernstige finansiële probleme het *De Volksstem* later genoop om sirkulasie buite Pretoria te staak en dit sou die einde van hierdie onderneming beteken het indien generaal Piet Joubert nie ingegryp en voldoende intekenare gewerf en fondse tydens 'n volksvergadering by Sesmylspruit ingesamel het nie. Toe die Engelse Celliers se drukpers wat aan die Transvaalse Regering behoort het, verwyder, het die burgers tydens 'n protesvergadering te Heidelberg, weer op inisiatief van generaal Joubert, geld ingesamel waarmee 'n nuwe drukpers vir Celliers aangeskaf is.⁵⁷ Hy het moedig voortgegaan.

Tot en met die anneksasie in April 1877 was *De Volksstem* nie die vertolker van die gevoelens van die meerderheid van die volk nie. Namate president T.F. Burgers (president van 1872 tot 1877) se tanende populariteit hom al meer uit voeling met die standpunte van die Transvaalse burgers geplaas het, het *De Volksstem* al minder weerklank by hulle gevind. Die blad het selfs ná die anneksasie van Theophilus Shepstone, Burgers aangeraai om die nuwe Britse gesag te aanvaar. Toe Shepstone sy beloftes om aan Transvaal selfregering te gee nie nagekom het nie, het *De Volksstem*

⁵⁴ Anon., "Mengelwerk", *De Volksstem*, 21.02.1874.

⁵⁵ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, p. 10.

⁵⁶ J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960)*, p. 10.

⁵⁷ Redaksionele kommentaar, "'n Nasionale Erfenis", Bijvoegsel tot *De Volkstem*, 02.08.1912.

kritiek begin uitoefen. Shepstone het niks daarvan gehou nie en het sy bes gedoen om *De Volksstem* te laat doodbloei. 'n Reeks protesvergaderings wat Celliers onder meer vanaf 1878 by Wonderfontein bygewoon het, het meegebring dat sy koerant 'n algehele verandering van beleid ondergaan het. Van toe af het die blad opgetree as die vurige pleitbesorger vir die onafhanklikheid van Transvaal.⁵⁸

Ná die herstel van die vrede in 1881, dit wil sê ná die Eerste Vryheidsoorlog, het Celliers die koerant twee maal per week uitgegee. Die advertensietariewe is verhoog en vir die volgende jare het hy weer die Goewermentskontrakte gekry.⁵⁹ Sy besigheid het begin floreer. De *Volksstem* het egter weer met sy ou beleid, wat dit in die Burgers-tydperk bepleit het voor die dag gekom. Paul Kruger was nou president van die ZAR. Die blad het daarna gestreef om die binnelandse politiek op hegte grondslag te kry, onder meer om 'n regering aan die bewind te kry wat vertrou, sowel binne as buite die Republiek sou afdwing. Die houding wat die blad teenoor Kruger ingeneem het, het geensins daartoe bygedra om van sy politieke voorligting 'n sukses te maak nie. Sedert die republiek sy onafhanklikheid herwin het, het De *Volksstem* nie sy houding teenoor die persoon en politiek van Kruger verander nie.⁶⁰ Die blad het afsydig en krities teenoor die regering gestaan. Wat die Transvaalse burgers egter nodig gehad het, was 'n blad wat hulle saak met liefde, simpatie en oortuiging kon propageer. Hieraan het De *Volksstem* nie voldoen nie.⁶¹ Die kortsigtige anti-Krugerbeleid van De *Volksstem* tot 1889 het veel daartoe bygedra dat die blad 'n sukkelende finansiële bestaan begin voer het.⁶²

Van die begin af het handelsdrukkerwerk 'n betekenisvolle rol in die koerant se finansies gespeel. Waar die koerantbedryf in die beginjare soms in geldelike moeilikheid verkeer het, het handelsdrukkerwerk altyd vir 'n gesonde bedryfsgrondslag gesorg. Namate die vraag na drukwerk toegeneem het, het hierdie tak van werksaamhede steeds belangriker geword. Die eerste boek wat deur *De Volksstem*-drukkery gedruk

⁵⁸ *Ibid.*, pp. 37-39.

⁵⁹ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, p. 10.

⁶⁰ *Ibid.*, pp. 39-41.

⁶¹ *Ibid.*, p. 45.

⁶² *Ibid.*, p. 60.

is, was die digbundel van die Pretoriase winkelier-digter, Albert Brodrick wat rondom 1874-5 verskyn het.⁶³

In 1882 word Celliers as Volksraadslid vir Bloemhof verkies en in 1888 het hy besluit om sy hele onderneming vir £20 000 aan die Transvaalse regering te verkoop.⁶⁴ Die Uitvoerende Raad het egter, nadat 'n deel van die toerusting agtergehou is, die res dadelik weer verkoop aan Wicher Jonker, 'n Nederlander van die Republiek van die Oranje Vrystaat.⁶⁵

Op 30 Julie 1888 het dr. W.E. Bok vir Jonker skriftelik in kennis gestel van die Uitvoerende Raad se besluit om sy aansoek te aanvaar. Die reg tot uitgee van *De Volksstem* is aan hom oorgedra teen die som van £1 500. 'n Kontrak is daarna tussen die regering en Jonker opgestel. Die bestaande intekenare van die koerant sou die reg behou op hulle eksemplare vir die tydperk wat hulle ingeteken het en voorts moes Jonker sorg dat *De Volksstem* bly voortbestaan.⁶⁶

Intussen was Engelenburg in Den Haag nog gelukkig in sy nuwe beroep en was hy nie spyt oor sy besluit om 'n joernalistieke loopbaan te volg nie. Die mense het hom oral hartlik ontvang en meer het hy nie gevra nie. Engelenburg was goed op hoogte van ekonomiese en staatkundige sake en kon tydens koerantonderhoude, ondanks sy jeugdigheid, met kundigheid sy man staan. Hy het goed met Van Hogendorp oor die weg gekom en hulle het dikwels oor Kaapse aangeleenthede gesels en dan is daar ook oor sy tante Marie Koopmans-De Wet en haar suster gepraat wat vir Van Hogendorp in Parys ontmoet het.⁶⁷

Op 22 Maart 1889 het Engelenburg uit Den Haag weer 'n bydrae aan Jonker gestuur wat op 25 April 1889 in *De Volksstem* geplaas is.⁶⁸ Die artikel het gehandel oor die

⁶³ J. Ploeger en H. Orban *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs's Drukkers en Uitgewers (Mpy.) Bpk. (1873-1960)*, p. 30 en 32.

⁶⁴ NASA, TAB, UR, Band 407, 30.7.88.

⁶⁵ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, p. 14.

⁶⁶ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgargief, W.E. Bok, Staatsekretaris – W. Jonker, BB no. 1653/88, Pretoria Z.A.R., 30 Julie 1888.

⁶⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Groote Markt 27, 'sGravenhage – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 05.12.1888.

⁶⁸ Korrespondent uit Den Haag, "Brieven uit Den Haag", *De Volksstem*, 25.04.1889.

staatkundige stryd in Nederland en in besonder die lewenstoestande van die werkersklas. 'n Wetsontwerp wat kinders jonger as 12 of 13 jaar verbied om in die fabriek te werk en ook vroue en jong meisies se arbeid daar te beperk, is ook behandel. In die artikel het hy ook die een en ander geskryf oor die kiesstruktuur van die Eerste Kamer (Hoër Huis) en die Tweede Kamer (Laer Huis) in Nederland. Verder het die artikel gehandel oor "koetjies en kalfjes". Hy het vertel van die groot landboutentoonstelling wat plaasgevind het in Windsor in die park van die Engelse koningin.

Dat er veel van de Britten te leeren valt, wie zal het ontkennen? Maar in een ding zijn de Hollanders hun toch zeker de baas, ik bedoel in de kunst om vee te fokken, niet enkel slachtvee, maar voornamelijk melkgevend gedierte.⁶⁹

Engelenburg was toe nog steeds by die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage* werksaam. Gedurende die eerste maande van 1889 het Van Hogendorp vreemd begin optree. Dit sou later blyk dat hy besig was om kranksinnig te word. Later, toe Engelenburg reeds in die Transvaal aangekom het, het hy verneem dat die kranksinnigheid van Van Hogendorp 'n akute vorm aangeneem het toe dié se barbier hom soggens in sy kamer gevind het waar hy onophoudelik gedans het. Hy wou selfs by die apteek 'n oranje oorhemp koop en het woedend geword toe die apteker hom meegedeel het dat hy nie sulke kledingstukke in voorraad het nie. Hy is toe deur 'n paar dokters op die trein gesit en na Duitsland gestuur. Die 46-jarige Van Hogendorp het op 31 Oktober 1889 onverwags gesterf ná 'n siekte van slegs 'n paar weke. Oor die algemeen het die koerante in Nederland met groot waardering van hom gepraat en Engelenburg self het menige goeie stukke van hom gelees. Engelenburg het, toe hy later in Pretoria was, daaraan gedink om met die uitgewer van die *Bloemfontein Express* in aanraking te kom om die interessantste en beste van Van Hogendorp se Vrystaatse stukke te versamel en in Nederland te laat publiseer. Maar dit sou alles tyd verg en daarvan het hy weinig gehad toe hy eers in Pretoria aangekom het.⁷⁰

Moontlik het Van Hogendorp se toenemende agteruitgang dit onuithoudbaar vir die personeel, onder andere Engelenburg, gemaak om by die koerant aan te bly. Hy het

⁶⁹ *Ibid.*

⁷⁰ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 02.01.1890.

waarskynlik nie kans gesien om weer met 'n regspraktyk in Nederland te begin nie. Die alternatief was dat hy uitwyk na 'n ander land. In die omstandighede was dit moontlik vir hom die beste keuse om na die Transvaal te kom. Eerstens was die Nederlanders in groot aanvraag by die Transvaalse regering en tweedens was daar baie moontlikhede in die opkomende land. Hy kon ook geredeneer het dat hy dan vir Marie Koopmans-De Wet meer dikwels te sien sou kry. Sy was in vele opsigte sy sielsgenoot en mentor. Op 15 Mei 1889 het Engelenburg in 'n telegram sy dienste vir *De Volksstem* aangebied. Op 17 Mei het die antwoord gekom dat daar geen betrekking vakant was nie. Indien hy egter steeds van voorneme was om na die Transvaal te kom, sou dit gerade wees om oor voldoende middele te beskik om vir twee of drie maande op eie koste te oorleef. Binne hierdie tyd sou hy wel die een of ander betrekking vind.⁷¹ Min het hy geweet dat tragiese omstandighede rondom die toenmalige eienaar van *De Volksstem* op 'n eienaardige wyse in sy guns sou tel.

Jonker het nie baie goed met sy koerant gevaar nie en afgesien daarvan dat dit finansiële nie goed gegaan het nie, was die administrasie in 'n haglike toestand.⁷² Op 27 Mei 1889 het die 29-jarige Wicher Jonker die hand aan sy lewe geslaan nadat hy eers sy vrou, Hendrika Wilhelmina (gebore Schummelketel), doodgeskiet het. Hulle babaseuntjie, Wicher Christiaan, was vier maande oud toe die tragedie hom afgespeel het. In *De Volksstem* word daardie selfde dag 'n kort beriggie oor Jonker en sy jeugdige eggenote se dood geplaas. Die wyse waarop hulle gesterf het, is egter nie in die koerant genoem nie.

Het past ons niet onder deze omstandigheden veel over dit vreeselijke geval te zeggen.⁷³

Wyle mevrou Jonker se suster het die baba hierna in haar sorg geneem, maar op 16 Desember 1889 is die seuntjie op elf maande ouderdom oorlede.⁷⁴

⁷¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 25, F.V. Engelenburg – F.T.V. Engelenburg, 13.06.1889.

⁷² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, subléer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 27.10.1889.

⁷³ Anon., "In memoriam", *De Volksstem*, 27.05.1889.

⁷⁴ NASA, TAB, MHG, Band 5080/89, Sterfkennis van die seuntjie, Wicher Christiaan Jonker, 16.12.1889.

Kort voor Jonker se dood het hy twee loterykaartjies, nommers 1517 en 1519 van £1 elk gekoop. Die trekking het op Dinsdag, 30 April 1889 by die Pretoria Stadsaal plaasgevind.⁷⁵ Het hy op hierdie manier probeer om sy besigheid te red of het hy sy geld op hierdie manier weggedobbel? Ons sal die antwoord nooit weet nie. Wat ons wel weet is dat die hof op dieselfde dag van Jonker se dood, M. Hogerzeil as kurator van Jonker se boedel aangewys het om die *Volksstem*-drukkery, geleë in Kerkstraat 326 voort te sit, die geld van die besigheid in te vorder en die nodige uitbetalings te doen. Hogerzeil moes sorg dra dat die besigheid voortgaan.⁷⁶

Toe Engelenburg van Jonker se dood verneem het, het hy onmiddellik sy bedanking by die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage* ingedien. Hy het nie die geld gehad om vir sy bootreis na Kaapstad en die reis oorland na die Transvaal te betaal nie en om vir 'n paar maande sonder 'n inkomste te oorleef. Hy het egter besluit om sy trots in sy sak te steek en sy vader om 'n lening van f3 000 te vra. Sy vader het hom f2 725 geleen wat hy 11 jaar later ten volle terugbetaal het.⁷⁷

Op 23 Junie 1889 het Engelenburg sy tante laat weet dat hy binne enkele weke na Suid-Afrika sou vertrek. Hy sou op sy deurreis na die Transvaal via Durban eers 'n paar dae by haar in die Kaap oorbly.

Wil uit dit mijn plan niet opmaken dat ik op eens een *enfant perdu*⁷⁸ ben geworden en *faute de mieux*⁷⁹ het land verlaat.⁸⁰

Hy was in daardie stadium nog onseker oor watter loopbaan hy in die Transvaal sou volg,⁸¹ maar in sy agterkop het hy sekerlik gehoop om 'n pos by *De Volksstem* te kry. Voor sy vertrek het hy 'n besige tyd gehad om al sy sake in orde te kry en om alle

⁷⁵ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Loterykaartjies.

⁷⁶ Anon., "Aan de lezers van de "Volksstem". In het Hoog Gerechtshof der Zuid-Afrik. Republiek", *De Volksstem*, 30.05.1889.

⁷⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 25, F.V. Engelenburg – F.T.V. Engelenburg, 13.06.1889. Op hierdie brief het Engelenburg se vader in 1900 'n aantekening in sy eie handskrif gemaak dat die geld ten volle vereffen is.

⁷⁸ 'n "verlore kind" geword het.

⁷⁹ en "met die hoop vir iets beter " die land verlaat.

⁸⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Apeldoorn – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 23.06.1889.

⁸¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Apeldoorn – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 23.06.1889.

dokumentasie wat hy moontlik sou nodig kry, te bekom. Hy het eers na sy geboortedorp Arnhem gegaan en daar 'n afskrif van sy geboortesertifikaat gekry.⁸² Daarna is hy na die Universiteit van Leiden waar hy op 6 Julie 1889 'n aanbevelingsbrief van J.T. Buys, hoogleraar van dié universiteit, ontvang het.⁸³ Op 8 Julie het hy van G.J. Th. Beelaerts van Blokland eweneens 'n aanbevelingsbrief aangevra.⁸⁴ Engelenburg het waarskynlik ook literatuur oor die *Zuid-Afrikaansche Republiek* van die *Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging* (N.Z.A.V.) bekom om hom so goed moontlik voor te berei.⁸⁵ Volgens 'n jaarverslag oor die tydperk 1886/1887 van die N.Z.A.V., wat hulle kantoor in Amsterdam gehad het, was Engelenburg gedurende daardie tydperk lid van dié vereniging. Die N.Z.A.V. is op 12 Mei 1881 opgerig met die doel om die middelpunt te vorm van alles wat vir die opbou van Transvaal, en Suid-Afrika in die algemeen, deur Nederland onderneem sou kon word. Die Vereniging sou hierna voortdurend op een of ander wyse, aktief werksaam wees om onder meer emigrasie van Nederlanders na Suid-Afrika te bevorder.⁸⁶ Die N.Z.A.V. het sedert 1888 ook as inligtingsentrum vir emigrante gedien.⁸⁷ Die laaste paar dae het Engelenburg by sy vader in Apeldoorn tuisgegaan om afskeid te neem. Die verhouding tussen hom en sy vader was in daardie stadium nog steeds koel. Engelenburg het begin Augustus 1889 per skip na Suid-Afrika vertrek.

Engelenburg, toe 26 jaar oud, stap op 22 Augustus 1889 in Kaapstad aan wal. Hy het sowat 'n maand by Marie Koopmans-De Wet oftewel tante Mimmie en haar suster Margaret in Strandstraat 23 tuisgegaan. Gedurende die paar weke het sy tante hom na al die mooi plekke in die Kaap geneem en hom aan haar vriende bekend gestel. Sy het ook 'n klompie jong mense na haar huis genooi en hier het hy kennis gemaak met onder andere die 19-jarige Jan Christiaan Smuts (1870–1950) wat jare later Eerste

⁸² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrif van geboortesertifikaat van F.V. Engelenburg, 29.06.1889.

⁸³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Aanbevelingsbrief: J.T. Buys aan F.V. Engelenburg, 06.07.1889.

⁸⁴ NZAV, Amsterdam, Aanwins. GBB, G.J. Th. Beelaerts van Bloklandversameling, Lêer 1, 1885-1897, F.V. Engelenburg, 's Gravenhage – G.J.Th. Beelaerts van Blokland, 08.07.1889.

⁸⁵ NZAV, Amsterdam, *Verslag van het bestuur der Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging over 1886/1887*, p. 25.

⁸⁶ A.P. du Plessis, *Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing*, p. 27.

⁸⁷ P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, Deel 2, p. 50.

Minister van Suid-Afrika sou word. Sy tante het ook gesorg dat hy Johan Hendrik (John Henry) (1842-1914)⁸⁸ en mev De Villiers van Wynberg ontmoet. Henry de Villiers was regter in die Kaap en die jong Engelenburg het dit goed gedink om sy doktorale proefskrif, wat hy in 1887 voltooi het, aan De Villiers te gee. Vier maande later het Engelenburg en regter De Villiers nog oor die verhandeling gekorrespondeer.⁸⁹ Moontlik het Marie-Koopmans-De Wet gehoop dat Engelenburg van sy plan sou afsien om na die Transvaal te gaan deur hom aan regter De Villiers voor te stel. Engelenburg het egter ander planne gehad, maar het Strandstraat 23 in die daaropvolgende jare dikwels besoek wanneer hy in die Kaap was.

Hy was gedurende sy lewe daarvoor bekend dat hy, oral waar hy gekom het, ook by museums of ou kerkgeboue, alles noukeurig ondersoek het. Dit is dus nie toevallig nie dat sy tante, kort ná sy besoek aan die Kaap, navraag begin doen het oor die 28 klein koper kanonnetjies wat al sedert 1806 in die besit was van die Munisipaliteit van Stellenbosch en in die Kruithuis daar bewaar is. Op Koningsverjaarsdag en by ander feesgeleenthede is die kosbare voorwerpe gebruik om saluutskote mee af te vuur om daarna maar weer vergete in die destyds bouvallige Kruithuis gebêre te word. Niemand kon vir haar sê aan wie die kanonnetjies behoort nie en volgens die stadsklerk van 1889 was dit algemeen aanvaar dat die regering 200 jaar tevore, dus ongeveer in 1689, die kanonnetjies aan die Burgerraad van die stad geskenk het.⁹⁰

Volgens H.C.V. Leibrandt, destyds verbonde aan die nasionale argiefbewaarplek in Kaapstad, het die kanonnetjies aan die klein leërtjie van generaal J.W. Janssens te Hottentots-Hollandkloof behoort. Hy wou hulle tydens die Slag van Blaauwbergstrand (8 Januarie 1806) vir die verdediging teen die Britse troepe gebruik. Ná die Bataafse bewind se nederlaag, toe Janssens hom oorgegee het, moes hy ook die kanonnetjies oorhandig. Die logiese handeling was dat hulle na Stellenbosch (die naaste magistraatskap) gestuur is omdat die paaie na Kaapstad destyds sanderig en moeilik begaanbaar was en die kanonnetjies moeilik vervoer kon

⁸⁸ De Villiers was later voorsitter van die Nasionale Konvensie wat die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 onderhandel het.

⁸⁹ SAB, Kaapstad, Aanwins. MSC7, Lord Henry de Villiers-versameling, Lêer 8(2), F.V. Engelenburg (Pretoria) – Sir Henry de Villiers (Kaapstad), 13.01.1889. Die jaartal wat Engelenburg aangee is foutief, want in Januarie 1889 was hy nog in Nederland en nie in Pretoria nie. Die korrekte jaartal is 1890.

⁹⁰ F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, pp. 160-162.

word.⁹¹ Op die een of ander manier het mev. Koopmans-De Wet daarin geslaag om twee van die koper kanonnetjies in die hande te kry. Dit het tot met haar dood in 1906 in haar huis gestaan waarna Engelenburg dit waarskynlik uit die boedel gekoop het. Die kanonnetjies is vandag nog in die Engelenburghuis te sien.

Ná sy besoek aan Kaapstad, het Engelenburg per skip na Durban vertrek vanwaar hy na die Transvaal sou reis. Hy het die middag van 26 September 1889 in Durban gearriveer waar hy die nag in 'n hotel tuisgegaan het. Die aand na ete het hy 'n brief aan sy tante geskryf en vertel van sy wedervaringe sedert hulle van mekaar in Kaapstad afskeid geneem het.

Heden middag is de zeereis geëindigd en het eerste, dat ik doe nadat ik het water van den oceaan van mijne voetzolen heb afgewischt (wil deze gebrekkige beeldspraak vergeven) is u eenige regels te schrijven.⁹²

Met die seereis van Kaapstad af na Durban was hy nie baie ingenome nie. Die see was ietwat stormagtig. Nouliks was die *Hawarden Castle* uit die Kaapse baai of die wind het geweldig begin waai en die skip het gedans, geslinger en gestamp. Niemand het hulle aan hom gesteur nie en tussen al die vreemde mense het hy maar bra eensaam gevoel en het hy verlang na sy tante se sorgsame teenwoordigheid.

Maar 'a la bonne heure,'⁹³ door die zure appel moet ik nu eenmaal heenbijten, daar helpt niets aan.⁹⁴

Tog het die gedagte hom goed gedoen dat daar, betreklik naby, twee persone was wat belanggestel het in sy doen en late en wie se beste wense hom vergesel het. In Durban was die weer mistroostig en reënerig met die gevolg dat hy nie lank daar wou vertoef nie. Trouens, hy wou so gou moontlik na die Transvaal reis om sekerheid te verkry aangaande sy onmiddellike toekoms.

Hoewel aan den eenen kant een zeker beklemd gevoel mij bevangen houdt, zoo ben ik toch tevens vol brandende nieuwsgierigheid hoe die meneer Engelenburg

⁹¹ F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, p. 163.

⁹² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Durban – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 26.09.1889.

⁹³ Maar "dit is nog maar die begin".

⁹⁴ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Durban – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 26.09.1889.

daarginds terecht zal komen; er ligt iets bovenmate pikants in heelemaal niet te weten wat de volgende week me zal brengen.⁹⁵

Sy kort verblyf in Durban het hom nie juis positief gestem nie.

Vlak achter mij zit iemand vervaarlijk op eene oude piano te trommelen; dit maakt het voeren eener behoorlijke correspondentie niet gemakkelijk, weshalve ik, beste tante, de pen er bij neerleg en mijn nachtverblijf ga opzoeken, hetwelk ergens aan de overkant van eene allermodderigste binnenplaats is gelegen en er heel anders uitziet dan de ruime slaapkamer, welke ik ten Uwent voor zoo langen tijd de mijne heb mogen noemen.⁹⁶

Die aand van 27 September 1889 het Engelenburg "per sneltrein ... naar het onzekere oord mijner bestemming" vertrek. Sy einddoel was Johannesburg waar hy beplan het om hom te vestig.⁹⁷ Die spoorlyn van Durban af het oor Pietermaritzburg, Estcourt, Ladysmith en Elandslaagte tot by Biggarsberg (later Glencoe genoem) geloop. Die lyn van Elandslaagte tot by Biggarsberg is skaars drie weke voor Engelenburg met die trein sou reis, voltooi. Eers in Mei 1890 is die spoorlyn tot by Newcastle voltooi en in April 1891 tot by die Transvaalse grensstasie Charlestown. Laasgenoemde was 304 myl (± 489 km) van Durban af.⁹⁸ Engelenburg moes dus op sy heel eerste treinrit in Suid-Afrika tot by Biggarsberg reis. Op 28 September het hy 'n kaartjie op Biggarsberg gekoop om met 'n poskoets verder die binneland in na Johannesburg te reis.⁹⁹ Sy reis was deur die Natalse hooglande, daarna deur Standerton en Heidelberg. Nieteenstaande die kaal, dorre streek waarlangs hy beweeg het en die ongerieflike rit, byna dag en nag in die poskoets, was hy vir geen oomblik verveeld nie.¹⁰⁰

Die perde- en muilkoets en koetsreise was glad nie so 'n romantiese en plesierige onderneming soos daaroor later jare gefantaseer is nie. Vir die passasiers en die

⁹⁵ *Ibid.*

⁹⁶ *Ibid.*

⁹⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 07.10.1889.

⁹⁸ E.D. Campbell, *The birth and development of the Natal Railways*, pp. 119 en 120.

⁹⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 6, sublêer 23, Reiskaartjie van 'n poskoetsmaatskappy aan Engelenburg uitgereik, 28.09.1889.

¹⁰⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 07.10.1889.

ongelukkige, half sonverbrande "bo-ryers" was koetsreise allesbehalwe plesierige togte. Gewoonlik was die koets topswaar gelaai en kon met sy hele lading maklik omslaan,¹⁰¹ soos wat met staatsekretaris W.J. Leyds gebeur het kort nadat Engelenburg in Pretoria aangekom het. Leyds was onderweg na Europa en sou met 'n perdekoets reis. Op 24 Oktober, toe Engelenburg reeds by *De Volksstem* aangestel was, is berig dat die koets tussen Johannesburg en Kimberley by Bloemhof omgeslaan het. Baie passasiers was beseer, maar Leyds het ongedeerd daarvan afgekom en kon sy reis na sy vaderland voortsit.¹⁰²

Die koetsdrywers het almal pistole onder hulle baadjies gedra, want dit was ook in die tyd dat goudstawe van die goudvelde per koets vervoer is. Wanneer die koets 'n dorp genader het, kon die poshoring al van ver gehoor word. Die poshoring het die stalbase by die posstalle gewaarsku om solank vars trekdier in gereedheid te kry sodat die verwisseling sonder oponthoud kon geskied. Een vir een is vars diere uit die stal gelei en langsmekaar gebring. Wanneer die koets oor die pad aangerol kom, het die span gereed gestaan. In Standerton het die koets voor die hotel *Blue Peter* oorkant die stalle stilgehou sodat die stof hulle vooruitgegaan en stadig oor die Markplein getrek het. Vuil, besweet en vol stof het die reisigers afgeklim en haastig die hotel binnegegaan waar sommiges moeg op die stoep gaan sit het. Die vrouens het gewoonlik erg verwaaid daar uitgesien. Die stof het dik op die gesigte van die drywer en leiselhouer gelê sodat kringe om hulle oë gevorm het. Terwyl daar uit- en ingespan en die possakke afgelaai is, het die passasiers gou 'n lafenis in die hotel gesoek. Wanneer die aflossende drywer aangestap gekom het, het hy so gebiedend moontlik geroep: "Instap!" Nukkerig het die passasiers uit die hotel te voorskyn gekom. Sommige het geloop en brom dat hulle nie eers kans gehad het om 'n "hou te slaan" nie en ander het nog 'n pakkie toebroodjies in die hand gehou. Hulle het net tyd gehad om te eet en te drink terwyl daar oorgespan is, iets wat skaars 20 minute geduur het. Baie passasiers het hulle eie padkos saamgebring.

Lang koetsreise was dus nooit gewild nie. Nie alleen was dit peperduur nie, maar ook buitengewoon ongerieflik en vermoeiend. Gewoonlik was die passasiers soos sardiens

¹⁰¹ NASA, Aanwins A787/213, Prellerversameling, Ongedateerde getikte aantekeninge oor koetsreise destyds.

¹⁰² Anon., "Plaatselijk en algemeen", *De Volksstem*, 24.10.1889.

in 'n koets ingeprop. Binne het ses tot agt persone gesit, nog meer as dit daarop aankom en daar geen vroue by was nie. Die orige passasiers het bo-op die kap gery of het langs die drywer gesit. Party het tussen die possakke en die bagasie wat daar opgestapel was, gesit. In die noordelike boswêreld moes dié wat bo ry gedurig oppas dat hulle nie deur oorhangende takke van die tent afgevee word en in die pad beland nie. Dit het meermale gebeur.¹⁰³ Die koetse het twee bagasiebakke van leer gehad, een agter die kajuit en een voor onder die drywer se sitplek. Pos en waardevolle vrag is gewoonlik in die voorste bagasiebak gelaai. Die kajuit het op sterk leerbande gerus wat die padskokke verminder het om die rit vir die perde en die passasiers te vergemaklik. Op ligte paaie is 'n span van 12 perde of muile gebruik en op swaar, sanderige of modderpaaie is tot 16 trekdier ingespan.¹⁰⁴

Passasiers is vooraf gewaarsku dat 'n rit met die poskoets nie 'n plesierrit was nie. Op die gedrukte reiskaartjies het hulle reeds 'n voorsmaak gekry van wat op hulle gewag het met die volgende bewoording:

The conditions of this contract are that the Passenger takes the risk of rapid travelling, darkness, and delays. The Passenger undertakes to look after his own luggage, and not to treat¹⁰⁵ the driver.¹⁰⁶

Die koetslyn Kimberley-Pretoria het in 1879 tot stand gekom en tussen Ladysmith en Pretoria 'n ruk later, ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880/81).¹⁰⁷ In die winter van 1889, dus twee of drie maande voor Engelenburg se aankoms in Transvaal, is die eerste goedgekeurde regulasies afgekondig met betrekking tot die gebruik van 'n poshoring of beuel deur die koetspersoneel.¹⁰⁸

¹⁰³ NASA, Aanwins A787/213, Prellerversameling, Ongedateerde getikte aantekeninge oor koetsreise destyds.

¹⁰⁴ J.B.Z. Louw, *Die Gibson-broers van die Red Star Line*, pp. 40 en 41.

¹⁰⁵ Dit het waarskynlik daarop betrekking gehad dat die passasiers nie kos vir die drywer moes aanbied nie.

¹⁰⁶ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 6, sublêer 23, Reiskaartjie aan Engelenburg uitgereik, 28.09.1889.

¹⁰⁷ E.D. Campbell, *The birth and development of the Natal Railways*, pp. 119 en 120.

¹⁰⁸ NASA, Aanwins A787/213, Prellerversameling, Ongedateerde getikte aantekeninge oor koetsreise destyds.

So het Engelenburg aan die einde van September 1889 in Johannesburg gearriveer. Hier aangekom "begon evenwel pas de pret voor mij".¹⁰⁹ Hoewel die stad nie 'n goeie indruk op hom gemaak het nie, was hy tog vasbeslote om hom daar te vestig as hy 'n werk kon te kry. Hy het met prokureur H.W. van Bossem en landdros Carl von Brandis oor werk onderhandel en het selfs sy dienste aan die bestuurder van die Standard Bank aangebied. Laasgenoemde het dit baie dwaas gevind dat Engelenburg, 'n regsgeleerde, sy vak wou los vir iets anders. Engelenburg was geneig om hom gelyk te gee

... misschien heeft die heer gelijk; maar ik moest probeeren wat ik kon!¹¹⁰

Na 'n paar dae in die ewigdurende "stofwolken door de goudmetropolis", al soekende waar en hoe om sy tent op te slaan, het hy besluit om die raad van dr. E.J.P. Jorissen te aanvaar en hom na Pretoria te begewe. En so gebeur dit

dat ik op een zonnigen, stoffigen namiddag in arrenmoede boven op een wagen
het grond van Johannesburg's ongeplaveide straten van mijne voetzolen
wischte.¹¹¹

Die stofwolke waaroor Engelenburg hierbo geskryf het, het alle nuwelinge in ongemak laat leef. Karel van den Berg, 'n bankamptenaar van die Nederlandse Bank, het die stof van Johannesburg soos volg beskryf:

Men eet hier gewoon stof, geen gewoon stof maar van dat roodbruine poeder. Ieder windvlaagje doe er heele wolken van opstuiven en dat goed dringt door alles heen. Ofschoon ik iedere morgen de heele kamer laat afstoffen vind ik 's middags bij mijn thuiskomst de tafel en verdere meubelen met een rood laagje bedekt.... Op een goede stofdag is het op kantoor ook erg: ik schrijf dan brieven op met stof bedekt papier en om het niet al te smerig te maken moet ik voortdurend aan het blazen blijven.¹¹²

¹⁰⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 07.10.1889.

¹¹⁰ *Ibid.*

¹¹¹ *Ibid.*

¹¹² G.J. Schutte (red.), *Beste Ouders! Brieven uit de Transvaal van Karel van den Berg 1896-1900*, p. 39.

Engelenburg het op 3 Oktober 1889 in Pretoria aangekom.¹¹³ 'n Beskrywing van Pretoria in die argief van die Loreto Klooster, gedateer 1 Mei 1889, gee 'n goeie prentjie van hoe Pretoria en die omgewing moes gelyk het toe Engelenburg vir die eerste keer daar gearriveer het:

The stranger entering Pretoria from Johannesburg, after interminable windings in and about apparently interminable roads edged by barren veld dotted with an everlasting array of yellow petalled flowers and an occasional oasis of stunted and stumpy mimosa shrub, suddenly finds himself entering into an undulating tract of country, consisting of rocky elevations and depressions studded with shrubs and small trees of various species. Through these he winds his way, having for a landmark a tall pole on which is placed a ball on the summit of a prominent hill.¹¹⁴ This was once used to indicate time at a certain hour of the day. ... It therefore happens that after gaping at this ball for a lengthy space of time, a period during which it appears to be as far off as ever, the traveller finds that, after turning a sharp curve, the ball is almost above him. In a few minutes he passes beneath it and, emerging out of the poort, obtains his first glance of Pretty Pretoria. ... Before him lies a town nestling among the foliage of stately trees and studded with a myriad of silver streams glistening in the sunlight. One of the first prominent objects to strike his eye is the towering spire of the Dutch Church, Pretoria's pride.¹¹⁵

Die bergspits waarna hierbo verwys word het oorspronklik net 'n paal gehad waaraan verskillende voorwerpe opgehys is om die koms van die poskoets aan te dui. Later is dit vervang met 'n "Time Ball" wat op 'n gegewe tyd elke dag laat val is om die tyd aan te dui.

Dit wat Engelenburg by sy aankoms waargeneem het, was maar die begin van wat vir hom in Transvaal sou wag. Die eeue oue beskaafde wêreld waaraan hy gewoon was, moes hy nou verruil vir 'n stowwerige dorp ver in die woeste binneland wat skaars 34 jaar voor sy koms gestig is. Wat die dorp self betref, het dit in daardie jare nie veel beter as Johannesburg, wat in 1886, 'n hele klompie jare ná Pretoria gestig is, gelyk

¹¹³ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 05,10.1892. Engelenburg het drie jaar na sy aankoms in 1889 sy tante in 'n brief herinner wanneer hy vir die eerste keer in Pretoria aangekom het.

¹¹⁴ Die heuwel het destyds bekend gestaan as "Time Ball Hill".

¹¹⁵ L. Dunston, *Young Pretoria 1889-1913*, p. 5.

nie. Dieselfde stowwerige, ongeplaveide strate was ook in Pretoria aanwesig. Gedurende reëntye was die strate een moddermassa en het die ossewaens deur die modder voortgebeur.¹¹⁶ Motors het eers heelwat later gekom, dus was perdekarre, ossewaens en perde die vervoermiddel van die dag. Die argitektuur en die woonbuurte was meestal eenvoudig ontwerp, alhoewel 'n aantal welgestelde Pretorianers groot en swierige huise vir hulleself laat bou het.¹¹⁷ Die welgestelde, invloedryke inwoners van Pretoria het gedurende die 1890's 'n baie aktiewe sosiale lewe gelei. Hoëprofiel besoekers aan die dorp is gewoonlik rojaal in een van die hotelle onthaal en die gedrukte gastelys het dikwels hooggeplaaste regeringsamptenare en lede van hoë professies ingesluit. 'n Voorbeeld is 'n onthaal wat op 12 Mei 1899 vir Melt Brink, 'n uitgelese skrywer van Kaapstad, in die deftige onthaalsaal van die Grand Hotel op Kerkplein gehou is, gevolg deur 'n poësievoorlesing deur Brink die volgende aand. By beide geleenthede is die gaste versigtig uitgesoek en die name van I.N. van Alphen (posmeestergeneraal), P.W.T. Bell (staatsdrukker), J.F.E. Celliers (bibliotekaris van die Staatsbiblioteek) en F.V. Engelenburg (hoofredakteur)¹¹⁸ het op die lys verskyn. Om as 'n gas te kwalifiseer, moes dit persone wees wat hoë aansien in die gemeenskap geniet het met 'n hoë opvoedkundige of kulturele agtergrond.¹¹⁹

Met Engelenburg se aankoms in Pretoria was Kerkplein nog onontwikkel en oorheers deur die Nederduitsch Gereformeerde of Hervormde Kerk wat in die middel van die plein gestaan het. Die Raadsaal was toe net in aanbou en sou die ou grasdak raadsaal vervang. Die nuwe gebou is in Desember 1891 voltooi. Daarna het die Paleis van Justisie en ander imposante geboue gevolg. Die President Teater is 'n jaar voor Engelenburg se aankoms op die suidwestelike hoek van Kerkplein opgerig. Die gebou was goed geventileer en het gemaklike stoele met rottangsitplekke vir 350 mense gehad.¹²⁰ Wat die Nederlanders die meeste gegrief het, was dat hulle so min kuns, ware kuns, in die Transvaal te sien kon kry.¹²¹ Die *Haviland*-teatergroep het wel gereeld op verdienstelike wyse Shakespeariaanse stukke opgevoer, byvoorbeeld

¹¹⁶ *Ibid.*

¹¹⁷ B.M. Theron, A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War, October 1899-June 1900, p. 5.

¹¹⁸ Teen 1899 was Engelenburg al 'n persoon van hoë aansien in die Transvaal.

¹¹⁹ B.M. Theron, *Pretoria at war 1899-1900*, p. 130.

¹²⁰ L. Dunston, *Young Pretoria 1889-1913*, p. 26.

¹²¹ *Ibid.*, p. 233.

Hamlet en *Merchant of Venice*. Stukke soos *Much ado about nothing*, *The taming of the shrew* en *Trilby* is ook opgevoer.¹²²

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die stadige pas en die rustige lewe van Pretoria onherroeplik verander en in die 1890's het die bevolking dramaties toegeneem.¹²³ Voor 1881 was Nederlandse belangstelling in Transvaal taamlik gering en sporadies van aard. Die Transvaal was te primitief en die bevolking nog te onontwikkel om veel Nederlanders te trek. Verskeie ontwikkelde Nederlanders het hulle vanaf 1881 in die Transvaal begin vestig. Hierdie geskoolde mense was onmisbaar in die opbou van 'n jong staat soos die *Zuid-Afrikaansche Republiek* en het 'n waardevolle bydrae gelewer.¹²⁴

Engelenburg beskryf sy eerste gewaarwordinge in Pretoria soos volg:

Thans, beste tante, loop ik te Pretoria rond als een geplaagde ziel! De plaats zelve bekoort mij om haren rijkdom aan schaduw, althans aan boomen. Ik heb moeite gedaan om plaatsing te krijgen aan een courant, de *Volksstem*,¹²⁵

dog, na wat hy verneem het, was alles nog onseker oor die toekoms van die koerant.

De menschen ontvingen mij – voor zoover ze alhier aanwezig waren – vrij kalm; wat niet te verwonderen is, als men nagaat dat zij iederen nieuweling beschouwen als een paard meer aan de gemeenschappelijke ruif. Onder advocaten is de komst van een nieuwen collega natuurlijk nog impopulairder. Ik heb bezoeken afgelegd bij Bok, Leyds, Ameshoff en Bergsma en hoop bij nog meer lieden mijne opwachting te maken.¹²⁶ Wessels is op circuit, het geen mij spijt. Het leven is hier verschrikkelijk duur en niet erg gezellig. ...Menschen met eigen huishouden leven afgezonderd en de ongetrouwde heeren hangen zooveel de tijd hun toelaat, in de clubs. Dikwijls, beste tante, denk ik met regrets terug aan de aangename uren dat wij aan tafel zaten te praten na een met zorg en

¹²² G.J. Schutte (red.), *Beste Ouders! Brieven uit de Transvaal van Karel van den Berg 1896-1900*, p. 214.

¹²³ B.M. Theron, *A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War, October 1899-June 1900*, p. 3.

¹²⁴ R.C. de Jong, *Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918*, pp. 6 en 7.

¹²⁵ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 07.10.1889.

¹²⁶ *Ibid.*

kennis voorbereiden maaltijd, en dan steekt mijne eenzame figuur aan den poveren disch van een primitief hotel daar erg ongunstig bij af! Maar dan denk ik weer: *tu l'as voulu, George Dandin!*¹²⁷ en vat dan weer moed voor de onzekere toekomst.¹²⁸

W.E. Bok wat Engelenburg hierbo noem, was 'n amptenaar van die ZAR en het president Kruger met die eerste twee deputasies as sekretaris na Europa vergesel. Hy was ook subredakteur van *De Volksstem* toe Celliers nog die redakteur was.¹²⁹ W.J. Leyds was van 1884-1889 staatsprokureur van die ZAR en van Mei 1889 staatsekretaris.¹³⁰ H.A. Ameshoff (1860-1905) was die eerste Strafbegter van die ZAR se Hooggeregshof en H.C. Bergsma was gedurende 1887-1894 die eerste Nederlandse konsul-generaal in Pretoria. W.J. Wessels (1862-1936) was 'n advokaat en later regter in Pretoria.¹³¹

Gou na Engelenburg se aankoms in Pretoria het hy aansoek gedoen om toelating as advokaat. Daar moes egter drie maande verloop voordat hy tot die balie toegelaat kon word. Volgens die *Staatsalmanak* van die ZAR van 1899 is Engelenburg in 1889 as advokaat van die Hooggeregshof van die ZAR toegelaat. Hy het begin Oktober 1889 aansoek gedoen en is dus in Desember daardie jaar tot die balie toegelaat. Hy het egter tot sy dood nooit as advokaat gepraktiseer nie. Moontlik het hy beswaard teruggedink aan die jaar in Nederland toe hy 'n praktyk daar probeer vestig het. Hy het besef dat dit in die Transvaal dalk nog moeiliker sou gaan. Eerstens het hy niemand geken nie en ten tweede was daar nie juis plek vir nog 'n regspraktyk in Pretoria nie.

Skaars tien dae in die Transvaal, toe raak Engelenburg platsak. Vir hom moes dit 'n geweldige verleentheid gewees het, iets wat hy waarskynlik nog nooit beleef het nie. Uit pure wanhoop het hy by sy tante aangeklop om 'n lening van £20. Sy verleentheid

¹²⁷ "Jy het dit oor jouself gebring, George Dandin!" George Dandin was die hoofkarakter in 'n tragikomedie van Molière. Die toneelstuk toon die dwaasheid wat 'n man kan begaan deur te trou met 'n vrou uit 'n hoër stand as hyself. Die les daaruit te leer: Jy moet slaap op die bed wat jy vir jouself opmaak.

¹²⁸ *Ibid.*

¹²⁹ J. Ploeger, "Willem Eduard Bok" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Deel 1, p. 90.

¹³⁰ *Ibid.*, p. 91.

¹³¹ M.J. Strydom, "Johannes Wilhelmus Wessels" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Deel 1, p. 912.

om by sy tante geld te leen, was so groot dat hy al die moed in die wêreld bymekaar moes skraap om dit van haar te vra:

Goddank! het hooge woord is er uit! U weet nie hoeveel moeite het mij gekost heeft de voorgaande regelen te schrijven.¹³²

Die reis van Nederland na die Transvaal was duur,

veel duurder dan ik in boekjes gelezen had, zoodat, toen ik te Johannesburg aankwam en mijn geld natelde, ik bevond alles te zamen £13.10.9 te bezitten!¹³³

Sedert sy vertrek uit Nederland het daar 'n geruime tyd sonder verdienste verloop met die gevolg dat hy alles behalwe ryk was. Engelenburg het intussen reeds aan 'n vriend in Nederland geskryf om vir hom geld te stuur – "u weet dat ik met mijn vader geen relaties meer heb" – maar dit sou nog 'n tyd neem voordat hy geholpe sou raak. Nog steeds het hy gehoop om spoedig 'n betrekking te kry. Hy kon selfs skoolmeester word vir £10 per maand of iets dergeliks aangryp, "gelijk de drenkeling naar het strootje tast om zich boven water te houden",¹³⁴ maar so iets sou sy hele loopbaan kon bederf. In elk geval wou hy so 'n wanhoopsdaad so lank hy kon, uitstel omdat hy die vaste vertroue gehad het dat 'n onverwagte wending sou plaasvind wat hom in 'n beter posisie sou plaas. Vir Engelenburg was die gekste van alles dat hy met iedereen moes praat en omgaan asof hy geen finansiële sorge gehad het nie.

U zult u kunnen voorstellen, hoe ik mij daarna gevoel als ik op mijn eentje zit!¹³⁵

Hy het onderneem om, so gou dit binne sy vermoë was, aan sy tante terug te gee wat sy in sy tyd van nood aan hom geleen het. As hy geweet het hoe anders dit was as wat hy hom dit voorgestel het, sou hy voorwaar suiniger met sy geld omgegaan het.¹³⁶

Terwyl Engelenburg, op soek na werk, in die ou Pretoria Klub gesit het, het Wynand Maré, een van die direkteure van die *Volksstem Maatschappij*, die klub binnegekom

¹³² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 09.10.1889.

¹³³ Dit verklaar waarom Engelenburg kort tevore van Johannesburg na Pretoria bo-op die dak van 'n koets gery het. Dakryers het minder betaal as die mense wat binne gesit het.

¹³⁴ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 09.10.1889.

¹³⁵ *Ibid.*

¹³⁶ *Ibid.*

en gevra of daar nie iemand was om die hoofartikel vir *De Volksstem* te skryf nie. *De Volksstem* was teen hierdie tyd al vyf maande sonder 'n hoofredakteur en die koerant kon op daardie dag nie gedruk word nie, omdat 'n hoofartikel ontbreek het. Engelenburg het na hom toe gestap en met sy kenmerkende oordrewe buiging aangebied om die hoofartikel te skryf. Trouens, hy het vir die volgende paar uitgawes ook hoofartikels geskryf wat almal oor die juriestelsel gehandel het. Die eerste hoofartikel (17 Oktober 1889) het gehandel oor: *Hoe staat het met de strafwetgeving in onze Republiek?*¹³⁷ Op Maandag, 21 Oktober 1889 verskyn sy artikel *Waartoe nog langer dubbele rechtsbijstand?*¹³⁸ Daardie Donderdag verskyn *Vrijheid van drukpers*.¹³⁹ Vir die hoofartikels het hy £2 elk verdien.

Badenhorst se beskrywing van Engelenburg se aanstelling by *De Volksstem* is foutief. Hy beweer dat Engelenburg 'n dag ná Wicher Jonker se dood in die Pretoria Klub gesit het en dat dit toe bekend geword het dat hy self joernalis was en aangebied het om 'n paar inleidingsartikels oor die regswese te skryf.¹⁴⁰ Die ware feit is dat Jonker in Mei 1889 oorlede is en dat Engelenburg in Oktober 1889 vir die eerste keer in die Transvaal aangekom het. Daar het dus 'n tydperk van vyf maande verloop van Jonker se dood tot die insident in die Klubsaal. Badenhorst se benaming van "De Volksstem" is regdeur die verhandeling foutief gespel, nl. "De Volkstem". "De Volksstem" is tot in 1905 met 'n dubbel "s" gespel. Jan Ploeger se bewering is ook foutief. Hy skryf dat Engelenburg op die dag van Jonker se dood genader is met die versoek om 'n paar hoofartikels te skryf.¹⁴¹

'n Verdere mistasting van Badenhorst, naamlik dat Engelenburg in Nederland tot 1889 as advokaat gepraktiseer en gelyktydig as joernalis gewerk het,¹⁴² word ook nou reggestel. Soos reeds genoem, het Engelenburg die advokateberoep laat vaar waarna hy in Mei 1888 as joernalis begin werk het. Engelenburg het dus eers sy

¹³⁷ F.V. Engelenburg, "Hoe staat het met de strafwetgeving in onze Republiek?", *De Volksstem*, 17.10.1889.

¹³⁸ F.V. Engelenburg, "Waartoe nog langer dubbele rechtsbijstand?", *De Volksstem*, 21.10.1889.

¹³⁹ F.V. Engelenburg, "Vrijheid van drukpers", *De Volksstem*, 24.10.1889.

¹⁴⁰ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van "De Volkstem" 1873-1900, p. 12.

¹⁴¹ J. Ploeger, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallach's Drukkers & Uitgewers Maatskappy Beperk (1873 – 1960)*, p. 12.

¹⁴² P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van "De Volkstem" 1873-1900, p. 12.

advokatepraktyk opgesê en daarna as joernalis begin werk voor hy na Suid-Afrika gekom het. Ter versagting vir Badenhorst se foutiewe aannames kan vermeld word dat die Engelenburgargiefversameling in 1940 nog nie vir navorsers beskikbaar was nie.

J.C. Kannemeyer beweer ook verkeerdelik in sy Leipold-biografie dat Engelenburg reeds in Pretoria gevestig was toe Wicher Jonker oorlede is.¹⁴³ Hy beweer verder dat Engelenburg twee jaar lank met weinig geesdrif as advokaat gepraktiseer het en ook as korrespondent vir verskeie Franse nuusblaie opgetree het. Soos reeds aangedui, het Engelenburg slegs een jaar as advokaat in Den Haag gepraktiseer en daarna vir 'n jaar by die *Dagblad van Zuidholland en 'sGravenhage* gewerk. Hy was korrespondent vir *De Volksstem*.¹⁴⁴

Kannemeyer skryf verder:

In 1889 besoek hy sy tante Marie Koopmans-de Wet in Kaapstad. Só baie hou hy van die ontwikkelende, jong land dat hy besluit om hom as regspraktisyn in Transvaal te vestig.¹⁴⁵

Hy skryf ook:

Toe Jonker sterf, het Kruger aan die hand gedoen dat die bestuur van die koerant die "jong Hollander-advokaat wat nou hier is", moet nader om die betrekking te aanvaar.¹⁴⁶

Kannemeyer het sy inligting verkry uit 'n artikel van Rinie Stead wat in 1964 in *Lantern* verskyn het.¹⁴⁷ Toe die Leipoldt-biografie geskryf is, was die Engelenburgargief reeds vir navorsers beskikbaar. Die dokumente het in 1958 vir navorsers toeganklik geword.¹⁴⁸

¹⁴³ J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: 'n lewensverhaal*, p. 458.

¹⁴⁴ Kyk vorige hoofstuk.

¹⁴⁵ J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: 'n lewensverhaal*, p. 458.

¹⁴⁶ *Ibid.*, p. 459.

¹⁴⁷ R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 20-31.

¹⁴⁸ Izaak Wallach, sy jarelange vriend en kollega, het in 1945 geskryf dat die argief in 1958 oopgestel sou word vir navorsers, dus 20 jaar ná Engelenburg se dood. (Kyk I. Wallach, *Die volmaakte "Gentleman"*, p. 3).

Vir Kolonialers uit die Kaap wat Pretoria besoek het, en vir Hollanders wat pas uit die buiteland aangekom het (van die geringste tot die vernaamste) was dit 'n soort ongeskrewe voorskrif om hulle opwagting in Kerkstraat-Wes by president Paul Kruger te kom maak. Dit het eenvoudig so gehoor.¹⁴⁹ Met sy eerste besoek aan president Kruger op 25 Oktober 1889 het Engelenburg 'n bekendstellingsbrief van sy tante gehad, maar het besluit om homself aan die President te gaan voorstel sonder om die brief te gebruik.¹⁵⁰ Hy sou graag die brief aan die President wou gee, want komende van haar sou enige persoon wát wou gee om so 'n brief in die hand te hê. Dit is egter geskryf toe Engelenburg nog as drenkeling rondgedobber het. Intussen het sy posisie, gode sy dank ten goede verander. Hy vra daarom aan sy tante dat sy eerlik met hom moes wees en vir hom moet sê of die woordkeuse van haar voorstellingsbrief geheel en al neutraal was. Hy sou nie graag 'n brief aan die President wou voorlê wat sy tante uit die goedheid van haar hart en met die bedoeling om hom vooruit te help, te veel met mooi woorde gelaai het nie. Was dit nie die geval nie, het hy gevra dat sy tante hom sou laat weet, want dan sou hy die brief oombliklik oorhandig. Anders sou hy dit aan haar terugstuur. Hy het sy tante gevra om nie vir hom kwaad te wees oor sy onbeskaamdheid, verwaandheid of skynbare ondankbaarheid nie. Hy het hom voorgeneem om geheel en al op sy eie vooruit te kom. Daarom het hy feitlik "géén énkelen aanbevelingsbrief" gebruik nie, hoewel hy 'n hele paar gehad het.¹⁵¹ Engelenburg wou in eie reg 'n loopbaan vind en nie op die gunste en gawes van ander staatmaak nie. Hy wou aan homself bewys dat hy oor die vermoë beskik het om suksesvol te wees. Een van die aanbevelingsbriewe wat bewaar gebly het, was die brief van J.T. Buys, hoogleraar aan die Rijks-Universiteit van Leiden, gedateer 6 Julie 1889. Soos in die vorige hoofstuk vermeld, het Engelenburg die brief reeds in Nederland in ontvangs geneem. Onderaan die brief het Beelaerts van Blokland op 8 Julie geskryf dat hy kennis neem van die getuigskrif van professor Buys ten aansien van Frans Engelenburg en dat hy die jong man graag aanbeveel het.¹⁵²

¹⁴⁹ W.J. de Kock, *Die Krugerhuis – Pretoria*, p. 33.

¹⁵⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 26.10.1889.

¹⁵¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 26.10.1889.

¹⁵² Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Aanbevelingsbrief van J.T. Buys, 06.07.1889.

Oor daardie eerste ontmoeting met die president, skryf Louis Leipoldt jare later die volgende staaltjie:

Dr. Engelenburg het eers 'n deftige brief aan pres. Kruger geskryf wat kort en bondig deur sekretaris Bok beantwoord is: "Jy kan die President môre kom besoek Doktor, so omtrent sewenuur." Vir 'n kêreltjie wat byna nooit so vroeg in die oggend uit die vere was nie, was dit 'n openbaring dat staatsoudiënsies so douvoordag vasgestel kon word. Frans het hom die volgende oggend in konvensionele drag geklee: pluishoed, wit handskoene, wit das, swart manel, net soos hy sou gedoen het as hy sy opwagting by koningin Alexandrina Victoria moes maak. 'n Rytuig het hom na die presidentswoning geneem en voor die stoep het hy afgeklim. Die President was alleen, aan pyprook op 'n bank op die stoep en toe die jong vreemdeling die trappies opkom, die Barnato-leeus was toe nog nie daar nie, het die ou man gebrom: "Dag, kom maar nader." ... Met 'n swaai van sy pluishoed en 'n diep buiging kom Engelenburg nader, en met elke tree maak hy weer 'n diep buiging, soos wat dit betaam wanneer jy jou by 'n staatshoof aanmeld. Met sy derde buiging het die President aan hom geskree: "Man, as jy dit weer doen, slaan ek jou op die kop!"¹⁵³

Tydens die Britse anneksasie van Transvaal (1877-1881) het Kruger saam met M.W. Pretorius en P.J. Joubert die uitvoerende gesag gevorm. Nadat die Britte aan die ZAR onttrek het, is Kruger in 1883 tot staatspresident verkies. In 1888, 1893 en 1898 is hy herkies. Met sy eerste verkiesing as president het Kruger na Pretoria verhuis waar hy vir hom 'n huis in Kerkstraat-Wes, naby Kerkplein, laat bou het. Hy het die huis in 1884, vyf jaar voor Engelenburg se koms na Suid-Afrika, betrek.¹⁵⁴

Tydens sy bewind moes Kruger baie kritiek verduur vanweë sy beleid om Nederlanders in hoë poste in die staatsdiens aan te stel. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 en die geweldige vooruitgang van die land wat daarop gevolg het, het hoë eise aan die landsbestuur gestel. Die behoefte aan bekwame amptenare (dus Nederlanders) het verder toegeneem. Die eis van goeie onderwys om onafhanklikheid te bekom, het Kruger al hoe meer op die Nederlanders laat steun. Sy

¹⁵³ C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg – Knap joernalis en geleerde – Raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938.

¹⁵⁴ W.J. de Kock, *Die Krugerhuis – Pretoria*, p. 33.

beleid was egter deurgaans dat hy liefs Afrikaners sou wou aanstel as hulle maar die vereiste vermoëns besit het.¹⁵⁵

Engelenburg het spoedig ná sy aankoms in Pretoria doelbewus begin om skakeling met die regeringsgesag uit te bou. Naas president Kruger het hy besoek by die waarnemende staatssekretaris afgelê. Hy het ook met lede van die Uitvoerende Raad gesels.¹⁵⁶ Deur Marie Koopmans-De Wet se toedoen het hoofregter J.G. Kotzé (1849-1940) vir Engelenburg na sy huis uitgenooi en kort hierna het hy ook kontak gemaak met prokureur W.J. Wessels (1862-1936) van wie reeds voorheen melding gemaak is.¹⁵⁷

Toe Engelenburg op 25 Oktober 1889 vir Paul Kruger besoek het, is die pos van hoofredakteur van *De Volksstem* hom reeds aangebied en was hy druk aan die werk. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf:

Ik heb het vreeselijk druk en zit tot diep in den nacht te werken. Vandaar dat ik op dit oogenblik slechts zeer kort kan zijn. ... Zoodra ik mijn tractement – voorlopig maar 25 pond 1'maands – beet heb zal ik u het geleende terugzenden.¹⁵⁸

Hy het hierna aan haar vertel hoe hy so skielik uit sy geldelike penarie gered is. Hoewel hy artikels vir *De Volksstem* gelewer het, het hy geen hoop gehad om by die koerant aangestel te word nie. Die mense het hom vertel dat daar geen sprake van kon wees nie. Toe hy op 'n aand weer by die klub sit en lees, is hy aan ene Van Oordt, prokureur van Heidelberg en seun van dr. J.W.G. van Oordt (1826-1904) van Kaapstad, voorgestel. Daardie aand was Van Oordt al heel dronk en het hy Engelenburg 'n pos in sy praktyk aangebied teen 'n salaris van £50 per maand plus 'n gratis woning en etes. Die aanbod het baie goed gelyk, maar omdat dit gedoen is deur iemand wat nie nugter was nie, het Engelenburg gemeen dat dit wenslik sou wees om

¹⁵⁵ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek*, p. 41.

¹⁵⁶ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 27.10.1889.

¹⁵⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 24.02.1890.

¹⁵⁸ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 26.10.1889.

die volgende dag oor die saak te praat.¹⁵⁹ Dr. Van Oordt het twee seuns gehad. Die een seun, J.F. van Oordt, het weens 'n drankprobleem soms rondgeswerf, maar was 'n gewaardeerde volkskrywer (D'Arbez) van sowat 25 historiese novelles. Die ander seun van wie die naam onbekend is, is ook in Nederland opgelei en het hom in Transvaal gevestig waar hy in 'n prokureurskantoor werksaam was.¹⁶⁰ Dit is dus waarskynlik dat dit hierdie tweede seun was wat aan Engelenburg die aanbod gemaak het. Die feit dat hy die aand te veel te drink gehad het, beteken nie dat hy soos sy broer 'n drankprobleem gehad het nie. Intussen het die aanbod die ore van die direkteure van *De Volksstem* bereik.

Pretoria is presies een provinsiestadje, iedereen weet alles van zijn buurman en er wordt behoorlijk kwaad gesproken door de gemeente!¹⁶¹

Uit vrees dat hulle hom sou verloor as skrywer van die hoofartikels, het die direkteure van *De Volksstem* opeens uit hulle hoek gekom en vir Engelenburg die hoofredakteurskap van die koerant aangebied. Die aanbod was onverwags, maar aangesien hy nie baie opgewonde was oor enige samewerking met Van Oordt nie het hy toe eerder die betrekking as redakteur van *De Volksstem* aanvaar. Sy salaris was nog nie bepaal nie, want die aanstelling was nog tydelik. Die redaksie moes eers met sy werk tevrede wees en Engelenburg moes seker wees of die werk hom geval. Die koerant het sedert die dood van Jonker jammerlik agteruitgegaan en hy het dit baie druk gehad om sake in orde te stel.

Waarlijk, de courant is te mooi om een smadelijken dood te sterven. ... En zoo is het nu, beste tante en miss Margaret, dat ik thans aan het hoofd sta van een invloedrijke orgaan te Pretoria en heersch over redacteurs, administrateurs, expeditieus, en een drukkerij-personeel. Soms moet ik daar zelf om lachen, want ik geloof dat ik de jongste in jaren ben op het bureau.¹⁶²

In die laaste dekade van die 19de eeu was daar 'n paar koerante in Pretoria. Daar was *Land en Volk* wat in 1888 sy verskyning gemaak het. Dit is in 1891 deur Eugène N.

¹⁵⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

¹⁶⁰ F.A. van Jaarsveld, "Dr. J.W.G. van Oordt (1826-1904): erflater van 'n wêreldgeskiedenis aan Suid-Afrika" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 23(1), Maart 1983, p. 43.

¹⁶¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

¹⁶² *Ibid.*

Marais en Jimmy Roos oorgeneem. Dit het gou duidelik geword dat *De Volksstem* die invloedrykste van die twee was. Die *Pretoria News* het eers in 1897 sy verskyning gemaak.¹⁶³ *Pretoria News* was tot 1899 die ZAR-regering goedgesind, maar ná die Anglo-Boereoorlog het sy beleid verander na 'n sterk ondersteuner van die Britse administrasie.¹⁶⁴ *De Pers/The Press* en die *Transvaal Advertiser* het nie lank oorleef nie.¹⁶⁵ *The Star* was in Johannesburg gesetel. Dit het in 1887 in Grahamstad as die *Eastern Star* verskyn en het in 1889 na Johannesburg oorgeskuif waar dit herdoop is na *The Star*. Van die bogenoemde koerante was *De Volksstem* en *De Pers/The Press* pro-republikeins. *De Volksstem* was inderdaad in 1889 die invloedrykste orgaan in Pretoria.

Hoewel Engelenburg die jongste onder die personeel was, het hulle gou agtergekom dat hy 'n grondige kennis van die joernalistiek gehad het en in dié opsig hulle meerdere was. Hy het hulle so taktvol moontlik behandel en het gehoop dat hulle hom sou verdra en dat die samewerking vir almal aangenaam sou wees.¹⁶⁶ Ofskoon, met betrekking tot die redakteurskap die toekoms van *De Volksstem* nou voorlopig verseker was, moes groot finansiële vraagstukke opgelos word. Jonker se finansies was in 'n hopelose toestand.

De courant is jammerlijk verwaarloosd geworden sinds den dood van Jonker een half jaar geleden, en ik heb verbaasd gestaan over de slordigheid van werken, welke op het bureau heerschte; er was totaal gebrek aan orde en ijver, in één woord, *misère generale*.^{167/168}

Tydens Jonker se redakteurskap het die personeel by *De Volksstem* uit ses personeellede bestaan, te wete W. Jonker (redakteur en eienaar), F.J. Ochse (subredakteur), Gustav Bohlmann (subredakteur), R.J. van Beek (lettersetter), H. van Borselen (lettersetter) en Fred Kirsten (lettersetter).¹⁶⁹ Laasgenoemde vyf

¹⁶³ H.P.H. Behrens, *The Pretoria press story*, pp. 16 en 25.

¹⁶⁴ *Ibid.*, p. 27.

¹⁶⁵ *Ibid.*, pp. 21-25.

¹⁶⁶ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

¹⁶⁷ "algemene ellende".

¹⁶⁸ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

¹⁶⁹ L. Dunston, *Young Pretoria: 1889-1913*, p. 7.

personeellede was waarskynlik steeds aan die koerant verbonde toe Engelenburg vyf maande ná Jonker se dood daar begin het. Dit was moeilike dae vir Engelenburg, want nie alleen het die volle gewig van hoofredakteurskap van *De Volksstem* op sy skouers gerus nie, maar daar was ook die bykomende werk, die administrasie en noodsaaklike skakelwerk waaraan hy aandag moes gee. Sommige personeellede was vir die werk ongeskik en hy het hom voorgeneem om hulle te vervang.¹⁷⁰ Die hele Desember en ook oor die Kerstyd van 1889, sy eerste in die nuwe land, was Engelenburg so besig dat hy skoon vergeet het om aan sy tante en haar suster 'n Kerskaartjie te stuur. In die maalstroom van sy werksaamhede het hy die feesdae by hom laat verbygaan.

Wanneer men leeft zooals ik thans doe, van zijn kamer naar het kantoor en van het kantoor naar het hotel en vandaar weer terug naar zijn werk en s'avonds vermoeid op zijn stoel neervalt, dan moet men het zoo iemand vergeven dat hij geheel onachtzaam wordt voor de herdenking van bijzondere dagen, en zijne vrienden *schijnbaar* verwaarloost.¹⁷¹

Onder sy jeugdige maar bekwame leiding het *De Volksstem* een van die belangrikste en invloedrykste Nederlandse nuusblaaie in Suid-Afrika geword.

Gevolgtrekking

Nadat Engelenburg in die regte gepromoveer het, het hy daarteen opgesien om 'n praktyk in sy geboortedorp te open, waar almal hom en sy ouers geken het. Hy het nie kans gesien vir die inwoners se gefluister oor die egskeiding nie. Hy was waarskynlik ook onseker of die gemeenskap sy praktyk sou ondersteun. In daardie jare het 'n egskeiding skande oor 'n familie gebring. Engelenburg het sy vader vir jare vermy en die verhouding tussen hulle was alles behalwe goed. Hy sou om daardie rede waarskynlik geen hulp of raad van sy vader wou hê om sy praktyk te vestig nie. Engelenburg het in Den Haag 'n begin probeer maak, maar omdat niemand hom geken het nie, het hy nie juis vordering gemaak nie. Na 'n jaar het hy die regsberoep vaarwel toegeroep. Was dit nie vir sy ouers se egskeiding nie, sou hy moontlik teen hierdie tyd in Arnhem 'n florerende besigheid kon gehad het, as hy hom daar gevestig het.

¹⁷⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.10.1889.

¹⁷¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 02.01.1890.

Engelenburg het reeds as student 'n voorsmaak gekry van die opwinding van joernalis wees. Dalk was hy maar te bly toe die regsberoep nie vir hom uitgewerk het nie. Dalk was die joernalistiek die éintlike werk wat hy wou doen. Sy familie was nie baie ingenome met sy besluit nie, maar hy het dit probeer regverdig deur die feit dat 'n joernalis steeds "gentleman" kan wees, al is hy 'n joernalis.

Sy konneksie met *De Volksstem* in Pretoria en die feit dat sy Nederlandse werkgewer besig was om kranksinnig te word, het die besluit vir hom makliker gemaak om sy wortels in Nederland uit te trek en 'n heenkome in 'n ander land te gaan soek. Veral ook toe die eienaar van *De Volksstem* skielik in hierdie tyd oorlede is. Sy bande met Marie Koopmans-De Wet het teen hierdie tyd al sterk ontwikkel. In Nederland het hy niemand gehad met wie hy sy gevoelens kon deel nie. Die logiese besluit was dus om na Suid-Afrika te gaan.

Marie Koopmans-De Wet het geweet dat Engelenburg in die Transvaal 'n heenkome wou gaan soek, maar het waarskynlik gehoop dat hy hom in die Kaap sou vestig. Toe sy besef dat hy nie van sy plan sou afsien nie, het sy alles in haar vermoë gedoen om hom van hulp te wees in sy soeke na werk. Sy reis na die binneland was vir hom 'n avontuurlike ondervinding, maar by sy aankoms in Johannesburg en 'n paar dae later in Pretoria, moes hy tog seker 'n skok gekry het. Skielik was die beskaafde wêreld waaraan hy gewoond was, nie meer daar nie. In die plek daarvan het hy hom in twee stowwerige en onderontwikkelde dorpe bevind met geen bekendes om mee te gesels nie. Alles was primitief en die gemeenskap onontwikkel.

Hy het in Pretoria aansoek gedoen om tot die balie as advokaat toegelaat te word, maar het uit die staanspoor geweet dat die plaaslike advokate hom as kompetisie sou beskou. Dit moes vir Engelenburg 'n groot verleentheid gewees het om platsak te raak. Hoewel hy dit nie wou doen nie, moes hy hom uit nood tot Marie Koopmans-De Wet wend om vir hom geld te leen. Sy was die enigste persoon wat geweet het van sy verknorsing. Hy moes dringend werk kry. Die feit dat hy 'n pos in die onderwys afgewys het en die feit dat hy nie iets dergeliks aangeneem het nie, versterk die idee dat hy sy opsies wou oophou om 'n pos by 'n koerant, en dan spesifiek *De Volksstem* te bekom. Hy wou egter nie oorgretig lyk nie, want hy het teen hierdie tyd al geweet

hoe gehaat die Nederlanders in die Transvaal was vanweë president Paul Kruger se Hollander-beleid. Toe die geleentheid kom dat hy die pos van hoofredakteur van *De Volksstem* aangebied word, het hy nie getwyfel om dit te aanvaar nie. Hy het seker wel eers gewik en geweeg oor die keuse van 'n beroep – advokaat of joernalis. Hy sou binnekort tot die balie toegelaat word, maar was dit werklik wat hy wou hê? Uiteindelik het hy sy eerste liefde die joernalistiek gekies, want hier kon hy hom in albei wêreldes uitleef. Deurdat koerante voortdurend oor mense en hulle handeling berig het, het dit dikwels gebeur dat regsadvies ingewin moes word wanneer regstappe teen koerante geneem word. Engelenburg sou dus goed geplaas wees as regskundige om as redakteur op 'n bedrewe manier moontlike regstegniese knelpunte in beriggewing te hanteer. In meer as een opsig kan aanvaar word dat sy regskennis vir Engelenburg net soos vir *De Volksstem* 'n waardevolle bate was.

Hoofstuk 5

Vestigingsjare

Inleiding

Engelenburg was in 1889 hoofredakteur van *De Volksstem*, maar hy moes nog wortelskiet in sy nuwe vaderland. Hy het van die begin af besef dat die Transvalers die Nederlanders nie goedgesind was nie. Baie Nederlanders het na 'n tyd teruggegaan na Nederland. Waarom het Engelenburg besluit om te bly? Hy kon hom in enige land gaan vestig waar die inwoners hom goedgesind was. Hy kon na 'n land of stad gaan waar die inwoners 'n hoë opvoedingspeil gehad het. Kaapstad sou ook 'n goeie keuse wees en dan sou hy nader aan sy sielsgenoot, Marie Koopmans-De Wet, wees. Het Engelenburg vir homself 'n rol in die Transvaal voorsien? Hy het tersiêre opleiding en 'n breë algemene kennis gehad en dit is duidelik dat hy dit met die Transvaalse gemeenskap wou deel.

'n Vastigheid met nuwe dimensies

Tydens sy besoek aan Nederland in 1884 het president Paul Kruger Nederlanders probeer werf om sy doel, die ontwikkeling van die Transvaal, te bereik. Soos in 'n vorige hoofstuk vermeld, was Engelenburg daardie jaar nog student aan die Universiteit van Leiden. Dit was vir Kruger duidelik dat die ontwikkeling van Transvaal met behulp van vreemdelinge sou moes geskied.¹ Die jare van afsondering van die grensboere en hulle trek verder die binneland in het meegebring dat die Afrikaners in die Transvaal ekonomies, geestelik en polities verarm het. Hulle het uit pas geraak met die veranderde

¹ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, p. 39.

omstandighede in die res van Suid-Afrika en ook die res van die wêreld.² Hulle was hoofsaaklik landbou/veeboerpioniers, gering in getal en omring en bedreig deur vyandige swart stamme.³ Kruger was dus genoodsaak om buite die grense van die Transvaal te gaan soek na opgeleide mense wat die land kon help ontwikkel. Hy het die Afrikaners in die Kaapkolonie nie vertrou nie. Hulle het in die Kaap dorpe en stede met die Engelse gedeel met die gevolg dat hulle in die staatskole en via die Engelstalige administrasie van die land verengels het. Die Nederduits-Gereformeerde kerke is ook in hierdie tyd deur predikante uit Skotland bedien.⁴ Prakties het 'n groot aantal van hierdie verengelse Afrikaners hulleself as Britse onderdane beskou, hulle sedes en gewoontes was Engels en hulle het die Boere as 'n aparte groep beskou.⁵ President Kruger moes dus buite Suid-Afrika se grense gaan soek. Hy het gemeen dat die Nederlanders die nodige ontwikkelingspeil gehad het, meer as die meeste Kapenare. Hulle het geen selfsugtige politieke doeleindes nagestreef nie; het geen pro-Engelse gesindheid gekoester nie en het die offisiële taal van die ZAR geken. Kruger het Nederland, met goeie rede, waarskynlik ook beter geag vir ekonomiese hulpverlening as die Kaapkolonie. Sy Hollanderpolitiek was origens nie die gevolg van 'n liefde vir sy stamverwante nie. Die basis van sy beleid is gevorm deur 'n weldeurdagte beleid gedryf deur eiebelang. Sonder hulle hulp kon Transvaal nie ontwikkel word nie⁶.

Die Transvaal van 1884 was dunbevolk, arm, gepla deur konflik met inheemse gemeenskappe en onderontwikkeld. Die staat was bykans bankrot. Kruger wou 'n verbetering bring aan die benarde omstandighede waarin die regering hom bevind het. 'n Spoorweg moes die land vir die handel en vir verspreiding van landbouprodukte ontsluit. Die land se administrasie moes opgebou word ten einde goed en doeltreffend te funksioneer. Industriële ontwikkeling moes bykomende werkgeleenthede en welvaart skep. Bowenal sou die onderwys verbeter moes word. Die Boere het beperkte onderwys

² F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974*, p. 172.

³ G.D.J. Duvenage, *Die eerste verslag van die Presidentsraad se grondwetkomitee: 'n ondersoek na die waarde van die geskiedenis*, p. 73.

⁴ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 176.

⁵ *Ibid.*, p. 61.

⁶ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, p. 40.

ontvang. Dit het hulle nie aan gesonde verstand ontbreek nie, maar as staatsamptenare was hulle nie geskik nie.⁷ Die onderontwikkeling van die onderwys in die ZAR het gelei tot 'n tekort aan bekwame amptenare en die behoefte aan beter onderwys het dit noodsaaklik gemaak om bekwame Nederlandse onderwysers in diens te neem.⁸ Ds. S.J. du Toit, wat in daardie stadium die Superintendent van Onderwys was, se onderwysidees was onsuksesvol. Hy het besef dat hy in onguns by die regering geval het en het sy ontslag in 1888 ingedien. Nicolaas Mansvelt (1852-1933) is in 1891 in die plek van ds. Du Toit aangestel. Heelwat sou onder Mansvelt tot stand kom.⁹

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 en die geweldige vooruitgang van die land wat daarop gevolg het, het hoë eise aan die landsbestuur gestel. Die behoefte aan bekwame amptenare (dus Nederlanders) het verder toegeneem.¹⁰ Piet Joubert was Kruger se opponent as presidentskandidaat en die gedagte dat Transvaal sy intellektuele en tegniese kragte uit Nederland moes kry, het Joubert teen die bors gestuit. Dit was ook die geval met Du Toit wat eens groot invloed op Kruger gehad het en wat moes terugstaan vir W.J. Leyds, staatsprokureur van die ZAR, wat die vertroue van Kruger gewen het. Joubert het dit as 'n politieke geleentheid beskou om eensgesindheid onder sy ondersteuners te skep deur 'n gesamentlike opposisie teen Leyds.¹¹

Hollanderhaat het reeds voor die 1880's bestaan, maar het gedurende die jare 1880's en 1890's sterk toegeneem. Kruger se Hollanderbeleid en die feit dat die Nederlanders sy anti-Uitlanderpolitiek gesteun het, het meegebring dat die "Dijklopers" of "Platvoeters" of watter ander name hulle ookal toegedig is, deur die opposisie van Kruger meer en meer verantwoordelik gehou is vir alle kwaad.¹² Polities en juridies het die Nederlanders

⁷ *Ibid.*, p. 39.

⁸ *Ibid.*, p. 47.

⁹ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 68.

¹⁰ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, p. 41.

¹¹ P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, Deel I, pp. 115 en 117.

¹² G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899*, pp. 77 en 78.

in Pretoria eintlik uit "egte" Nederlanders (met Nederlandse nasionaliteit) en uit "Oud-Nederlanders" (met Transvaalse burgerskap) bestaan. Beide groepe het kultureel in feite Nederlanders gebly.¹³ Volgens 'n volkstelling wat in 1890 gehou is, was die blanke bevolking daardie jaar in Pretoria soos volg: mans, 8 130; vroue, 6 484: 'n totaal van 14 614. Die totale blanke bevolking in die ZAR was: mans, 66 498; vroue, 52 630: 'n totaal van 119 128.¹⁴ Die verhouding Nederlanders/Afrikaners/Engelse is nie bekend nie.

Die negentiende-eeuse Transvaalse Boer het in relatiewe isolasie geleef, met slegs sy godsdienssin wat hom van kulturele verval gered het. Sy lewensuitkyk was sterk patriargaal en landelik van aard, sy lewenswyse uiters konserwatief, familievas en geneig tot "eie baas" wees. Aan die ander kant het negatiewe trekke soos die volgende ook nie ontbreek nie: koppigheid, oppervlakkigheid, 'n oordrewe gevoel van eiewaan en wantroue teenoor alle nuwighede en vreemde mense. Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Boer 'n moeilike mens vir buitelanders was om mee saam te werk. Teenoor hierdie tipe mens met sy pioniersmentaliteit het die Nederlanders gestaan. Laasgenoemde se lewenswyse en lewensuitkyk is bepaal deur die feit dat hy 'n stedeling of dorpeling was, sonder veel kennis van die boerderybedryf. Baie was onkerklik¹⁵ en sommiges was uitgesproke liberaal of agnosties. Baie het uit die hoogte op die Afrikaners neergesien, veral wat taal betref. Aspekte soos eiewaan, 'n gevoel van onmisbaarheid en betersweterigheid het tot hulle ongewildheid bygedra. Die Nederlanders was vol selfvertroue en daartoe geneig om hulle eie belangrikheid te oordryf – teenoor die Boere se eiewaan dus die Nederlander s'n.¹⁶

Engelenburg het in 1889, toe die Hollanderhaat op sy felste was, in Pretoria aangekom. Hy was sedertdien gereeld die teiken van die opposisie. Skaars was hy by *De Volksstem* aangestel of die weekblad *Land en Volk* lewer kritiek deur sy hoofredakteur, Eugène

¹³ R.C. De Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandsche Vereeniging', 1890-1918, p. 3.

¹⁴ *Staats-Almanak voor de ZAR: 1894*, p. 35.

¹⁵ Niekerklik of wêrelds: F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 578.

¹⁶ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek*, 1884-1899, pp. 72 en 73.

Marais (1871-1936), naamlik dat die Hollands waarin *De Volksstem* nou geskryf word, vir Afrikaanse lesers byna geheel en al onverstaanbaar was. Marais het wel toegegee dat die taalgebruik in sy opposisie se blad heel mooi was. Engelenburg het dadelik in sy koerant teruggeantwoord dat hy gelei gevoel het dat *Land en Volk* sy Nederlands "heel mooi" vind. Jammer egter oor die beledigende verklaring dat *De Volksstem*-lesers nie in staat sou wees "eene in goed hollandsch geschreven courant te begripen!"

Wij weten niet of *Land en Volk* gelezen wordt, en zoo ja, van welk gehalte hare lezers soms zijn, en op wat voor taal die arme menschen dan wel plechtig worden onthaald... De taal, die in onze Republiek door de Regeering verdedigd, van den kansel verkondigd en in de rechtszalen gebezigd wordt, die taal dient in de eerste plaats door de couranten met eerbied behandeld te worden. Dat de *Volksstem* dit poogt te doen strekke haar daarom minder tot verwijt dan tot eere!¹⁷

Die pennestryd tussen Marais en Engelenburg sou hierna voortduur wat soms tot hofsake gelei het. Eugène Marais het hom daarop beroem dat *Land en Volk* in Afrikaans skryf.¹⁸ Verder was *Land en Volk* mondstuk van die Joubert-ondersteuners en sou tot 1895 'n doring in die vlees van die *Volksstem*-redaksie wees. Marais is daarna na Europa en het eers ná die Anglo-Boereoorlog teruggekeer. Engelenburg was van die begin af 'n Kruger-ondersteuner. Die jaar 1889 het veral wat politieke beleid betref vir *De Volksstem* 'n nuwe tydperk ingelui. Die verandering van beleid moet hoofsaaklik aan Engelenburg se persoonlike invloed toegeskryf word. Hoewel geen slaafse aanbidders van die regering nie, het die blad nou 'n meer simpatieke houding teenoor die regering ingeneem. Die beoordeling van politieke toestande en die werksaamhede van die Volksraad was by tye wel krities, maar tog opbouend van aard.¹⁹

'n Maand na sy aankoms in Pretoria het Engelenburg steeds in 'n hotel tuisgegaan. Sy pogings om by 'n private familie in te woon het nog nie geslaag nie. Hy wou by 'n

¹⁷ Redaksionele kommentaar, "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 14.11.1889.

¹⁸ L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 51.

¹⁹ P.G. Badenhorst, *Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900*, p. 46.

Engelse huisgesin tuisgaan ten einde meer met die taal vertrouwd te word.²⁰ Sy gesondheid was nog bevredigend, hoewel hy sleg geslaap en hom tot kinien²¹ gewend het.²²

In die eerste maande van sy verblyf in die Transvaal het Engelenburg met 'n hele paar families kennis gemaak en by hulle aan huis gekom, onder andere Eduard Bok (1846-1904), lid van die Uitvoerende Raad, M.E. de Wildt (1855-1907) wat Engelenburg in Johannesburg ontmoet en nou in Pretoria kom woon het en wat later in diens van die *Nederlandsch-Zuid Afrikaansche Spoorwegmaatschappij* (NZASM) was, H.C. Bergsma (1829-1899), konsul-generaal van die Nederlande in Pretoria, regter H.A. Ameshoff (1860-1905), hoofregter J.G. Kotzé (1849-1940), J.S. Marais (1833-1915) die ouditeur-generaal en nog andere. Om egter in Pretoria by mense besoek af te lê, was erg moeilik, want dit was haas onmoontlik om uit te vind waar die mense woon. Daarby het die hitte bedags en die duisternis snags dinge bemoeilik. Engelenburg was van plan om soveel mense moontlik te leer ken en geleidelik sy kring van bekendes uit te brei. Daarom het hy ook een middag Piet Joubert, kommandant-generaal van die Transvaal, opgesoek, ten spyte van die feit dat Joubert 'n opponent was van Kruger.²³ Hy het uit die staanspoor probeer om die siel van die Transvaalse Boer te probeer peil en te verstaan. Hy het besef dat die meeste van hulle se visie net sover gestrek het as dit wat hulle self deurleef het. Engelenburg het meermale by president Kruger besoek gaan aflê, maar wou nie hê dat sy vriendskap met die president te algemeen bekend sou word nie.

²⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.11.1889.

²¹ Kinien is as teenvoeter vir malaria gebruik. Dit was veral in die laagliggende dele van die ZAR, soos die Laeveld waar malaria teen die einde van die reënseisoen – Februarie tot April – besondere gevare vir mense ingehou het. Engelenburg het in daardie stadium nog geen malaria onder lede gehad nie.

²² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.11.1889.

²³ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.01.1889. Engelenburg gebruik 2 Januarie 1889 as datum, maar die korrekte jaartal was 1890.

Ik [ben] goede maatjes geworden met den President, hoewel ik mij wat mijn courant betref met nadruk mijn persoonlike onafhanklikheid voorbehoud... Wil, beste tante, mijne relatien met den President niet divulgeeren, jazelfs geheel verzwijgen.²⁴

Engelenburg het geweet hoe hatig die Transvaalse burgers teenoor "Kruger se Hollanders" was, en wou waarskynlik om dié rede sy vriendskap met die president verswyg. Met die groter toestroming van Nederlandse immigrante sedert die jare tagtig het die ongewildheid van die Nederlanders heftiger en duideliker afmetings aangeneem, namate die nuwe intrekkeers leidende funksies in die staatsdiens en onderwys begin bekleed en die NZASM aktief geword het.

Doch zoolang, om welke redenen dan ook, nog de hulp van buitenlanders benodigd is, zouden we geene lieden van eenige nationaliteit beter kunne aanbevelen dan Hollanders, en het zou van weinig staatkundig vernuft getuigen, wanneer men zich hier te lande de nuttige diensten dezer ambtenaren ging ontzeggen.²⁵

Hy het die Afrikaners gekritiseer oor hulle ontoeskietlike houding teenoor die Nederlanders. Hy het egter erken dat die Nederlanders probeer het om hulle in alle staatsbetrekkings in te werk ten koste van die Transvalers.²⁶ Nuwe Nederlandse aankomelinge soos byvoorbeeld Titus van Asch van Wijck (1849-1902)²⁷ het soms die kritiese houding teenoor die Nederlandse element versterk. Engelenburg het self ook nie juis van hom gehou nie:

Van Asch is een aansteller en praat zijn mond voorbij en verbeeldt zich dat een Lid van het Nederlandsche Parlement hier heelwat is! Poor Yorick!^{28/29}

²⁴ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.11.1889.

²⁵ Redaksionele kommentaar, "Het Departement van Openbare Werken", *De Volksstem*, 17.02.1890.

²⁶ *Ibid.*

²⁷ T.A.J. van Asch van Wijck was, behalwe lid van beide Kamers van die Nederlandse Parlement, ook burgemeester van Amersfoort. Hy het ook omstreeks 1888 gedien in die Raad van die Nederlandsche Centraal Spoorweg-Maatschappij.

²⁸ In Shakespeare se *Hamlet* was "Yorick" 'n gestorwe hofnar.

²⁹ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.05.1890.

Van Asch van Wijck het namens die Nederlandse regering die Orde van die Nederlandse Leeu aan president Kruger kom oorhandig. Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die president te nader om 'n landbouonderneming in die Transvaal te vestig. Daarvan het weens verskeie ongunstige faktore weinig gekom.³⁰ Ander Nederlanders wat in 1890 aangekom het, was J.H. Insinger (1854-1918)³¹ uit Amsterdam, G.A.A. Middelberg (1846-1916) van die Spoorweg Maatskappy en Pieter Foreest (1845-1922) van die Hollandsche Maatschappij van Landbou. Al die bogenoemde persone was hoog aangeskrewe in Nederland en sou 'n groot bydrae tot die ZAR kon lewer. Engelenburg was deeglik bewus van die Transvalers se gevoel teenoor die Nederlanders en het soos volg kommentaar gelewer:

Jammer dat de wind op dit oogenblik niet ten gunste der Hollanders waait!³²

As jong man het Engelenburg die sosiale afsondering wat sy veeleisende werk meegebring het, begin voel. Van meer intieme vriendskappe of huishoudelike meelewing was daar nie sprake nie. Op sy leeftyd en met sy geaardheid het hy nie meer dadelik vriende gemaak nie. Die weinige mense wat hom wel plaaslik aangestaan het, het hom egter geïnteresseer omdat hy hulle

als specimens van het Zuid-Afrikaansch ras of van welk ander ook, beschouw³³

het, meer as wat hy behoefte aan hulle geselskap gehad het. Die veeleisende werk by die koerant het hom sodanig vermoei dat

ik vrees over een paar jaren een oud mannetjie te zijn! met geen andere souvenirs, dan dat hij ook al zoo 'n beetje mee heeft geknutseld aan de wording van Zuid-Afrika.³⁴

³⁰ P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, Deel 2, pp. 55 en 56.

³¹ Handelaar in oudhede en fotograaf.

³² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.05.1890.

³³ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.03.1890.

³⁴ *Ibid.*

Sewe maande na sy aankoms in die Transvaal het Engelenburg Mosambiek besoek waar hy malaria opgedoen het. Vir 'n geruime tyd het hy met koors rondgeloop sonder om dokter toe te gaan. Terwyl hy dodelik siek gevoel het, het hy voortgegaan met sy werksaamhede by die koerant. Teen 21 April 1890 was hy al baie siek. "Ten slotte echter werd de koorts mij te machtig"³⁵ en was hy genoodsaak om te gaan lê. Eers het hy homself probeer gesond maak, maar toe die siekte ernstig begin word, is hy op aandrang van die dokter in die hospitaal opgeneem. Teen 2 Mei was hy reeds twee weke in die hospitaal waar hy uiteindelik drie weke sou deurbring. Die dokter was verbaas omdat sy herstel so gou en gunstig verloop het. Ná sy ontslag was hy weer terug by die werk. Hy was egter nie lank op die been nie en teen 15 Mei (Hemelvaartdag) is Engelenburg steeds in die Pretoria Hospitaal. Hy het hom ná sy ontslag 'n paar dae tevore te veel tydens die opening van die Volksraad vermoei en hom ook onversigtig gedra en laat in die Klub gekuier. Die gevolg was dat hy na twee dae uit die hospitaal heeltemal ineengestort het. Hy het 'n hewige koors ontwikkel en moes weer opgeneem word

... onder vijf wollen dekens, met een warme kruik aan de voeten en een warme brandy-grog in het lichaam toch te liggen rillen en klapper tande als liep men in een zomerjasje in Siberie rond, is niet aangenaam!³⁶

Die hospitalisasie het hom erg verveel, veral omdat die Volksraad byeengekom en die politieke geharwar in volle gang was.³⁷ Op 30 Mei was hy weer terug by die werk waar dit besonder druk gegaan het omdat hy net een joernalis in diens gehad het.³⁸ Vier maande nadat hy die malaria opgedoen het, het sy gesondheid sodanig verbeter dat hy aan Marie Koopmans-De Wet kon skryf dat sy liggaamlike gesondheid uitmuntend was. Fisiek het dit goed gegaan, maar sy psigiese gesondheid het veel te wense oorgelaat. Hy het soms ure en dae van verveling, van doelloosheid, van wanhopige neerslagtigheid

³⁵ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, Hemelvaartdag, 15.05.1890.

³⁶ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, Hemelvaartdag, 15.05.1890.

³⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 17.05.1890.

³⁸ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 30.05.1890.

beleef wat moeilik was om te oorkom.³⁹ Die neerslagtigheid wat Engelenburg hier noem, was depressie waaraan hy soos sy pa en sy oupagrootjie gely het.

[E]en soort van spleen die ik – naar ik vrees – van mijn vader heb overgeërfd. U weet dat hij soms erg zwaarmoedig kon wezen.⁴⁰

Die feit dat sy oupagrootjie ook daaraan gely het en "heelemaal ongenietbaar" was, het hom laat glo dat dit 'n familiekwaal was.⁴¹ Engelenburg het ná die malaria-aanval in 1890 jaarliks malaria-insinkings gekry wat hom telkens geweldig uitgeput het. Die insinkings wat hy gekry het, het die depressie vererger.⁴² Sestien jaar later was hy steeds daardeur geteister. In Februarie 1906 was hy in Londen en het aan Gustav Preller geskryf:

Ik zit vol quinine, heb een stijve nek, bijna geen eetlust.⁴³

Drie dae later het hy onderaan die brief wat hy op 20 Februarie geskryf het, 'n stukkjie bygeskryf:

De nevel en de stijve nek zijn er nog steeds!⁴⁴

'n Jaar na Engelenburg se aankoms in die Transvaal het sy sosiale posisie vir hom rooskleuriger begin lyk. Hy het die vertroue van die mense begin wen. Teen hierdie tyd het hy lankal nie meer in 'n hotel gewoon nie, maar 'n kamer by 'n Engelse wewenaar gehuur en waar 'n paar ander Engelse manspersone ook tuis gegaan het. "Ik doe dit om de taal te leren."⁴⁵ Tog het hy die aanpassing in Pretoria steeds nie maklik gevind nie. Hy

³⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.09.1890.

⁴⁰ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 17.07.1894.

⁴¹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 08.10.1894.

⁴² Malariapsigose gaan gepaard met depressie en/of persoonlikheidsveranderinge: J. van Elfen en hersien deur D. du Toit, *Dokter in die huis*, p. 381.

⁴³ NASA, Aanwins A787/206, Prellerversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 20.02.1906.

⁴⁴ NASA, Aanwins A787/206, Prellerversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 20.02.1906 (met die nota op 23.02.1906 bygeskryf).

⁴⁵ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 11.08.1890.

het die see en die skoonheid van die Kaap gemis. In Pretoria, so het hy vertel, was 'n totale gebrek aan natuur, aan bome en water – alles was kaal en dor. Die landskap het hierdeur wel iets breed en groots verkry, maar lieflik was dit nie en nie welbehaaglik vir die oog nie.

Hy het na 'n tydperk by die wewenaar besluit om 'n huisie te huur, vlak by die plek waar die *Volksstem*-kantore nou in Andriesstraat was.⁴⁶ Volgens die *Longland's Pretoria Directory* van 1899⁴⁷ was die huis wat Engelenburg gehuur het ook geleë in Andriesstraat, tussen Proes- en Vermeulenstraat, reg langs die Central Hotel aan die een kant en die onderneming van die gebroeders Delfos, elektriese ingenieurs aan die ander kant. Die huis het hy gehuur tot ná die Anglo-Boereoorlog. Engelenburg en die heer L.G. Vorstman het vir 'n paar jaar saam die huis gehuur. Vorstman was ook van Nederland afkomstig en is in 1891 aangestel as direkteur van die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging voor Zuid-Afrika. Toe Kruger 'n dinamietkonsessie aan die Duitser Edward Lippert toegeken het, het laasgenoemde 'n kontrak met 'n Franse maatskappy gesluit om die dinamiet te vervaardig. Die Jood Sammy Marks het 'n 25% aandeel bekom omdat hy Kruger oortuig het om so 'n konsessie aan Lippert toe te ken. 'n Filiaalmaatskappy is in Pretoria gestig waarvan Vorstman deur die regering aangewys is as besturende direkteur. 'n Kontrak van 15 jaar is met Vorstman aangegaan om dinamiet en ander plofstof wat benodig is, hoofsaaklik vir mynboudoeleindes, maar ook vir ammunisie te vervaardig.⁴⁸

In 1894 het G.A.A. Middelberg (1846-1916), direkteur van die NZASM, se gesin van Nederland na Pretoria verhuis. Hulle het in Julie gearriveer. Engelenburg het kort na hulle aankoms met mevrou Leopoldine Middelberg by hulle ZASM-huis in Markstraat gaan kennis maak. Oor haar sê hy: "Ik geloof dat ze een aanwinst kan worden voor

⁴⁶ *Ibid.*

⁴⁷ *Longland's Pretoria Directory for 1899*, p. 89.

⁴⁸ W.K. Hancock en J. van der Poel (reds.), *Selections from the Smuts papers*, Vol. 1, June 1886-May 1902, p. 206.

Pretoria."⁴⁹ Daar het teen daardie tyd meer dames in Pretoria aangekom met wie hy 'n goeie gesprek kon voer, ofskoon hy weinig behoefte daaraan gehad het om uit te gaan en liewer tuis wou bly in sy "eigen aangenaam ingerichte woning."⁵⁰ Middelberg het sy Duitse vrou in Hannover tydens sy studiejare daar, ontmoet. Hy het in Hannover en Zürich studeer en het daarna vir Duitse, Engelse en Nederlandse spoorwegmaatskappye gewerk. Op 1 Januarie 1890 is hy naas Van den Wall Bake benoem tot direkteur van die NZASM. Hy het Suid-Afrika drie maal besoek (April-Augustus 1890, Mei-Augustus 1891 en Junie-September 1893) voordat hy van 1895 tot 1899 in Pretoria in die direksie gedien het. Die Middelbergs was ontwikkel en kunssinnig en die musiekaande by hulle aan huis het beroemd geraak in Pretoria. Reisende musici het dikwels by die Middelbergs 'n heenkome gevind.⁵¹ Engelenburg het bevriend geraak met hulle en sou beslis 'n gereelde gas wees by die musiekaande wat gewoonlik Donderdae gehou is.

In April 1895 was Engelenburg reeds vyf jaar in Suid-Afrika en het hy daaraan gedink om aansoek om Transvaalse burgerskap te doen waardeur hy dus sy Nederlanderskap sou verloor.⁵² Ten spyte daarvan dat hy teen hierdie tyd al 'n vriendekring in die Transvaal opgebou het, wou die gevoel van eensaamheid nie wyk nie. Op 32-jarige ouderdom het hy nog nie 'n vrou gehad of 'n vaste verhouding met 'n vrou aangegaan nie. Dit was 'n bydraende faktor vir sy eensaamheid. Marie Koopmans-De Wet het in hierdie tyd sy belangrikste geesgenoot gebly. Hy sou eers in 1924, toe hy 61 was, hom in 'n huwelik begewe. Op 15 Augustus 1895 het Engelenburg tot die stap oorgegaan en aansoek gedoen om burgerskap van die *Zuid Afrikaansche Republiek*. Dit is vier dae later op 19 Augustus 1895 aan hom toegestaan.⁵³ Op dieselfde dag het landdros C.E. Schutte hom per brief laat

⁴⁹ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 25.10.1894.

⁵⁰ *Ibid.*

⁵¹ F.J. du T. Spies (red.) *Briewe uit Transvaal van G.A. Middelberg (1896-1899): voormalige direkteur van die NZASM*, pp. 4 en 7.

⁵² NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 20.04.1895.

⁵³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Verw. R.B.B. 1226/95, R.7959/95, Brief van Naturalisasie.

weet om onmiddellik of so spoedig moontlik by sy kantoor aan te doen om die burgereed af te lê.⁵⁴

Die joernalistiek was Engelenburg se groot liefde en deur sy oornam van die koerant in 1897 kon hy sy loopbaan op 'n veel stewiger voetstuk plaas. Die daaropvolgende jaar het hy twee erwe (646 en 647) hoog teen die hang van Meintjeskop van die weduwee Anna Christina Elizabeth Ziervogel (gebore Ballot) vir 'n bedrag van £900 gekoop. Anna Ziervogel se man was Carel Frederik Ziervogel (1825-1896), 'n landdros wat in die laat negentiende eeu 'n gedeelte van E.P.A. Meintjes se plaas Arcadia gekoop het.⁵⁵ Sy landgoed het hy Ziervogel-landgoed genoem waarvan die gedeelte hierbo genoem, deur Engelenburg gekoop is. Die erwe was hoog bo die stad "met een magnifiek uitzicht over Pretoria".⁵⁶ Sy plan was om daar 'n huis te bou "in Italiaanse Renaissance"-styl, "eenvoudig maar artistiek in hoge mate".⁵⁷ Kort nadat hy die erwe gekoop het, het hy die planne laat optrek.⁵⁸ Die besigheid was nou syne en al wat nog kortgekom het, was 'n huis van sy eie. Vier maande later is die twee erwe in sy naam geregistreer.⁵⁹ Elkeen van hierdie erwe was 179 vierkante roede en 74 vierkante voet (elk ongeveer 2563 vierkante meter) groot. Minder as 'n jaar later het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. In Februarie 1900, vier maande voor die inname van Pretoria, het Engelenburg van die oorlogsfront teruggekeer en 'n derde erf (erf 648) wat aan die ander twee gegrens het, gekoop.⁶⁰ Ook hierdie erf was ongeveer 2563 vierkante meter groot. By die aankoop van die erwe (1898 en 1900) was Robert Loftus Owen Versfeld die Registrateur van Aktes. Altesaam 7588

⁵⁴ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, C.E. Schutte – F.V. Engelenburg, 19.08.1895 (Verw. 881/95).

⁵⁵ T. Andrews en J. Ploeger, *Straat- en plekname van ou-Pretoria*, p. 73.

⁵⁶ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 04.07.1898.

⁵⁷ *Ibid.*

⁵⁸ Die huis is toe nooit volgens hierdie plan gebou nie.

⁵⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrifte van Aktes van Transport no. 5685/1898 en no. 5686/1898.

⁶⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrif van Akte van Transport no. 7/1900.

vierkante meter het nou in Engelenburg se besit gekom. Met hierdie stap het hy finaal sy besluit om in Transvaal te bly, bevestig.

Engelenburg en sy betrokkenheid by die onderwys

Na 10 jaar se verblyf het Engelenburg hom al in die ZAR onderskei as 'n joernalis van formaat. Hy was ook 'n invloedryke meningsvormer op verskeie terreine. Die onderwys, biblioteekwese, ekonomie, polisie-diens, landbou,⁶¹ geologie, die mynwese, godsdiens, die politiek en die regstelsel het hy voortdurend onder die loep geneem. Soos van 'n regeringsgesinde nuusblad verwag kan word, het *De Volksstem* nie slegs 'n veelsydige belangstelling in alles wat die Republiek ten nadele kon strek, getoon en dit met alle mag bestry nie, maar het ook positief te werk gegaan en wenke aan die hand gegee. As buitestaander afkomstig uit 'n land met 'n dorp- en regeringstelsel wat eeue reeds bestaan het, kon Engelenburg Transvaalse toestande in 'n vergelykende perspektief beoordeel. Hy kon dus dadelik sien waar gefouteer word en het gewoonlik eers kritiek gelewer en dan met voorstelle gekom oor hoe sake verbeter kon word. Deur sy bevindinge en voorstelle in *De Volksstem* te publiseer, het hy probeer om die Afrikaner op alle terreine van die samelewing op te voed en van die ZAR 'n modelstaat te maak. Veral die onderwys het baie van sy aandag geniet. Hy het besef dat dit die sleutel was tot 'n suksesvolle en vooruitstrewende staat. Sy belangstelling in die waarde van onderwys om mense op te hef, het sy werksaamhede vanaf sy aankoms in die ZAR gekenmerk.

Engelenburg se passie vir onderwys blyk uit sy hantering van 'n regeringsinisiatief om studie aan te moedig. Hy het in *De Volksstem* van 25 November 1889 verwys na 'n kennisgewing wat kort tevore vir die soveelste keer in die *Staatscourant* verskyn het, waarin twee studiebeurse aangebied is vir seuns van vaders wat in die Vryheidsoorlog van 1880-1 gesneuwel het of gewond is, of seuns wie se vaders verdienstelike dade vir die regering verrig het, maar wat onvermoënd was. Engelenburg was ontsteld dat geen seuns om die beurse aansoek gedoen het nie. Hy het hom geskaam om te sê dat die kennisgewing dieselfde effek gehad het as 'n stem wat roep in die woestyn. Hy het gevra

⁶¹ Soos in 'n vorige hoofstuk vermeld, het hy reeds as kind kennis oor boerdery opgedoen.

of daar dan geen vaders in die oorlog gesterf het of gewond is nie, of dan wel het hulle geen kinders nagelaat nie? Of was daar geen vaders wat verdienstelike daade vir die land verrig het nie? As daar wel sulke vaders in die Republiek was, was hulle dan so vermoënd dat hulle nie die regering se hulp wou aanneem vir behoorlike opvoeding vir hulle kinders nie? Hy het die ouers gemaan om hulle laksheid af te skud en iets daadwerklik aan die saak te doen om die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is te laat oplei. Engelenburg het gehoop dat hulle gehoor sou gee aan die dringende aanmaning. Hy was daarvan seker dat, indien die regering sou sien dat daar 'n behoefte by die inwoners was aan gevorderde opleiding die aantal beurstoekennings vermeerder sou word.⁶²

As gegradueerde het Engelenburg die waarde van onderrig en opleiding van die ZAR se bevolking reeds in daardie vroeë stadium raakgesien. Voor 1899 was sy betrokke by die onderwys beperk tot hoofartikels in *De Volksstem* en om met mense oor die onderwerp te praat. Engelenburg het uitstekende onderwysopleiding in Nederland ontvang en hy was waarskynlik geskok oor die onderwystoestande wat hy in 1889 in die ZAR aangetref het. By nadere kennismaking met die Afrikaners het hy besef dat hulle potensiaal gehad het om deur middel van goeie onderwys bo hulle omstandighede uit te styg. Goeie primêre en sekondêre opleiding moes die fondament lê vir tersiêre onderrig.

Begin Junie 1890 is die 1889-jaarverslag van Openbare Onderwys in die Volksraad bespreek. Hy het daarna verwys dat die regering se 1890-begroting voorsiening gemaak het vir £58 000 vir Onderwys, waaronder £20 000 vir die oprig van 'n universiteit. Altesame £325 000 is vir Publieke Werke opsygesit. Hy kon nie nalaat om die aandag te vestig op die wanverhouding tussen die besteding aan onderwys en dié aan Publieke Werke nie.⁶³

Het is alles heel mooi om goede paden, de gelijke bruggen en flinke publieke gebouwen te bezitten en daarvoor groote uitgaven te doen! Maar wanneer over die paden en bruggen en langs die gebouwen menschen wandelen of rijden, die

⁶² Redaksionele kommentaar, "Betreurenswaardige onverschilligheid", *De Volksstem*, 25.11.1889.

⁶³ Redaksionele kommentaar, "Openbaar onderwijs. Jaarverslag 1889", *De Volksstem*, 09.06.1890.

naauwelijks lezen of schrijven kunnen, zoo sal ons land zijn verdiende loon niet ontkomen en er op achteruitgaan of ... in handen vallen van den vreemdeling, die wel kan lezen en schrijven.⁶⁴

Engelenburg het die ZAR-regering en ook die Afrikaners probeer waarsku dat hulle hulle land kon kwyt raak indien hulle nie geld aan die opleiding van hulle kinders bestee nie. Sy patriotiese ingesteldheid teenoor die ZAR en die Afrikaners was hier nog in 'n beginstadium. Namate hy die geskiedenis van die land en sy toenemende probleme met die Britse regering beter leer ken het, het sy patriotiese gevoel teenoor president Kruger en die ZAR toegeneem.

Vroeg in 1890 het Engelenburg die onderwysstelsel in Transvaal ondersoek. Hy wou vasstel hoe die onderwys verbeter kon word sodat die algemene ontwikkeling van die volk uiteindelik kon lei tot die totstandbrenging van inrigtings van onderwys en eindelik tot 'n akademie wat aan die verwagtinge wat mens daarvan sou koester, sou voldoen. Engelenburg was van mening dat die koms van die spoortrein met sy snelle vaart ook die volksontwikkeling sou bevorder en het alle hoop op die Volksraad gevestig om self 'n blik op die toekoms te werp,

diep genoeg om hen te overtuigen dat meer verbeteringen moeten komen, dan zij reeds tot stand brachten.⁶⁵

Hy het bevind dat die onderwystoestande in die ZAR, veral op die platteland, swak was. Die kinders op die platteland kon nie lees of skryf nie en hy het dit daaraan toegeskryf dat die plase afgeleë was en skole nie toeganklik was vir dié kinders nie. Hy het ook die agterstand daarin gesoek dat die burgers in hul stryd om onafhanklikheid nie nog tyd kon vind om hulle kinders self te onderrig nie. Hy het gemeen dat die Boere wel iets aan die saak kon doen deur 'n goeie onderwyser te kry, 'n seun van die land, om die kinders te onderrig. Hy wou hê dat 'n deeglik nasionale onderwysstelsel tot stand kom waardeur die geestelike ontwikkeling van die volk in ooreenstemming gebring kon word met die

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ Redaksionele kommentaar, "Spoorwega en onderwys, II", *De Volksstem*, 23.06.1890.

ontwikkeling van die spoorweë en telegraafwese.⁶⁶ In dieselfde jaar het hy goeie laer- en middelbare skoolopleiding bepleit. Hy was verbaas om te verneem dat S.J. du Toit hoër onderwys vir Transvaal by die regering aanbeveel.

Hooger onderwijs gevestigd op den wrakken grondslag van een zeer onontwikkeld Lager- of Middelbaar onderwijs! ... Rekenen wij tot het Hooger onderwijs een Gymnasium en een Akademie, dan moet de brug welke ons van ons Lager- en Middelbaar-onderwijs naar het Hooger zal opvoeren, bestaan uit twee spanningen, van den soliedsten bouw, want de klove waarover hij moet gelegd is diep, zeer diep.⁶⁷

Hy het voorgestel dat die laer en middelbare onderwys eers verbeter moes word en daarna moes 'n kweekskool vir onderwysers gestig word. Hy het aanbeveel dat die staat slegs vir die noodsaaklikste betrokke sou wees en dan verál geen bemoeienis van die kerk nie, want dié het altyd so gereed gesit om die saad van twis te saai. Die leuse moes wees, 'n vrye onderwys in die Republiek. Hy was ook van mening dat

de geboren zonen dezer Republiek de eerste rechten hebben op het besturen van hun eigen land ... en met dit in gedachte ... is het duidelijk, dat het onderwijs ook langzamerhand in hunne handen moet overgaan.⁶⁸

Engelenburg was van die begin af ten gunste daarvan dat die Transvalers staatsposte beklee. Hy het egter besef dat die onderwys eers op standaard gebring sou moes word sodat die kinders behoorlik onderrig kon word. Hy het daarop gewys dat 'n kweekskool vir onderwysers, gevestig in Pretoria as die setel van die Regering, dringend noodsaaklik was. Die kweekskool moes alleenlik toeganklik wees "voor de zonen dezer Republiek ... tot het spoedig verkrijgen van een nationaal onderwijs."⁶⁹ Die opleidingstydperk moes drie of vier jaar wees en die staat, wat verantwoordelik sou wees vir die opleiding van die onderwysers, moes die reg kon voorbehou om 'n onderwyser wat by die kweekskool

⁶⁶ *Ibid.*

⁶⁷ Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs, IV" *De Volksstem*, 03.07.1890.

⁶⁸ *Ibid.*

⁶⁹ *Ibid.*

opgelei is vir 'n bepaalde tyd te plaas waar hy goeddink, met diensvoorwaardes en 'n vaste salaris.

Men zal inzien, dat door dien weg zeker na weinige jaren, alle vreemde elementen uit ons onderwyzend personeel verdrongen kunnen worden, om plaats te maken voor de onderwijzers, gevormd uit de geboren burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek.⁷⁰

Hy het ook voorgestel dat iedere distrik één skool moes hê wat as distrikskool sou voldoen aan die billike eise wat aan 'n goeie skool gestel kon word, gesetel in die hoofdorp van die distrik en dat slegs geëksamineerde, dus gekwalifiseerde onderwysers, aan die skool verbonde moes wees. In die begin sou die onderwysers van buite ingevoer moes word, maar binne 'n paar jaar sou die kweekskool in gekwalifiseerde onderwysers kon begin voorsien. Verder het hy die suiwere verdeling van klasse bepleit. Die hoogste klasse sou as voorbereidingsklasse kon dien vir die verskillende eksamens wat hulle sou moes aflê om later tot die hoër onderwys toegelaat te word. Die distrikskole sou die kernpunte kon word van beter opvoeding en ontwikkeling van die Afrikanervolk.⁷¹

Engelenburg het gedurende die laaste maande van 1889 en dwarsdeur 1890 knaend oor die onderwystoestande in die Transvaal geskryf. Hy het gemeen dat dit die sleutel was tot 'n vooruitstrewende, goed ontwikkelde land.

In 1889 het die Uitvoerende Raad besluit dat 'n universiteit vir die ZAR opgerig moes word. Die beweegredes was duidelik: eerstens, dat jong Transvalers nie buite die landsgrense hulle geleerdheid moes gaan soek waar die sedebederf van Europa hulle kon aantast nie, en voorts dat die landsburgers in staat gestel moes word om self poste in die openbare diens te beset sodat dit nie outomaties in die hande van Kolonialers of Nederlanders moes val nie.⁷²

⁷⁰ *Ibid.*

⁷¹ Redaksionele kommentaar, "Spoorwegin en onderwys, V", *De Volksstem*, 07.07.1890.

⁷² C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 1-3.

Inwoners van 'n paar dorpe het redes aangevoer waarom die beoogde universiteit in hulle dorp opgerig behoort te word, maar Engelenburg het gevoel dat Pretoria die akademiestad moes word. Vir 'n goed-ingerigte universiteit was 'n voorvereiste die onmisbare bronne van kennis en die middele om die kennis te versprei. Die onderrigpersoneel moes kon beskik oor 'n uitgebreide, kosbare versameling boeke en dokumente en 'n drukpers wat dit vir hulle so gemaklik moontlik sou maak om hulle wetenskapgeskrifte in druk aan die studente bekend te stel. Met die oog op al die omstandighede in die Transvaal moes die universiteit opgerig word in 'n stad wat min of meer die middelpunt was van die wetenskap én van besighede én van regeringsadministrasie. Buitendien was Pretoria die hoofstad van die land. Uit 'n pedagogiese oogpunt gesien sou die verstandelike vorming en karakterontwikkeling van studente meer baat by 'n vestiging in 'n middelpunt van beweging en maatskaplike lewe as in 'n "agteraf" dorp. Dit is ook in Europa bewys dat die sedelike peil van studente in klein dorpie nie hoër was as in die groter stede nie. Alles in ag genome, het Engelenburg aanbeveel dat die keuse op Pretoria as die Transvaalse akademiestad moes val.⁷³

In 'n volgende hoofartikel wat oor die onderwys gehandel het, het Engelenburg daarop gewys dat die beoogde universiteit ook 'n fakulteit vir geneeskunde moes hê en dat die studente ruim geleentheid sou moes hê om praktiese ondervinding op te doen,

met andere woorden, zijn uitgebreide hospitalen vol van allerhande zieken [is] een onmisbaar vereischte.⁷⁴

En waar beter as in 'n stad sou 'n dokter in wording "eene bonte ervaring mogen deelachtig worden." Wat vir die betoog ten opsigte van die geneeskundige fakulteit gegeld het, sou – in 'n mindere mate – ook vir ander takke van die hoër onderwys geld.⁷⁵ Hy het egter gevoel dat die onderwys op skoolvlak eers goed gevestig moes word voor daar enigsins sprake van 'n universiteit kon wees.

⁷³ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige "Academiestad"", *De Volksstem*, 14.11.1889.

⁷⁴ Redaksionele kommentaar, "Nog eens de hoogeschool", *De Volksstem*, 28.11.1889.

⁷⁵ *Ibid.*

Teen die einde van Julie 1890 het die regering besluit dat die ZAR 'n universiteit moes kry. Engelenburg se kommentaar was:

Doch waar zullen nu de studenten vandaan moeten komen? Zooals de zaken nu staan, hebben we een fraaie spits op een toren gebouwd maar ontbreekt de ladder, waarlangs men die spits bereiken kan. We hebben een Hoogeschool, of zullen die gauw krijgen; maar we hebben nog niet in voldoende mate gezorgd dat onze zonen door andere onderwijs-inrichtingen heen, die Hoogeschool kunnen bereiken.⁷⁶

Daar was ook voorbereidende skole nodig waardeur toegang verkry kon word na die universiteit. Dit moes eerste gebou word vóórdat die universiteit die lewenslig sou sien.

En laat men in 's hemelsnaam spoed maken, want ieder jaar, dat het meerendeel der natie van degelijk onderwijs verstoken blijft, is een stoot te meer van den moker, die ons nationaal gebouw met vernieling bedreigt.⁷⁷

Weens talle redes sou 'n universiteitkollege vir Transvaal eers 16 jaar later tot stand kom. Een van die redes was moontlik dat die regering Engelenburg gelyk gegee het dat die fondament van die onderwys eers op stewige voete moes staan voordat daar 'n universiteit opgerig kon word. Engelenburg het baie moeite gedoen om onderwystoestande voortdurend onder die aandag van die publiek te bring. Die jaarlikse rapporte van die superintendente van onderwys is breedvoerig weergegee en van tyd tot tyd is opbouende wenke aan die hand gegee. In 1890 propageer hy die oprigting van ambagskole, omdat die Uitlanders 'n monopolie van alle ambagte gehad het.⁷⁸

Teen die einde van 1891 was die skoolstelsel in die Transvaal steeds in 'n haglike toestand. Wat wel groot verbetering getoon het, was die aantal skole wat sedert 1881 tot stand gekom het. Van nege skole met 206 leerlinge in 1881 het die getalle wonderbaarlik gestyg en was daar in 1890 300 skole met 7000 kinders. Die groot verbetering in die aantal skole was veral op die platteland te bespeur. Van die genoemde 300 was slegs 34

⁷⁶ Redaksionele kommentaar, "Onze hoogeschool", *De Volksstem*, 21.07.1890.

⁷⁷ *Ibid.*

⁷⁸ *Ibid.*

dorpskole.⁷⁹ Dr. Mansvelt het ook waargeneem wat Engelenburg reeds twee jaar tevore opgemerk het, naamlik dat die skoolstelsel in die Transvaal in 'n swak toestand was. Oor die algemeen het die ouers betreklik weinig vir die onderwys gedoen, terwyl die regering groot somme geld bygedra het. Baie ouers kon weens armoede nie skoolgeld betaal nie en die meeste skole was gebrekkig ingerig. Dikwels het die skool uit een klaskamer bestaan, terwyl die gebou sowel as die meubels en leermiddele heelwat te wense oorgelaat het. Daar was wel die besef dat die Republiek 'n jong land was en nie met ouer lande vergelyk kon word nie. Baie onderwysers was onbekwaam en sommige skole het te vroeg met Engels begin wat die beginners verwar het. In die meeste skole is, in stryd met die wet, in staatsondersteunde skole Engels as vernaamste voertaal gebruik. Die Boeregemeenskap se kinders het Nederlands toenemend moeilik gevind om te lees en te verstaan, met die gevolg dat die ouers verkies het dat hulle kinders in Engels onderrig word. Mansvelt en ook Engelenburg het dit sterk teengestaan. In sy geskrifte het Mansvelt sy nasionale gevoel voortdurend sterk laat deurskemer en as kampvegter vir die Nederlandse taal opgetree. Hy het dus eerder onderwysers uit Nederland ingevoer as om iemand uit die Kaap, wat Engelsgesind was, aan te stel. Op 16 Desember 1891, by geleentheid van die nasionale feesviering te Paardekraal het hy sy gedagtes oor onderwys en sy vernaamste indrukke van die bestaande toestand en sy planne aan die aanwesiges meegedeel. Engelenburg het op die toespraak in *De Volksstem* soos volg reageer:

Wij gelooven in hem een man te hebben aangetroffen die niet met woorden, maar met daden aan de zoo hoog noodige hervorming van het nationaal onderwijs al zijne onvermoeide krachten zal wijden. Van hem verwachten we dat hij de on-uitroeibare wortels die de Hollandsche taal in Zuid-Afrika's bodem geslagen heeft – zal doen gedijen.⁸⁰

Hy het ook verklaar dat die Republiek nie die Engelse nodig gehad het nie,

maar preventieve middelen, dat wil zeggen zoodanige die het gebruik der Hollandsche taal mogelijk en bereikbaar zulle doen worden voor alle oprechte

⁷⁹ W.G. van der Schyff, Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal: 1881-1899, met besondere verwysing na president Kruger se aandeel en invloed, p. 47.

⁸⁰ Redaksionele kommentaar, "Geen kunstmatige beskerming", *De Volksstem*, 07.01.1892.

Afrikaners. De school en het huisgezin zijn bij uitstek de voorwerpen, waarop die middelen behooren te worden toegepast.⁸¹

Voor Mansvelt se aanstelling het daar etlike jare reeds die voorneme bestaan vir die herformulering van die onderwyswetgewing, om sodoende die euwels wat uit die Wet van 1882 voortgespruit het, uit te wis. Die regering het gevolglik aan Mansvelt opgedra om 'n nuwe wet vir die openbare onderwys op te stel.⁸² Op 25 Januarie 1892 is die konseponderwyswet in die *Staatscourant* gepubliseer. Na aanleiding hiervan is 'n deputasie vanuit die die Uitlander-geledere van Johannesburg afgevaardig om 'n versoekskrif aan president Kruger te oorhandig waarin die regering versoek is om ook subsidie te verskaf aan skole waarin Nederlands nie as voertaal gebruik is nie, maar waar hierdie taal tog "grondig" onderrig is. Die Uitlanders waarna hier verwys word, is die duisende vreemdelinge van oral in die wêreld wat na die Witwatersrand gestroom het, kort nadat die goudriwwe in 1886 daar ontdek is. Die gevolg was dat 'n kosmopolitiese gemeenskap binne die tradisionale Boeresamelewing in die ZAR gevorm het.⁸³ Die regering is ook versoek om die skoolwet so te wysig dat die Engelse taal op skole waar die helfte van die leerlinge nie-Hollandssprekendes was, met die landstaal gelykgestel word. Die regering is verder versoek om die landstaal nie as voertaal te vereis nie, maar dit aan hoofde van skole oor te laat om daaroor te besluit. Later het Kruger op 'n kommissievergadering daarna verwys en verklaar dat die deputasie gelykstelling van vreemde tale met die landstaal gevra het, maar dat hy so 'n versoek nie kon toestaan nie "daar een onafhankelike staat zijn eigen landstaal heeft te bewaren."⁸⁴ Die versoeke van die Uitlanders en die antwoord van president Kruger was die eerste tekens van die komende botsing tussen die regering en die Uitlander-bevolking aan die Witwatersrand. Teen 1892 was daar reeds duisende Engelssprekendes in Transvaal en maak Mansvelt 'n

⁸¹ *Ibid.*

⁸² W.G. van der Schyff, *Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal: 1881-1899*, met besondere verwysing na president Kruger se aandeel en invloed, p. 104.

⁸³ G.D.J. Duvenage, *Die eerste verslag van die Presidentsraad se grondwetkomitee: 'n ondersoek na die waarde van die geskiedenis*, p. 74.

⁸⁴ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p.79.

voorstel om skole, waar driekwart van die kinders Engelssprekend is, toe te laat om Engels as medium te gebruik. Engelenburg het hom skerp hieroor uitgespreek en gemeen dat die Transvalers se krag in die Nederlandse taal gelê het.⁸⁵

Die Uitlanders het in verset gekom teen die Mansvelt-onderwyswet en die protesstorm op die Rand het in hewigheid toegeneem. Op 8 April 1893 skryf Engelenburg in *De Volksstem* in verband met 'n bewering dat baie ouers Engels as medium van onderwys verkies het en dat hierdie reg ook nie aan kinders van Uitlanders ontnem kon word nie en dat die taalkwessie 'n lewensvraagstuk by uitnemendheid vir die staat was. Die alledaagse reëls van reg en billikheid kon egter in hierdie geval nie as 'n toetssteen gebruik word nie. Toegewings sou noodlottig vir die gemeenskap wees en verraad teenoor die land beteken. Hy vervolg:

Laat het eens voor altijd uitgemaakt worden dat zoolang de Transvalers nog baas zijn in hun eigen, met de wapens bevochten land, geen andere dan de landstaal zal heerschen in de school.⁸⁶

Onder die Afrikaanssprekendes in die Republiek was daar ook diegene wat griewe teen die regering gekoester het en daarom soms toenadering tot die 'Uitlanders' gesoek het. Die leiers van hierdie sogenaamde progressiewe groep was generaal Piet Joubert en Ewald Esselen. Wat hulle en hulle ondersteuners by die 'Uitlanders' laat aanklop het, was die presidentsverkiesing van 1893. Hulle het 'n gemeenskaplike afkeer gehad van die Nederlandse amptenare. Met betrekking tot onderwysaangeleenthede het hulle geen beswaar meer teen Engels gekoester nie en het toenadering tot die Uitlanders gesoek. Engelenburg was nie met hierdie toenaderingspoging gediend nie en het opgemerk:

Daar zijn ze reeds, de Engelsche koerantenschrijvers, knipoogend tegen elkander en met een ironischen glimlach op de lippen hoe dat handjevol boeren onder en tegen elkaar woelt, werkt, procedeert, hoe ze hun energie en kracht verstompen door afmattende en verzwakkende innerlijke uiting van woede.⁸⁷

⁸⁵ *Ibid.*, pp. 78 en 79.

⁸⁶ Redaksionele kommentaar, "Geen Engelsch op de Volksschool", *De Volksstem*, 08.04.1893.

⁸⁷ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 111.

In September 1896 het die onderwys in die Transvaal so vooruitgegaan dat die Nederlandse regering besluit het om "het getuigschrift van met goed gevolg afgelegd eindexamen der afdeeling A van het Staatsgymnasium te Pretoria" as voldoende te beskou vir toelating aan universiteite in Nederland.⁸⁸

Onder Mansvelt se nuwe Onderwyswet het die skole in die ZAR vinnig uitgebrei. Teen 1898 was daar 509 skole met 13 561 leerlinge – 'n groot toename teenoor 1881 se 206 leerlinge. Met sy koms na die Transvaal het Mansvelt van die 538 dienende onderwyspersoneellede slegs 20 persent gevind wat toereikend gekwalifiseer was. In 1898 het die aantal gekwalifiseerde leerkragte gestyg tot 46 persent, dus byna die helfte van die totaal van 836.⁸⁹ Ten spyte van Mansvelt se sukses met die onderwys was daar steeds groot kritiek teen sy beleid om Nederlandse onderwysers in te voer. Engelenburg het melding gemaak van 'n anti-Nederlandse agitatie wat sy oorsprong in die Kaapkolonie gevind het. Hy het die Transvalers gewaarsku dat dit onwenslik sou wees om die beproefde Nederlandse vriende te verstoot ten einde hulle broers in die Kaapkolonie te omhels.⁹⁰ Hy het 'n beroep op Nederland gedoen om nie te vergeet nie dat in Suid-Afrika die godsdienst en taal in die eerste plek ontleen is aan die voorvaders van die huidige Nederlandse nasie.

Deze kan nog veel doen om die oude bron steeds onder het bereik te houden van de Afrikaners... Door de hollandsche schrijftaal in Europa elastisch te doen blijven en rekening te houden met de dringende behoeften der hollandsche schrijftaal in Zuid-Afrika kan de intellectuele band tusschen Nederland en dit werelddeel worden beveiligd.⁹¹

⁸⁸ *Ibid.*, p. 96.

⁸⁹ W.G. van der Schyff, *Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal: 1881-1899*, met besondere verwysing na president Kruger se aandeel en invloed, p. 108.

⁹⁰ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 111.

⁹¹ F.V. Engelenburg, "Zuid Afrika "up to date"" in *De Gids*, Jg. 1896, 24 Februarie 1896, Amsterdam.

Ds. H.S. Bosman (1848-1933), predikant van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, was voortdurend met Mansvelt oor onderwysbeleid in 'n stryd gewikkel. Ná 'n toespraak van Bosman in 1893 het Engelenburg hom verwyt dat hy in *De Vereeniging* die Departement van Onderwys gedurig aangeval en verdag gemaak het. Hy het Bosman beskou as die stigter van 'n venynige onheilsame opposisie teen die onderwysstelsel, wetend dat hy daardeur die mees gevoelige slag aan die nasionale volksbestaan sou bring indien sy beleid in dié saak sou slaag.

Drie jaar later het die kerk steeds in onderwyssake ingemeng. Mansvelt het in April 1896 aan H.J. Emous⁹² geskryf:

Als gij het Chr. Schoolblad en de Volksstem leest ... zult gij ook wel op de hoogte zijn van den grooten strijd, dien we weer hebben moeten aanbinden tegen de predikanten, althans een groot deel, van de Vereenigde Kerk, die ons op een onwaardige wijze verdacht trachten te maken en zoo ons stelsel van ond. onderste boven trachten te keeren, ten einde zelve de teugels in hunne eigene handen trachten te krijgen en zodoende het onderwijsvoertuig in Kaapsch-Engelsche richting te sturen.⁹³

Mansvelt het verder aan Emous genoem dat *De Vereeniging* 'n memorandum die wêreld ingestuur het waarmee hulle die Volksraad wou bestorm en tot ander insigte wou dwing. *De Volksstem* en die *Christelike Schoolblad* het die aanval met 'n teenmemorandum verydel.⁹⁴

Hollanderhaat in die ZAR het steeds voortgewoed met die gevolg dat die onderwyspolitiek van Mansvelt steeds onder skoot was. Vir die Engelse en Afrikaanse opposisiepartye kon hy geen goed meer doen nie en hulle het hom onder andere beskuldig dat hy deur middel van sy skoolbeleid Tranvaal wou verholands. Selfs die kerke het mekaar oor en weer begin beskuldig. Een van die redes van verset teen

⁹² H.J. Emous was in daardie stadium Superintendent van Onderwys in Nederland.

⁹³ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 187.

⁹⁴ *Ibid.*, p. 187.

Mansvelt uit die kringe van die Nederduitsche Gereformeerde kerkgenootskap was, naas sy nasionalisme, die baie Gereformeerde onderwysers wat hy uit Holland laat kom het.⁹⁵ Na afloop van 'n konferensie van die Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzeressen in de Zuid-Afrikaanse Republiek (VVOOZA) wat van 15 tot 18 April 1895 gehou is, is die volledige verslae van die konferensie in *De Volksstem* gepubliseer. G.A. Odé, wat nie op goeie voet met die regering gestaan het nie, het verskeie van die besluite wat geneem is skerp aangeval. Hy het in *De Volksstem* teen die eksamenstelsel in die Republiek te velde getrek en met verontwaardiging uitgeroep: "Bah! wat een Hollanderij in de examens!" Hy het ook beswaar gemaak teen die feit dat die bestuur van die konferensie grootliks uit Nederlanders bestaan het, terwyl daar na sy mening onder die Afrikaanse onderwysers genoeg manne te vind was wat onderwys- en opvoedingsvraagstukke kon hanteer.

Die oplossing kan men waarlijk met geen eerlijk hart alleen aan Hollanders toevertrouwen.⁹⁶

Odé het ook te velde getrek oor die besluit om 'n skoolblad uit te gee met die naam *Het Christelijk Schoolblad*. Hy het die raad gegee aan die persone wat die besluit geneem het, om die Christelikheid van hulle beginsels in die eerste plek met daad te bewys. Afgesien daarvan dat Odé nie met die regering kon stryk nie wonder Jan Ploeger in sy werk *Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)* waarom *De Volksstem* Odé se aanvalle in sy kolomme opgeneem het. Die houding wat Odé teenoor die *Schoolblad* ingeneem het, het sterk verskil van dié van die regering.⁹⁷ Die antwoord op Jan Ploeger se vraag lê daarin dat Engelenburg op daardie tydstip dodelik siek was. Hy het weer 'n terugslag gehad weens die malaria wat hy in 1890 die eerste keer opgedoen het. Een van die redaksielede moes dus sonder sy medewete en moontlik as gevolg van onoordeelkundigheid die berigte geplaas het.

⁹⁵ G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899*, pp. 95-97.

⁹⁶ Outeur onbekend: *De Volksstem*, 22 en 24 April 1895.

⁹⁷ J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 153.

Engelenburg het Mansvelt se beleid voortdurend aangeprys. In 'n artikel in *De Volksstem* het hy die onderwysverslag van 1895 onder die soeklig geneem en Mansvelt geprys as iemand wat nie bang was om sy mening oor die beginsels van die onderwyswet uit te spreek nie.

Hij vat dan ook de koe ronduit bij de hoorns en bewijst dat men niet de toekomst der Transvalers mag opofferen aan een beginsel dat mogelijk onder andere omstandigheden deugde doch heden het volk meer achter dan vooruit zou voeren. Dan vervolg hy: Er was een tijd toen het netjes leek om op Dr. Mansvelt te schelden en in de koeranten scherpe kritiek tegen hem te voeren. In die dagen telde onze Superintendent vijanden op administratief, maatschappelijk, kerkelijk en paedagogies gebied; teleurgestelde verwachtingen, gekrenkte trots, professioneele naijver hadden de koppen bij elkaar gestoken en tot in verwijderde middelpunten van geleerdheid en theologie klonk de banvloek over Dr. Mansvelt den mensen als muziek in de ooren.⁹⁸

Hierdie dae – so vervolg hy – behoort tot die verlede. Dr. Mansvelt het oor "amateur-paedagogen en onderwijs-intriganten" geseëvier.

Wij stellen ons niet voor dat Dr. Mansvelt al zijn tegenstanders uit het veld geslagen heeft; dat is ook niet noodig. Doch we mogen verwachten dat voortaan de oppositie tegen zijn departement gezonder zal worden en dat men hem niet meer zal aanvallen omdat hij nationaal onderwijs in zijn vaandel draagt.⁹⁹

Die aanslag teen Mansvelt wou egter nie bedaar nie, ondanks dit wat hy met die onderwys vermag het. George Hofmeyr, 'n onderwyser van Johannesburg, het in 'n aantal artikels in die kerkblad, *De Vereeniging*,¹⁰⁰ te velde getrek teen die onderwyswet en die magsposisie van Mansvelt. Hy het ook die persone, wat die onderwyswet en die plek van die Nederlandse taal in die onderwysstelsel verdedig het met mening aangeval. In elke artikel het hy die onderwysstelsel gekritiseer. Kort daarna het Hofmeyr in botsing met ds.

⁹⁸ *Ibid.*

⁹⁹ *Ibid.*

¹⁰⁰ *De Vereeniging* was 'n kerklik-politieke blad van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk wat in 1892 in Pretoria gestig is.

Dirk Postma (1861-1919)¹⁰¹ gekom wat hom gedwing het om 'n deel van sy beskuldigings terug te trek. Daarna het die staatskole aan die beurt gekom. Hofmeyr het die lesers van sy artikels ingelig wat elke leerling van die Staatsgimnasium en die Staatsmynskool die staat kos.

Hierop het Engelenburg in *De Volksstem* gereageer:

Wat meent de heer George Hofmeyr met zijn geveinsde verbazing over de duurte van het hooger onderwijs? Denkt hij soms dat dit soort van onderwijs kant en klaar en gratis en voor niets uit te lucht komt vallen? ... (O)f wil hij, in een bevlieging van angstige zuinigheid, de Transvaalsche landzonen buitenlands overgeven aan Engelsche opvoeders?¹⁰²

Dit is wat inderdaad ná die Anglo-Boereoorlog begin het toe die onderwys onder Britse beheer geplaas is en lord Milner dit begin herorganiseer het. Hy het honderde Engelse onderwysers na Suid-Afrika gebring en Engels die voertaal gemaak. Veral die voertaalkwessie het baie teenstand uitgelok en in 1903 het die Christelik Nasionale Onderwys-beweging (CNO) tot stand gekom met generaals Louis Botha, Schalk Burger, Koos de la Rey en C.F. Beyers wat die voortou geneem het. Hulle tesame met generaal J.C. Smuts, asook sommige geestelike en politieke leiers het al hulle kragte ingespan om die CNO-stelsel so sterk as moontlik te bevorder. Die aandeel van *De Volksstem* in die stryd was groot. Die CNO-skole het egter nie lank bestaan nie en het in die staatselsel opgegaan. Vir jare het 'n heftige stryd bestaan vir die regte van die Afrikaners, met weinige middele teen 'n magtige en goed georganiseerde Britse teëstander, wat boonop beskik het oor die staatskas en al die magte van die regering.¹⁰³

¹⁰¹ Dirk Postma was die oudste seun van prof. Dirk Postma (1818-1890).

¹⁰² J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, p. 153.

¹⁰³ G.J. Krause, *Die rol van generaal Louis Botha in die unifikasie van Suid-Afrika, 1902-1910*, p. 15.

Gevolgtrekking

Hoewel Engelenburg nie 'n regeringspos beklee het nie, was hy aan die begin nie baie gewild onder 'n groot deel van die Transvalers nie. Sy vriendskap met president Kruger, asook die feit dat sy koerant die ZAR-regering gesteun het, het baie daartoe bygedra dat hy, soos sy mede-landgenote, slagoffer was van die heersende Hollanderhaat. Engelenburg het besluit om hom nie aan sulke kleinlikheid te steur nie. Hy het liever probeer verstaan waarom die Transvalers die Nederlanders so gehaat het. Die slotsom waartoe hy gekom het, was dat die wortel van al die kwaad daarin gelê het dat daar feitlik geen onderwysstelsel in die Transvaal was nie. Die gemeenskap was onderontwikkeld en het alle vreemdelinge wat die land binnegekom en op 'n hoër beskawingsvlak as hulle was, met afguns en jaloesie bejeën. Kruger se Hollanderbeleid, naamlik om Nederlanders in die staatsdiensposte aan te stel ten koste van die Transvaalse burgers, het die saak vererger. In plaas daarvan om op te pak en sy tentpenne elders te gaan inslaan, het Engelenburg die Transvaal as 'n uitdaging gesien. Hy het besef dat die inwoners met die regte opleiding die land in 'n modelstaat kon omskep. Die potensiaal en die geldmiddele was daar, maar hulle moes leiding ontvang.

Engelenburg het reeds met sy aankoms in 1889 by die onderwys betrokke geraak. Hy het vroeg reeds skole, ook op die platteland, besoek om hom te vergewis van die toestande daar. Omdat hy nie aan die regering kon voorskryf wat hulle moes doen nie, het hy deur middel van *De Volksstem* kritiek gelewer, maar ook wenke ter verbetering van die onderwys aan die hand gedoen. Ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) sou hy meer daadwerklik tot onderwyssake toetree deur sy lidmaatskap van die Raad van die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) wat later die Universiteit van Pretoria geword het, asook lid van die Raad van Onderwys in Transvaal. Sy grootste bydrae tot die Transvalers se intellektuele ontwikkeling het hy ná die ABO gelewer. Engelenburg was vir die grootste deel van sy verblyf in Suid-Afrika by die onderwys betrokke.

Hoofstuk 6

Intellektuele baanbreker

Inleiding

Engelenburg het hom nie soos baie ander joernaliste deur sy beroep of enigiets anders laat inperk nie. Daarvoor was sy persoonlikheid te dinamies, sy belangtellings te wyd, sy talente te talryk. Hy was in die eerste plek eintlik kultuurmens, 'n kenner en liefhebber van die kunste. Hy het, soos reeds aangedui op 'n jong leeftyd 'n liefde ontwikkel vir die skilder- en beeldhoukuns, toegepaste kuns en kunshandwerk. Ook die letterkunde, musiek en geskiedenis (en die onderafdeling argeologie), oudhede, die toneel, onderwys, boukunde, stadsaanleg, monumente was alles deel van sy wye belangstellings. Met sy uitsonderlike skryftalent en grondige regskenning was dit dan ook te wagte dat daar van hom in sy beroep as joernalis 'n kragtige invloed sou uitgaan. Ook oor kultuur- en opvoedkundige sake en veral op staatkundige gebied het Engelenburg graag geskryf.¹ Om elke komitee, kommissie en raad waarby Engelenburg betrokke was te ondersoek en om sy invloed by elkeen te bepaal, sal 'n afsonderlike studie verg. In hierdie hoofstuk word slegs voorbeelde gegee van die wyse waarop hy te werk gegaan het om die Afrikanervolk intellektueel op te hef deur betrokkenheid by 'n verskeidenheid projekte van intellektuele aard.

Die biblioteekwese

Engelenburg se joernalistieke politieke beriggewing en kommentaar was vir die land rigtinggewend. Sy rol as kultuurmens het egter al sy ander bydraes oortref. Hy was 'n belese man en sy uitgebreide boekery het getuig van sy veelsydige letterkundige smaak. Hy het boeke nie net as versamelaar aangeskaf nie, maar het dit ook bestudeer. Buitelandse uitgewers het hom gereeld met die oog op bestellings van hulle jongste katalogusse voorsien. 'n Nuwe boek is op 'n afsonderlike rak gehou en het gewoonlik

¹ R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg", *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 23.

eers nadat dit gelees is 'n plek in die groot boekery gekry. Die uitgebreide boekversameling was getuie van sy wye belangstelling op verskeie gebiede.² Daarvan getuig die inventaris wat van sy boedel opgestel is. Die indeks van sy boekebesit het 'n vierlaaikabinet volgemaak.

Reeds vroeg het Marie Koopmans-De Wet hom aangeraai om in sy boeke 'n persoonlike ex libris-plakker aan te bring as kenmerk van die eienaar.³ Hy het die voorstel opgevolg:

Ik heb die raad in mijn oor geknoopt en nu bevatten mijne boeken navolgende
aanduiding. U ziet dat ik uwe adviezen niet in de wind sla.⁴

In die 1920's het hy sommige van sy waardevolste boeke aan die Staatsbiblioteek in Pretoria geskenk,⁵ onder meer 'n Franse uitgawe van die Blaeu-Atlas deur Willem Janszoon Blaeu, 'n stel van 10 tot 12 dele wat uit 1662 dateer. Die Blaeu-Atlas is vandag steeds in die Staatsbiblioteek en word sorgvuldig bewaar.⁶

Die Blaeu-atlas was inderdaad 'n kosbare en unieke besitting. In 1548 het die eerste see-atlas verskyn, naamlik die *Spieghel der Zeevaerdt* van Lucas Janszoon Waghenauer (1533-1598). Hiermee is die Nederlandse monopolie in die maritieme kartografie ingelui. Hierdie werk is voortgesit en verbeter deur Willem Janszoon Blaeu (1571-1638), die vader van die grootste uitgewer en kartograaf van die 17de eeu Joan Blaeu (1598/1599-1673). Amsterdam het die wêreldsentrum geword vir die vervaardiging van land- en seeatlasse en aardbolle. Die Blaeu-atlas is uitgebrei tot die omvattende *Atlas Major* (1662) wat 600 kaarte gehad het wat, soos reeds genoem, in 10 tot 12 bande verskyn het. Dit is in Duits, Spaans en Frans vertaal en oral in Europa versprei.

² H.C. de Kock, "Frans Vredenryk Engelenburg (1863-1938) in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'Gentleman'*, p. 30.

³ Dit was in daardie tyd ook die teken van 'n belese persoon om 'n Ex-libris te besit.

⁴ NASA, Aanwinst A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 42, FV Engelenburg – MM Koopmans-De Wet, datum onbekend.

⁵ Die boeke is vandag steeds in die biblioteek en soms kom mens op een af met sy Ex-libris voorin geplak.

⁶ SB, Pretoria, W.J. Blaeu, *Blaeu de grote atlas van de wereld in de 17de eeuw*, Verw. AA083 K 912.09BLA.

Joan Blaeu se *Atlas Major* was die duurste gedrukte boek van die laaste helfte van die 17de eeu wat geld kon koop.⁷

Engelenburg het heel gou ná sy aankoms in die Transvaal sy gewig ingegooi by die Staatsbiblioteek in Pretoria. Hy het waarskynlik die belangrikheid besef om die Boerevolk aan die lees te kry en was van 1893 af betrokke by die bestuur van die biblioteek. Die Staatsbiblioteek, vandag die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, het in 1887 amptelik sy bestaan as die "Staats-Bibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek", of kortweg "de Staats-Bibliotheek" begin. Die biblioteek het sy ontstaan te danke gehad aan die bemiddeling van die *Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging* wat in 1883 daarvoor gesorg het dat 'n volledige biblioteek van Nederlandse werke, hoofsaaklik op die gebied van die Nederlandse taal- en letterkunde, deur die *Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde* te Leiden aan die Transvaalse owerheid geskenk is. Die doel van die skenking was om die Nederlandse letterkunde aan die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek bekend te stel.⁸

Versending van die boeke na Transvaal het langsaam maar seker voortgegaan. Huisvesting van die skenking was aanvanklik ontoereikend. Op 28 Februarie 1885 het die regering 'n skoolgeboutjie op Kerkplein as 'n bewaarplek aangewys. In 1886 is die gebou opgeknop en in September 1887 het die regering die reglement vir die Staatsbiblioteek goedgekeur. In dieselfde tyd is 'n voormalige leraar, ds. A. Begemann, as eerste sekretaris van die Staatsbiblioteek benoem. Die boekeskenkings uit Leiden het in 1893 ten einde geloop.⁹ Intussen het die Pretoria Public Library wat in 1878 gestig is en die Staatsbiblioteek in 1892 saamgesmelt. Die ruimte in die ou skoolgebou op Kerkplein was ontoereikend om die boeke van die geamalgameerde biblioteek te huisves. Die ruimte was ook te donker. Die regering, wat onder die nuwe bedeling vir die huisvesting sou sorg, het hierna plek in die Erasmusgebou op Kerkplein beskikbaar gestel. Die naam "Staatsbiblioteek" het egter behoue gebly, hoewel die inrigting 'n dubbele funksie sou verrig – dié van 'n Nederlandstalige biblioteek vir die Republiek en daarnaas dié van 'n openbare biblioteek vir Pretoria.

⁷ I.C. Koeman, *Joan Blaeu and his Grand Atlas*, p. 46.

⁸ S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, nrs. 32 en 33, April-Augustus, 1960, p. 66.

⁹ J. Ploeger, "Die Staatsbiblioteek: die geskiedenis van 'n skenking" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 54.

Laasgenoemde bestemming het in 'n groot mate vir die Engelssprekende leserspubliek voorsiening gemaak. Die taal van die inrigting sou Nederlands wees en die helfte van die fonds vir boekaankope moes aan Nederlandse boeke bestee word.¹⁰ Die eerste bestuur van die nuwe saamgesmelte biblioteek wat in 1893 verkies is, was: N. Mansvelt (Superintendent van Onderwys), die voorsitter, N. Reinink (rektor van die Staatsgimnasium), dr. G.A.F. Molengraaf (1860-1942) (staatsgeoloog), F.V. Engelenburg (vise-voorsitter), dr. J.W.B. Gunning (1860-1913) (direkteur van die Staatsmuseum), mnre. J.S. Marais (ouditeur-generaal) en J.A. van Kretschmar van Veen (1857-1931) (besturende direkteur van die NZASM). Die eerste personeellede was mnre. Jan F.E. Celliers (hoofbibliotekaris), F.T. Nicholson en E.G. Phillips.¹¹ In 1899 het Engelenburg steeds in die bestuur van die biblioteek as vise-voorsitter gedien.¹²

Boeke is veral met geld wat die regering beskikbaar gestel het, aangekoop. Mildelike skenkings van onder meer Engelenburg, regter H.A. Ameshoff (1860-1905) en die *Sweden Borgan Society of London* het gesorg vir belangrike uitbreiding van die boekebesit.¹³ Die totaal van 12 300 boeke wat teen die 1890's in die biblioteek was, is volgens afdelings ingedeel: letterkundig, godsdienstig, geskiedkundig, reisbeskrywend, biografies, wetenskaplik en ensiklopedies. Daar was ook 'n afdeling vir boeke oor sosiale aangeleenthede en boeke met betrekking tot Suidelike Afrika.¹⁴ Vir die opbou van 'n Nasionale Biblioteek met sy voorraad aan naslaan- en navorsingsmateriaal en sy toegespitsheid op dokumentasiediens was egter 'n heeltemal ander mentaliteit nodig as vir 'n subskripsiebiblioteek wat op Engelse lees geskoei was. Laasgenoemde was in hoë mate op die bevrediging van die momentele en wisselende literatuurverlangens van 'n betreklik gesofistikeerde publiek gerig. Hierdie twee funksies was onversoenbaar en het later tot groot onaangenaamheid gelei. Celliers het uiteindelik sy geduld verloor en aan die bestuur voorgestel dat 'n

¹⁰ H.J. Aschenborn, "Die Staatsbiblioteek van 1887 tot die hede" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 56.

¹¹ S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, nrs. 32 en 33, April-Augustus, 1960, p. 66.

¹² *Staats-Almanak voor de ZAR*: 1899, p. 94.

¹³ *Staats-Almanak voor de ZAR*: 1898, p. 84.

¹⁴ S.J. Schoeman, "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, nrs. 32 en 33, April-Augustus, 1960, p. 69.

boedelskeiding moet plaasvind. Die verwesenliking van 'n boedelskeiding was nog in 'n beplanningsfase toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek en die werk daaraan gestaak moes word. Met die wending wat die oorlog geneem het, het dit gelyk of die biblioteekwese in Transvaal sou doodloop. Celliers se siening van 'n staatsbiblioteek in die noorde kon nie verwesenlik word nie. Die gedagte het ook ná die oorlog minstens by sommige van sy bestuurslede, en by name Engelenburg, wat ná 1903 weer in die bestuur gedien het, die oortuiging nagelaat dat so 'n staatsbiblioteek 'n besondere rol moes speel. Die boedelskeiding is egter met meer as 'n halfeeue lank vertraag. Eers in 1964 het die skeiding van funksies plaasgevind. Daaruit het twee lewenskragtige nuwe biblioteke in Pretoria ontstaan.¹⁵

Engelenburg het kort ná die totstandkoming in 1909 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst gevra dat die Akademie by die regering moes aandrang dat uitgewers 'n eksemplaar van elke werk wat van hulle boekperse kom as pligeksemplare na 'n paar owerheidsbiblioteke as pligleweringinsansies moet stuur.¹⁶ Die Akademie het hierop reageer met 'n versoek aan die Minister van Binnelandse Sake om die Boekregistrasiewet van 1888, wat in die destydse Kaapkolonie ingevoer is, op die hele Unie van Suid-Afrika van toepassing te maak.¹⁷ Die Wet op Outeursreg is hierna in 1916 ingestel en daarvolgens is 'n verskeidenheid nasionale biblioteke as pligleweringinsansies aangewys. Nuutverskene werke moes volgens wet aan hierdie insansies gestuur word.¹⁸ Die Staatsbiblioteek was een van die owerheidsbiblioteke wat voordeel uit hierdie reëling getrek het.

Bevordering van geskiedenis en 'n historiese bewussyn

Engelenburg het hom vandat hy in die land aangekom het daarvoor beywer om die Transvaalse burgers se begrip en waardering vir hulle eie verlede te bevorder. Sy koerant sou 'n bron van onskatbare historiese waarde word. Dat hy dit self besef het,

¹⁵ H.J. Aschenborn, "Die Staatsbiblioteek van 1887 tot die hede" in *Lantern*, 16(1), September 1966, p. 62.

¹⁶ INEG, Aanwins PV 917, S.A. Akademieargief, KOR lêer 1 (1909-1912), F.V. Engelenburg – G. Knothe, 10.01.1911.

¹⁷ Notule van die algemene vergadering van 19 en 20 September 1912, *Jaarboek 3 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, pp. 38 en 39.

¹⁸ INEG, Aanwins PV 917, S.A. Akademieargief, lêer 8 (1923), Notule van die Akademieraad, 27.04.1923.

blyk uit die veertigjarige herdenking van *De Volkstem* in 1913. Engelenburg het in sy hoofartikel geskryf dat die koerant vanaf sy ontstaan in 1873 gebeurtenisse in die land sorgvuldig bygehou het en dat dit vir die toekomstige geskiedskrywer 'n unieke bron van kennis sou wees van die politieke, maatskaplike en kerklike toestande van die tydperk 1873 tot 1913.¹⁹

Dingaansdag

In 1889, op die vooraand van die herdenking van 16 Desember 1838, toe die Voortrekkers se belangrike oorwinning oor die Zoeloemagte van Dingaan in Natal gevier is, het Engelenburg geskryf dat daar gebeurtenisse in die lewe van 'n mens is wat onuitwisbare, onvergeetlike en blywende indrukke nalaat en wat sy karakter vorm en 'n onweerlegbare invloed op sy verdere bestaan het. Elke volk ken dae wat onthou sal word – dae wat getuig van verdrukking en benoudheid of van volharding en oorwinning. Engelenburg het ingesien dat dit lank nie meer oor die herdenking van 'n veldslag gegaan het nie, maar veel eerder verband gehou het met die wording van 'n nasionale identiteit:

Zoodanige belangrijke oogenblikken uit het nationale leven behooren diep gegrift te wezen in het geheugen van het levende geslacht, omdat ze een hechten band vormen tusschen de voorvaderen en het nageslacht, omdat ze eerbied kweeken voor het verleden en hoopvolle verwachting in de toekomst. ...Zoodanige gedenkdagen verruimen den blik en verlevendigen het gevoel van vaderlandsliefde, een gevoel dat in deze tijden van onophoudelijk, nooit gestaakt jagen naar eer, aanzien en bezit van wereldsche goederen, maar al te veel geneigd is voortdurend te blijven sluimeren in het menschlijk gemoed.²⁰

Die Voortrekkers

In die 1890-begroting het die regering 'n bedrag geld vir die inrig van 'n nasionale museum geormerk. Teen November van daardie jaar is nog niks van owerheidsweë gedoen om die museum tot stand te bring nie. Die meeste inwoners van die Republiek was nog nooit in hulle lewe in 'n museum nie en het nie geweet wat dit was of

¹⁹ *De Volkstem*, 08.08.1913.

²⁰ Redaksionele kommentaar, "Dingaansdag", *De Volksstem*, 12.12.1889.

waarom 'n museum nodig was nie. In sy hoofartikel van 17 November 1890 het Engelenburg 'n definisie gegee van wat 'n kultuur- en natuurhistoriese museum is:

Een Museum is eene inrichting, waar op systematische wijze voorwerpen worden bewaard en tentoongesteld, die uit een wetenschappelijk, commercieel, geschiedkundig, artistiek of ander oogpunt aanspraak mogen maken op de publieke belangstelling. Een Nationaal Museum is dus eene inrichting als de boven-omschreve, welke bijzonderlijk het verzamelen van tot Land en Volk behorende merkwaardigheden beoogt.²¹

Hy het opgenoem wat versamel moes word: dokumente, prente, portrette, wapens, meubels en wat ook al verband hou met gebeurtenisse in die verlede of behoort het aan bekende persoonlikhede van die volk. Dan moes daar 'n geologiese versameling wees asook 'n etnologiese versameling wat toegespits moes word op die oorspronklike bewoners van die land – hulle sedes, ontwikkeling, kortom hul verlede. Verder moes 'n afdeling ingerig word met 'n versameling van voorwerpe uit die diere- en planteryk wat in Transvaal voorgekom het. Hy het 'n sterk pleidooi gelewer dat so gou moontlik begin word met die byeenbring van voorwerpe van geskiedkundige waarde,

... als voorbeeld noemen we het tractaat tusschen den Zulu-kaptein Dingaan en Piet Retief, op het lijk van dezen laatste gevonden ...²²

asook portrette van die Voortrekkerleiers. Dokumente uit latere tye, herinneringe aan grensoorloë, die twee kanonne wat gebruik is in die Vryheidsoorlog wat deur die broers Ras gesmee is, en nog meer.

Er dient nogmaals met nadruk op gewezen te worden dat met het bijeenzoeken dier voorwerpen niet meer lang getalmd mag worden, wil men niet op een mooien dag voor het treurige feit staan dat er niets meer uit de dagen van den "Trek" is overgebleven, hoeveel geld men er ook voor zoude willen geven!²³

Dit wat Engelenburg reeds in 1890 bepleit het, het eers in 1914 momentum gekry toe De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst aktief daaraan begin werk het om alle moontlike inligting oor die Voortrekkers in te samel en om die name bymekaar te maak van persone wat nog herinneringe aan die Groot Trek kon oordra.

²¹ Redaksionele kommentaar, "Het Nationale Museum", *De Volksstem*, 17.11.1890.

²² *Ibid.*

²³ *Ibid.*

Verder is voorwerpe uit dié era versamel wat later in die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg geplaas is.

In Mei 1891 is die stoflike oorskot van A.W.J. (Andries) Pretorius, Voortrekkerleier, na Pretoria gebring waar dit herbegrawe is. Oor Pretorius skryf Engelenburg op 16 Mei:

Met den naam van Andries Pretorius is een der schoonste stukken der geschiedenis van die Afrikaner-ras samengeweven. In zijn persoon vereenigden zich vele der schoonste deugden, tevens ook eenige der meest kenmerkende gebreken van dat ras.²⁴

Sy vrye tyd, so min as wat dit was, het Engelenburg gedurende 1896 bestee aan die voorbereiding van 'n gedrukte uitgawe van die trekkerleier Louis Trichardt²⁵ se reisjoernaal. Hy was voornemens om die dagboek, wat in Pretoria in die museum bewaar is en weldra onleesbaar sou wees, uit te gee saam met toeligting en 'n lewenskets van Trichardt en om dit aan Marie Koopmans-De Wet op te dra uit erkenning vir haar besondere belangstelling in die geskiedenis.²⁶ Trichardt het twee dagboeke gehad. Engelenburg het die tweede een, wat verreweg die hoofgedeelte was, onder sy toesig met die hand laat oorskryf deur 'n Nederlandse onderwyser²⁷ wat deeglik onderlê was in die geskiedenis. Die twee oorspronklike dagboeke sou binne afsienbare tydsverloop nie meer goed leesbaar wees nie, deels omdat die ink verdoof het en deels weens die broosheid van die papier waarvan die hoeke en kante as gevolg van die jarelange blootstelling aan lig en lug begin afbreek het. Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek, moes hy sy voorneme om die dagboek uit te gee, eers laat vaar. Met die inname van Pretoria in 1900 het hy die dokument uit sy kantoor verwyder en gaan versteek uit vrees dat die Engelse dit sou vernietig, 'n lot waaraan

²⁴ Redaksionele kommentaar, "Ter nagedachtenis van A.W.J. Pretorius", *De Volksstem*, 16.05.1891.

²⁵ Daar is heelwat spelwyses van die familienaam Tregardt. Vir die doeleindes van hierdie studie word gehou by die spelwyse wat in die era van Engelenburg gebruik is. Teen 1895 laat vaar Louis Trichardt se seun, Carolus, die ou spelwyse van "Tregardt" en maak hy van die spelling "Trichard" gebruik. Teen 1899 word dit "Trichardt" gespel. J. Ploeger, "Louis Tregardt" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel I, p. 837.

²⁶ NASA, Aanwys A140, Engelenburgversameling, Band 10, subliër 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.07.1896.

²⁷ Tot dusver kon nog nie vasgestel word wie die Nederlandse onderwyser was nie.

soveel ander waardevolle staatspapiere in dié tyd nie ontkom het nie.²⁸ Met Uniewording in 1910 het Engelenburg weer aandag aan die saak gegee. Hy het toe op eie koste die handgeskrewe kopie van die dagboek wat in 1896 gemaak is, tweevoudig laat oortik. Een eksemplaar is geskenk aan die *South African Public Library* in Kaapstad en die ander een aan die openbare argief, ook in Kaapstad.²⁹ Die dagboek het egter eers jare later in 1917 verskyn toe dit saam met die eerste dagboek deur Gustav Preller uitgegee is. Op die sewende sitting van die Akademie in Desember 1916 het Engelenburg die handgeskrewe teks aan die Akademie geskenk. Op voorstel van Engelenburg en ook F.S. Malan het die Akademie dit aan Preller opgedra om die dagboek uit te gee op die rekening van die Akademie. Een van die redes vir die uitgee van die Trichardt-dagboek was die historiese, wetenskaplike waarde daarvan.³⁰ In sy inleiding het Preller geskryf dat die handgeskrewe teks van Engelenburg 'n "besonder nouwkeurige" weergawe was, tot in die sonderlinge aanwending van leestekens, hoofletters en die verdeling van paragrawe, met slegs "enkele vergissinge en verskrywinge".³¹

Herdenking van die Eerste Vryheidsoorlog

Engelenburg het die Paardekraalfeesviering van 1891 bygewoon en hieroor het hy baie te sê gehad. Hy het gemerk dat daar 'n afgematte, grysagtige kleur oor die feesvierende menigte was wat deurgevloei het na die openbare redevoeringe. Nêrens was 'n vonk van geesdrif te bespeur nie. Hy het gewaarsku dat die regering in toekomstige Paardekraal-feesvieringe meer aandag sou moes gee aan die wêreldse gedeelte van die plegtige samekomste, anders sou die feeste gaandeweg hulle populariteit onder die jonger geslag verloor. Hy het erken dat die godsdienstige en politieke onderdele groot gewig by die menigte gedra het, maar om die feesvieringe as 'n blywende en waarlik populêre nasionale instelling te behou, moes meer moeite gedoen word om die plegtigheid vir oud en jonk – en veral vir die jongeres – aantreklik te maak. Mens sou nie van jeugdige, beweeglike persone wat die Vryheidsoorlog slegs van hoorsê ken, kon verwag nie dat hulle in groot getalle uit die

²⁸ G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, pp. x-xvii.

²⁹ *Ibid.*, p. xxvii.

³⁰ Notule van die Algemene Jaarvergadering, 21 Desember 1916 in *Jaarboek 7 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 58.

³¹ G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, p. xxvi.

buitedistrikte na die feeste sou kom. Die vooruitsig om soos die ouer burgers dag na dag, ure lank te gaan luister na predikante en politieke voormanne sou nie vir jongmense aantreklik wees nie. Mens kon ook nie van die jonger geslag verwag nie dat hulle sou bly belangstel in sleg georganiseerde skietwedstryde en perderesies met skraal pryse van 'n paar pond sterling. Engelenburg het die organiseerders wat verantwoordelik sou wees vir die 1896-feesvieringe gevra om dit nie net vir die ouer mense nie, maar ook vir die jeugdige burgers aantreklik te maak indien hulle nie wou hê dat Paardekraal 'n langsame dood sterf nie.³²

Die idees wat Engelenburg uitgedra het, was soortgelyk aan die denkbeelde van nasionalisme en die ontwikkeling van die nasionale staat wat vanaf die 1870's 'n kragtige bewussyn van samehorigheid aan die burgers van Wes-Europese state gegee het.³³ Engelenburg het duidelik die behoefte gesien vir die kultivering van 'n historiese bewussyn wat 'n gees van nasionale trots by die Transvalers moes tuisbring. Ofskoon hierdie gees tydens en kort ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1) in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* aanwesig was, het dit oënskynlik teen 1890 getaan. As redakteur van 'n koerant wat 'n invloed op die Transvaalse regering en sy ondersteuners uitgeoefen het, was Engelenburg daarop bedag dat hy die taak vir hom gestel het om die landsburgers tot die kweek van 'n nasionale bewussyn aan te spoor.

In sy feesuitgawe van 22 Desember 1891 onder die opskrif "*De Volksstem*" en *het Volk der Zuid-Afrikaansch Republiek*, skryf hy dat in die donker dae van verdrukking tydens die Engelse se eerste oorname van die ZAR en verset teen die geweld tydens die Eerste Vryheidsoorlog, toe byna niemand hulle hand uitgesteek het tot opbeuring van die mistroostige volk nie, *De Volksstem* een van die weinige openlike vriende van die Boere was. Die blad het vreesloos die volk se regmatige aansprake op selfstandigheid onophoudelik verdedig. Engelenburg het die onderneming gegee dat dit in die toekoms ook so sou wees en dat wanneer die honderdjarige Paardekraalfees in die volgende eeu gevier word *De Volksstem* nog in die guns sou staan by die volk van die ZAR.³⁴ Die gebaar van solidariteit van die koerant en sy redakteur teenoor die

³² Redaksionele kommentaar, "De toekomst der Paardekraalfeesten", *De Volksstem*, 22.12.1891.

³³ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, 1881-1899*, Deel IV, pp. 9 en 10.

³⁴ *Ibid.*

Transvalers het Engelenburg duidelik in die konteks van 'n Transvaalse historiese bewussyn gesien. Benewens 'n sterk nasionalistiese sentiment, het die boodskap van die redakteur ook op kontinuïteit gedui. Vir 'n staat wat sedert die totstandkoming van Johannesburg in 1886 'n nywerheidsomwenteling deurgemaak het, wat verreikende gevolge vir die Transvaalse Afrikaners ingehou het, was dit 'n waardevolle aanduiding van steun.

Argiefwese

Die Argiefkommissie van Suid-Afrika het in 1905 in die Kaapkolonie 'n beskeie begin gehad onder die voorsitterskap van regter Henry de Villiers. Engelenburg het De Villiers in 1889 aan huis van Marie Koopmans-De Wet ontmoet en was self ook vir baie jare lid van die argiefkommissie. Hy het die belangrikheid besef van 'n behoorlik ingerigte argief. Sonder 'n argief kan 'n volk nie sy verlede preserveer nie en sonder dokumente kan niemand navorsing doen oor die verlede nie. Op sy aandrang en deur sy bemoeienis het belangrike versamelings wat andersins in Nederland sou gebly het, deel geword van die Nasionale Argief in Pretoria. Hy het byvoorbeeld aanbeveel dat die U.G. Lauts-dokumente deur die regering aangekoop word, aangesien dit gehandel het oor 'n baie interessante periode wat die land deurgemaak het.³⁵ Ulrich Gerard Lauts (1787 tot 1865) was 'n onvermoeide stryder en propagandis vir die belange van sy stamverwante in Suid-Afrika. Hy was die vader van die pro-Boere-beweging in Holland wat later deur ander Hollanders, veral ná 1877 en weer in 1899 verder gevoer sou word.³⁶ 'n Gedeelte van Lauts se skriftelike nalatenskap is in die Lakenhal in Leiden bewaar. 'n Verdere 1600 dokumente, briewe, gedrukte stukke, persberigte, reisverhale en aantekeninge oor allerlei onderwerpe met betrekking tot Suid-Afrika was in besit van dr. W.J. Leyds.³⁷ Die Lauts-dokumente is in 1925 aangekoop en word tans as die Lautsversameling in die Nasionale Argief van Suid-Afrika in Pretoria

³⁵ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 1, sublêer 5, F.V. Engelenburg – Graham Botha, Hoofargivaris van die Unie, 09.08.1924.

³⁶ J. Ploeger, "Ulrich Gerard Lauts" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, p. 489.

³⁷ NASA, Aanwins A140, Engelenburgversameling, Band 1, sublêer 5, F.V. Engelenburg – Graham Botha, Hoofargivaris van die Unie, 09.08.1924.

bewaar.³⁸ Deur Engelenburg se bemiddeling is ook die W.J. Leydsversameling van Nederland na Suid-Afrika oorgeplaas.

Koopmans-De Wethuis

Engelenburg se tante, Marie Koopmans-de Wet, is in 1906 oorlede en haar suster in 1911. Kort ná laasgenoemde se dood het Engelenburg 'n paar instansies genader om elkeen versoë tot die regering te rig om die huis, wat binnekort verkoop sou word, aan te koop as gedenkwaardigheid. Dit moes as 'n museum ingerig word. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk gemeld, was dit 'n tipies 18de eeuse Kaapstadse woonhuis van die goeie stand. Van al dié era se woonstrukture wat bly staan het, word die Koopmans-De Wethuis steeds as die bes bewaarde voorbeeld gereken. Engelenburg het Henry de Villiers in Kaapstad gevra om via die *Nasionaal Genootskap* 'n petisie oor die saak by die regering in te dien. Hy het ook die *Architekten Genootskap* in dié rigting laat beweeg.³⁹ Op aanbeveling van Engelenburg het die voorsitter van die Akademie, oudpresident M.T. Steyn, 'n memorandum aan die Eerste Minister Louis Botha en die lede van die Kabinet van die Unie van Suid-Afrika gerig met die versoek dat die staat die huis aankoop.⁴⁰ Deur middel van die invloedryke F.S. Malan het Engelenburg die saak verder gevoer met gereelde versoë tot die regering. Sy volgehoue pogings het aan die begin van 1913 geslaag. Die staat het die huis aangekoop asook sekere artikels wat aan mev. Koopmans-De Wet behoort het.⁴¹ Dit was 'n enkele voorbeeld van die wyse waarop Engelenburg se sterk sin vir die bevordering van kultuurbewaring en sy sensitiewe estetiese bewussyn op 'n magdom terreine, regstreeks tot die waardering en bewaring van Suid-Afrika se kultuurerfenis bygedra het.

³⁸ J. Ploeger, "Ulrich Gerard Lauts" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, p. 489.

³⁹ INEG, Aanwins PV 917, SA Akademieargief, KOR lêer 1 (1909-1912), F.V. Engelenburg – G. Knothe, 07.11.1911.

⁴⁰ INEG, Aanwins PV 917, SA Akademieargief, KOR lêer 1 (1909-1912), M.T. Steyn aan die 1ste Minister en die Kabinet, 20.11.1911.

⁴¹ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 239.

Engelenburg en die hoër onderwys

Sy grootste bydrae tot die onderwys het Engelenburg ná die Anglo-Boereoorlog gemaak. Engelenburg het goeie en doeltreffende onderwys beskou as die sleutel tot 'n suksesvolle en vooruitstrewende land. Gevolglik het Engelenburg al sy kragte ingespan om te help om hoër onderwys in die Transvaal op 'n stewige fondament te plaas. Daar was nou genoeg leerlinge uit die skole wat 'n volhoubare stroom studente na die universiteit sou verseker. Deurgaans het hy hom beywer vir gelyke beregtiging van Nederlands/Afrikaans en Engels in die skole en universiteite.

In die Transvaal is die *Transvaal Technical Institute* (TTI) in 1903 opgerig met Fabian Ware as eerste voorsitter van die Raad van nege lede.⁴² Op hulle eerste vergadering was een van die eerste besluite om die studente van die *Cape School of Mines* (van 1896 in Kimberley gevestig) na Johannesburg te verskuif. Daar is ook in beginsel besluit om sekere seksies van Tegniese Onderwys in Pretoria oor te neem.⁴³

'n *Board of Studies* is hierna saam met verteenwoordigers van die instituut se raad, gevorm met opdrag "to deal with academic matters", en met 'n senior professor as voorsitter. Die liggaam sou geen uitvoerende mag hê sonder goedkeuring van die raad nie. Dit kan beskou word as die eerste vorm van 'n universiteitsenaat in die Noorde. Lord Milner en sir Arthur Lawley het self die instituut in tydelike geboue in Kerkstraat, Pretoria kom open en in April 1904 het die inrigting met 'n regeringsubsidie van £38 000 en geldelike steun van die *Witwatersrand Council of Education* begin.⁴⁴ In dieselfde jaar is die raad uitgebrei tot 25 lede. Onder die benoemde raadslede was bekende Pretorianers, byvoorbeeld E.F. Bourke, J.E. Adamson (Direkteur van Onderwys), J.G. van Boeschoten, F.B. Smith (Direkteur van Landbou) en adv. (genl.) J.C. Smuts wat in 1907 vervang is deur F.V. Engelenburg.⁴⁵

⁴² C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 4.

⁴³ *Ibid.*, p. 4.

⁴⁴ C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 5.

⁴⁵ *Ibid.*, p. 5.

Teen middel 1905 was daar by die TTI reeds drie departemente, naamlik: i) Kunste, ingesluit Klassieke Tale, Engelse Literatuur en Moderne Tale; ii) Die Wetenskappe wat verband gehou het met Landbou, en iii) Regsgeleerdheid. 'n Jaar later is die TTI se naam gewysig na *Transvaal University College* (TUK). In daardie stadium was die TUK nog in Johannesburg gevestig. Uit dokumentasie kan 'n mens aflei dat onderrig in Engels geskied het.⁴⁶

Engelenburg het die plan om die tegniese deel van die TTI in Johannesburg te hou, heelhartig gesteun.

Niemand zal ontkennen dat 't hoogst wenselik is een zo goed mogelijk ingerichte Mijnschool in het mijn-centrum te hebben. Bij een opleiding voor de mijn-industrie kunnen gemakkelijk andere techniese vakken worden gevoegd.⁴⁷

Hy het egter gevoel dat lettere, wis- en natuurkunde nie behoort het by 'n tegniese inrigting nie en nog minder in die Goudstad met al sy 'sedelike bederf' nie. Dit was nie die plek vir rustige studie nie.

De enige plek in ons land, waar het Hoger Onderwijs in een "College" gecentraliseerd behoort te zijn is Pretoria waar de maatschappelijke omgeving een geheel andere is dan te Johburg, waar de studenten in aanraking komen met de beste elementen onzer Afrikaanse samenleving.⁴⁸

In dieselfde jaar wat Engelenburg in die raad van die TUK begin dien het, is die hoër onderwys in Transvaal in drie verdeel en het "the Literary Courses and Science Courses" na Pretoria verskuif. Die naam TUK het ook vir Pretoria gebly.⁴⁹ Rondom Uniewording is besluit om die takke Johannesburg en Pretoria van die TUK geheel en al te skei sodat daar twee geïnkorporeerde inrigtings vir hoër onderwys sou ontstaan, elk met 'n eie program en finansiële voorsiening. Vir die derde afdeling van die bestaande TUK, die landboukollege, sou in Pretoria voorsiening gemaak word. Die naam TUK is aan Pretoria gegee en Johannesburg se skool vir mynwese sou 'n nuwe naam moes kry. Die raad van die TUK is deur die Uitvoerende Raad van Transvaal op

⁴⁶ *Ibid.*, pp. 5 en 6.

⁴⁷ Redaksionele kommentaar, "Middelbaar- en hoger onderwys", *De Volkstem*, 25.05.1907.

⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁹ C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 5-9.

30 Mei 1910, die dag voor die totstandkoming van die Unie, soos volg saamgestel: J.E. Adamson, E.F. Bourke, H. Crawford, T.N. de Villiers, F.V. Engelenburg, sir Johannes Wessels (voorsitter), H.L. Malherbe, J. de V. Roos, F.B. Smith en H.P. Veale.⁵⁰ Waar Engelenburg in 1908 uit die universiteitsraad weggelaat is, is hy nou weer verkies.

Die universiteitsraad wat in die eerste instansie vir die beleidsbepaling van die inrigting verantwoordelik was, was jarelank 'n Afrikaanse oriëntering nie goedgesind nie. Engelenburg het reeds in 1907 gepleit dat studente die keuse gegee moes om hulle eksamens in Engels of Nederlands af te lê.

Zolang bij bijna alle eksamens, die in Zuid Afrika kunnen afgelegd worden, alleen Engels 't medium blijft, zolang heeft het gepraat over gelijke rechten bitter weinig waarde; komt 't tot de oprichting van een Afrikaanse Universiteit met daaraan verbonden kolleges, dan móét ook dit beginsel worden erkend.⁵¹

Onder die raadslede was Engelenburg 'n eensame pleitbesorger vir Nederlands as onderrigtaal. By geleentheid van die heel eerste raadsvergadering van die TUK wat op 14 Junie 1910 gehou is, het hy aan die hand gedoen:

... that this Council should approach the Cape University with reference to obtaining equality of languages in the examinations.⁵²

Die reaksie moes selfs vir hierdie stoere ou kampvegter van Nederlands en later van Afrikaans ontmoedigend gewees het. Die volgehoue pogings van Engelenburg sedert 1910 het in 1916 vrug gedra toe die Raad van die *University of the Cape of Good Hope*, wat as eksaminerende liggaam van alle inrigtings vir hoër onderwys, insluitende die TUK, opgetree het, besluit het

... to use Dutch as their medium in answering questions in the B.A. Pass and Honours Examinations in and after 1916 in all subjects except English.⁵³

Engelenburg het in die raad van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst gedien en vanuit daardie hoek het hy sy pleitdooi vir 'n goeie universiteitstelsel verder gevoer. Die Akademie het daarvoor gepleit dat 'n universiteit in die noorde

⁵⁰ *Ibid.*, pp. 23 en 24.

⁵¹ Redaksionele kommentaar, "Middelbaar- en hoger onderwijs", *De Volkstem*, 22.05.1907.

⁵² C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 49.

⁵³ *Ibid.*, p. 49.

gestig word. Dit moes 'n plek in die nasionale onderwysstelsel inneem, bo en behalwe die universiteitskolleges wat toe reeds bestaan het. Aan studente wat die eindeksamens aan die universiteitskolleges slaag, moes bevoegdheid verleen word om klasse aan die nuwe universiteit te volg. Die oprigting van so 'n universiteit sou alleen aan sy doel kon beantwoord indien by die stigting daarvan rekening gehou sou word met die belange en regmatige eise van alle dele van die bevolking van die Unie van Suid-Afrika, meer bepaald wat sy vestiging en inrigting, eksamens, onderwysende personeel en taal betref het. By die algemene vergadering van die Akademie in 1914 is dit aan die Akademieraad opgedra om 'n wakende oog te hou oor die stigting van die nuwe universiteit.⁵⁴ Die Universiteit van Suid-Afrika sou hierna in 1918 tot stand kom.

Engelenburg het ook in 1914 'n memorandum opgestel met betrekking tot tweetaligheid by die universiteitskolleges en universiteite en het aan die Akademieraad voorgestel dat dit gestuur moes word aan die *Privy Council* van die Koning van Engeland. Hy het verder versoek dat die Akademie 'n afskrif van die memorandum ook aan die Eerste Minister van die Unie stuur.⁵⁵ Die memorandum, wat Engelenburg in sy hoedanigheid as lid van die Transvaalse Universiteitsraad opgestel het, lui soos volg:

Memorandum with regard to the language aspect of the University Question:

The undersigned, member of the Transvaal University Council, begs to submit the following observations, in lieu of clauses (1) and (2), containing views upon the question, as held by the Senate of the above named College; no solution of the University question will find general and hearty approval, unless the rights of both official languages of the Union be fully recognised and provided for... Those who aim at the inclusion in South Africa's intellectual aristocracy and those who seek admission to South Africa's highest educational institutions, must in future be expected to be acquainted with both official languages of the State. The coming generation, which has passed through the elementary and medium schools, has every opportunity to become bilingual, and no justifiable excuse could be advanced by those who offer themselves for University training, regarding ignorance of either of the two official languages. ... If, therefore, it is

⁵⁴ Notule van die algemene vergadering, 3 en 4 Julie 1911, *Jaarboek 2 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 7, 23 en 24.

⁵⁵ INEG, Aanwins PV 917, SA Akademieargief, KOR lêer 2 (1913-1914), F.V. Engelenburg – G Knothe, 30.03.1914.

admitted that – within the next few years – each student who has reached University standing, will be sufficiently bilingual to follow courses either in English or Dutch, the only point which remains to be considered, is whether the teaching personnel will stand in the way of a fair application of clause 137 of our Constitution (guaranteeing equality of language rights). Bilingual professors will be extremely rare. Double staffs of professors, one English speaking, the other Dutch speaking, would be too costly. The most acceptable solution would perhaps be, that one half of the lessons should be given in the one language, the other half in the other language. For such lessons professors ought to be selected according to their greatest proficiency in either language. There are already many professors in South Africa fully competent to lecture in Dutch. ... The above scheme would obviate the reasonable complaints as to one language being unduly favoured to the decrement of the other. ... F.V. Engelenburg.⁵⁶

By die TUK het prof. D.F. du Toit Malherbe reeds in 1917 'n aantal lesings in Afrikaans aan sy gevorderde studente in skeikunde begin gee en het die jaar daarna ook met lesings in Afrikaans vir die eerstejaars begin. Na 'n klompie onstuimige jare is in 1932, toe die TUK reeds bekend gestaan het as die Universiteit van Pretoria, besluit dat die voertaal van die Universiteit voortaan Afrikaans sou wees.⁵⁷

Engelenburg het tot in 1925 in die raad van die TUK gedien. In 1935 het die Universiteit van Pretoria die eredoktorsgraad D.Litt. aan hom toegeken.⁵⁸ Op 10 Oktober 1930 is die TUK deur wetgewing tot 'n universiteit verklaar. 'n Besef van eie vermoëns en die strewe na 'n universiteit met Afrikaans as enigste voertaal vir en in diens van die Afrikaanssprekende bevolking was die dryfkrag agter die totstandkoming van die selfstandige instelling. Daar was remmende faktore wat nog merkbaar was: Die verlamming van die Tweede Wêreldoorlog en interne struwelinge van die tydperk tot 1947 het 'n negatiewe rol gespeel. Tog het die Universiteit van Pretoria skouspelagtig gegroei tot een van die grootste in die land en een van die grootstes op die vasteland

⁵⁶ INEG, Aanwins PV 917, SA Akademieargief, KOR lêer 2 (1913-1914), F.V. Engelenburg, Maart 1914.

⁵⁷ C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 49.

⁵⁸ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Graadsertifikaat van die Universiteit van Pretoria aan F.V. Engelenburg, 1935.

van Afrika. Hieraan het Engelenburg, wat in 1938 oorlede is, vir baie jare 'n beduidende aandeel gehad.⁵⁹

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat Engelenburg vir die Afrikaners dieselfde kulturele en intellektuele vorming begeer het as wat hy as kind en jong man in Nederland geniet het en as vanselfsprekend aanvaar het. By sy aankoms in 1889 in Transvaal was daar min sprake van 'n Afrikanergemeenskap wat kultureel en intellektueel sterk was. Hy het egter besef dat die Afrikaners intelligent was, maar dat hulle weens omstandighede kultureel en intellektueel agtergeraak het. Hy het van die begin af kragtig meegehelp om die situasie om te draai. Deur te dien in verskeie komitees, kommissies en rade en ook deur middel van *De Volkstem* het hy die gemeenskap se leef- en gedagte-wêreld voortdurend gestimuleer. Hy het groot klem gelê op die bevordering van goeie onderwys en was veral besorg oor moedertaalonderrig tot op universiteitvlak.

In die tydperk voor die Anglo-Boereoorlog het Engelenburg belangrike werk verrig. Ná die oorlog het hy egter veel belangriker werk gedoen met betrekking tot die heropbou van die land.⁶⁰ Hy het hom ná die oorlog volkome met die Afrikanervolk se saak geïdentifiseer en het gevolglik by verskeie sake betrokke geraak en op vele terreine meegehelp om die land op te bou. Die insette wat hy gelewer het, was ook daarop gemik om nasietrots aan te wakker en die Afrikaner te lei tot respek en eerbied vir sy verlede.

Engelenburg het sy visier egter wyer gestel en meegehelp om 'n akademie vir uitnemendheid vir Suid-Afrika tot stand te bring. Dit moes 'n oorkoepelende liggaam wees wat Nederlands en Afrikaans op hoë vlak sou bevorder. Dit moes ook 'n liggaam wees wat na die Afrikaner se kultuur sou omsien, maar veral die ontwikkeling van die wetenskap op alle terreine sou bevorder. Hoewel daar aan die begin nog maar min geleerdes in Suid-Afrika was wat vir lidmaatskap van 'n akademie kon kwalifiseer, is die aandag nou tog gerig op die skepping van so 'n liggaam.

⁵⁹ C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 74 en 103.

⁶⁰ In die beplande opvolgende studie word Engelenburg se betrokkenheid by die ABO onder die loep geneem.

Hoofstuk 7

Engelenburg as taalstryder en die stigting van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst

Inleiding

Hoewel die voorstanders van Nederlands reeds sedert 1897 daadwerklik op die voorgrond begin tree het en in hulle strewe vir die behoud van Nederlands in Suid-Afrika in botsing met die voorstanders van Afrikaans gekom het, was dit eers ná die Anglo-Boereoorlog dat die stryd tussen dié twee taalgroepe geleidelik begin toeneem het. Om egter eenheid van optrede te bewerkstellig, is De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst op 2 Julie 1909 opgerig. Nadat die Akademie gestig is, moes dié liggaam gestalte gee aan die doelstellings waarvoor hy hom voortaan sou beywer.

1. Die Akademie moes ook sorg dat mense wat Afrikaans en Nederlands gebesig het onder een dak gehuisves word.
2. Die doelwit was om die lettere en die kunste in Suid-Afrika behoorlik te vestig.
3. Onderwys en opvoeding van die bevolking was ook deel van die te stigte Akademie.

Al hierdie sake het Engelenburg na aan die hart gelê. In hierdie hoofstuk sal veral gelet word op onder meer sy houding ten opsigte van Afrikaans en Nederlands. Engelenburg was tot 1932¹ deurlopend een van die groot dryfkragte agter die werksaamhede van die Akademie.

Die posisie van Afrikaans en Nederlands vóór die Anglo-Boereoorlog

Tot 1806 was suiwer Nederlands van die amptenary en Hooghollands van die Kaapse burgery in werklikheid nooit die taal van die meerderheid van die koloniste nie. Hulle het nie-Standaardnederlands gepraat. Die benaming 'Afrikaans' vir die nie-Standaardnederlands wat in Suid-Afrika ontwikkel het, is eers in die middel van die

¹ Engelenburg het in 1932 'n beroerte aanval gekry en het hom daarna aan die werksaamhede van die Akademie onttrek.

19e eeu begin gebruik. Dit is deur die voorstanders van Nederlands nie as 'n hoëfunksietaal erken nie en is letterlik verag. 'n Stigma het aan hierdie taalvorm gekleef. Die verengelsing van veral die blanke bevolking in Suid-Afrika het ná die Britse besetting van die Kaap in 1806 'n werklikheid geword. Die Nederlanders het vir die eerste keer tot die besef gekom dat hul eie geestesgoedere soos hulle godsdienste, gewoontes en bo alles – hulle taal – gevaar geloop het om verlore te raak. Engels het nou die plek van Nederlands as hoëfunksietaal oorgeneem, terwyl Nederlands en Afrikaans moes veg om hulle beskeie posisies te handhaaf. In 'n poging om die voortbestaan van Afrikaans te verseker in 'n tydperk waarin daar nog nie sprake van 'n eie Afrikaanse politieke substruktuur was nie, is Nederlands as skans teen verengelsing en die kulturele rewolusie ingespan. Alleen 'n gevestigde kultuurtaal soos Nederlands, gerugsteun deur 'n politieke onderbou, sou in staat wees om naas 'n ander gevestigde kultuurtaal Engels stand te hou.²

In die 1870's is bewuste pogings aangewend om Afrikaans as kultuurtaal gevestig te kry. Op 14 Augustus 1875 het dit gelei tot die stigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* (GRA) wat hom beywer het vir die erkenning van Afrikaans as volkstaal, as voertaal op skool en as algemeen, aanvaarde, beskaafde omgangstaal. Die *Afrikaanse Patriot* het 'n jaar later tot stand gekom met die doel om die GRA se idees uit te dra. Die stigting van die GRA het dadelik teenstand van die voorstanders van Nederlands ondervind. Hulle het Afrikaans nie beskou as 'n taal van hoë ontwikkeling nie. Dit was te platvloers en sonder enige grammatika, letterkunde of gevorderde openbare gebruik. Nederlands was toe nog die taalvorm van beskaving en verfyning, ook vir die Boerekolonis.³

In 1882 is Nederlands as taal in die Kaapse Parlement erken, maar in die praktyk het Engels steeds voorrang geniet. Die feit dat van regeringskant haas niks gedoen is om die gelykheid van Nederlands en Engels in die Parlement en in skole te bevorder nie, het gevolglik gelei tot 'n taalkongres in 1890. Die lede het hulself tydens die kongres begin organiseer om te verseker dat die taalwet uitgevoer word. Die Taalkongres van 31 Oktober 1890 het die groot vraagstuk bespreek: Wat is nou eintlik "onze taal"? Die verhewe Nederlands van die Bybel en die kerk, wat min mense meer werklik verstaan

² M.D. Uys, *Die vernederlandsing van Afrikaans*, pp. 154-157.

³ P.J. Nienaber, *Wat doen die Akademie?*, p. 1.

het, of die opkomende nuwe taal wat Afrikaans genoem is? Die saak is tot stemming gebring en met 'n meerderheid van stemme is besluit om Nederlands as "onze taal" te aanvaar.⁴ Die stigting van die Taalbond na afloop van die kongres het ten doel gehad om deur taaleksamens en deur die vereenvoudiging van die Nederlandse taal, Nederlands te bevorder. Aan die volkstaal Afrikaans is in daardie stadium slegs 'n vae erkenning gegee.⁵ Engelenburg het die stigterslede van die Taalbond alle sukses toegewens in hulle edel strewe en het sy volle steun daaraan toegesê. Hy het bygevoeg:

Met die taal staat en valt ons volkskarakter, het behoud onzer onafhankelijkheid.⁶

Sedert die ontstaan van *De Volksstem* in 1873 het dié koerant weinig kommentaar oor Afrikaans gelewer. Daar is bepaald stelling teenoor Engels ingeneem. Toe Engelenburg in 1889 as hoofredakteur aangestel is, het hy met die bestaande taalbeleid van die koerant voortgegaan. Hy het om verstaanbare redes Nederlands gesteun. Hy het te velde getrek teen die Engelse pers wat van die Nederlandse koerante verwag het om hulle hoofartikels ook in Engels te plaas, terwyl die Engelse koerante self geen moeite gedoen het om hul eie hoofartikels ook in Nederlands te publiseer nie. Hy was van mening dat iemand in Suid-Afrika wat hom met openbare aangeleenthede wou bemoei, maar te dom of te lui was om Nederlands te leer, beter sou doen om stilweg in sy kantoor of winkel te bly. Engelenburg kon ook nie sien waarom die Nederlandse persorgane hulle moes verlaag tot diensknegte van die luies en dommes onder die publiek nie. Hy het hom ook sterk teen *Reuter*⁷ uitgespreek wat uitsluitlik 'n Engelse nuusagentskap was en nie die minste in voeling en aanraking met die Nederlandssprekendes van Suid-Afrika was nie.⁸

Het gansche hollandsche volksbestaan in Zuid-Afrika is aan *Reuter* bijkans even vreemd als de bergen op de maan.⁹

⁴ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 10.

⁵ *Ibid.*, pp. 10 en 11.

⁶ Redaksionele kommentaar, "De Hollandsche taal in Zuid-Afrika", *De Volksstem*, 05.02.1891.

⁷ *Reuter* was en is steeds 'n internasionale nuusagentskap. Dit is 1850 deur Paul Julius Reuter gestig. Hy het die geleentheid raakgesien om buitelandse nuus vinnig per kabel te versprei. Anon., "Reuters" by www.wikipedia.org/wiki/reuters, (geraadpleeg op 14.04.2010).

⁸ Redaksionele kommentaar, "Indrukken te Burgersdorp bij gelegenheid van het Taalfeest", *De Volksstem*, 25.01.1893.

⁹ *Ibid.*

Hy het gepleit dat Nederlandstalige koerante in Suid-Afrika daaraan moes begin dink om 'n nuusagentskap te steun wat beter in die Afrikaners se behoefte sou voorsien.¹⁰ Die Kaapkolonie se versoek in 1890 dat die ZAR-regering tweetalige amptenare moes aanstel, het daartoe gelei dat Engelenburg hom heftig teen Engels uitgespreek het.

Hollandsch moet en zal de hoofdtal dezès lands blijven, anders kan men evengoed het land overgeven aan Engeland, en zullen al de rampen en moeilijkheden door de oude voortrekkers geleden en al het door hen vergoten bloed, nutteloos zijn geweest... De taal, waarin de moeders en vrouwen dier kloeke mannen hunne kinderen in slaap zongen, waarin die kleinen op moeders schoot de eerste woorden leerden stamelen, waarin hun het geloof aan God en eeuwigheid werd ingeprent, waarin hun het woord Gods nog dagelijks wordt verkondigd, waarin hunne nationaliteit gelegen is, kan en mag niet door eene vreemde taal overweldigd worden.¹¹

Met die Burgersdorpse Taalfees twee jaar later het Engelenburg die onthulling van 'n monument ter nagedagtenis aan die uiteindelijke gelykstelling van Nederlands met Engels ná 'n jarelange pynlike worsteling in die Kaapkolonie bygewoon. Hy het egter gemeen dat die gelykstelling net op papier was. Hy was van mening dat dit nou die plig van die koloniale Afrikaners was om die gelykheid ook in die daaglikse lewe te verwesenlik. In die poskantoor, spoorwegstasie, die skool en bankgebou moes die tasbare blyke aanwesig wees. In die huisgesin, die kerk en parlement moes die verkreë reg vrugbaar benut word. Volgens Engelenburg sou die leuse van die Nederlandse taal in die Kaapkolonie in daardie stadium kon wees:

Ik worstel maar beswijk niet.¹²

By bogenoemde taalfees was ds. S.J. du Toit ook aanwesig en Engelenburg het opgemerk dat hy, net soos al die ander feesgangers, slegs Nederlands gepraat het. Ds. Du Toit was die vader van die *Patriot*-taal (Afrikaans), maar het dit by die fees gerade geag om sy troetelkind op die agtergrond te skuif. Engelenburg was van mening dat die publiek in die Kaapkolonie, nes elders in Suid-Afrika, weinig geesdrif gekoester het vir die Afrikaans van ds. Du Toit.

¹⁰ *Ibid.*

¹¹ Redaksionele kommentaar, "Onze taal", *De Volksstem*, 13.10.1890.

¹² Redaksionele kommentaar, "Het Burgersdorp Taalfeest", *De Volksstem*, 17.01.1893.

De beschaafde Afrikaners gevoelens dat hulle taal sou verneder word deur die te buig na die behoeftes van 'n klein beschaafde minderheid.¹³

In die noorde was Nederlands die ampstaal en is Nederlands en Engels in die skole onderrig. Ten spyte daarvan dat Nederlands wetlike steun van die ZAR-regering ontvang het, het die Afrikaners dit al moeiliker gevind om die verheue Nederlands te verstaan. As gevolg van die moeilike skryfwyse van Nederlands het die Afrikaners dus liever Engels gebruik wanneer hulle geskryf het. Soos reeds voorheen vermeld, het hulle ook verkies dat hulle kinders in Engels onderrig word. In 1876 het 101 kinders in die regeringskole onderrig in Engels ontvang en 80 leerlinge in Nederlands. Ná die anneksasie van die ZAR in 1877 het die skole gouer verengels en in 1879 is ongeveer 90% van die leerlinge in Engels onderrig.¹⁴ Ná die Eerste Vryheidsoorlog het Nederlands voorrang in die skole geniet. Dr. N. Mansveld het ná sy aanstelling as superintendent van onderwys Nederlandse onderwysers ingevoer en het gesorg dat hoofsaaklik Nederlands in die skole onderrig is. Teen die einde van 1895 het die kinders van Suid-Afrika met vier taalvorme saamgeleef: Die Afrikaans wat hulle tuis gepraat het, die ou vorm wat as die taal van Siegenbeek bekend gestaan het in hulle skoolboeke, die vorm wat in algemene gebruik was en waarin hulle op skool onderrig is, naamlik die taal van De Vries en Te Winkel en die taal van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS). Laasgenoemde was nog nie amptelik in gebruik nie, maar is wel deur die Nederlandstalige koerante,¹⁵ en in besonder *De Volksstem*, benut. Matthijs Siegenbeek, hoogleraar in die Nederduitse letterkunde te Leiden, is in Nederland algemeen beskou as die grondlegger van eenvormigheid in die moderne Nederlandse spelling.¹⁶ Deur bemiddeling van die *Bataafsche Maatschappij* en onder leiding van J.H. van der Palm is in Oktober 1801 opdrag aan Siegenbeek gegee om spellingreëls te ontwerp.¹⁷ Sy voorstelle, soos opgeneem in sy *Verhandeling over de spelling der Nederduitse taal*, het die offisiële spelling van Nederland geword en het allerweë ondersteuning geniet. Sy spelreëls het groter eenheid bewerkstelling

¹³ Redaksionele kommentaar, "Indrukken te Burgersdorp bij gelegenheid van het Taalfeest", *De Volksstem*, 25.01.1893.

¹⁴ A.H. Lugtenburg, "Die taalstryd in die Transvaalse onderwys voor 1900" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir kuns en lettere*, 2(4), November 1930, p. 229.

¹⁵ P.H. Kapp, Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009, p. 12.

¹⁶ S.I. Malan, Die spelling van Afrikaans, p. 93.

¹⁷ M. Siegenbeek, *Verhandeling over de spelling der Nederduitse taal*, p. 4.

tussen Noord- en Suid-Holland, 'n eenheid wat veral op taalgebied verreikende gevolge gehad het.¹⁸ Die uitgawe van Te Winkel is in 1857 gepubliseer, waarna hy saam met De Vries in 1863 *Grondbeginselen der Nederlandsche spelling* uitgegee het. Dit het spoedig ook amptelike erkenning verkry en sou voortaan dien as basis van alle toekomstige spellingsisteme van Nederland.¹⁹ Die regering het die spelling van De Vries en Te Winkel in die skole erken naas die ou spelling van Siegenbeek.²⁰ Die uitgangspunt van M. de Vries en L.A. te Winkel was nie om 'n algehele nuwe spelling te ontwerp nie, maar om Siegenbeek se stelsel slegs aan te pas volgens die resente taalbeginsels. Hulle was voorstanders daarvan dat die spelling soos die taalkunde self op 'n suiwer taalwetenskaplike grondslag gereël moes word.²¹ Die ingewikkelde Nederlandse spelvorme het dit egter vir die Afrikaanse kind baie moeilik gemaak om in Nederlands onderrig te word.

Omstreeks 1890 het daar in Nederland 'n beweging ontstaan ten gunste van vereenvoudiging van die spelling en verbuiging van Nederlands. Vooraanstaande persone in hierdie beweging was dr. R.A. Kollewijn (1857-1942) en dr. F.B. Hettema (1862-1922). Hulle het brosjures onder die naam *Voorstellen tot vereenvoudiging van onze spelling en verbuiging* geskrywe. In 1893 het dr. Kollewijn 'n paar eksemplare daarvan aan die superintendent van onderwys, Nicolaas Mansvelt, in Pretoria gestuur. Hulle het vereenvoudiging van die Nederlandse spelling (VNS) in De Vries en Te Winkel voorgestel. Voordat daar egter tot enige samewerking gekom kon word, het die ZAR-regering besluit om eers te sien wat die Nederlandse regering in verband met vereenvoudiging sou gaan doen.²² Hierdie besluit om eers op 'n koersverandering van die Nederlanders te wag, het die vereenvoudiging van die amptelike taal van die ZAR laat agterweë gebly.²³ Amptelik was die kwessie voorlopig van die baan, maar gedurende 1895 het Engelenburg in *De Volksstem* verskeie artikels geplaas oor die

¹⁸ S.I. Malan, Die spelling van Afrikaans, pp. 93 en 94.

¹⁹ *Ibid.*, p. 95.

²⁰ Anon., *Zuid-Nederland en de spellingvereenvoudiging*, p. 6.

²¹ L.A. te Winkel, *De grondbeginselen der Nederlandsche spelling: Regeling der spelling voor het woordenboek der Nederlandsche taal*, p. ix.

²² J. Ploeger, "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), 1952, pp. 125, 126.

²³ *Ibid.*, p. 127.

voor- en nadele van die VNS.²⁴ Engelenburg was 'n groot voorstander van dié spelwyse en was die eerste om in 'n openbare blad die vereenvoudigde Nederlandse spelling (Kollewijnspelling) in 1895 in te voer, ruim tien jaar voor dit algemeen aanvaar is.²⁵ Hy het egter nog steeds 'n afkeer van Afrikaans getoon.²⁶ Die vereenvoudigde spelling en taalgebruik in *De Volksstem* het heelwat lede van die *Nederlandsche Vereeniging voor Zuid-Afrika*²⁷ omgekrap. Dit was veral die Nederlandse gemeenskap in Pretoria wat sterk daaroor gevoel het. Die algemene gedagte was dat die koerant sy oorspronklike spelling moes handhaaf ter wille van die "Hollandse element in die Zuid-Afrikaansche Republiek".²⁸ 'n Advieskommissie is ten slotte in Maart 1895 benoem waarin N. Mansvelt, H. Reinink, H.A. Ameshoff, F.V. Engelenburg, M.J. Goddefroy, P. Postma, H.G. Breijer, F.W. Wagner, G.A.A. Middelberg en E.J. van Gorkom sitting geneem het. Die kommissie het op 23 April 1895 vergader. Sake wat bespreek is, het gehandel oor die wenslikheid van die behoud van die Nederlandse taal in Transvaal: sou die VNS voor- of nadelig wees en sou dit 'n gevaar kon inhou indien die taal van die land geskryf word soos dit deur "minder ontwikkelde" burgers gepraat is?²⁹ Dit wil voorkom of daar weinig gekom het van 'n ondersoek om hierdie vraag te beantwoord. Engelenburg het in *De Volksstem* bloot die vereenvoudigde spelling en taalgebruik behou.³⁰

In die Kaap het soortgelyke gesprekke oor die VNS plaasgevind. Prof. P.J.G. de Vos, 'n dosent in teologie te Stellenbosch, het in Oktober 1895 'n besoek aan Pretoria gebring en 'n vergadering belê met vooraanstaande persone in die gemeenskap om groter samewerking vir die saak van spellingsbeginsels te kry. Die eerste ontmoeting met prof. De Vos het in Engelenburg se huis plaasgevind. Hy het in daardie stadium 'n huis in Andriesstraat gehuur. Die bekende Engelenburghuis was toe nog nie gebou

²⁴ *De Volksstem*, 11 en 31 Januarie, 4 en 12 Februarie, 18 en 21 Maart, 19 April, 10 Junie, 22 Julie, 1 Augustus, 25 September, 8, 26 en 28 Oktober 1895.

²⁵ F.V. Engelenburg, "De spellings-kwestie met het oog op Zuid-Afrika" in *De Gids*, Amsterdam, 1897, p. 359. (Die presiese datum van die uitgawe is onbekend.)

²⁶ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, p. 21. Vergelyk ook R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 28.

²⁷ 'n Algemene vereniging waaraan heelwat Nederlanders behoort het. Dit het takke in Johannesburg en Pretoria gehad en het sy eie ondersteunings- en siekefonds gehad.

²⁸ R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandse Vereeniging' 1890-1918, p. 51.

²⁹ *Ibid.*, p. 52.

³⁰ *Ibid.*, pp. 51 en 52.

nie. Teenwoordig by die vergadering was C. van Boeschoten (onder-staatsekretaris), J.S. Smit (kommissaris van spoorweë), N. Mansvelt (superintendent van onderwys), regter H.A. Ameshoff, H. Reinink (rektor van die plaaslike Gimnasium), J.F. Celliers (staatsbibliotekaris) en di. P. Postma en H.S. Bosman. Die uiteinde van die gesprek was dat besluit is om die saak van die VNS gesamentlik aan te pak. Vir Pretoria is 'n kommissie saamgestel om die saak te bevorder. Behalwe die voorgenoemde persone is twee onderwysers van die Gimnasium, dr. H.G. Breijer en N. Hofmeyr, ingesluit asook I.N. van Alphen (posmeester-generaal) en 'n paar ander persone. By vergaderings in Bloemfontein en Kaapstad is soortgelyke kommissies aangewys.³¹

Hoewel *De Volksstem* die vereenvoudigde Kollewijnspelling ingevoer het, het Engelenburg in 1896 nog eens sy openlike afkeur van Afrikaans uitgespreek. Hy het weer eens sy volle steun aan die Burgersdorpse Taalfees van daardie jaar gegee en beweer dat Afrikaans ontstaan het deur gebrek aan onderwys en ontwikkeling by die voorgeslagte, asook deur gedurige aanraking met die inboorlinge. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat dit

met alle kracht moest bestreden worden.³²

Engelenburg se voorkeur vir die vereenvoudigde Nederlandse spelling was voor 1900 dus nie om Afrikaans te bevorder nie, maar eerder om die Afrikaanse kind nader aan die Nederlandse taal te bring. Hy het egter ná die Jameson-inval 1895/1896 besef dat Afrikaans bestaansreg gehad het, maar dan slegs as 'n sieraad vir diegene wie se moedertaal dit was. Hy het dit toe nog nie as 'n taal in eie reg beskou nie. Engelenburg het gemeen dat die Jameson-inval meegebring het dat die Afrikaanse gemeenskap 'n sterker behoefte ontwikkel het aan 'n eie nasionaliteit en dat hulle ook 'n verhoogde waardering openbaar het vir die Nederlandse taal – en dat die nasionale gevoel landwyd te bespeur was.³³

Overall in Zuid-Afrika schijnt men bezig om stoom-op te krijgen ten einde de sterke voorwaartsche beweging te voeden en aan den gang te houden.³⁴

³¹ F.V. Engelenburg, "De spellings-kwestie met het oog op Zuid-Afrika" in *De Gids*, Amsterdam, 1897, p. 359. (Die presiese datum van die uitgawe is onbekend.)

³² Redaksionele kommentaar, "Onze Afrikaanse taal", *De Volksstem*, 19.02.1896.

³³ F.V. Engelenburg, "De spellings-kwestie met het oog op Zuid-Afrika" in *De Gids*, 1897, (Die presiese uitgawe is onbekend.), p. 357.

³⁴ *Ibid.*, p. 358.

Hy het hier ook gepraat van "de spontane wedergeboorte van den nationalen geest in den Boeren-Staten".³⁵ Engelenburg het gepleit dat Nederland die vereenvoudigde spelwyse aanvaar. Dit sou meebring dat die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika in staat gestel sou word om die Nederlandse letterkunde te verstaan. Weens die talryke moeilik verstaanbare reëls van die Nederlandse taal het die Afrikaners verkies om liewer die Engelse taal aan te leer. Indien Nederland nie aan die versoek gehoor gee nie, sou dit die Nederlandse taal in Suid-Afrika tot groot nadeel strek.³⁶

Ofskoon Engelenburg geen taalgeleerde was nie, maar enkel deur sy beroep 'n taalbeoefenaar, was hy 'n hardnekkige taalstryder. H. Meert het in 1898 in *Neerlandia* oor Engelenburg onder andere geskryf:

Toen hij, na zorgvuldig onderzoek en door bevoegde personen voorgelicht, overtuigd werd dat de Nederlandsche Taal in Zuid-Afrika gebaat zou wezen door vereenvoudiging in spelling en verbuiging, aarzelde hij niet, trots heftige bestrijding en tegenkanting, door middel van zijn blad, die overtuiging practisch te verwezenlijken, die door vele gezaghebbende personen in Z.A., o.a. door Dr. Mansvelt, gedeelt wordt. En zoo verschijnt thans de *Volksstem* in vereenvoudigde spelling en levert practisch het bewijs, dat het lezend publiek zich zeer gauw gewent aan de enkele veranderingen in de spelling, die de vereenvoudigers willen invoeren.³⁷

Engelenburg het voortdurend gepleit dat die VNS ook in Nederland ingevoer word. Dertig jaar later het hy steeds dieselfde mening gehuldig. Die heer G.A.N. Scheltema van Den Haag het in 1928 'n artikel geskryf oor die hersiening van die Nederlandse spelling. Engelenburg het dit met belangstelling, maar ook met weemoed geles en hierna aan Scheltema geskryf:

... de vasthoudendheid der Nederlanders aan hun schryftaal³⁸ is oorzaak dat hun letterkunde in Zuidafrika veronachtzaamd wordt en de geestelike banden tussen Holland en ons werelddeel verdwynen. U weet waarschyklik dat 't niet-Engels-

³⁵ *Ibid.*, p. 358.

³⁶ *Ibid.*, pp. 358, 361 en 362.

³⁷ NASA, Aanwys A787/207, Prellerversameling, H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, Oktober 1898.

³⁸ In 1928 gebruik Engelenburg in sy brief deurgaans die "y" en nie "ij" nie.

sprekende element hier te lande zich tans uitsluitend van Afrikaans als taal bedient en dat Nederlands langzamerhand ook uit de volkschool weggehoude word. Met 't oog op taal-ekspansie in Oost-Indie acht ik vereenvoudiging der spelling van Nederlands van allergrootst belang. Ikzelf heb 'n paar jaar geleden Oost-Indië bezocht en daar door zien en horen myn oordeel versterkt.³⁹

Dat *De Volksstem* invloed met sy optrede teen Afrikaans op die openbare opinie uitgeoefen het, sal seker nie ontken word nie, veral as in aanmerking geneem word dat die blad 'n groot sirkulasie in die ZAR gehad het en dat die *Patriot*, wat in die Kaap in omloop was en die saak van Afrikaans bepleit het, min lesers in die Boererepubliek gehad het. Dat daar wel mense was wat ten gunste van Afrikaans was, blyk uit die korrespondensiekolomme van byvoorbeeld *Land en Volk*, mondstuk vir die Piet Joubert-groepering. In *De Volksstem*, mondstuk van die Krugergroepering, is briewe van lesers wat Afrikaans voorgestaan het sorgvuldig vermy. Slegs briewe ten gunste van Nederlands is opgeneem.⁴⁰ Die interne stryd van die media om hulle lesers te beïnvloed – vir of teen Afrikaans – kon duidelik bemerk word.

Engelenburg se ommekeer na Afrikaans

Ná die Anglo-Boereoorlog het Engelenburg 'n ommekeer in sy taalopvatting beleef. Hy het gedurende die oorlog na Europa uitgewyk en met sy terugkeer in 1903 moes hy die na-oorlogse ellende van die Boere aanskou. Sy simpatie met die Boerenasie was oorweldigend. Sy afkeer van Afrikaans ten gunste van Nederlands het plek gemaak vir 'n vurige simpatie vir die taal van die Boere. Hy het besef dat Afrikaans 'n regmatige aanspraak op erkenning gehad het en hy sou hom voortaan tot sy dood vir die bevordering van die Afrikaanse taal naas Nederlands, beywer.

Vroeg in 1904 nooi Engelenburg die Afrikaanssprekendes in 'n hoofartikel uit om hulle letterkundige werk in *De Volksstem* te publiseer:

De Hollandse pers kan in dit opzicht tot een gunstig voorbeeld strekken, en de Volksstem staat dan gewis niet in de achterste rij, vooral nu ernaar gestreefd

³⁹ NASA, Aanwys A140, Engelenburgversameling, Band 6, subliër 20, F.V. Engelenburg, Pretoria – G.A.N. Scheltema, Den Haag, 01.02.1928.

⁴⁰ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volksstem' 1873-1900, pp. 21 en 22.

wordt om de sluimerende letterkundige talenten van't Afrikaner volk in onze feuilleton⁴¹ kolommen ruime gastvrijheid te geven.⁴²

Die Anglo-Boereoorlog en die periode van die Britse bewind wat gevolg het op die fase van die voormalige republieke het 'n verhoogde besef van Afrikaner-eenheid dwarsdeur Suid-Afrika meegebring. Engelenburg het die Boerenasie aangemoedig tot eenheid en hy het homself as deel van die nasie gesien:

De toekomst van ons volk hangt af van twee dingen. ... In de eerste plaats, dat we met heel onze kracht vasthouden wat van ons zelf is, te weten onze Godsdienst, Taal en Nationaliteit. En, in de tweede plaats, is een besliste vereiste dat we eendrachtig zijn.⁴³

Ná die oorlog het Engelse intellektuele bewegings tot stand gekom. In 1904 is die South African Association for the Advancement of Science gestig waarvan Engelenburg ook lid was.⁴⁴ Hulle het hulle toegespits op die bevordering van die wetenskap met Engels as die enigste medium. In 1908 word die Royal Society gestig wat vandag nog bestaan. Dit was 'n wetenskaporganisasie wat nog meer internasionaal ingestel was.⁴⁵

Teen 1905 was daar nog maar min organisasies wat die Afrikaners se kulturele belange in hulle programme opgeneem het. Die Afrikaners het versoening en samewerking met die Engelse regering gesoek, maar binne 'n program wat aan Afrikaner-kulturele belange 'n bepaalde plek sou toeken.⁴⁶ Generaal J.B.M. Hertzog het verder gegaan en het die taalkwessie sentraal in die openbare gesprek oor vereniging van die kolonies geplaas. Vir hom was die heropbou van die Afrikaner ná die oorlog net so belangrik as vereniging. Die Afrikaner se selfrespek moes opgebou word en dit kon verkry word by die aanvaarding van volwaardige gelykheid tussen

⁴¹ Deel van 'n koerant gewy aan kortverhale, letterkundige bydraes, ens. F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 184.

⁴² Redaksionele kommentaar, "Aan onze lezers", *De Volksstem*, 12.03.1904.

⁴³ Redaksionele kommentaar, "Onze toekomst", *De Volksstem*, 08.02.1905.

⁴⁴ NASA, Aanwys A140, Engelenburgversameling, Band 1, sublêer 4, Korrespondensie tussen die sekretaris van die vereniging en Engelenburg, 1915.

⁴⁵ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 19.

⁴⁶ *Ibid.*, p. 20.

Afrikaners en Engelse. Gelyke taalregte was vir hom die sleutel tot gelykheid. Nederlands en Engels moes op alle terreine en in die praktyk gelyke status geniet.⁴⁷ In dieselfde jaar het Onze Jan (J.H. Hofmeyr) op Stellenbosch 'n toespraak gelewer met die titel *Is't ons Ernst?* Lord Alfred Milner se pogings om die land ná die ABO te verengels, het daartoe gelei dat Onze Jan gewaarsku het teen die gevaar van verengelsing en het gevra of die Afrikaners ernstig daaroor was dat Nederlands op skool geleer moes word, of was hulle maar daarmee tevrede dat taalgelykheid net 'n verdigsel was.⁴⁸ Hierdie toespraak is van 5 April af in drie afleweringe in opeenvolgende uitgawes van *De Volkstem* geplaas.⁴⁹ Gustav Preller het van 19 April tot 14 Junie, in 15 uitgawes, sy beroemde stuk *Laat 't ons toch Ernst wezen!* gepubliseer.⁵⁰ Hy het hierin nie net gevra vir die behoud van Nederlands nie, maar ook vir die vestiging van Afrikaans.⁵¹ Kort daarna het die artikel ook in boekievorm verskyn met 'n voorwoord van Engelenburg waarin hy geskryf het dat elke ding sy tyd en plek het, want

[m]et zijn Regering komt 't publiek in aanraking door bemiddeling van een praktizijn, met zijn predikant onderhandelt een man mondeling of door z'n vrouw, maar hij *schrijft* aan z'n editeur.⁵²

Engelenburg het in 'n hoofartikel in Junie 1906 gemeen dat die Afrikaners nooit Engels as taal sal aanneem nie:

De steden van Zuid Afrika worden bewoond door een heterogene bevolking, die de Engelse taal heeft aangenomen als "kommersiële" taal; maar de kern der bevolking, de mensen die op en van de bodem bestaan en die van geslacht tot geslacht zich aan de vooruitgang van dit werelddeel zullen wijden; de mensen die voor de toekomst denken en arbeiden en aan Zuid Afrika's verleden gehecht zijn, hebben niet van node zich een speciale taal eigen te maken, omdat zij een

⁴⁷ *Ibid.*, pp. 19-21.

⁴⁸ S. Swart en L. van der Watt, "'Taaltriomf of Taalverdriet?' An aspect of the roles of Eugène Marais and Gustav Preller in the Second Language Movement, circa 1905-1927", in *Historia*, 53(2), November 2008, p. 138.

⁴⁹ Van 1905 het die een "s" verdwyn en word dit *De Volkstem*.

⁵⁰ M.S.B. Kritzing, "Die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 3(1), Februarie 1931, p. 2.

⁵¹ S. Swart en L. van der Watt, "'Taaltriomf of Taalverdriet?' An aspect of the roles of Eugène Marais and Gustav Preller in the Second Language Movement, circa 1905-1927", in *Historia*, 53(2), November 2008, p. 140.

⁵² F.V. Engelenburg, "Inleiding" in G.S. Preller, *Laat 't ons toch ernst wezen!*: gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schrijftaal, pp. 1-4.

moedertaal tot hun dadelike beskikking hebben en omdat die moedertaal tevens een nasionale taal is geworden, met 't Afrikaanse volk opgegroeid en ontwikkel. En zolang de Afrikaner nasie in opkomst, in toename van levenskracht verkeert – gelijk tans 't geval is – zó lang is 't hoogst onwaarschijnlijk dat onze nasie opzetlik de eigen taal zal wegwerpen om een vreemde ervoor in de plaats te nemen. Integendeel, de levensloop van de Afrikaanse taal is nog maar eerst in z'n aanvang, evenals de Afrikaanse nasie nog maar een jonge nasie is. Geen vrees dat ons volk, om welke reden ook, een andere dan z'n eigen taal sal hebben er houden.⁵³

Engelenburg het hom ook uitgespreek teen die onderdrukking van Afrikaans:

Het aanzien ener taal wordt niet gemaakt door kooplieden, spekulanten, spoorweg-koningen, parafien-magnaten, onderwijs-mandarijnen of zelfs goeverneurs, maar door de goede eigenschappen dergenen die tot het betrokken taal-gebied behoren. En dat vandaag Engels het kommerciële voertuig der bezigheids-mensen is, rechtvaardigt niemand om de Afrikaanse taal te onderdrukken en behoort geen onzer te nopen om minder te denken van onze eigen taal. Kommerciële talen wisselen tegenswoordig bij de paar eeuwen; reden te meer voor elk man die in z'n Afrikaanse toekomst gelooft, om mee te helpen tot hoog-houden van 't Hollands in dit ons werelddeel.⁵⁴

Die samesprekings in 1908 aangaande die vereniging van al vier Britse kolonies onder die Britse vlag het daartoe gelei dat die Unie-grondwet voorsiening daarvoor gemaak het dat beide tale, Engels en Nederlands, in die praktyk offisiële tale sou wees. Dit is hierop wat die Akademie hom ná 1910 in sy aksie vir taalgelykheid sou beroep. Die groeiende taalbewustheid en strewe na absolute gelykheid van die twee kulture in 'n verenigde Suid-Afrika het 'n sleutelrol in die stigting van die Akademie gespeel. Daarmee saam het daar ná 1908 'n sterk toenadering in Afrikaanse en Hollandse geledere gevolg. Hierdie toenadering is gedryf deur 'n aantal nuwe organisasies wat hulle vir sowel Nederlands as Afrikaans beywer het.⁵⁵

⁵³ Redaksionele kommentaar, "Zo volk, zo taal!", *De Volkstem*, 30.06.1906.

⁵⁴ Redaksionele kommentaar, "Kommerciële talen", *De Volkstem*, 12.05.1908.

⁵⁵ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 24.

Kort ná Preller se toespraak in 1905 het 'n organisasie in die Transvaal tot stand gekom onder die naam *Die Afrikaanse Taalgenootskap* (A.T.G.). Dit het ten doel gehad om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en dat dit deur Afrikaners as hulle spreek- en skryftaal gebruik behoort te word. Verder het die A.T.G. ten doel gehad om die Afrikaanse taal in suiwer vorm te ontwikkel en om 'n suiwer Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel aan te kweek. Die vergadering en ook die daaropvolgende vergaderings het in *De Volkstem*-gebou in Andriesstraat plaasgevind. Die eerste bestuur was: N.M. Hoogenhout (voorsitter), A.J. van der Walt, J. Visscher, N.J. de Wet, F.T. Nicholson, G.S. Preller en I. van Heerden (sekretaris).⁵⁶ Hoewel Engelenburg die *Volkstem*-gebou vir die A.T.G. se vergaderings beskikbaar gestel het, het hy nie in die bestuur gedien nie. Waarskynlik het hy gemeen dat die bestuurslede liever uit Afrikanergeleedere moes kom. Engelenburg was wel onder die eerste lede wat by die A.T.G. aangesluit het en was onvermoeid in sy ywer vir die bevordering van Afrikaans. Toe hy later jare meer vertrou geraak het met Afrikaans het hy sy voortreflike Nederlands in die inleidingsartikels van sy koerant prysgegee ter wille van Afrikaans, wat nie minder aantreklik was nie.⁵⁷ *Hollandsch Zuid-Afrika*, 'n tydskrif in Nederland, het sy volle steun aan hierdie Afrikaanse beweging toegesê en die strewe na die selfstandigheid van Afrikaans, ook as skryftaal, toegejuig.⁵⁸

Kort hierna is die *Afrikaanse Taalvereniging* (A.T.V.) in Kaapstad in 1906 gestig en *Onze Taal* in Bloemfontein in 1908.⁵⁹ Van al die verenigings het die leidende geeste van Transvaal, deur middel van die Afrikaanse Taalgenootskap, die meeste durf en die suiwerste visie geopenbaar.⁶⁰ Terwyl die A.T.G. in die noorde hom vir die saak beywer het, het die A.T.V. in Kaapstad en *Onze Taal* in Bloemfontein hulle eie stryd gevoer. Van die begin af is daar oor en weer tussen hierdie groepe standpunt ingeneem. Spoedig was dit duidelik dat so 'n stryd tussen Afrikaners alles behalwe

⁵⁶ I. van Heerden ("Vaalswaer"), "'n Paar aantekeninge in verband met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(2), Mei 1929, p. 119.

⁵⁷ H.C. de Kock, "Frans Vredenburg Engelenburg 1863-1938" in *Jaarboek 13 van die SA Akademie*, 1938-1939, p. 119.

⁵⁸ NASA, Aanwys A787/206, Prellerversameling, Anon., "Het Afrikaans als schrijftaal" in *Hollandsch Zuid Afrika*, 8(8), 15.02.1917.

⁵⁹ P.J. Nienaber, *Wat doen die Akademie?*, p. 2.

⁶⁰ G.S. Nienaber, "Die tweede Afrikaanse beweging" in T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959 van die SA Akademie*, p. 35.

bevorderlik was vir hulle taal en kultuur teenoor Engels. Die hele stryd rondom Afrikaans in daardie jare is in die kolomme van *De Volkstem* weergegee.⁶¹

De Volkstem het in die jare ná 1903 'n sleutelrol gespeel in die stryd om Afrikaans tot sy reg te laat kom. Die blad het sy lesers asook ontluikende skrywers en digters daadwerklik aangemoedig om in Afrikaans te skryf. Reeds in 1906 het *De Volkstem* geleentheid geskep vir die beoefening van Afrikaans deur 'n prysvraag uit te skryf.⁶² Hoewel die taalkeuse vry was, is slegs 'n paar uit die 98 bydraes in Nederlands geskryf.⁶³ Artikels van Gustav Preller oor Afrikaans as skryftaal is gereeld in die jare 1904-1905, met die goedkeuring van Engelenburg, in dié koerant geplaas.⁶⁴ Die joernaliste en hul koerante het op die voorpunt van die taalstryd gestaan. Hulle was in die beste posisie om te besef dat Nederlands in Suid-Afrika nie bestand was teen Engels nie en dat dit bowendien nooit die taal van die Afrikaner kon word nie.⁶⁵ Deur die daaglikse praktiese ondervinding van dié vakmanne is hulle beter as ander, selfs as die onderwysers, in staat gestel om te oordeel in hoeverre dit selfs vir die opgevoede Afrikaner moontlik was om hom behoorlik in Hooghollands uit te druk.⁶⁶ Die joernaliste wat daaglik met die taal van die volk in aanraking gekom het, het besef dat die Afrikaner nie kon praat wat hy probeer skryf nie en nie kon skryf wat hy gepraat het nie. Die Nederlandse pers het onder leiding van die joernaliste die vestings wat vir Afrikaans verower moes word, stormgeloop.⁶⁷ Aan die voorpunt was *De Volkstem*. Dié blad het só hard gestry vir Afrikaans dat selfs generaal Louis Botha, wie se mondstuk die blad was nadat Transvaal selfregering gekry het, dit gevaarlik genoem het.⁶⁸

⁶¹ M.S.B. Kritzingen, "Die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 3(1), 1931, p. 1.

⁶² Anon., "Prijsvraag. £19 voor Afrikaanse stories en gedigte", *De Volkstem*, 20.10.1906.

⁶³ M.S.B. Kritzingen, "Die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 3(1), 1931, p. 7.

⁶⁴ I. Van Heerden ("Vaalswaer"), "'n Paar aantekeninge in verband met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(2), p. 113 en 1929.

⁶⁵ J.H.O. du Plessis, Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as 'n sosiale instelling, Deel II, pp. 328 en 329.

⁶⁶ *Ibid.*, p. 331.

⁶⁷ *Ibid.*, pp. 331 en 332.

⁶⁸ N. Levi, *De Volksstem*, 08.08.1933.

Die uitgewers van Afrikaanse koerante, tydskrifte en boeke het skrywers en lesers gewoon help maak aan Afrikaans, die taal help standaardiseer, skrywers aangemoedig en hulle werke gepubliseer, bekendgestel en versprei.⁶⁹ Hierin het *De Volkstem* en *Wallachs' Drukkerij*⁷⁰ uitmuntend geslaag, veral in die beginjare toe die Afrikaanse skryftaal nog maar in sy kinderskoene gestaan het. *De Volkstem* en *Wallachs' Drukkerij* het byvoorbeeld in 1908 'n bundel uitgegee met die titel *Die vlakte en andere gedigte* deur J.F.E. Celliers. In 1911 verskyn *Verse o'er Piet Retief en andere gedigte* deur H.H. Joubert en in 1915 *Twee susters* van C.C. Euvrard.⁷¹ *De Volkstem* het ook enkel gedigte geplaas, byvoorbeeld in 1907 die gediggie *Klaas Vakie* van Eugène Nielen Marais en *Die Vlakte* van J.C [Jan Celliers].⁷²

Die A.T.G. wou hulle eie orgaan hê en het op 31 Mei 1910 *Die Brandwag* gestig, saamvallend met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Die doel was om aan die Afrikanergesin leiding en koers te gee ten einde 'n eie Afrikaanse letterkunde tot stand te bring.⁷³ Die geld wat die redaksie kon insamel, was net genoeg om die lopende koste en uitgawes te dek, maar nie genoeg om die tydskrif in stand te hou nie. Die redaksie was nie bereid om die risiko op hulle te neem nie. Engelenburg het in Junie 1910 ingegryp en aangebied dat die Wallachs' Maatskappy, waarvan hy mede-eienaar was, as eienaar en uitgewer van *Die Brandwag* sou optree en dat die maatskappy hom sou verbind om maandeliks 'n minimum van £40 vir redaksionele doeleindes te spandeer.⁷⁴ Die redaksie het die aanbod aanvaar. Engelenburg het op 22 Junie sy vorige aanbod ruimer gemaak en onderneem dat die maatskappy ook die redakteur van die tydskrif se salaris sou betaal. Verder sou alle ander koste vir die rekening van die Wallachs' Maatskappy wees.⁷⁵ Die eerste redakteur van *Die Brandwag* was Gustav Preller. Die tydskrif het tot 1922 bestaan, waarna dit om finansiële redes gestaak is. Die tydskryf het tydens en ná die Eerste Wêreldoorlog teen

⁶⁹ G. Olivier en A.E. Coetzee, *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, p. 227.

⁷⁰ F.V. Engelenburg was mede-eienaar van die Wallachs' Drukkery.

⁷¹ G. Olivier en A.E. Coetzee, *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, pp. 214, 218 en 225.

⁷² Jan Celliers.

⁷³ G.S. Preller, "Werda" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(1), Februarie 1929, p. 3.

⁷⁴ I. van Heerden, "'n Paar aantekeninge in verband met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(2), Mei 1929, p. 122.

⁷⁵ *Ibid.*, p. 123.

'n verlies begin werk en die Wallachs' Maatskappy het nie kans gesien om die verlies te dra nie. Pogings om nuwe intekenare te werf, was weens die swak ekonomiese klimaat onsuksesvol.⁷⁶

Engelenburg en die stigting van die Akademie

In die stryd om die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike tale van Suid-Afrika is die stryd teen Engels, maar ook teen Nederlands gevoer. Die stryd is gevoer in die pers, deur verenigings en tydens kongresse. Vordering op wetenskaplike of sosiale gebied is dikwels aan die een of ander konflik of botsing te danke. Dit was ook die geval met De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. In 1908 is 'n hewige stryd gevoer deur voorstanders van die twee Nederlandse taalrigtings in die land. Vir 'n tyd lank het dit op 'n stryd op lewe en dood gelyk. Dit kon egter nie lank duur nie. Albei partye het naamlik dieselfde doel voor oë gehad: die handhawing van Nederlands in Suid-Afrika.⁷⁷

Die jaar 1909 was die jaar waarin De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst tot stand gekom het en waaraan die A.T.G., waarvan Engelenburg lid was, 'n beduidende aandeel gehad het. Heelwat meningsverskille sou later volg oor wie eerste met die gedagte vorendag gekom het om 'n gesagsliggaam te stig wat die Nederlands-Afrikaanse taal en kultuur verder sou kon uitbou. Volgens I. van Heerden, sekretaris van die A.T.G., was hy daarvan oortuig dat Gustav Preller die vader van die gedagte was. Hy het hom herinner dat hy vroeër 'n hoofartikel in *De Volkstem* gelees het oor die wenslikheid van so 'n instelling.⁷⁸ Die betrokke artikel waarna Van Heerden verwys het, het op 8 September 1908 verskyn. P.H. Kapp verwys na die spesifieke artikel deur Preller en haal aan:

'n Maand later bepleit hy⁷⁹ in 'n hoofartikel die stigting van 'n allesomvattende organisasie wat in belang van die "Afrikaans-Nederlandse nasie" kan optree.⁸⁰

⁷⁶ I. van Heerden, "'n Paar aantekeninge in verband met die 2de Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(3), Augustus 1929, p. 194.

⁷⁷ P.J. Nienaber, *Wat doen die Akademie?*, pp. 2 en 3.

⁷⁸ I. van Heerden ("Vaalswaer"), "'n Paar aantekeninge in verband met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1905)", in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(2), Mei 1929, p. 124.

⁷⁹ Gustav S. Preller.

⁸⁰ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 26.

As hoofredakteur van *De Volkstem* het Engelenburg in daardie jare die hoofartikels geskryf. Dit is meer waarskynlik dat Engelenburg oor die instelling van so 'n organisasie in Suid-Afrika geskryf het en nie Preller nie. Bowendien het Engelenburg in Nederland aan 'n universiteit studeer en geweet hoe die buitelandse akademiese liggame funksioneer.⁸¹ Die spesifieke aanhaling uit die hoofartikel van Engelenburg lui soos volg:

Wij Transvalers bezitten tans onderscheiden kleinere taalverenigingen, die ieder 'n afzonderlik omlijnd onderdeel van het algemeen taal-belang nastreeft. Wat we nodig hebben is één sterke, alles omvattende verbond, die uit naam van de Afrikaans-Hollandse Nasie zou kunnen optreden, om te eisen de rechten die ons toekomen.⁸²

Engelenburg verklaar self in 'n hoofartikel op 30 April 1909, op die vooraand van sy vertrek na Londen, dat hy die *Volkstem*-redaksie die afgelope twintig jaar gelei het met slegs 'n paar onderbrekings. Hy was op pad na Londen om die Imperiale Perskonferensie by te woon. Hy was ook deel van die Transvaalse groep afgevaardigdes om met die Britse regering die vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies te finaliseer. Die Unie van Suid-Afrika sou 'n jaar later tot stand kom. Engelenburg het in dieselfde artikel van 30 April genoem dat Gustav Preller, subredakteur van die koerant, in sy afwesigheid as redakteur sou waarneem.⁸³ Hoe dit ook al sy, die gedagte aan so 'n omvattende organisasie was voor 1909 in meerdere kringe in omloop. Dit sal derhalwe moeilik wees om te bepaal wie oorspronklik met die idee van 'n akademie te voorskyn gekom het.⁸⁴

Die voorstanders van Nederlands het groot simpatie gehad met diegene wat hulle vir die Afrikaanse vorm van Nederlands beywer het. Gaandeweg het die leiers van beide rigtings deur bemiddeling en onderlinge besprekings, nader aan mekaar beweeg. Dit is nie duidelik watter rol Engelenburg daarin gespeel het om toenadering tussen die twee groepe te bewerkstellig nie, maar hy sou waarskynlik gesprekke met leiers van beide

⁸¹ Kyk hoofstuk 3: Student aan die Universiteit van Leiden.

⁸² Redaksionele kommentaar, "Mislukte strooptocht", *De Volkstem*, 08.09.1908.

⁸³ Redaksionele kommentaar, "De Volksstem", *De Volkstem*, 30.04.1909.

⁸⁴ P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, p. 26.

kante gevoer het. Soos reeds gesê, het hy ná die Anglo-Boereoorlog die Afrikanersaak volkome gesteun en deur verskeie pogings van sy kant het hy die band tussen Afrikaners en Nederlanders help versterk. Op 5 Januarie 1909 is 'n konferensie in die Hugenotegebou in Kaapstad gehou wat voorafgegaan is deur 'n taalkongres van afgevaardigdes van die Taalbond en die A.T.V. Die voorsitter het die doel van die konferensie uiteengesit en die besluit voorgelees wat by die voorafgaande Taalkongres geneem is. Dit het gelui:

Deze vergadering besluit afgevaardigden van de Nationale Konventie tans alhier vergaderd die belangstellen in onze taal uit te nodigen tot een gemeenschappelijke samekomst ten einde de wenselijkheid te bespreken van de stichting van een Zuidafrikaanse Akademie voor de behartiging van onze taal, letteren, geschiedenis en kunst.⁸⁵

Op voorstel van genl. J.B.M. Hertzog, gesekondeer deur dr. W.J. Viljoen, het die konferensie op 5 Januarie 1909 besluit dat die saak die beste gedien sou word deur 'n sterk sentrale liggaam in die lewe te roep wat deur die hele land verteenwoordig word en waar beide vorme van Nederlands simpatieke behandeling moes geniet. Daar is ook aan die hand gedoen dat persone met kundigheid oor taal- en letterkundige verskilpunte sou besluit. Dit sou oor 'n algemeen erkende gesag beskik om met universiteite of die regering te onderhandel.⁸⁶ Die ontwerpstatuut is na afloop van die vergadering deur 'n verkose komitee opgestel.⁸⁷ Op 3 en 20 Februarie 1909 is dit aan die breë kommissie voorgelê. Vervolgens is Engelenburg en Preller gevra om kommentaar te lewer. Engelenburg het aan oudpresident M.T. Steyn geskryf:

Preller en ik hebben inzage gehad van zekere ontwerp-statuten, en ik erken dat 't zeer moeilijk is, een basis voor onze akademie te vormen.⁸⁸

Engelenburg het nadat hy die statute deeglik bestudeer het waarskynlik sekere voorstelle gemaak. Die komitee wat die statute oorspronklik opgestel het, het eers

⁸⁵ Notule van 5 Januarie 1909 om die belange van die Hollandse taal in Suid-Afrika te bespreek in *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 10.

⁸⁶ Anon., "Het ontstaan van de Zuidafrikaanse Akademie", *Jaarboek 1 van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, pp. 7 en 8.

⁸⁷ Notule van die tweede vergadering van die voorlopige komitee gehou op 2 Julie 1909 in *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 22.

⁸⁸ A.H. Marais, (red.), *Politieke briewe 1909-1910*, Deel I, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.T. Steyn, Bloemfontein, 11.03.1909.

weer daaraan gewerk voor dit in Mei vir openbare bespreking in die koerante gepubliseer is. Die aanname dat Engelenburg ook aan die dokument gewerk het, word daarop gebaseer dat Engelenburg in 1904 die statuut van die *Het Volk*-party, wat deur Smuts opgestel is, grondig hersien en heelwat wysigings en byvoegings aangebring het. Teen die tyd dat *Het Volk* formeel tot stand gekom het, was dit 'n hoogs gesofistikeerde dokument. Engelenburg het ook die verkiesingsmanifes wat generaal Smuts in 1906 vir die *Het Volk*-party opgestel het op versoek van Smuts nagegaan, gewysig, ingekort en aangevul. Die geredigeerde dokument het Engelenburg op 18 Oktober 1906 aan Smuts gestuur.⁸⁹ Dit was 'n belangrike dokument in dié opsig dat dit die eerste verkiesingsdokument van die Afrikaners ná die Anglo-Boereoorlog was, nadat Transvaal selfregering ontvang het. Uit die voorgaande is dit duidelik dat Engelenburg telkens wanneer belangrike dokumente en statute opgestel moes word, 'n groot aandeel daarin gehad het.

Met die statute vir die Akademie opgestel, is vir 1 en 2 Julie 1909 'n kongres in Bloemfontein gereël waarheen afgevaardigdes van die Kaapprovinsie, Transvaal, die Vrystaat en Natal uitgenooi is met die oog op die skepping van so 'n liggaam. Engelenburg het nie hierdie belangrike vergadering in Julie 1909 bygewoon nie omdat hy, soos reeds vermeld, op pad na Londen was. Hy het op 29 April van Pretoria na Kaapstad vertrek en op 3 Mei met die Durban Castle na Europa vertrek.⁹⁰ As hy kon, sou hy seker graag die Akademie se stigtingsvergadering wou bygewoon het ...

[D]och ik heb de hr. G.S. Preller op 't hart gedrukt om zo mogelijk aanwezig te zijn en zijn krachtige steun aan te bieden.⁹¹

Engelenburg het reeds in Maart daardie jaar, toe hy die ontwerpstatuut onder oë gehad het, aan president Steyn geskryf dat die Akademie van die begin af toegerus moes word met die mees moontlike wetenskaplike en maatskaplike prestige. Hy het geglo dat voorkeur hieraan gegee moes word en dat dit belangriker was as die getal lede. Tussen 50 tot 100 letterkundiges wat op meriete verkies sou word, sou meer aansien aan die Akademie verskaf as 500 tot 1 000 belangstellendes wat slegs die taal

⁸⁹ NASA, Aanwys A140, Engelenburgversameling, Band 2, sublêer 7, F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, Pretoria, 18.10.1906.

⁹⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, sakdagboek van 1909.

⁹¹ A.H. Marais, (red), *Politieke briewe 1909-1910*, Deel I, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.T. Steyn, Bloemfontein, 11.03.1909.

goedgesind was. Engelenburg het vir 'n kleiner, eksklusiewe organisasie gepleit. Nuwe lede moes slegs toegelaat word nadat die ou lede uitgeval het sodat lidmaatskap van die Akademie 'n begeerlike onderskeiding sou wees. Dit sou daartoe bydra dat die publiek en ook amptelike kringe, kennis sou neem wanneer die Akademie nou en dan haar stem in die openbaar sou laat hoor.⁹²

Tydens die kongres is die doelstelling van die liggaam duidelik uiteengesit, nl.:

[O]m zorg te dragen voor de normale ontwikkeling van de hollandse taal, letterkunde, kunste, geschiedenis en oudheidkunde in Zuidafrika, en aan die ontwikkeling 'n wetenschappelijke en artistieke leiding te geven. Onder het woord "Hollands" wordt verstaan de beide taalvormen, gebruikelik in Zuidafrika.⁹³

Daar was groot meningsverskille tydens hierdie vergadering. Terwyl almal dit eens was oor die stigting van 'n liggaam wat gesaghebbend sou staan teenoor die owerheid ter behartiging van taal en ander kulturele belange, was hulle verdeeld oor die vorm. Moes dit 'n eksklusiewe liggaam wees soos Europese Akademies of 'n oop liggaam, 'n soort unie van vereniginge. Na uitvoerige bespreking is 'n eksklusiewe liggaam gestig soos Engelenburg drie maande tevore al bepleit het.⁹⁴

Die groot betekenis van die stigting van die Akademie was tydelik gesetel in die feit dat versoening teweeggebring is tussen twee taalpartye – Afrikaans en Nederlands. Die voorstanders van Nederlands het hulle bereid verklaar om met die ander saam te werk en sodoende die werk van die voorstanders van Afrikaans te erken in belang van die Nederlandse taal in Suid-Afrika. Ná die sluiting van die kongres op 2 Julie 1909 het die voorlopige komitee van twaalf lede byeengekom om die 30 stigterslede van die Akademie te kies uit 'n groslys van 50 wat deur die kongres self opgestel is.

By die samestelling van die stigterslede is op proporsionele verteenwoordiging van provinsies besluit. Die verdeling sou volgens die persentasies van verteenwoordigers

⁹² *Ibid.*

⁹³ Ontwerpstatuut van 30 Junie 1909, *Jaarboek 1, De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 14.

⁹⁴ D.F. Malherbe, "Herinneringe in verband met die Akademie", in T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959* van die S.A. Akademie, p. 42.

in die Unie-parlement geskied.⁹⁵ Die stigterslede was: *Transvaal*: N.J. de Wet, G.S. Preller, J.F.E. Celliers, J. Lion-Cachet, N.M. Hoogenhout, F.V. Engelenburg, R. Reinink, H.D. van Broekhuizen, H.S. Bosman. *Kaapprovinsie*: N.J. Brümmer, J.H. Hofmeyr, G.S. Malan, J.H.H. de Waal, D.S. Botha, W.J. van Zijl, A.A. Moorrees, W.J. Viljoen, P.J.G. de Vos, D.F. Malan, F.S. Malan en G. Cillié. *Oranje-Vrystaat*: oudpresident M.T. Steyn, J.B.M. Hertzog, J.D. Kestell, A. Francken, J. Brill, G. Knothe en J.S.M. Rabie. *Natal*: E.G. Jansen en H.F. Schoon. Oudpresident F.W. Reitz is tot erelid gekies.⁹⁶

By sy terugkoms in die land in November 1909 het 'n skrywe op Engelenburg gewag waarin hy in kennis gestel is dat hy as stigterslid van die Akademie verkies is. Sy antwoord op 1 Desember aan die sekretaris van die Akademie weerspieël die kragtige ondersteuning wat hierna vir baie jare vir die saak van die Akademie van hom sou uitgaan:

... en dat het mijn voornemen is, de Akademie – met welker oprichting ik ten
zeerste sympathiseer – te helpen ontwikkelen tot een lichaam van hoog prestige
sowel als van diepgaande invloed.⁹⁷

'n Maand voor Uniewording het C.J. Langehoven (1873-1932) in 'n Maart-uitgawe van *The State* 'n artikel geplaas waarin hy die tweetaligheid in Suid-Afrika bevraagteken het. Hy het gewonder op welke wyse die tweetaligheidsbeleid wat in Artikel 137 van die Unie Grondwet in die vooruitsig gestel is in die praktyk toegepas sou word. Engelenburg het in sy hoofartikel van 1 April 1910 in *De Volkstem* na die artikel van Langenhoven verwys en geantwoord dat dit 'n saak was waaraan die Akademie eerste aandag sou gee. Langenhoven het tot die slotsom gekom dat 'n tweetalige stelsel 'n vloek was vir Suid-Afrika en dat dit veel beter sou wees as 'n besluit geneem kon word om so gou as moontlik net één taal – Engels – te erken. Hy het gemeen dat Artikel 137 onnodig probleme sou veroorsaak by die toepassing daarvan en verder beweer dat die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans vyandiger teenoor mekaar gestaan het as teenoor Engels. Engelenburg

⁹⁵ Notule van die tweede vergadering van die voorlopige komitee gehou op 2 Julie 1909 in *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 17.

⁹⁶ *Ibid.*, pp. 17 en 18.

⁹⁷ INEG, Aanwins PV 917, S.A. Akademieargief, KOR lêer 1 (1909-1912), F.V. Engelenburg – G. Knothe, 01.12.1909.

het Langenhoven daarop gewys dat hy waarskynlik nie bekend was met die feite nie. Die leiers van die twee taalgroepe (Nederlands en Afrikaans) het reeds twee jaar tevore ooreengekom om vriendskaplik saam te werk en met die stigting van die Akademie vir Taal en Letterkunde is beide taalvorme erken. Engelenburg het die vraag gestel hoe 'n volk sy moedertaal kon verwaarloos en 'n ander taal omhels sonder om geestelik – en ook materieel – skade te ly. Hy was van mening dat iemand wat sy moedertaal verwaarloos, homself so vermink en gebreklik maak dat dit hom 'n agterstand vir die res van sy lewe sou gee.⁹⁸ In 'n opvolgartikel het Engelenburg geskryf dat 'n persoon wat beide offisiële tale magtig was, 'n waardevolle individu vir die land sou wees.⁹⁹ Engelenburg het die gesaghebbendheid van *The State* in sy hoofartikel van 26 Augustus 1910 in twyfel getrek. Dit was wat hom betref 'n tydskrif wat pas die lig gesien het en wat nog geen erkende selfstandigheid en gevestigde Suid-Afrikaanse prestigewaarde gehad het nie.¹⁰⁰

Die stigterslede van die Akademie het in Julie 1910 in Bloemfontein byeengekom om die stigting van die Akademie in werking te stel. Die Pretoria-lede, onder leiding van Engelenburg, het vooraf vergader om 'n konsepagenda op te stel en te besin oor die wyse waarop die vergadering sou moes verloop. Hulle het gemeen dat die sitting "plegtig" moes wees,

ten einde reeds dadelik op 't Volk 'n indruk van degelikheid en wetenschappelikheid te maken. Ons zweeft als afrikaanse precedent voor de geest 't ceremonieel dat bij 'n Sinode-zitting gevolgd wordt. Aan de leden moet derhalve verzocht worden, zich gedurende de openbare vergaderingen te kleden dienovereenkomstig (zwarte manel-jas, hoge hoed en witte das, b.v.), terwijl ook 'n vergader-lokaal moet worden gekozen, hetwelk toelaat dat de Akademie zelf afgescheiden blijft van het publiek, en waar tevens aanwezig is 'n verhoogd voorzittersgestoelte.¹⁰¹

⁹⁸ Redaksionele kommentaar, "Tweetaligheid", *De Volkstem*, 01.04.1910.

⁹⁹ Redaksionele kommentaar, "Alweer taalruzie!", *De Volkstem*, 08.04.1910.

¹⁰⁰ Redaksionele kommentaar, "Zuidafrika's vlag", *De Volkstem*, 26.08.1910.

¹⁰¹ INEG, Aanwins PV 917, S.A. Akademieargief, KOR lêer 1 (1909-1912), G.S. Preller – G. Knothe, 16.06.1910.

Engelenburg het Preller hierna gevra om die voorstelle van die Pretoria-lede, asook 'n konsepagenda aan die sekretaris van die nuut gestigte Akademie te stuur.¹⁰²

Tydens hierdie eerste sitting van die Akademie op 6 en 7 Julie 1910, gehou in die saal van die Wetgewende Raad in Bloemfontein, is die eerste Akademieraad (Julie 1910 – Julie 1911) soos volg aangewys: Sy edele oudpresident M.T. Steyn (voorsitter), prof. A.A. Moorrees (ondervoorsitter), prof. G. Knothe (sekretaris), dr. F.V. Engelenburg, ds. D.S. Botha, dr. J. Brill, ds. N.J. Brümmer, prof. G. Cillié, dr. N.M. Hoogenhout, adv. E.G. Jansen, dr. D.F. Malan en prof. H. Reinink.¹⁰³

Op 8 Julie het Engelenburg volledig in *De Volkstem* oor die afgelope sitting berig. Hy het onder andere geskryf:

Door de oprichting van de Akademie is er dan eindelijk volkomen eenheid bereikt inzake onze taal-belangen, d.w.z. de belangen van 't Hollands sowel als 't Afrikaans. Beide richtingen verenigen zich tans in een hoogstaand lichaam. Er is geen strijd meer tussen de voorstanders van de beide taalvormen.¹⁰⁴

Hy skryf verder:

Buitendien zal dit instituut ernaar streven op verstandige praktiese wijze te helpen aan de opbouw van 'n eigen afrikaanse letterkunde, waarvan we reeds overal in die laatste jaren de eerste sporen ontdekken. En het zal ook veel kunnen doen tot aanmoediging van 'n nationaal zuidafrikaanse kunst waarvan de voortekenen evenmin ontbreken in ons land. De "Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letterkunde en Kunst" heeft op waardige wijze haar intrede gedaan in ons openbaar leven, en wij verlangen de oprichters en leden ervan gaarne onze eerbiedige hulde te brengen. Onder de oprichters en leden zijn er – d.w.z. op staatkundig, maatschappelijk, kerkelik en ander gebied – mannen die het hoogste vertrouwen van het volk genieten, die de verhevenste staatsbetrekkingen bekleed hebben of nog bekleden, en anderen die reeds veel presteren op kunst of letterkundig gebied.¹⁰⁵

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ Notule van die eerste algemene vergadering van die S.A. Akademie op 6 en 7 Julie 1910 in *Jaarboek 1 van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst*, p. 64.

¹⁰⁴ Redaksionele kommentaar, "De Zuidafrikaanse Akademie", *De Volkstem*, 08.07.1910.

¹⁰⁵ *Ibid.*

Gevolgtrekking

Engelenburg het veral agter die skerms meegehelp aan die totstandkoming van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Die belangrikste doel met die stigting van die Akademie was om die twee taalgroepe – Nederlands en Afrikaans – nader aan mekaar te bring. Op al die terreine van die Akademie het Engelenburg 'n groot rol gespeel. Hy wou graag sien dat die kunste, kultuur, taal en geskiedenis in Suid-Afrika op hoë vlak bevorder word en het geweet dat die stigting van 'n Akademie die aangewese manier was om dit te kon regkry. Hy het vir 'n groot aantal jare baie tyd en energie aan Akademiesake spandeer.

Oudpresident M.T. Steyn was in die beginjare, vanaf 1910 tot 1916, voorsitter van die Akademie, maar hy was te oud en sieklik om werklik leiding te kon neem in die werksaamhede van die Akademie. Dit was Engelenburg wat die rol van die voorsitter in 'n groot mate op hom geneem het en wat stukrag aan die organisasie gegee het. As raadslid en later ook as voorsitter van die Akademie het Engelenburg baie sterk leiding gegee. Hy was die ruggraat van die Akademie van sy stigting tot sy dood in 1938.

Dit is moeilik om die belangrike rol wat Engelenburg in die totstandkoming van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst gespeel het, te oorskat. Met sy omvangryke kennis van regsake en 'n omvattende verskeidenheid ander terreine was hy een van die kragte agter die skerms wat uiteindelik uitgeloop het op die stigting van die Akademie. Hy het meegehelp aan die latere totstandkoming van regstatus vir die Akademie. Die Akademie se Akte en Statute,¹⁰⁶ asook die prestasies wat die Akademie sedert sy totstandkoming behaal het, was in groot mate die werk van Engelenburg.

¹⁰⁶ Private Wet no. 25 van 1921 van die Unie van Suid-Afrika.

Hoofstuk 8

Slot

Uit die voorgaande gegewens kan onomwonde afgelei word dat F.V. Engelenburg 'n buitengewoon veelsydige mens was. Uit die geskiedenis van sy familie is dit duidelik dat hy uit 'n gesiene en gerespekteerde ou Nederlandse familie afkomstig was en wat hoë posisies in die samelewing bekleed het. Deur grondaankope en nougesette administrasie het die Engelenburgfamilie daarin geslaag om welgesteld te raak.

Families in Nederland wat van hoë aansien was is in die *Nederland's Patriciaat*, wat sedert 1910 verskyn het, opgeneem. Die feit dat die Engelenburgfamilie sedert 1910 tot 1957 in die boek opgeneem is, bevestig dat hulle prominente posisies oor minstens 150 jaar in die samelewing bekleed het. Die grafkelder wat Frans Thomas Engelenburg, Engelenburg se groot-grootvader, op sy landgoed in Nederland vir die familie gebou het bewys verder dat die Engelenburgs 'n vooraanstaande familie was. Grafkelders was meestal bedoel vir lede van 'n bepaalde vooraanstaande of ryk familie. Koninklike families beskik ook dikwels oor 'n eie grafkelder. Dit geld vir die lede van die Nederlandse Koningshuis wat in die spesiale grafkelder van die Huis van Oranje in die Nieuwe Kerk te Delft begrawe word. In Nederland mag sedert 1829 alleen lede van hierdie familie in 'n kerkgebou te ruste gelê word.

As gevolg van omstandighede het Engelenburg nie in die Engelenburgmilieu grootgeword nie, maar is hy opgevoed in 'n middelklas Nederlandse gesin. Hy het dus nie die ondersteuning gehad van 'n ryk, vooraanstaande familie nie. Sy vader het egter deur goeie sakevernuf finansiëel goed gevaar en Engelenburg het as kind en jong student geen finansiële sake gehad nie.

Hoewel Engelenburg as kind in skole was waar dit soms finansiëel nie goed gegaan het nie en in klasse gesit het waar standerds saamgevoeg was, het hy steeds goeie

onderwys ontvang. As student aan die Universiteit van Leiden het hy dadelik by die studente-aktiwiteite ingeskakel. In 1885, die jaar wat die Lustrumfeest gehou is, is sy ouers van tafel en bed geskei (vergelyk Hoofstuk 3, p. 63). Egskeidings was in die negentiende eeu 'n groot skande in families en Engelenburg sou waarskynlik nie met sy studentemaats oor sy ouers se skeiding gepraat het nie. Te midde van al die voorbereidings vir en ook tydens die Lustrumfeest moes Engelenburg 'n vrolike houding handhaaf asof hy geen sorge in die wêreld gehad het nie. 'n Verdere demper op sy studentelewe en op sy studies was die finale egskeiding van sy ouers kort voor hy in 1887 gepromoveer het. Die resultaat was 'n jarelange breuk tussen vader en seun. Die skande van die egskeiding was vir hom so groot dat hy nie wou teruggaan na sy geboortedorp Arnhem, om daar, waar almal hom geken het, 'n advokatepraktyk oop te maak nie. Hy is dus na Den Haag, waar niemand hom geken het nie, om 'n bestaan te probeer maak. Die feit dat Engelenburg 'n introvert was, het dit sekerlik nog moeiliker gemaak om betrekkinge met kliënte op te bou. Hy het 'n jaar lank probeer, maar het hierna 'n keerpunt in sy lewe bereik toe hy besluit het om hom in die joernalistiek te begewe. Dit was 'n besluit wat die res van sy lewe beïnvloed het. Hy sou waarskynlik 'n topjoernalis in Nederland geword het, was dit nie dat sy werkgewer van sy verstand af geraak het nie. Engelenburg het hier 'n tweede keerpunt in sy jong lewe bereik. Hy het dit sekerlik oorweeg om terug te gaan na 'n regsberoep, maar moes weer eens besef het dat dit hom jare sou neem om suksesvol te word. Die alternatief was om na die buiteland uit te wyk. Die mees logiese besluit wat hy geneem het, was om na Suid-Afrika te kom. In 'n jong en opkomende land soos die ZAR was daar groot geleenthede vir iemand wat bereid was om hard te werk. Verder het president Paul Kruger jong en geleerde Nederlanders met ope arms verwelkom. Die besluit was moontlik vir hom makliker omdat hy in daardie stadium nog nie vrede met sy vader gemaak het nie. Hy sou sy vader eers jare later vir die egskeiding met sy moeder vergewe. Marie Koopmans-De Wet, sy mentor en geesgenoot, het in Kaapstad gewoon en hy sou haar meer dikwels kon sien. Sy besluit om na Suid-Afrika uit te wyk is verder versterk toe die redakteur van *De Volksstem* selfmoord gepleeg en dit aan hom die moontlikheid van 'n werksgeleentheid geskep het.

Engelenburg het sy loopbaan met feitlik geen fondse begin nie. Hy het voor sy vertrek geld by sy vader geleen vir sy reis na Suid-Afrika. Dié geld het hy teen 1900 ten volle terugbetaal. Toe hy in Suid-Afrika aankom, het sy geld ná 'n paar weke opgeraak en

was hy in 'n stadium so platsak dat hy by sy tante Marie Koopmans-De Wet geld moes leen. Dit moes vir hom 'n groot vernedering wees, maar die nood was hoog en hy moes sy trots in sy sak steek.

Toe Engelenburg in Oktober 1889 in Pretoria aangekom het, het Hollanderhaat hoogty gevier. Hy was dikwels die slagoffer van Kruger se opposisie. Hy was baie keer moedeloos en het dit 'n paar keer oorweeg om die joernalistiek vaarwel toe te roep en 'n konsulaatpos êrens te aanvaar. Hy het egter besluit om sy lewe aan die joernalistiek te wy en was hoofredakteur tot 1925 en tot sy dood direkteur van *De Volksstem*. Engelenburg het deur middel van *De Volksstem* as meningsvormer op verskeie terreine in die samelewing opgetree, maar sy grootste passie was die onderwys. Hy het besef dat dit die sleutel was tot 'n suksesvolle en vooruitstrewende staat. Die ZAR was in daardie stadium nog onderontwikkel en die onderwys in 'n haglike toestand. Hoewel hy graag wou sien dat 'n instelling vir hoër onderwys in die ZAR tot stand kom, het hy alte goed besef dat die laer- en middelbare onderwys eers goed gevestig moes word en op standaard moes kom voor daar enige sprake kon wees van 'n universiteit. Deur N. Mansveld, superintendent van onderwys, deurgaans by te staan en van raad te bedien, het Engelenburg daartoe bygedra dat die onderwys in die laaste dekade van die 19de eeu goed gevorder het. Engelenburg se gereelde artikels in *De Volksstem* oor die onderwys het die gemeenskap geleidelik laat besef hoe belangrik onderwys was. Ná die Anglo-Boereoorlog het Engelenburg al sy kragte ingespan om te help om hoër onderwys in die Transvaal te vestig. Daar was nou genoeg leerlinge vanuit die skole wat voldoende gekwalifiseerd was om 'n voortdurende stroom studente na die universiteit te verseker. Hy was van die begin af betrokke by die Universiteit van Pretoria, destyds nog die Transvaal Universiteits Kollege (TUK) genoem, en het van 1907 tot 1925 in die Universiteitsraad gedien. Hy was ook vir baie jare lid van die Raad vir Onderwys in Transvaal. Deurgaans het hy hom beywer vir gelyke beregtiging van Afrikaans in skole en universiteite. Vóór die Anglo-Boereoorlog (ABO) was hy 'n gedugte voorstander vir die Nederlandse taal. Ná die oorlog het hy naas Nederlands ook 'n voorvegter vir Afrikaans geword. Die TUK-raad was grootliks Engelsgesind en was nie ten gunste daarvan dat klasse in Afrikaans aangebied sou word nie. Deur Engelenburg se onvermoeide ywer kon studente by die Universiteit van Pretoria vanaf 1916 hulle eksamens in die taal van hulle keuse, naamlik Afrikaans of Engels aflê.

Die volgende groot stap ná die totstandkoming van 'n hoër onderwysinstelling in Transvaal was om 'n Akademie vir uitnemendheid vir Suid-Afrika tot stand te bring. Dit moes 'n oorkoepelende liggaam wees wat Nederlands en Afrikaans op hoë vlak sou bevorder. Hoewel daar aan die begin nog maar min geleerdes in Suid-Afrika was wat vir lidmaatskap kon kwalifiseer, het De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst nogtans in 1909 tot stand gekom. Engelenburg was een van die groot dryfkragte agter die totstandkoming van die Akademie (vergelyk Hoofstuk 7, pp. 161 en 179). Hy het reeds vóór die ABO alles in sy vermoë gedoen om die twee taalgroepe, voorstanders vir Nederlands en voorstanders vir Afrikaans, met mekaar te laat versoen. Die versoening het uiteindelik gekom met die stigting van die Akademie.

Engelenburg was 'n poliglot en die agt tale wat hy magtig was, het vir hom 'n groot wêreld geopen. Behalwe Nederlands kon hy Engels, Frans, Duits, Grieks, Latyn en Portugees praat en skryf en het later in sy hoofartikels in *De Volkstem* en in sy ander werke, Nederlands vir Afrikaans verruil. Hy was versot op klassieke musiek en het self ook 'n vleuelklavier besit wat hy bespeel het. As gevolg van sy opvoeding as jong seun het Engelenburg 'n groot liefde ontwikkel vir die skone kunste, kultuursake en die geskiedenis van volkere. Hy wou graag sien dat alle kunsvorme in Suid-Afrika op hoë vlak bevorder word en die Akademie was die ideale middel daartoe. Hy het baie tyd en energie aan Akademiesake spandeer. Sy afkeer van Afrikaans ten gunste van Nederlands het 'n ommeswaai beleef toe hy ná die ABO besef het dat Afrikaans die taal van die volk was en nie Nederlands nie. Die hoofmiddele wat hy gebruik het om Afrikaans te bevorder, was *De Volkstem*, waarvan hy hoofredakteur was, die *Wallach's Drukkerij* waarvan hy mede-eienaar was en De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.

Oud-president M.T. Steyn was in die beginjare, 1910 tot 1916, voorsitter van die Akademie, maar hy was te oud en sieklik om werklik leiding te kon neem in die werksaamhede van die Akademie. Dit was Engelenburg wat die rol van die voorsitter in 'n groot mate op hom geneem het en wat stukrag aan die organisasie gegee het. As raadslid en later ook as voorsitter van die Akademie het Engelenburg sterk leiding geneem.

In 2009 was die Akademie 100 jaar oud. Die visie en doelstellings wat die stigters van die Akademie 'n eeu tevore nagestreef het, is vandag steeds relevant. Die afgelope 20 jaar het die leefwêreld van die Afrikaner dramaties verander. Soos 100 jaar gelede, word Afrikaans vandag weer bedreig deur Engels. In die skole, universiteite en in die werksomgewing kry Engels toenemend voorkeur. Dit is die Akademie se plig, net soos 'n eeu gelede, om leiding te neem om die aanslag teen Afrikaans af te weer. Die Akademie het oor tien dekades ontwikkel in 'n organisasie wat vandag op verskeie terreine leiding gee. Die hoofdoelstelling is steeds die bevordering van die kunste en die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans. Daarby kom ook die bevordering van die wetenskap en tegnologie deur middel van Afrikaans.

Die Akademie kan vandag gesien word as 'n monument vir Engelenburg as vrug op sy arbeid en deursettingsvermoë. Soos in die aanhef van die studie gesê, is die rol van Engelenburg in landsake en die wording van die Akademie nog nooit volledig belig nie (vergelyk opmerking op pp. 1-3). Hierdie en 'n beplande opvolgende ondersoek is 'n poging om Engelenburg se rol in Suid-Afrika se geskiedenis aan die vergetelheid te ontruk en na waarde te skat.

‘n Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909

Opsomming

Frans Vredenburg Engelenburg (1863-1938) het ‘n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling en uitbouing van Afrikaans en die Afrikaanse akademiese kultuur – veral in die noordelike deel van Suid-Afrika. As Nederlandse intellektueel, regsgeleerde en joernalis het hy in die negentiende eeuse *Zuid-Afrikaansche Republiek* (Transvaal) veral van die 1890's af ‘n belangrike rol as meningsvormer en raadgewer gespeel. Een van sy grootste prestasies was die sleutelrol wat hy gespeel het in die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909.

Hierdie studie is die eerste deel van 'n meer omvattende biografiese projek oor die lewe van Engelenburg en die rol wat hy tot in die dertigerjare van die twintigste eeu in die geskiedenis van die Akademie en Suid-Afrika gevul het.

Die Engelenburgfamilie het sedert die 1600's 'n prominente rol in die gemeenskap waar hulle gewoon het, vervul. Afgesien van die hoë poste wat hulle deur die eeue bekleed het, het hulle in die vierde en weer in die sesde geslag in adellike families ingetrou wat hulle aansien in die gemeenskap verder verhoog het. As gevolg van omstandighede het F.V. Engelenburg nie in die Engelenburgmilieu opgegroeï nie. 'n Familiebreuk in 1836 was die oorsaak dat Engelenburg se vader as baba uit hierdie familiemilieu weggeëem is. Engelenburg het 'n buitengewone goeie skoolopleiding ontvang. Die stewige intellektuele fondament wat reeds toe gelê is, het die verloop van sy lewe in 'n groot mate bepaal. Hy was op skool by die *Stedelijk Gymnasium Arnhem* toe hy met Marie Koopmans-De Wet (1834-1906), 'n aangetroude tante wat in Kaapstad gewoon het, kennis gemaak het toe dié op 'n besoek aan Europa was. Sy was sy sielsgenoot en het as mentor en raadgewer opgetree reeds toe Engelenburg nog op skool was. Die vriendskap het met die jare versterk en hy het op skool al die begeerte gehad om Suid-Afrika eendag te besoek. Sy ouers se egskeiding toe hy nog student aan die Universiteit van Leiden was, het sy lewe in 'n heel ander rigting

gestuur as wat hy voorsien het. Die egskeiding was in 'n baie groot mate die oorsaak dat hy, hoewel hy in die regsgeleerdheid gepromoveer het, sy regsloopbaan na 'n jaar laat vaar het. Sy besluit om hierna 'n joernalistieke beroep te volg, het die res van sy lewe beïnvloed.

Die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het meegebring dat die Nederlanders 'n bewondering vir die Transvalers ontwikkel het vir die durf en waagmoed wat hulle aan die dag gelê het om die Britse leër te verslaan. President Paul Kruger se oproep kort daarna dat die Transvaal jong Nederlanders nodig gehad het, het Engelenburg verder aangespoor om na Suid-Afrika te kom. Engelenburg het 'n jaar vir Fred Hogendorp by die *Dagblad van Zuidholland en s'Gravenhage* in Den Haag gewerk. Omstandighede het daarna verander toe Hogendorp skielik kranksinnig geword het. Gedurende dieselfde tyd het die eienaar van *De Volksstem*-koerant in Pretoria selfmoord gepleeg. Engelenburg het die werksgeleentheid aangegryp en binne 'n kwessie van drie maande het hy in die Transvaal aangekom. Binne 'n maand na sy aankoms is hy as hoofredakteur van *De Volksstem* aangestel.

Hy het die Transvaalse toestande deeglik ondersoek en deur middel van die koerant en deur onvermoeide ywer het hy meegehelp om die Boeregemeenskap kultureel op 'n hoër vlak te plaas. Die onderwystoestande in die Transvaal het sy volgehoue aandag geniet. Ná die Anglo-Boereoorlog (ABO) (1899-1902) het hy voortgegaan om hom te beywer vir die verbetering van die onderwysstelsel. Hy het vroeg reeds betrokke geraak by die Transvaalse Universiteit Kollege (later Universiteit van Pretoria).

Voor die ABO het hy alles in sy vermoë gedoen om Nederlands in die Transvaal te bevorder. Ná die oorlog het hy egter besef dat Afrikaans 'n regmatige plek gehad het en het hy, naas Nederlands, pleitbesorger vir Afrikaans geword.

Die stryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans het ná die ABO toegeneem. Om eenheid van optrede tussen die twee groepe te bewerkstellig is De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909 gestig. Engelenburg was agter die skerms een van die groot dryfkragte om die organisasie tot stand te bring. As raadslid en later ook as voorsitter, het hy stukrag aan die Akademie gegee. Die organisasie het in 2009 sy eeufees gevier. Dit is 'n groot mylpaal, gesien in die lig van die huidige (2010) politieke klimaat in Suid-Afrika. Die Akademie kan vandag beskou word as 'n kolossale monument vir Engelenburg as vrug van sy arbeid en deursettingsvermoë gedurende die eerste drie dekades van die Akademie se bestaan.

Trefwoorde

Engelenburgfamilie – intellektuele vorming – regsgeleerdheid – liberalisme -
Universiteit van Leiden – *Lustrumfeest* – *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* –
Zuid-Afrikaansche Republiek - Eerste Vryheidsoorlog – derde deputasie –
joernalistiek – *Dagblad van Zuidholland en s'Gravenhage* – *De Volksstem* –
Hollanderhaat – hoofredakteur – staatsbiblioteek – argiefwese – onderwys –
Transvaal Universiteit Kollege (TUK) - Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS)
- Nederlands – Afrikaans – Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.

A biography of the ‘taalstryder’ F.V. Engelenburg up to the founding of the S.A. Akademie in 1909

Abstract

Frans Vredenburg Engelenburg (1863-1938) played a major role in the development and expansion of Afrikaans and the Afrikaans academic culture - especially in the northern part of South Africa. As a Dutch intellectual, lawyer and journalist in the nineteenth century South African Republic (Transvaal), he in particular played an important role as advisor and opinion maker from the 1890s onward. One of his biggest achievements was the key role that he played in the establishment of De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909.

This study is the first part of a more comprehensive biographical project on the life of Engelenburg and the role he fulfilled in the history of the Akademie and South Africa until the thirties of the twentieth century.

Since the 1600s the Engelenburg family has played a prominent role in the community where they lived. Aside from the high positions they had held for centuries before, they had in the fourth and again in the sixth generation married into noble families. This contributed to their important position in the community. Due to circumstances Engelenburg was not raised in the Engelenburg milieu. A family break in 1836 was the cause that Engelenburg's father, as a baby, was spirited away from this family milieu. Engelenburg received an extraordinarily good schooling. The solid intellectual foundation already laid then, to a large extent determined the course of his life. He was at the *Stedelijk Gymnasium Arnhem* when he met Marie Koopmans-De Wet (1834-1906), an aunt by marriage who lived in Cape Town, when on a visit to Europe. She was his soul mate and acted as a mentor and advisor to Engelenburg. The friendship strengthened

with the years. He already at school had the desire to visit South Africa one day. His parents' divorce when he was still a student at the University of Leyden, steered his life in a very different direction than what he had foreseen for himself. The divorce was to a large extent the reason that, although he had studied law, he discarded the notion of a career in law after only a year. His decision to follow a career in journalism affected the rest of his life.

The Transvaal War (1880-1881) meant that the Dutch developed an admiration for the Transvaalers for the determination and courage they displayed in their attempts to defeat the British army. President Paul Kruger's call shortly after the war that the Transvaal needed young Dutchmen further encouraged Engelenburg to come to South Africa. Previously Engelenburg had for a year worked for Fred Hogendorp at the *Dagblad van Suidholland en s'Gravenhage* in The Hague. Circumstances abruptly changed when Hogendorp suddenly became insane. During the same time, the owner of *De Volksstem* newspaper in Pretoria had committed suicide and Engelenburg seized the work opportunity. Within a matter of three months, he arrived in the Transvaal. Within a month after his arrival he was appointed chief editor of *De Volksstem*.

He had studied the Transvaal situation thoroughly and by means of the newspaper and through tireless efforts, he contributed to improving the farming community's cultural literacy. The education situation in the Transvaal enjoyed his constant attention. After the Anglo-Boer War (ABW) (1899-1902), he continued to work towards improving the education system in the Transvaal. He early on became involved in the Transvaal University College (later University of Pretoria).

Before the ABW he did everything possible to promote the Dutch language to the Boer people. However, after the war he realised that Afrikaans had a rightful place, and he, in addition to Dutch, became a champion for the Afrikaans language.

The battle between the proponents of Dutch and Afrikaans respectively, increased after the ABW. To achieve unity of action between the two groups, De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren and Kunst was founded in 1909. Behind the scenes Engelenburg was one of the major driving forces to assist with the founding of the organisation. As a board member and later as chairman, he gave impetus to the Akademie. In 2009 the organisation celebrated its centenary. This is an important milestone, especially seen in the light of the current political climate in

South Africa. The Akademie can now be regarded as a monument to Engelenburg as the fruit of his labour and perseverance during the first three decades of the Akademie's existence.

Key words

Engelenburg family - intellectual development - law - liberalism - University of Leyden – Lustrum festival – *Vox Studiosorum Studenten Weekblad* – Zuid Afrikaansche Republic - Transvaal War - third delegation - journalism – *Dagblad van Zuidholland en s'Gravenhage* - *De Volksstem* – Hollander hatred (Hollanderhaat) - editor - state library - museums – archives - education - Transvaal University College (TUC) - Dutch - Afrikaans – Dutch simplified spelling (Vereenvoudigde Nederlandse Spelling) – De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.

Bronnelys

Primêre bronne

Nasionale argief van Suid-Afrika, Pretoria (NASA)

Transvaalse Argief (TAB)

Argief van die Uitvoerende Raad (UR)

NASA, TAB, UR, Band T.A. 407, 30.7.88.

Argief van die Staatsekretaris (SS)

NASA, TAB, SS, Band T.A. R.5532/93.

NASA, TAB, SS, Band T.A. R.1800/73.

Argief van die Meester van die Hooggeregshof (MHG)

NASA, TAB, MHG, Band 5080/89.

NASA, TAB, MHG, Band 2906/38.

Aanwinste

Aanwins A140, F.V. Engelenburgversameling.

Aanwins A787, G.S. Prellerversameling.

Argief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Pretoria.

Instituut vir Eietydse Aangeleenthede, Bloemfontein (INEG)

Aanwins PV 917, S.A. Akademieversameling.

Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad (SAB, Kaapstad)

Aanwins MSC7, Lord Henry de Villiers versameling.

Staatsbiblioteek, Pretoria (SB, Pretoria)

Aanwins AA083 K 912.09 BLA, W.J. Blaeu, *Blaeu de grote atlas van de wereld in de 17de eeuw*.

Kanselier Oppenheimer Biblioteek, Universiteit van Kaapstad (KOB, UK)

C.L. Leipoldtversameling.

J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (JSGB, US)

J.J. Smithversameling.

Gelders Archief, Arnhem (GA, Arnhem)

Aanwins 2100, Argief van die Stedelijk Gymnasium Arnhem.

Regionaal Archief, Leiden (RA, Leiden)

Argief van die Leidsche Studenten Corps.

Vox Studiosorum Studenten Weekblad, 1883 tot 1885.

Almanak, Leidsche Studenten Corps, 1882/1883, Regionale Archief, Leiden.¹

Almanak, Leidsche Studenten Corps, 1883/1884, Regionale Archief, Leiden.

Almanak, Leidsche Studenten Corps, 1884/1885, Regionale Archief, Leiden.

Almanak, Leidsche Studenten Corps, 1885/1886, Regionale Archief, Leiden.

Biblioteek, Universiteit van Leiden

Aanwins 326 C 332, F.V. Engelenburg, "Het internationaal krankzinnigenwezen", (LL.D, Universiteit van Leiden, Leiden, 1887).

¹ Weens die beperkte oplaag en skaarsheid van die betrokke Almanak, asook die feit dat dit eintlik net in Nederland vir die leser beskikbaar is, word hierdie jaarboeke onder primêre bronne geklassifiseer.

Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV), Amsterdam

Aanwins GBB, G.J. Th. Beelaerts van Bloklandversameling.

Verslag van het bestuur der Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging
over 1886/1887.

Linda Brink Private Argief (LBPA)

Briewelêër (2004-2009), e-poskorrespondensie.

Fotoversameling van F.V. Engelenburg.

Onderhoude en veldwerk

1. 20 en 29 Oktober 2007: Onderhoud met Hedwig C.V. Engelenburg-Van Son, Den Haag, dogter van Frits Vredenrijk Engelenburg. Lg. halfbroer van F.V. Engelenburg.
2. 21 Oktober 2007: Onderhoud met mnr. Joop Vos, Zevenbergen. Hy is 'n verlangse familielid van Christina Vos, tweede vrou van F.V. Engelenburg se vader. Die onderhoud is gevoer in die dorpie Heusden. Hy het skrywer ook na die sterfhuis van Christina geneem in die dorpie Veen.
3. 27 Oktober en 3 November 2007: Onderhoud met F.V. Engelenburg, Wassenaar. Hy is lid van die Lucas-tak.
4. 2 November 2007: Besoek grafkelder van die Engelenburg-familie by Oldebroek, provinsie Gelderland.
5. 2 November 2007: Onderhoud met mnr. Jan Kaiser, huidige eienaar van "De Oldhorst", Oldebroek, provinsie Gelderland.
6. 3 November 2007: Onderhoud met mnr. Henk van Heerde, Vollenhove. Hy is 'n kenner van die geskiedenis van die stadje. Hy het skrywer ook 'n rondleiding gegee deur die ou gedeelte van Vollenhove.
7. 5 November 2007: Onderhoud met dr. D.H.M. Nelissen, historikus en geskiedenisleraar aan die Stedelijk Gymnasium Arnhem.

Sekondêre bronne

Periodieke publikasies

Periodieke publikasies van owerheidsweë

Staatscourant der Zuid Afrikaanse Republiek, no. 454, 17 Junie 1873 (Staatsdrukkerij, Pretoria, 1873).

Staats-Almanak voor de ZAR: 1894, (Staatsdrukkerij, Pretoria, 1893).

Staats-Almanak voor de ZAR: 1898, (Staatsdrukkerij, Pretoria, 1897).

Staats-Almanak voor de ZAR: 1899, (Staatsdrukkerij, Pretoria, 1898).

Jaarboeke en bulletins

Bulletin 1(2), 2(2) en 16 van De ZA Akademie voor Taal Letteren en Kunst, (1925-1937) (SAAWEK, Pretoria, 1925-1937).

Jaarboek 1 van De ZA Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, (1910), (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1911).

Jaarboek 2 van De ZA Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, (1910), (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1911).

Jaarboek 3 van De ZA Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, (1912), (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1913).

Jaarboek 7 van De ZA Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, (1916), (Nationale Pers, Kaapstad, 1917).

Jaarboek 13 van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, (1938-1939), (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1939).

Koerante

De Volksstem, 1873-1905.

De Volkstem, 1905-1925.

Die Volkstem, 1925-1933.

Gidse

Longland's Pretoria Directory, (H. Longland, Johannesburg, 1899).

Geraadpleegde tydskrifartikels

- Aschenborn, H.J., "Die Staatsbiblioteek: van 1887 tot die hede" in *Lantern*, 16(1), September 1966, pp. 56-62.
- Engelenburg, F.V., "De spellings-kwestie met het oog op Zuid-Afrika" in *De Gids*, Jg. 1897 (presiese datum van uitgawe is onbekend), pp. 358-365.
- Engelenburg, F.V., "Zuid Afrika "up to date"" in *De Gids*, Jg. 1896, 24 Februarie 1896, pp. 10-24.
- Kritzinger, M.S.B., "Die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap" in *Die nuwe Brandwag: Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 3(1), Februarie 1931, pp. 1-9.
- Leipoldt, C.L., "Dr. F.V. Engelenburg – Knap joernalis en geleerde – Raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, pp. 19-21 en 61.
- Lugtenburg, A.H., "Die taalstryd in die Transvaalse onderwys voor 1900" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir kuns en lettere*, 2(4), November 1930, pp. 225-232.
- Ploeger, J., "Die Staatsbiblioteek: die geskiedenis van 'n skenking" in *Lantern*, 16(1), September 1966, pp. 48-55.
- Ploeger, J., "Ter herinnering aan wyle dr. Frans Vredenburg (17.3.1863-21.8.1938), *Pretoriana. Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria*, nr. 94, November 1988 (Pretoriase Historiese Vereniging, Pretoria, 1988). pp. 37-51.
- Preller, G.S., "Werda" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(1), (J.H. de Bussy, Pretoria/ H.A.U.M., Kaapstad, Februarie 1929), pp. 3-5.
- Schoeman, S.J., "Die Staatsbiblioteek 1883-1900" in *Pretoriana*, nrs. 32 en 33, April-Augustus, 1960, pp. 66-69.
- Stead, R., "Dr. F.V. Engelenburg", *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 20-31.
- Swart, S. en van der Watt, L., ""Taaltriomf of Taalverdriet?" An aspect of the roles of Eugène Marais and Gustav Preller in the Second Language Movement, circa 1905-1927" in *Historia*, 53(2), November 2008, pp. 126-150.

- Van Heerden, I., "'n Paar aantekeninge in verband met die 2de Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(3), Augustus 1929, pp. 193-195.
- Van Heerden, I., ("Vaalswaer"), "'n Paar aantekeninge in verband met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1905)" in *Die nuwe Brandwag. Tydskrif vir Kuns en Lettere*, 1(2), Mei 1929, pp. 109-125.
- Van Jaarsveld, F.A., "Dr. J.W.G. van Oordt (1826-1904): erflater van 'n wêreldgeskiedenis aan Suid-Afrika" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 23(1), Maart 1983, pp. 38-52.

Gepubliseerde werke

- Andrews, T. en Ploeger, J., *Straat- en plekname van ou-Pretoria*, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1989).
- Anon., *Zuid-Nederland en de spellingvereenvoudiging*, (Zuidnederlandse vereniging tot vereenvoudiging van onze spelling).
- Behrens, H.P.H., *The Pretoria press story*, (Stadsraad van Pretoria, Pretoria, c.1955).
- Behringer, W., *Witches and witch-hunts: a global history*, (Polity Press, Cambridge, 2004).
- Boekholt, F.M. en De Booy, E.P., *Geschiedenis van de school in Nederland*, (Van Gorcum, Assen/Maastricht, 1987).
- Campbell, E.D., *The birth and development of the Natal Railways*, (Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1951).
- Claassen, G., *'n Historiese blik op die Lae Lande*, (Haum, Pretoria/Kaapstad, 1981).
- Commissaris, A.C.J., *Leerboek der Nederlandsche geschiedenis*, (L.C.G. Malmberg, 'S-Hertogenbosch, 1949).
- Danz, R.W., Van Ketwich Verschuur, C.J.E. en Swinkels, B.H.M. (reds.), *Het Gymnasium aan de Statenlaan: beschouwingen over het Stedelijk Gymnasium te Arnhem*, (Drukkerij De Kleijn, Wijchen, 2003).
- De Josselin de Jong, F. (red.), *Nederland's Patriciaat*, (Centraal Bureau voor Genealogie, s'Gravenhage, 1957).

- De Kock, H.C., "Frans Vrederyk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'Gentleman'*, (Die Volkstem, Pretoria, 1945).
- De Kock, W.J., *Die Krugerhuis – Pretoria*, (Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria, 1966).
- De Kock, W.J., (red), *SA Biografiese Woordeboek*, Deel I, (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1968).
- Dunston, L., *Young Pretoria 1889-1913*, (Heer Printing Co. (Pty.) Ltd., Pretoria, 1975).
- Du T. Spies, F.J. (red.), *Briewe uit Transvaal van G.A. Middelberg 1896-1899: voormalige direkteur van die NZASM*. (SAAWEK, Oorgedruk uit Hertzog-Annale 11, nr. 1, Pretoria, 1953).
- Du Toit Spies, F.J., "Reaksie in die buiteland" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling*, (HAUM, Pretoria en Kaapstad, 1880).
- Duvenage, G.D.J., *Die eerste verslag van die Presidentsraad se Grondwetkomitee: 'n ondersoek na die waarde van die geskiedenis*, (Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes, 1983).
- Ekkart, R.E.O., *Athenae Batavae: de Leidse Universiteit 1575-1975*, (Universitaire Pers Leiden, Leiden, 1975).
- Engelbrecht, S.P., *Thomas Francois Burgers: 'n lewenskets*, (J.H. de Bussy Uitgewers, Pretoria, 1933).
- Engelenburg, F.V., *Generaal Louis Botha*, (Van Schaik, Pretoria, 1928).
- Engelenburg, F.V., "Inleiding" in G.S. Preller, *Laat 't ons toch ernst wezen!: gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schrijftaal*, (Volkstem Drukkerij, Pretoria, 1905).
- Engelenburg, F.V., *'n Onbekende Paul Kruger: sy bedrywigheid as boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, finansier, veldkornet, jagter, kommandant, koorslyer en staatsburger*, (Volkstem Drukkery, Pretoria, 1925).
- Engelenburg, F.V., *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, (Volkstem Drukkery, Pretoria, 1925).

- Engelenburg, F.V., *Leiden tot 1574*, (P. Somerwil, Leiden, 1885).
- Gevers, A.J., Mensema, A.J. en Mooijweer, Js., *De havezaten in het land van Vollenhove en hun bewoners*, (Uitgeverij Canaletto/Repro-Holland BV, Alphen aan den Rijn, 2004).
- Hancock, W.K. en Van der Poel, J. (red.), *Selections from the Smuts papers, Vol. 1, June 1886-May 1902*, (Cambridge University Press, New York, 1966, gedigitaliseer in 2007).
- Kannemeyer, J.C., *Leipoldt: 'n lewensverhaal*, (Tafelberg, Kaapstad, 1999).
- Kapp, P.H., *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, (Hemel en See Boeke, Hermanus, 2009).
- Kits Nieuwenkamp, H.W.M.J., *Elsevier's encyclopedie van de heraldiek*, (Elsevier, Amsterdam/Brussel, 1959).
- Koeman, I.C., *Joan Blaeu and his Grand Atlas*, (N.V. Theatrum Orbis Terrarum, Amsterdam, 1970).
- Krause, G.J., *Die rol van generaal Louis Botha in die unifikasie van Suid-Afrika, 1902-1910*, (UOVS, Bloemfontein, 1953).
- Krüger, D.W., *Paul Kruger, 1883-1904*, Deel II, (Afrikaanse Pers-Boekhandel Bpk., Johannesburg, 1963).
- Labuschagne, F.J. en Eksteen, L.C., *Verklarende Afrikaanse woordeboek*, 8ste hersiene en uitgebreide uitgawe, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1993).
- Leipoldt, C.L., "Dr. Engelenburg: 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'Gentleman'*, (Die Volkstem, Pretoria, 1945).
- Leyds, W.J., *Herinneringen aan President Krüger*, (Geuze, Dordrecht, c1905).
- Louw, J.B.Z., *Die Gibson-broers van die Red Star Line*, (African Sun Media, Kaapstad, 2008).
- Malan, F.S., *Marie Koopmans-De Wet*, (Juta en Kie, Kaapstad, 1924).
- Malherbe, D.F., "Herinneringe in verband met die Akademie", in T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959*, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1959).
- Malherbe, E.G., *Education in South Africa 1652-1922*, (Juta & Kie, Kaapstad/Johannesburg, 1925).

- Marais, A.H., (red), *Politieke briewe 1909-1910*, Deel I, (AIEA, Bloemfontein, 1971).
- Nienaber, G.S., "Die tweede Afrikaanse beweging" in T.E.W. Schumann (red.), *Feesalbum 1909-1959* van die SA Akademie, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1959).
- Nienaber, P.J., *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, (Nas. Pers, Kaapstad, 1943).
- Nienaber, P.J., *Wat doen die Akademie?*, (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1968).
- Olivier, G. en Coetzee, A.E. (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, (Southern Boekuitgewers, Halfweghuis, 1994).
- Ploeger, J. en Orban, H., *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy.) Bpk. 1873-1960*, (Die Volkstem, Pretoria, 1960).
- Ploeger, J., "Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt 1881-1900" in *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1), (Staatsdrukker, Pretoria, 1952).
- Ploeger, J., "Ulrich Gerard Lauts" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1968).
- Ploeger, J., "Willem Eduard Bok" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Deel 1, (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1968).
- Preller, G.S. (red.), *Dagboek van Louis Trigardt 1836-1838*, (Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, 1917).
- Preller, G.S., *Laat 't ons toch ernst wezen! Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schrijftaal*, (Volkstem Drukkerij, Pretoria, 1905).
- Rautenbach, C.H. (red.) *Ad Destinatum: gedenkboek vaa die Universiteit van Pretoria*, (Voortrekkerpers Bpk, Johannesburg, 1960).
- Rompel, F., *Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, (Funke, Amsterdam, 1902).
- Rousseau, L., *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, (Protea Boekhuis, Pretoria, vierde uitgawe, 2005).

- Rowen, H.H., *The Princes of Orange: the Stadholders in the Dutch Republic*, (Cambridge University Press, Cambridge/New York, 1988).
- Scholtz, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1881-1899, Deel IV*, (Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1977).
- Schumann, T.E.W. (red.), *Feesalbum 1909-1959*, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1959).
- Schutte, G.J., *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, (Unisa, Pretoria, 1968).
- Schutte, G.J. (red.), *Beste Ouders! Brieven uit de Transvaal van Karel van den Berg, 1896-1900*, (SAI, Amsterdam, 1999).
- Siegenbeek, M., *Verhandeling over de spelling der Nederduitsche taal*, (J. Allart, Amsterdam, 1810).
- Strydom, M.J., "Johannes Wilhelmus Wessels" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, Deel 1*, (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1968).
- Sulman, A., (red.), *Tussen Ijsselvliedt en Essenburg: landgoederen op de Noord-Veluwe*, (Drukkerij Bredewold, Wezep, 1999).
- Tempelhoff, J.W.N., *Verhuidiglikte verlede: aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, (Uitgewery Kleio, Vanderbijlpark, 2002).
- Te Winkel, L.A., *De grondbeginselen der Nederlandsche spelling*, (D. Noothoven van Goor, Leiden, 1879).
- Theron, B.M., *Pretoria at war 1899-1900*, (Protea Boekhuis, Pretoria, 2000).
- Toohey, P., *Reading Epic: an introduction to the ancient narratives*, (Routledge, London & New York, 1992).
- Van Amerongen, M., Blokker, J. en Van Run, H., *Luizen in de pels: 100 jaar journalistiek in Nederland*, (Raamgracht, Amsterdam, 1984).
- Van Elfen, J. (hersien deur D. du Toit), *Dokter in die huis*, (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 2001).
- Van Gelder, H.A.E., *Nederland sinds de zestiende eeuw*, (s.l., Van Kampen, 1937).
- Van Jaarsveld, F.A., *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, (Perskor Publikasies, Johannesburg, 1976).

- Van Jaarsveld, F.A., Van Rensburg, A.P.J. en Stals, W.A. (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling*, (H.A.U.M., Kaapstad, 1980).
- Van Winter, P.J., *Onder Krugers Hollanders: gesiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, Deel 1, (N.V. Drukkerij, Amsterdam, 1937).
- Van Winter, P.J., *Onder Krugers Hollanders: gesiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, Deel 2, (N.V. Drukkerij, Amsterdam, 1938).
- Van Zyl, M.C., *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877-1880*, (Academica, Pretoria en Kaapstad, 1979).
- Vermeulen, E.E.G., *Fruin over de wetenschap der geschiedenis*, (G.W. van der Wiel, Arnhem, 1956).
- Wallach I. (red.), *Die volmaakte "Gentleman"*, (Die Volkstem, Pretoria, 1945).
- Zunderman, P., "De Oldhorst" in A. Sulman (red.), *Tussen Ijsselvliedt en Essenburg: landgoederen op de Noord-Veluwe*, (Drukkerij Bredewold, Wezep, 1999).

Ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte

- Badenhorst, P.G., *Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900*, (D.Litt. et Phil., Unisa, Pretoria, 1940).
- De Jong, R.C., *Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890-1918*, (M.A., UP, Pretoria, 1980).
- Du Plessis, A.P., *Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rekende voorbereiding tot aanpassing*, (Ph.D., Rijksuniversiteit te Utrecht, Utrecht, 1956).
- Du Plessis, J.H.O. *Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as 'n sosiale instelling*, Deel II, (D.Phil., US, Stellenbosch, 1943).

- Engelenburg, F.V., Het internasionaal krankzinnigenwezen, (L.L.D, Universiteit Leiden, Leiden, 1887).
- Malan, S.I., Die spelling van Afrikaans, (D.Litt., UOVS, Bloemfontein, 1963).
- Meijer, JW, Dr. H.J. Coster 1865-1899, (M.A., Unisa, Pretoria, 1983).
- Nilant, F.G.E., Jhr. Mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek 1843-1897, (Ph.D., Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1952).
- Schoeman, J.M., Koerantberiggewing oor die krisisdag 25 September tot 20 Oktober 1899: 'n kritiese metodologiese analise, (M.A., UP, Pretoria, 1972).
- Theron, B.M., A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War, October 1899-June 1900, (M.A., Unisa, Pretoria 1984).
- Uys, M.D., Die vernederlandsing van Afrikaans, (D.Litt., Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1983).
- Van der Schyff, W.G., Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal 1881-1899 met besondere verwysing na president Kruger se aandeel en invloed, (M.Ed., PU vir CHO, 1953).

Ongepubliseerde referate

- Bas, M., "Identiteitspolitiek in Nederland". Referaat gelewer op 11 Augustus 2007 in Orania, Suid-Afrika.

Webbliografie

- Anon., "Antonie van den Es" by http://wikipedia.org/wiki/van_den_es_antonie, (geraadpleeg op 02.09.2009).
- Anon., "Charles Rochussen" by <http://www.charles-rochussen.com>, (geraadpleeg op 29.12.2009).
- Anon., "Conrad Busken Huet" by http://wikipedia.org/wiki/conrad_busken_huet, (geraadpleeg op 02.09.2009).

- Anon., "Johan Nicolai Madvig" by http://wikipedia.org/wiki/johan_nicolai_madvig, (geraadpleeg op 02.09. 2009).
- Anon., "Joost van den Vondel" by http://wikipedia.org/wiki/joost_van_den_vondel, (geraadpleeg op 02.09.2009).
- Anon., "Nederland's Patriciaat" by http://www.nederland's_patriciaat, (geraadpleeg op 05.05.2010).
- Anon., "Pieter Roelf Bos" by http://wikipedia.org/wiki/pieter_roelf_bos, (geraadpleeg op 02.09.2009).
- Anon., "Proeflokaal De Waag" by <http://www.proeflokaaldewaag.nl>, (geraadpleeg 03.09.2008).
- Anon., "Reuters" by www.wikipedia.org/wiki/reuters, (geraadpleeg op 14.04.2010).
- Anon., "Teubneriana" by http://wikipedia.org/wiki/bibliotheca_teubneriana, (geraadpleeg op 02.09.2009).
- Anon., "Willem Pleyte" by www.nl.wikipedia.willem_pleyte.org, (geraadpleeg op 29.12.2009).